# DIE STREWE TOT ETNIESE KONSOLIDASIE EN NASIO= NALE SELFVERWESENLIKING BY DIE NDEBELE VAN TRANSVAAL

deur C.J. Coetzee

Proefskrif aangebied ter voldoening aan die vereistes vir die graad DOCTOR PHILOSOPHIAE in ONTWIKKELINGSADMINISTRASIE aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Promotor: Prof. C.J. Maritz, D.Phil.
Hulppromotor: Prof. D.A. Kotzé, D.Phil.

1980

## VOORWOORD

Die studie wat aangepak is , is deur skrywer se belangstelling in inter-etniese prosesse gestimu= leer. Dié belangstelling strek reeds vanaf my eerste studiejare in die departement Volkekunde en die destydse departement Naturelleadministra= sie. Met verloop van tyd het hierdie belangstel= ling steeds toegeneem - nieteenstaande die feit, en miskien juis as gevolg daarvan, dat hierdie prosesse 'n mens elke keer opnuut onder die kom= pleksiteit daarvan bring. Meer kennis oor die prosesse kan alleen tot voordeel van die etnies heterogene Suid-Afrika wees. Suid-Afrika bied inderdaad dan ook 'n baie ryk studieveld in die verband.

Op aanbeveling van my promotor, professor C.J. Maritz, is besluit om 'n voorlopige studie oor die Ndebele se politieke strewes aan te pak ten einde die veld te verken. Dit het weldra geblyk 'n uiters interes= sante en baie lewendige studieterrein te wees.

Wat as eindresultaat hier aangebied word, is in werklikheid maar 'n kors wat gebreek is. Daar is soveel verskillende navorsingsmoontlikhede wat opgevolg kan word. Wat skrywer dus aanbied, is maar 'n beskeie poging om iets tot die wetenskaplike kennis in dié veld by te dra.

'n Studie soos hierdie, voer jou langs 'n eensame pad - 'n pad wat alleen die wat dit reeds deurloop het, sal verstaan. Hoewel dit hoë vereistes gestel het, was dit 'n verrykende ervaring wat deel van 'n mens se lewe geword het. My dank gaan aan die Here wat ryklik geseën het deur die krag en genade te gee sodat die werk afgehandel kon word.

Sonder die hulp, ondersteuning en samewerking van verskeie persone en instansies, sou hierdie studie ook nie afgehandel kon word nie. Aan almal wat deur dik en dun my bygestaan het, met raad en daad en aanmoediging, baie dankie. Hoewel almal nie hier bedank kan word nie, is daar enkeles wat nie verswyg kan word nie.

My opregte dank en waardering aan professor C.J. Maritz by wie ek die voorreg gehad het om te studeer en ook hierdie navorsing aan te pak. Mag dié stuk navorsing 'n blyk van dankbaarheid wees vir die tyd, aandag en moeite wat u in my vorming en skoling ingeploeg het.

Aan professor J.J. Henning, departementshoof van Ontwikkelingsadministrasie aan die P.U. vir C.H.O., 'n woord van opregte dank en waardering vir die geleenthede wat u my gebied het, vir die bereidwilligheid om van my werk oor te neem tydens my afwesigheid met veldnavorsing en vir u aanmoediging. Baie dankie.

My dank gaan ook aan:

(a) die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die navorsingstoekenning wat ek ontvang het en met behulp waarvan 'n beperkte deel van die reiskoste gedek kon word;
(b) die Departement Samewerking en Ontwikkeling vir die toestemming verleen om van Departe= mentele lêers gebruik te maak en vir die hulp wat verskeie amptenare verleen het;
(c) die Instituut vir Afrikanistiek aan die P.U. vir C.H.O. vir die beskikbaarstelling van na= vorsingsmateriaal, en
(d) die P.U. vir C.H.O. wat aan my dié geleentheid gebied het en waar ek my universitêre oplei= ding kon ondergaan.

In besonder wil ek die Hoofetnoloog van die Depar= tement Samewerking en Ontwikkeling, dr. C.V. Both= ma, wat deurentyd bereid was om my van inligting en raad te voorsien (mondeling en skriftelik), be= dank. Sonder u kennis van die Ndebele sou daar al= leen met groot moeite beperkte vordering gemaak kon word. My hartlike dank vir die feit dat u vir 'n tydperk as hulppromotor kon optree en dié hoof= stukke wat oor die Ndebele handel, kon redigeer en kritiseer. My dank gaan ook aan mnr. F. Wiid, Etnoloog: Noordelike Gebiede, wat baie tyd aan my afgestaan het, my van navorsingsmateriaal voorsien het en kritiek op die hoofstukke wat oor die Letwaba= en Marabastamme handel, gelewer het.

Wees verseker van my opregte waardering.

Die Magistraat van Groblersdal, mnr. Ben Stolz, verdien alle dank vir die geleenthede wat hy geskep het sodat ek die Ndzundzagebied by verskeie ge= leenthede kon besoek om afsprake wat hy gereël het, te kon nakom.

Aan mnr. Kenneth Kekana van Garankuwa wat my in besit van 'n hele stapel persoonlike korrespon= densie oor die werksaamhede van die T.N.N.O. en die N.N.N.O. in besit gestel het en van monde= linge inligting voorsien het, 'n woord van hart= like dank. In dié verband ook 'n woord van dank aan mnr. Job Makgathulela van Mamelodi vir die hulp wat hy verleen het.

Aan die stamowerheid van die Ndzundza en aan kaptein David Mabhogo 'n woord van dank vir u gas= vryheid en bereidwilligheid om te help.

Sonder die goedgesindheid van verskeie amptenare van die Departement, sou ek beswaarlik daarin slaag om hierdie navorsing aan te pak. Aan almal van u wat hulp verleen het, baie dankie.

My vrou, moes die spit afbyt. Enersyds moes sy die huislike verpligtinge oor relatief lang tyd= perke alleen behartig en andersyds moes sy die taalkundige versorging doen. Zette, baie dankie.

Ek dra die werk graag aan my ouers op vir hulle onvermoeide ywer en belangstelling en geloof tydens baie moeilike tye.

C.J. Coetzee
Potchefstroom
Januarie 1980

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1
INLEIDING

1.0 Motivering vir dié studie 1

2.0 Doel 9

3.0 Probleemstelling 12

4.0 Metode van ondersoek 15

5.0 Enkele probleme 21

6.0 Enkele begrippe 23

HOOFSTUK 2
KENMERKE VAN ETNIESE EENHEDE

1.0 Inleiding 25

2.0 Enkele kenmerke van etniese eenhede 27

2.1 Taal 27

2.2 Religie 30

2.3 Rassiese afkoms-, -homogeniteit en etniese lidmaatskap 33

2.4 Kultuur 38

2.5 Die politieke organisasie en strewes van etniese eenhede 45

2.6 Vaderland en patriotisme 50

2.7 Historiese bewussyn en lotsgebondenheid 57

HOOFSTUK 3
DIE ETNOS IN SY INTER-ETNIESE MILIEU

1.0 Inleiding 63

2.0 Inter-etniese druk en -reaksies 64

2.1 Omvolking (assimilasie) 64

2.2 Inter-etniese kompetisie en konflik oor bronne 71

2.3 Die grootte van etniese eenhede 78

2.4 Leidende en dominante etniese eenhede as drukfaktore 85

2.5 Etniese reaksies op veranderde konstitusionele en politieke status 96

2.6 Inter-etniese druk deur geografies eksterne etniese verwante 105

2.7 Druk deur eksterne nie-verwante eenhede 115

2.8 Etniese reaksies ten opsigte van nasionale eenheid 123

3.0 Etniese fokuspunte 131

3.1 Taal 132

3.1.1 Imperiale erflatings 133
3.1.2 Leidende etniese eenhede 133
3.1.3 Periferale en sentrale ligging 134

3.2 Religie 141

3.3 Rassiese afkoms en herkoms van etniese eenhede 145

3.4 Kultuur 148

3.5 Vaderland en patriotisme 152

3.6 Historiese bewussyn 156

4.0 Vorme van etniese selfverwesenliking 159

4.1 Die staat en selfbeskikking 159

4.1.1 Sesessie 171
4.1.2 Irredentisme 183

5.0 Kriteria vir die erkenning of verwerping van etniese strewes 195

6.0 Samevatting 202

HOOFSTUK 4
DIE NDEBELE VAN TRANSVAAL: VERSPREIDING, HERKOMS EN VERWANTSKAP

1.0 Inleiding 204

1.1 Die naam Ndebele 205

1.2 Geografiese verspreiding van die Ndebele 207
1.3 Statistiese besonderhede 212
2.0 Ndebeleverwante en geassosieerdes 214
2.1 Verwantskap met die Nguni 214
2.2 Die Hlubi-assosiasie 221
2.3 Die Rhodesiese-, Pedi- en Venda-assosiasies 223
2.4 Taalkundige verbande 225
2.5 Die verwantskap van die Ndebelestamme 228
2.5.1 Die Suid-Ndebele 228
2.5.2 Die Noord-Ndebele 235
3.0 Etno-historie van die Suid-Ndebele 239
3.1 Die Ndzundza 239
3.1.1 Die Ndzundza van Mabhogo 239
3.1.1.1 Gevolgtrekking 256
3.1.1.2 Etno-fissie onder die Ndzundza 258
3.1.2 Die Ndzundza van Kalkfontein 260
3.1.2.1 Gevolgtrekking 263
3.1.3 Die Ndzundza van Witlaagte 264
3.1.3.1 Gevolgtrekking 265
3.1.4 Die Ndzundza van Jack Mahlangu van Nebo 266
3.1.4.1 Gevolgtrekking 271
3.2 Die Manala 272
3.2.1 Gevolgtrekking 285
3.3 Die Huaduba 287
3.3.1 Gevolgtrekking 296
4.0 Etno-historie van die Noord-Ndebele 297
4.1 Die Kekana 297
4.1.1 Die Kekana van Zebediela 297
4.1.2 Die Kekana van Majaneng 306
3.1.2.1 Gevolgtrekking 314
4.1.3 Die Kekana van Makeepsvley 314

4.1.4 Die Mokopane van Vaaltynslokasie 315
4.1.4.1 Gevolgtrekking 322
4.2 Die Letwaba= en Marabastamme 322
4.2.1 Die Letwaba van Mashashane 325
4.2.1.1 Gevolgtrekking 331
4.2.2 Die Maraba van Sekgopetšana 331
4.2.3 Die Letwaba van Nkidikitlana 337
4.2.4 Die Maraba van Mapangula (Tloustam) 340
4.2.5 Die Letwaba van Eland Letwaba (Ndlhovustam) 343
4.2.6 Die Letwaba= en Marabastamme: Samevattende gevolgtrekking 350
4.3 Die Langastamme 351
4.3.1 Die Mapelastam van Hans Masebe 359
4.3.2 Die Bakenbergstam 367
4.3.3 Gevolgtrekking 367
5.0 Stamme van beweerde Ndebeleherkoms 368
5.1 Die Pôstamme 368
5.2 Die Tlhakostamme 369
5.3 Die Tloung 370
5.4 Die Maletestamme 370
5.5 Die Selekastamme 370
5.6 Gevolgtrekking 374
6.0 Verwantskap tussen die Noord- en Suid-Ndebele onderling 374

HOOFSTUK 5
DIE VERLOOP VAN DIE STREWE TOT NASIONALE SELFVER=WESENLIKING BY DIE NDEBELE

1.0 Inleiding 379
2.0 Die ontstaan en verloop van die inter-stamlike strewe tot selfverwesenliking 385

2.1 Die Transvaal Ndebele National Organisation 385
2.2 Die Mamelodi-konferensie 392
2.3 Die Temba-konferensie 397
2.3.1 Eenheid van die Ndebele 399
2.3.2 Ndebele-identiteit en hulle politieke toe=koms 400
2.3.3 Die konsolidasie van die Ndebele 402
2.3.4 Toekomsaspekte 403
2.4 Verdeeldheid in Ndebele-geledere en die ondergang van die T.N.N.O. 405
2.5 Samesprekings met die regering 408
3.0 Die Northern Ndebele National Organisation (N.N.N.O.) 416
4.0 Die strewe tot selfverwesenliking by die Suid-Ndebele 419
4.1 Inleiding 419
4.2 Die strewe tot amptelike erkenning 420
4.3 Die verkryging van grondgebied 423
4.4 Die strewe na 'n eie regering 436
4.5 Nasionale simbole 446
4.5.1 Onderwys en taal 446
4.5.2 Burgerskap en identiteit 452
4.5.3 Feesvierings by die standbeeld van Nyabela 453
5.0 Die strewe tot selfverwesenliking by die Noord-Ndebele 457
5.1 Inleiding 457
5.2 Die sesessiepoging van die Kekana van Zebediela 457
5.3 Die sesessiepogings van die Kekana van Majaneng 467
5.3.1 Inleiding 467
5.3.2 Onderwys en taal 469
5.3.3 Etniese stereotipes 470

5.3.4 Aansluiting by die Suid-Ndebele 471

5.4 Die sesessiepoging van die Mokopane 473

5.5 Die houdings van die ander Noord-Ndebele=stamme 475

5.5.1 Die Langa van Mapela 475

5.5.2 Die Mashashane 475

5.5.3 Die Marabastam 476

5.5.4 Die Letwaba van Nikdikitlana 476

5.5.5 Die Letwaba van Eland 477

6.0 Samevatting 477

HOOFSTUK 6
DIE STREWE TOT ETNIESE KONSOLIDASIE EN NASIONALE SELFVERWESENLIKING BY DIE NDEBELE VAN TRANSVAAL: EVALUERING

1.0 Inleiding 479

2.0 Die inter-etniese sisteem 479

2.1 Die Ndebele en die algemene inter-etniese sisteem 481

2.2 Die subsisteme binne die inter-etniese sisteem 488

2.2.1 Die sentrale regering en sy beleid as subsisteem 488

2.2.2 Bophuthatswana as subsisteem 493

2.2.3 Die Noord-Sotho en die Lebowaregering as subsisteem 496

2.2.4 Ndebele op Blanke plase, in die stede en ander gebiede as subsisteem 498

3.0 Reaksies van die Ndebele op die inter-etniese sisteem 501

3.1 Die amptelike erkenning van die Ndebele 501

3.2 Verkryging van 'n Ndebeletuisland 507

3.3 Die strewe na politieke outonomie 514

3.4 Sesessie 520

3.5 Irredentisme 524
3.6 Nasionalisme 525
4.0 Etniese fokuspunte 526
5.0 Selfverwesenliking: Positiewe en negatiewe faktore 528
6.0 SAMEVATTING 531

BIBLIOGRAFIE 533

# HOOFSTUK I
# INLEIDING

Die amptelike titel van die navorsing wat onderneem is, is: Die strewe tot etniese konsolidasie en nasionale selfverwesenliking by die Ndebele van Transvaal. Dié titel dek uiteraard 'n baie wye veld omdat etniese eenhede die vergestalting is van veel=kantige prosesse. Hierbenewens is die gegewe inter-etniese milieu waarin 'n bepaalde etniese eenheid of eenhede hulle bevind eweneens van beslissende be=lang ten opsigte van sy bestaan, voortbestaan en selfverwesenliking. Aan die ander kant is etniese prosesse ook universeel van aard en kom dieselfde soort prosesse telkens in verskillende dele van die wêreld na vore.

Die doel van hierdie hoofstuk is om kortliks aandag aan die motivering vir hierdie studie, die doel daarvan, enkele fasette van probleemareas rondom die sentrale tema en laastens aandag aan die meto=dologiese en tegniese probleme wat skrywer onder=vind het, te gee.

## 1.0 Motivering vir dié studie

Gesien in sy empiriese verband, impliseer die titel dat ons wesentlik met etniese prosesse binne gegewe inter-etniese sisteme te make het. Etniese eenhede is onderhewig aan die druk wat binne sulke inter-

etniese sisteme bestaan en verkeer in interaksie met dié kontekstuele faktore. Enige lid van die akademie=se familie wat 'n belangstelling vir hierdie proses=se ontwikkel het en sy sintuie vir die fynere nuan=ses van hierdie prosesse geslyp het, besef dat die studie van etniese prosesse uiters interessant, maar ook hoogs gekompliseerd kan wees. Vanweë skrywer se belangstelling in hierdie prosesse is hierdie spesi=fieke studie aangepak.

Dit is nie alleen binne die konteks van Suider-Afri=ka waar etniese diversiteit en etniese prosesse ge=meenplasig geword het nie. Die jongste literatuur van oor die hele wêreld is besig om die aard, omvang en probleme verbonde aan die etnos as fenomeen en as proses met nuwe krag onder die aandag van akademici en staatslui te bring. Die jongste verwikkelinge in Suidwes-Afrika, Rhodesië en die Republiek van Suid-Afrika is sprekend van die eise wat hierdie pro=sesse aan almal wat binne 'n etnies heterogene staats=verband woonagtig is, stel en kan stel.

Ideologies gesproke bestaan daar twee hoofkampe so=ver dit die sienings van etniese prosesse aangaan. Hierdie twee hoofbenaderinge kan, miskien onregverdig=lik, tot die volgende gereduseer word: die een groep wat die bestaan van etniese eenhede, etniese prosesse en etniese verskille wil negeer en hulle bestaan as werklikhede wil ontken; en die ander kamp wat poog om die werklikheid van hulle bestaan, hulle kompleksi=teit, hulle inherente dinamika en die problematiek

wat dit skep, te erken en soms ook te wil verhef tot die enigste waarheid wat bestaan.

Dit moet ter aanvang gestel word dat skrywer van die standpunt uitgaan dat etniese prosesse, etno-kulture=le verskille en etniese dinamika werklikhede is wat bestaan en wat nie ontken of weggeredeneer kan word nie. Naas die feit dat dit bestaan, moet daarmee in enige gegewe konteks rekening gehou word. Andersyds moet daar egter ook besef word dat etniese prosesse nie die enigste werklikheid is wat bestaan nie en dat die beoordeling van dié prosesse binne sy eie waar=dekring moet plaasvind.

Omdat daar in hoofstuk twee baie aandag gegee word aan verskeie etniese prosesse in verskeie wêreldde=le, is dit slegs nodig dat ter inleiding enkele kort opmerkings na aanleiding van die nuwe belangstelling in etniese prosesse in Europa en elders, gemaak word.

Dit is interessant dat die bestaan van etniese pro=sesse in Afrika geredelik aanvaar en erken word. Volgens skrywer se oordeel en na aanleiding van die geraadpleegde literatuur, is dieselfde mate van er=kenning nie aan hierdie prosesse in Europa verleen nie. Verskeie faktore het daartoe aanleiding gegee dat "etnisiteit" in Europa dood gewaan is en dat daar reeds oorgegaan is tot die skepping van die Europese Ekonomiese Gemeenskap en beweeg is in die rigting van 'n Europese Parlement. Juis na aanleiding van die feit dat die werklikhede van etniese prosesse

in Europa vir 'n geruime tyd en om verskeie redes nie erken is nie, het Said en Simmons (1976:9) die volgende verklaar: "The nation-state (in die sin van bevolkingstaat) is no longer regarded as the paradigm of human organization. Curiously enough, while philosophers and political scientists since Bodien have pointed to the need to move beyond the nation-state into supra-national legal, economic, and political organizations, it is difficult to identify an experiment, such as the European Common Market, where a supra-national political conscious= ness has been achieved. Not only has the movement to supra-nationalism been averted in environments condu= cive to theories of supra-nationalism, but also the emergence of a politics of disassociation ... a dis= enchantment with the political institutions of the nation-state and an emphasis on ethnic, cultural, and political sovereignty ... has persisted and oc= casionally exploded in many parts of the world". Said en Simmons wys verder daarop dat etniese prosesse hul= le voltrek het in gebiede en onder omstandighede waar dit, volgens die bestaande teorieë, nie te wagte was nie. Dit kom dus voor asof daar 'n renaissance plaas= vind ten opsigte van die strewes van etniese eenhede ter verkryging van volkstate "... as an intuitive ex= pression of a people's perception of proper social and political organization" (1976:9).

Said & Simmons stel dit as 'n ooglopende feit (1976: 10) dat die toekoms van etniese konflik ten nouste met die toekoms van die multi-etniese staat verband

hou. Hulle konkludeer soos volg: "Despite one's position on this dispute, the ethnic and the emerging neo-ethnic group will not disappear from world poli= tics. As emerging actors in the international sys= tem, they are indications that our perceptions of in= ternational relations and the causes of war and peace lag behind the consciousness of the men and nations we study. The ethnic nation cannot yet compete with the state in nuclear warheads and warships, but it continues to exercise formidable influence over the primary authority patterns of men. It is from this exercise of power that revolutions are born" (1976: 14).

Ander skrywers, soos bv. Esman (1977:11) onderstreep dieselfde argument: "Though national sentiment among minority peoples in Western countries never disap= peared, it seemed, with few exceptions, to be quies= cent and even declining during the two decades fol= lowing World War II. Then, unexpectedly, in the late 1960's, the protests and demands of ethnic minori= ties - Scots and Welsh, Corsicans, Bretons and Alsa= tions, Basques and Catalans, Quebécois, Flemings and Walloons, Croats and Macedonians, Jurassians and Ul= ster Irish - began to be asserted with new vigor, confidence and sometimes violence. The intensity of their activities, the scope of their demands, the base of their popular support, and their legitimacy, especially among young people, increased dramatical= ly - sufficiently to annoy and at times to preoccupy the leaders of governments and of established politi=

cal parties".

Bostaande illustreer op voldoende wyse die noodsaak=likheid van voortgesette studie ten opsigte van etnie=se prosesse en die omvang van die probleem wat etniese prosesse in verskeie state bied.

'n Tweede aangeleentheid wat hier slegs aangeraak word maar wat in meer besonderhede in die derde hoofstuk behandel word, handel oor die hantering van etniese aspirasies. Die algemene indruk wat daar uit die lite=ratuur verkry word, is dat daar 'n gebrek aan kennis oor die verskillende etniese prosesse bestaan en dat daar 'n teenkanting teen die verlening van regionale outonomie of selfs die verlening van erkenning aan etniese eenhede bestaan. Esman (1977:380) wys daarop dat dit die normale optrede van regerende elites is om die bestaan van 'n gegewe staatsverband ten alle koste te probeer handhaaf en dat van akkulturasie- en assimilasietegnieke gebruik gemaak word om hierdie doel te bereik. Die gevolg is dat etniese aspirasies vir regionale outonomie oor die algemeen kil ontvang word. Die eerste stap is die weiering om enige vorm van etniese aspirasies hoegenaamd te erken. Indien dit nie slaag nie, word die nasionale bewegings en die leiers van sulke bewegings bespotlik voorgestel. "The objectives of ridicule are to discredit ethnic spokesmen as crackpots or fanatics, to define ethnic claims as nonissues, to forecast the disastrous economic consequences of separation, and to undermine confidence in the movement by depicting its language

and culture as backward, unable to survive on its own and unworthy of international recognition" (Esman, 1977:381).

Indien hierdie tegniek nie slaag nie, word, volgens Esman, een van twee ander uitweë gevolg. Die een al=ternatief is om sodanige bewegings te onderdruk of andersins te akkommodeer. Indien onderdrukking nie sou slaag nie, kan 'n vorm van konsessionele akkom=modasie verleen word. Konsessionele akkommodasie im=pliseer dat streekseise erken word; dat steun aan bepaalde groepe verleen word ten opsigte van regio=nale ekonomiese ontwikkeling; dat sekere dienste in sulke streke gesubsidieer word, en dat die taal van so 'n groep bes moontlik erken word. Konsessionele akkommodasie bied normaalweg nie veel probleme nie. Die probleme word egter legio wanneer strukturele akkommodasie ter sprake kom. Esman (1977:382) is van mening dat regerende elites baie minder geneë is om tot die strukturele akkommodasie van etniese eenhede oor te gaan. Strukturele akkommodasie impliseer dat groter politieke magte aan etniese eenhede binne be=paalde streke verleen word. "Central elites in unitary systems, however, are slow to concede regional outono=my, fearing that separatist appetites will not be sa=tisfied with concessions" (Esman, 1977:382).

Na aanleiding van hierdie opmerkings van Esman kan met reg gevra word of die weiering tot regionale outonomie nie veel meer konflik kan veroorsaak as wat dit die geval sou wees indien dit wel toegestaan

sou word nie?

Dit is 'n feit van ons tyd dat die ideologieë oor die staat en die eenheid wat die staat (ideologies gespro= ke) moet vergestalt, een van dié beslissende faktore is op grond waarvan die aspirasies en die akkommoda= sie van etniese eenhede beoordeel en veroordeel word.

Bostaande kursoriese en inleidende opmerkings gee 'n idee van die geweldige omvang wat etniese proses= se vir enige staatsverband inhou en kan inhou. Ander= syds illustreer dit ook die internasionale omvang van die probleem.

By nabaat gesien, was dit feitlik noodwendig dat skrywer se belangstelling in etniese prosesse en hul= le akkommodasie moes lei tot toespitsing op die Ndebele. As in ag geneem word dat die regering se= dert 1948 daarop ingestel was om die etniese diver= siteit in Suid-Afrika te erken en te akkommodeer, dan was dit des te meer opvallend waarom sekere vrae na vore gekom het soos waarom die Ndebele nie in 1959, soos die ander etniese eenhede, erken is nie en watter omstandighede tot die ontwaking van nasio= nalisme by die Ndebele aanleiding gegee het. (Ndebe= le-elemente is as minderhede by ander state-in-wor= ding ingesluit en dit het op sy beurt gelei tot in= ter-etniese woelinge).

Dit moet verder ook in aanmerking geneem word dat die algemene kennis oor die Ndebelestamme van Trans=

vaal maar gebrekkig is en dat slegs 'n beperkte aan=tal persone in die RSA vandag kennis van die Ndebe=lestammegroep dra. 'n Vlugtige kyk na verskeie vol=kekundige werke illustreer bostaande stelling. Die beoogde studie kon dus ook 'n bydrae in dié verband lewer.

## 2.0 Doel

Die doel van die studie is dan om die Ndebelestamme en hulle politieke aspirasies teen die agtergrond van 'n teoretiese raamwerk te plaas en te beoordeel. Om dit te kon doen, was dit noodsaaklik om aspekte van die etno-historie uit te lig. Daar is van die standpunt uitgegaan dat etniese aspirasies binne 'n bepaalde inter-etniese milieu gevorm word. Die gege=we inter-etniese sisteem oefen 'n beslissende invloed op die standhoudendheid en die aard van die politieke strewe of strewes van 'n etniese eenheid of eenhede uit. Dit is dan ook die bedoeling om die etniese pro=sesse teen die agtergrond van die inter-etniese dina=mika, eerder as deur middel van die statiese benade=ring tot die etnos as fenomeen, te projekteer.

Die aspirasies van die Ndebelestamme is wesentlik po=lities van aard in die sin dat daar na selfregering onder 'n eie Ndebelegesagstruktuur gestreef is. Dit konstateer opsigself 'n ontvoogdingsproses wat met die ontvoogdingsbeleid van die RSA-regering saamval.

Met dié doel voor oë en na aanleiding van die stel=ling van Mühlmann (1964:137) dat 'n etniese eenheid nie as 'n losstaande grootheid bestudeer kan word nie (maar alleen binne sy kontak met ander etniese eenhede) en gedagtig aan die beginsel van wederke=rige beligting van etniese eenhede, is gepoog om enkele statiese aspekte van die etnos in hoofstuk twee van nader te belig. Hoofstuk drie verleen meer aandag aan die dinamiese fasette van etniese proses=se binne 'n gegewe inter-etniese milieu.

Die ouer skool binne die etnologie het van die sta=tiese benadering gebruik gemaak. Hierdie benadering het die aksent op bepaalde strakke en statiese "kenmerke" van etniese eenhede laat val. Die belang=rikste gebrek van hierdie benadering is dat dit nie veel verklarings bied vir wat werklik aan die gang is nie. Aan die ander kant kan die dinamika van et=niese eenhede ook nie goed begryp word sonder 'n be=sef van sekere statiese "kenmerke" nie. Ten einde die veld af te baken, is gepoog om die dinamika van etniese eenhede (teoreties en empiries) tot enkele fasette wat met die strewe na selfhandhawing binne 'n eie staatsverband te make het, te beperk. Die laas=te gedeelte van die derde hoofstuk poog om enkele fokuspunte en vorme van selfhandhawing uit te lig en om laastens aandag aan die kriteria vir die erken=ning of die nie-erkenning van etniese aspirasies te gee.

In hoofstuk vier is spesifieke aandag aan die etno-

historie van die Ndebelestamme verleen. Soos later aangetoon sal word, is die etno-historie van die allergrootste belang vir 'n begrip van die nasionale beweging van 'n etniese eenheid. Die benadering van skrywer was dus om 'n diakroniese interpretasie van die nasionale aspirasies van die Ndebelestamme daar te stel. Die etno-historie van die stamme soos be= spreek, konstateer nie noodwendig die objektiewe geskiedenis nie. Dit verhaal eerder die intensione= le geskiedenis - d.w.s. soos die verskillende stamme dit afsonderlik en gesamentlik beleef en evalueer. Dit sal dan ook algaande duideliker word dat die intensionele vertolking van die etno-historie van die allergrootste belang vir die kontemporêre etnie= se aspirasies van die Ndebelestamme is. In hierdie hoofstuk is daar ook aandag aan die belangrikste stappe ten opsigte van die konstitusionele ontwikke= ling van die Ndebelestamme gegee ten einde vas te stel watter omstandighede daartoe aanleiding gegee het dat van die stamme tans op selfregering aan= dring.

In die vyfde hoofstuk is gepoog om 'n kronologiese en tematiese weergawe van die verloop, die aard en omvang van die nasionale bewegings onder die Ndebe= lestamme van Transvaal ter verkryging van selfre= gering, aan te bied.

In die laaste hoofstuk is die ontstaan, verloop en die oogmerke van die politieke aspirasies van die Ndebelestame teen die teoretiese raamwerk beoor=

deel en is daar getrag om vas te stel watter elemen=te en fasette van die teorie dit bevestig en/of ver=werp en daaraan toevoeg.

## 3.0 Probleemstelling

Ten einde die doel, soos hierbo gestel, enigsins te kon bereik, moes duidelikheid oor 'n hele aantal fa=sette van die werklikheid verkry word. Die belang=rikste fasette word hieronder aangetoon.

Die eerste probleemfaset wat opgeklaar moes word, was waarom die Ndebelestamme (en spesifiek watter Ndebelestamme), en as gevolg van welke omstandighede gedurende die begin van die sestigerjare op selfre=gering aangedring het nadat van hulle aanvanklik oënskynlik tevrede was om by Lebowa en Bophuthatswana ingeskakel te word. (Die skepping van gebiedsowerhede aan die begin van die sestigerjare was uiteraard 'n belangrike stap in die beleid van die regering om eventueel onafhanklike state tot stand te bring.)

Die tweede probleemfaset is daarin geleë dat daar eintlik nie van "die Ndebele" gepraat kan word nie. Die onderskeid wat skrywers tussen die Noord- en Suid-Ndebele maak, is en word nie gunstig deur Ndebele=woordvoerders ontvang nie. Die feite van die saak toon aan dat die fissie van die Ndebelestamme reeds baie ver in die geskiedenis lê en dat daar tweedens 'n taamlik opvallende kulturele en taalkundige ver=skil tussen die Noord- en Suid-Ndebele te bespeur is.

Dit het die vraag by skrywer laat ontstaan in hoe=verre en as gevolg van welke omstandighede daar reeds 'n gevorderde graad van akkulturasie by en selfs as=similasie van die Noord-Ndebelestamme by die Noord-Sothostamme ingetree het. Voortspruitende hieruit was dit nie duidelik of al die stamme wat op Ndebe=leherkoms aanspraak maak, werklik as Ndebele beskou kan word nie. Andersyds moes daar nader op die in=tensionele beskouing van die beweerde eenheid onder die Ndebelestamme onderling ingegaan word. Die bestu=dering van die politieke aspirasies van die Ndebele=stamme aan die hand van die diakroniese metode het egter heelwat lig op hierdie probleem gewerp. Indien die posisie van die Noord-Ndebelestamme deur middel van die statiese metode in die etnologie benader word, dan sou daar tot die konklusie gekom moes word dat die Noord-Ndebelestamme nie meer 'n afsonderlike et=niese eenheid is nie a.g.v. die mate waartoe hulle kultureel en taalkundig deur die Noord-Sotho beïn=vloed is. Tog het van die Noord-Ndebelestamme die nasionale aspirasies van die Suid-Ndebelestamme ge=deel. Die verband tussen etnisiteit en kulturele ge=stalte/identiteit moes dus noodwendig meer aandag ontvang.

Die derde faset wat spesifieke aandag moes verkry, was die omstandighede waaronder Ndzundzanasionalisme ontwaak het. Die feit dat die Ndzundza in 1883 as gevolg van 'n militêre neerlaag van hulle grond ver=vreem en huidiglik vir bykans 'n volle eeu verstrooi is, maar desnieteenstaande 'n lewendige etniese be=

wussyn het, is merkwaardig.

Vierdens het dit geblyk dat die rol van die Ndebele in die stedelike gebiede besonderlik ten opsigte van die nasionale bewegings onder verskeie Ndebelestamme, van nader bestudeer moes word. Nadat skrywer verskeie dokumente opgespoor het waaruit dit geblyk het dat die stedelike Ndebele direk by die bewegings betrok= ke was en selfs as belangrike mondstukke opgetree het, was dit eenvoudig noodsaaklik dat hulle rol van nader belig moes word.

Die vyfde probleemfaset wat opgeklaar moes word, was die standpunte van die RSA- en die onafhanklike Bophuthatswanaregerings en die Lebowaregering t.o.v. die aspirasies van die Ndebelestamme. Hoewel die RSA-regering in beginsel positief ten opsigte van die erkenning van etniese groepe en hulle aspirasies in= gestel is, was dit 'n ander vraag of die aansprake van die Ndebelestamme, wat aanvanklik tevrede was om by Lebowa en Bophuthatswana in te skakel, prakties er= ken sou word.

Die geografiese verspreidheid van die Ndebelestamme het geblyk 'n aansienlike struikelblok vir die erken= ning van Ndebele-aspirasies te wees. Die feit dat Bophuthatswana onafhanklik geword het voordat die vraagstuk van Ndebele-aspirasies finaal opgelos was, het die verdere vraag laat ontstaan of die aspira= sies van veral die Kekanastam te Majaneng nie van twee kante teëspoed gaan kry nie. Wat Lebowa betref,

is die skrif reeds teen die muur, naamlik dat die kabinet van Lebowa streng teen enige vorm van seses=sie uit Lebowa of regionale outonomie gekant is.

Sonder duidelikheid oor ten minste hierdie aantal fasette kon skrywer kwalik daarin slaag om die ge=stelde doel te bereik.

## 4.0 Metode van ondersoek

Die ondersoekmetode wat skrywer ten opsigte van die onderhawige onderwerp gevolg het, kan as die dia=kronies-analitiese metode beskryf word. Die leser sal merk dat die nasionale aspirasies van die onder=hawige Ndebelestamme vanuit 'n historiese perspektief belig en ontleed is.

Wat die bronne betref, kon skrywer ten opsigte van hoofstukke twee en drie, wat oor die teorie handel, en ten opsigte van gedeeltes van hoofstuk vier (wat oor die etno-historie van die Ndebelestamme handel), van gepubliseerde bronne gebruik maak. Wat die res van hoofstuk vier betref, was daar egter slegs enke=le gepubliseerde bronne, soos dié van Van Warmelo, Ziervogel, Fourie en Bothma beskikbaar. Die meerder=heid van die besonderhede moes gevolglik vanuit onge=publiseerde bronne verkry word. Naas ongepubliseerde bronne kon skrywer ook met groot vrug van die kennis van ingeligte amptenare en staminformante gebruik maak.

Danksy die toestemming wat deur die Departement van Samewerking en Ontwikkeling verleen is, het skrywer van 'n massa departementele lêers gebruik gemaak. In= dien hierdie bron nie toeganklik was nie, sou die studie bes moontlik nie deurgevoer kon word nie. Skrywer het ook van die Transvaalse Argief gebruik gemaak, maar kon slegs enkele besonderhede in die argief opspoor.

Die Hoofetnoloog van die Departement van Samewerking en Ontwikkeling en die Etnoloog : Noordelike Gebiede, was van besondere hulp gewees. Beide het skrywer in besit van waardevolle inligting gestel en tydens on= derhoude en gesprekke van die nodige verklarings en verduidelikings voorsien ten opsigte van aspekte van die studie wat, veral in die aanvanklike fase, as taamlik verwarrend voorgekom het.

Vanuit die geledere van die Ndebele self het Kenneth Kekana skrywer in besit van 'n stapel korres= pondensie, agendastukke en notules van vergaderings van die T.N.N.O. gestel. Hierdie primêre bronne was van onskatbare waarde ten opsigte van hoofstuk vyf waarin die ontstaan en verloop van die aktiwiteite van die Transvaal Ndebele National Organization en die Northern Ndebele National Organization bespreek word. Die blote ordening van hierdie stukke was 'n uiters omvangryke werk. Daar bestaan in elk geval nog 'n aantal stukke wat deur die eienaar in 'n stam= kantoor "laat bêre" is. Skrywer kon die bronne egter nie onder oë kry nie aangesien die eienaar van die

stukke tans in onguns by die betrokke kantoor geraak het en gevolglik nie toegelaat word om die stukke af te haal nie.

Naas die ongepubliseerde bronne het skrywer verskeie onderhoude met amptenare, leiers onder die Ndebele en met stamowerhede en stamhoofde gevoer. Formele onderhoude is met die Uitvoerende Raad van die Ndzundzastamowerheid (Mabhogo), die Manalastamower= heid, die Moletlanestamowerheid en met woordvoerders van die Manala in die Witbankomgewing gevoer. Die Magistrate van Moutse, Groblersdal, Mokerong en Seshego het ook mondeling besonderhede en verduideli= kings aan skrywer verstrek. Die onderhoud met lede van die stamowerheid van die Moletlane (Kekana) van Majaneng het eers in 1979 plaasgevind as gevolg van interne stamprobleme wat enige onderhoud gedurende 1976 onmoontlik gemaak het.

Die leser sal dus merk dat daar geen onderhoude met die stamowerhede van die volgende stamme gevoer is nie:
Die Vaaltynstamowerheid, die Mashashanestamowerheid, die Molwelastamowerheid, die Nkidikitlanastamower= heid, die Ndlhovustamowerheid, die Selekastamower= heid en die stamowerhede van die twee Langastamme. Die redes waarom dit nie kon plaasvind nie, word hieronder verduidelik.

Wat die onderhoude betref, het skrywer van 'n vrae= lys, waarin 'n vaste aantal onderwerpe rakende die

nasionale aspirasies van die Ndebelestamme opgeneem is, gebruik gemaak. Die vraelys was 'n strukturering van gedagtes en is tydens die onderhoude gebruik om sistematiek aan die onderhoud te verleen. Alle vrae op die vraelys kon nie sonder meer en onveranderd op alle stamme van toepassing gemaak word nie omdat die omstandighede by elk van die stamme grootliks van die aanliggende of verderliggende Ndebelestamme verskil het. Die drie kernpunte waarom die onderhoude gedraai het en waarop die vraelys ingestel was, was die etnohistoriese besonderhede van die stamme, die onder= linge verbande tussen die Ndebelestamme en die deel= name van die stamme aan die nasionale bewegings ter verkryging van onafhanklikheid onder 'n Ndebelegesag= struktuur.

Die leser sal merk dat daar in hoofstuk vyf, wat oor die T.N.N.O. en die N.N.N.O. handel, enkele gapings ten opsigte van die kronologiese weergawe van gebeur= tenisse bestaan. Hoewel skrywer sy uiterste bes gedoen het om die verloop van gebeure so sistematies en kro= nologies as moontlik weer te gee, was dit nie in alle gevalle moontlik nie. Die redes hiervoor is hoofsaak= lik drieërlei. In die eerste plek het daar in sommige gevalle dokumente ontbreek. Ván die vergaderings wat gehou is, is bv. nooit genotuleer nie. Tweedens het die wyse waarop notule van vergaderings gehou is, nie al= tyd datums of die plek van vergadering of die presen= sie op daardie vergadering verstrek nie. 'n Derde pro= bleem was dat die verdeelde leierskap in Ndebelege= ledere daarvoor verantwoordelik was dat dit nie altyd

duidelik was vir watter doel 'n spesifieke vergade=
ring gehou is nie, d.w.s. of die vergadering gehou
is om onderlinge twiste uit die weg te ruim en of
die vergadering gehou is om 'n gemeenskaplike nasio=
nale doel te bereik nie. Skrywer het gepoog om deur
middel van opvolgonderhoude hierdie gapings te vul.
In enkele gevalle is daarmee geslaag, maar in ander
gevalle kon die informante ook nie meer duidelikheid
verskaf nie.

Die aanvanklike oogmerk van skrywer was om die studie
te voer tot en met die verkryging van die Ndebelege=
biedsowerheid in Oktober 1977. Dit het egter spoedig
ná Oktober 1977 geblyk dat dié datum 'n belangrike
draaipunt t.o.v. die aktiwiteite van die Noord-Nde=
belestamme geword het. Aangespoor deur die suksesse
wat die Ndzundza van Mabhogo en die Manala behaal het,
het van die Noord-Ndebelestamme pertinent van hulle
laat hoor. Die gevolg was dat skrywer die studie tot
en met die eerste kwartaal van 1979 gevoer het. Hier=
mee is die etniese aspirasies van die Noord-Ndebele=
stamme egter nie afgehandel nie en daar kan met vrug
vorentoe verder op hierdie aspek ingegaan word. Skry=
wer moes egter besluit om die navorsing ten opsigte
van hierdie onderwerp te beëindig andersinds sou dit
'n lewenstaak geword het.

Daar is aanvanklik met die gedagte gespeel om slegs
die etniese aspirasies van die Ndzundza en die Mana=
la as onderwerp te neem. Tydens die voorlopige stu=

die het dit egter al hoe duideliker geword dat só 'n afbakening die geheelbeeld ten opsigte van die Ndebelestamme en die inter-stamskakeling wat bestaan en aangevoer word, sou laat vervaag. 'n Kleiner afge= bakende studieterrein sou wel baie probleme uit die weg geruim het en ook daartoe bygedra het dat die werk twee jaar gelede reeds afgehandel kon word. Skrywer het egter daarteen besluit.

Die leser sal ook merk dat daar enkele besonderhede oor stamme wat op 'n Ndebeleherkoms aanspraak maak, ingevoeg is. Dit is bloot ter wille van volledigheid gedoen.

Ter verduideliking van die fissieprosesse wat onder die Ndebelestamme plaasgevind het, het skrywer van stamhoofgenealogieë gebruik gemaak. Dit moet egter duidelik verstaan word dat hierdie genealogieë, veral wat die vroeëre stamhoofde betref, nie meer veri= fieerbaar is nie. Omdat bronne wat hieroor geraad= pleeg is in sommige gevalle van mekaar verskil oor wie vir wie opgevolg het, kan daar dus geen direkte afleidings gemaak word oor wie 'n reg op die stamhoof= skap het nie. Geen stamlid kan dus dié besonderhede gebruik om sy kandidatuur op die stamhoofskap regtens te bevorder nie.

Kaarte waarop die stamgebiede aangedui is, is in hoofstuk vier vervat. Hierdie kaarte verskaf 'n alge= mene beeld van die stamgebiede en waar die gebiede

geleë is. Skrywer het die stamgebiede gekartografeer na aanleiding van proklamasies wat in dié verband uitgevaardig en telkens ook gewysig is.

## 5.0 Enkele probleme

Na aanleiding van die opmerking dat daar 'n aantal stamowerhede is met wie geen onderhoude gevoer is nie, moet skrywer die nodige redes daarvoor aanvoer. Gedurende April 1979 is voorbereidings getref om die stamme wat op daardie stadium nie besoek is of by wie daar in 1976 nie 'n onderhoudsdatum gereël kon word nie, te besoek en die nodige inligting in te win. Nadat briewe uitgestuur is om die betrokke magistrate van die besoek te verwittig, is skrywer deur die Sekretaris van die Hoofminister van Lebowa meegedeel dat sodanige besoeke buite die kwessie is aangesien die hele aangeleentheid van Ndebele-onaf= hanklikheid en selfregering binne die Lebowapolitiek 'n baie sensitiewe saak is en dat die regering van Lebowa geen sodanige ondersoeke sou goedkeur nie. (Skrywer het bevestiging hiervoor van die Hoofetno= loog van die Departement van Samewerking en Ontwikke= ling ontvang.) Die gevolg was dat skrywer alle be= oogde onderhoude moes afgelas. Dit het ernstige pro= bleme geskep aangesien nie bepaal kon word waar hier= die stamme presies ten opsigte van die etniese aspi= rasies van die ander Ndebelestamme staan nie. Onder hierdie omstandighede was daar egter niks aan te doen nie. Skrywer kon egter daarin slaag om amptelike stam=

besluite van die Mokopanestam, die Letwabastam, die Kekanastam van Zebediela, die Kekanastam van Maja= neng en die Bakenbergstam te bekom waarin hierdie stamme skriftelik kennis gee van hulle voornemens om van Lebowa weg te breek en aansluiting by die ander Ndebele te soek.

Ten opsigte van die onderhoude wat gevoer is, was daar slegs in die geval van die Kekana van Zebediela 'n probleem wat nie opgelos kon word nie. Tydens die onderhoud toe skrywer besonderhede oor die vorige stamhoofde van dié stam wou bekom, het die voorsit= ter van die vergadering geweier en verklaar dat die stamvaders moet "rus" en dat daar nie vandag oor hulle gepraat moet word nie. Die res van die onder= houd het egter baie goed verloop.

Skrywer is oor die algemeen baie goed by alle Ndebe= lestamme ontvang en die beste samewerking is gegee. Enigeen wat ondervinding van veldnavorsing in Suid-Afri= ka se Swart gebiede het, sal besef dat twee faktore van beslissende belang is, naamlik vertroue en geduld. Skrywer het by meer as een geleentheid tot twee en selfs drie keer onverrigter sake moes omdraai omdat aanvanklike afsprake om verskeie "redes" nie kon plaasvind nie. Nadat dit vir die informante duide= lik geword het dat daar niks onheilspellend beoog word nie, het die onderhoude fluks verloop.

## 6.0 Enkele Begrippe

Skrywer het deurgaans gepoog om in plaas van "Bakgatla" en "Amandebele" eerder van "Kgatla" en "Ndebele" ge=bruik te maak. Daar is egter 'n paar uitsonderings gemaak soos in die geval van gekwalifiseerde stamme. Een van dié name is bv. Bakgatla ba Mosetlha en Batlokwa ba ga Tswai. In sulke gevalle is hierdie skryfwyse behou omdat die Afrikaanse vertaling daar=van baie lomp klink.

Andersyds is gepoog om stamname, plekname, ens. so ver as moontlik in die Noord-Sothovorm aan te bied. Die naam "Gegana" is bv. die Ndebele van "Kekana". Laas=genoemde is die Sothovorm. Ook in dié geval was daar 'n aantal uitsonderings, veral ten opsigte van plek=name. Sommige plekname kon skrywer net in die Ndebe=levorm opspoor. In sulke gevalle is die Ndebelevorm behou. Voorbeelde hiervan is Bhalule (Olifantsrivier), Kwamaza (Stoffberg), ens.

Skrywer het 'n derde probleem ondervind. Dié probleem het die spelling van name op die genealogieë geraak. Die leser sal merk dat 'n naam soos Pafuri op 'n aan=tal wyses gespel is. Dieselfde geld ook vir sommige ander name. Die beste uitweg was om die name op die genealogieë onveranderd te behou maar om in die teks by 'n konsekwente spelling te hou. Die enigste uitson=dering op laasgnoemde reël was wanneer skrywer na 'n spesifieke spelling wou verwys ten einde dit met ander

spellings te vergelyk. Dusdoende was dit nie nodig om elke keer na die bron te verwys nie en andersyds kan die leser self sien hoe die verskillende name van persone en plekke verander.

Die laaste opmerking gaan oor die begrip intensio= neel, intensionele vertolking, ens. Binne die etno= logie het dié begrip die betekenis van die dieperlig= gende motiewe en die subjektiewe interpretasie van 'n bepaalde gebeurtenis of gegewe omstandighede, verkry. Subjektiwiteit vorm 'n belangrike bestanddeel van die intensionele vertolking wat 'n etniese eenheid bv. aan sy eie geskiedenis kan gee. Dit kan bv. in skerp kontras met die objektiewe, of dit wat deur ander as objektief aangebied word, staan. Dit kan ook 'n kon= tras met die sigbare en struktureel-uiterlike ver= skynsel vorm. Dié begrip is in hierdie sin gebruik.

HOOFSTUK 2

# KENMERKE VAN ETNIESE EENHEDE

## 1.0 Inleiding

'n Groot deel van die huidige onrus op die wêreld=front kan na die strewe van etniese groepe en -een=hede om hulle kultureel en polities te handhaaf, te=ruggevoer word. Trouens, die geskiedenis van nasio=nale selfbeskikking van etniese eenhede poneer die verskynsel dat, afhangende van die graad van druk wat binne enige inter-etniese milieu bestaan, etnie=se eenhede na politieke onafhanklikheid of 'n graad van politieke outonomie en etno-kulturele erkenning, strewe. As gevolg van hierdie verskynsel word enige gegewe staats-/nasieverband eenvoudig gedwing om van die bestaan en die aspirasies van etniese eenhede kennis te neem. Hierdie verskynsel wat nie aan tyd of ruimte gebonde is nie, het belangrike implikasies vir die moderne staat, en wel tot so 'n mate dat Said & Simmons opmerk (1976:9) dat die nasiestaat "... is no longer the paradigm of human organization".

Die dilemma is egter grotendeels daarin geleë dat daar geen universeel aanvaarde en geldende norme of krite=ria bestaan waarvolgens die strewes van etniese een=hede en die akkommodasie van hierdie eenhede binne 'n multi-etniese staatsverband, beoordeel of geskik kan word nie. Ideologiese benaderings tot hierdie vraag=stuk (hoewel dit mag skyn asof dit op universeel aan=vaarde kriteria berus) is gewoonlik in die praktyk

selfvernietigend omdat dit òf poog om natuurlike prosesse meganies te manipuleer òf omdat dit die be=staande werklikheid bloot ignoreer en/of die krag daarvan onderskat. Hierdie strewes en die gepaardgaan=de probleme is beide so oud soos die bestaan van et=niese eenhede self en die feit dat daar tot op hede geen bevredigende antwoord op hierdie vraagstuk ver=kry kon word nie, is aanduidend van die kompleksiteit van die fenomeen etnos.

Die metodes wat deur etniese eenhede ter bereiking van hulle nasionale aspirasies gevolg word, word deur die gegewe situatiewe faktore en die aard van die in=ter-etniese milieu bepaal. Omdat etniese eenhede as sodanig egter geneig is om op bykans dieselfde wyse op hierdie situatiewe faktore te reageer, vertoon dié prosesse (van etnos) groot ooreenkomste.

Met die oog op 'n nadere analise van die vraagstuk, is dit nodig dat aandag aan die volgende twee fasette gegee word, naamlik:

(i) die fenomeen etnos, en
(ii) die etnos binne sy inter-etniese milieu.

Nòg die een nòg die ander kan wesentlik van mekaar geskei word - daar kan hoogstens analities onderskei word. Hierdie hoofstuk word gevolglik aan die "ken=merke" van etniese eenhede gewy terwyl hoofstuk drie aan die etnos binne sy inter-etniese milieu gewy word.

Die bespreking en die analisering van die etnos aan die hand van sekere "kenmerke", is in die jongste verlede as "te staties" gekritiseer. In 'n sekere sin is die kritiek hoogs relevant. Aan die ander kant kan geen navorser egter 'n behoorlike houvas op die verskynsel kry indien daar nie by sekere "kenmerke" begin word nie. Wanneer die genoemde "kenmerke" binne die konteks van die inter-etniese en intra-etniese milieus geplaas word, kry dit betekenis en diepte. In dié sin word die bespreking van "kenmerke" dan ook verklarend van aard.

## 2.0 Enkele kenmerke van etniese eenhede

### 2.1 Taal

Die geykte opvatting onder heelwat navorsers is dat 'n gemeenskaplike taal een van die onderskeidende kenmerke van 'n etniese eenheid is. Parsons (1975:53) bestempel taal as 'n kriterium vir etnisiteit, terwyl Lucien Bernot (1972:280) taal as funksioneel tot die "ons-julle" verhouding tipeer. Cobban (1969:69-70) is versigtiger as Parsons as hy beweer dat 'n onderskeie taal 'n kriterium van etnisiteit kan wees. 'n Etniese herlewing (nasionalisme) kan sigself in 'n taalstryd manifesteer (Beer, 1976:85) en die skyn wek dat dit slegs 'n taalstryd is wat uitgewoed word. In der waarheid gaan dit dan om baie meer as net 'n taalstryd. Volgens Hanaway (1973:144) is die taal van 'n groep 'n aanduiding van hoe so 'n groep hulleself sien en ervaar.

Taal is nie slegs 'n koue kommunikasiemiddel nie, maar is 'n uitdrukking van die psigomentele kompleks van 'n etniese eenheid. Taal is in die emosionele en psigologiese samestelling van etniese eenhede inge=bed. Dit is dan ook nie om dowe neute dat van 'n moe=dertaal of eerste taal gepraat word nie (Isaacs, 1975:32). Die vermoë om 'n tweede taal aan te leer en om volledig in die idioom van daardie taal te kom=munikeer, is nie van die verstandelike alleen afhank=lik nie. "Vir die aanleer van 'n taal, veral 'n twee=de taal, bestaan daar 'n kritieke periode van taalge=reedheid wat teen puberteit afgeloop is" (Vorster, 1976:14).

Omdat taal deel van die algemene kultuur van 'n etnie=se eenheid vorm, word taal in die algemene omgang tus=sen etniese eenhede as <u>aanduidend</u> en selfs as 'n <u>maatstaf</u> vir etnisiteit gebruik.

By nadere beskouing blyk dit egter dat die stelling dat 'n onderskeie taal 'n maatstaf vir etnisiteit is, hoogs misleidend kan wees. Dit is meer korrek en vei=liger om te aanvaar dat die taal van 'n etniese een=heid <u>aanduidend</u> van sy etnisiteit kan wees, maar dat dit nie die geval hoef te wees nie. Die taal van 'n etniese eenheid kan nie as 'n geïsoleerde en alleen=geldende maatstaf vir etnisiteit geneem of gesien word nie. Taal moet eerder as een van 'n hele aantal gekombineerde elemente gesien word.

Die geldigheid van bostaande opmerkings het pas na afloop van die Eerste Wêreldoorlog na vore gekom toe die beleid van nasionale selfbeskikking vir etniese eenhede binne multi-etniese state in Sentraal-Europa as oplossing gesien is. Ten einde die numeriese sterkte van etniese eenhede te bepaal en ten einde vas te stel welke etniese eenhede die voordele van dié beleid wou geniet, is volkstellings gehou. Taal is as kriterium vir etnisiteit gebruik. In die prak= tyk het dit egter geblyk dat dié metode nie heeltemal suksesvol was nie aangesien die uitslag van die volkstelling in bv. Oos-Pruise grootliks teen die Pole gedraai het omdat taalverbande en etnisiteit nie meer samevallend was nie (Brock, 1971:360). Dieselfde verskynsel is deur Beer onder die Baske en die Breton= ners waargeneem, naamlik dat die getal Baskies- en Bretonssprekendes baie minder is as diegene wat hulle= self as Baske en Bretonners beskou (Beer, 1976:88). Dié Jode kan as 'n verdere voorbeeld genoem word. Zollberg wys ook daarop dat "... the political class that founded Belgium in 1830-1831, composed of Flemings as well as of Walloons, was uniformly French-speaking; it unhesitatingly legislated French as the sole official language throughout the country" (Zollberg, 1977:108). Na aanleiding van sy waarne= mings verklaar Beer dan: "... language is not an in= dispensable ingredient of ethnicity; rather it is part of a series of cultural traits that serve as a refer= ence point for people to use in defining their iden= tity. One need not speak an ethnic language to claim

membership in an ethnic group; it is sufficient that the language exists" (Beer, 1976:88).

Die bostaande uiteensetting moet egter nie tot die gevolgtrekking lei dat die taal van 'n etniese een=heid 'n neutrale of middelmatige saak is nie. Bo=staande argumentering is alleenlik teen 'n determi=nistiese siening dat taal in alle gevalle 'n maat=staf van etniese identiteit sou wees, gemik. Almal wat dieselfde taal praat, behoort nie noodwendig tot dieselfde etniese groep nie, maar 'n etniese groep praat normaalweg dieselfde taal.

## 2.2 Religie

Religie speel waarskynlik nie so 'n algemeen omvat=tende rol soos taal in inter-etniese sisteme nie, maar dat religie en religieuse verskille tussen et=niese eenhede van deurslaggewende belang kan wees, kan nie ontken word nie. Trouens, dit wil voorkom asof inter-etniese konflik, gebaseer op religieuse verskille, meer destruktief as taalverskille kan wees. In die verband kan gedink word aan die tag=tigjarige oorlog tussen Nederland (Protestants) en Spanje (Rooms-Katoliek); die Mohammedaanse verowe=ringstogte; die stryd tussen Christene en Moslems in Libanon en die rol wat religieuse verskille in Ier=land speel. Die bestaan van 'n gemeenskaplike reli=gie en die bestaan van verskillende religieë tussen etniese eenhede, is vir 'n hele spektrum van inter-

etniese reaksies verantwoordelik. Hierbenewens moet die uiters sterk verdelende krag wat verskillende religieë binne een etniese eenheid kan uitoefen, nie onderskat word nie. Soos in die geval van taal kan die bepaalde rol van religie in enige inter-etniese sisteem slegs binne daardie inter-etniese milieu na waarde geskat word.

Die gemeenskaplike religie van 'n bepaalde etniese eenheid kan aan die etniese eenheid self gelykgestel word, soos in die geval van die Islam en die Joodse religie (Ethel Dunn, 1973:55; Possony, 1975(b):30 en Connor, 1977:41). Bostaande skep die indruk dat 'n gemeenskaplike religie as 'n maatstaf vir etnisiteit geld. In die geval van die Jode skyn dit wel so te wees. Die Joodse rabbyne was byvoorbeeld nie bereid om Jode vanuit die verstrooiing wat nie meer die or=todokse religie behou het nie, as Jode te aanvaar nie (Possony, 1975(b):29). Die verband tussen religie en etnisiteit is by die Jode waarskynlik die duidelikste en die sterkste beklemtoon omdat die trilogie van God, Israel en vaderland deur die Jode as 'n onbreek=bare "vennootskap" beskou word (Nachmias & Rockaway, 1977:44).

'n Bepaalde religie kan in sekere gevalle 'n totale etniese eenheid omsluit. In die verband word 'n ge=meenskaplike religie 'n totale leefwyse waardeur die betrokke etniese eenheid maklik van ander etniese een=hede onderskei kan word. Ethel Dunn (1973:55) beskryf

die Islam as 'n "way of life" en as deel van die "national tradition". Dieselfde geld die Jode (Pos= sony, 1975(b):34-35) en die Moslems in Maleisië (Van der Kroef, 1976:5).

Soos in die geval van taal, kan die verband tussen religie en etnisiteit egter nie in alle gevalle de= terministies beoordeel word nie. Daar bestaan talle etniese eenhede waarvan die lede tot verskillende religieuse verbande behoort sonder dat daardie etnie= se eenhede opgehou het om as etniese eenhede te be= staan. Dat 'n gemeenskaplike religie egter vir die etniese bewussyn van belang is, kan nie ontken word nie. Die feit dat die Jode in die diaspora religieus onderskeie gebly het, was van groot belang vir die handhawing van hulle identiteit (Possony, 1975(b): 33). Teresa Rakowska-Harmstone (1976:160) het dieself= de ten opsigte van etniese eenhede in die U.S.S.R. waargeneem.

'n Gemeenskaplike religie kan daartoe bydra dat die rassiese voorkoms van 'n etniese eenheid relatief homogeen bly en dus indirek tot die beklemtoning van rasverskille bydra. Wanneer religieuse voorskrif= te bepaal dat slegs endogame huwelike en/of verbin= tenisse aangegaan mag word, verhoog dit die homogene voorkoms van daardie eenheid (Possony, 1975(b):34-35). Verskeie skrywers toon egter aan dat etniese eenhede normaalweg 'n hoë graad van natuurlike endogamie handhaaf.

Die feit dat elke vaderland ook oor sy "heilige plekke" beskik, soos in die geval van die Jode en die Moslems, veroorsaak dat religie 'n indirekte en direkte verband met 'n vaderland het. Palestina word bv. deur die Jode as 'n Godbeloofde land beleef (Nachmias & Rockaway, 1977:38). Dit veroorsaak bv. dat Palestina nie sonder meer vir 'n ander en selfs "beter" vaderland verruil sal word nie. In die geval van die etniese eenhede van Afrika, speel heilige plekke ook 'n baie belangrike rol en bind die etniese eenhede aan daardie spesifieke vaderland. Die grafte van die voorvaders word dus ankers wat diè eenheid aan daardie bepaalde gebied bind.

## 2.3 Rassiese afkoms, -homogeniteit en etniese lidmaatskap

Hoewel 'n ras as sodanig geen dinamiese eenheid is nie, speel raskenmerke wel 'n belangrike rol in inter-etniese sisteme. Rassiese verskille tussen etniese eenhede is nie *per se* van belang nie, maar verkry hulle eintlike betekenis eers wanneer 'n sosiologiese, religieuse, kulturele, ekonomiese of politieke betekenis daaraan geheg word. In die geval van die Spaanse en Portugese oorheersings het rassiese verskille tussen die koloniseerders en die gekoloniseerdes nie so 'n omvattende invloed soos in die geval van Suid-Afrika gehad nie. Hoewel geargumenteer word dat rassiese verskille aangebore is, daar niks daaraan verander kan word nie, en dat

dit daarom nie van deurslaggewende belang in inter-etniese verhoudings behoort te wees nie, kan die betekenis van hierdie verskille en askriptiese kenmerke nie weggedink word nie. Die gevolg is dat raskenmerke as een van 'n aantal kenmerke, soms as 'n deurslaggewende kenmerk van etniese identiteit vertolk kan word.

Die feit is dat rassiese verskille tussen verskillende etniese eenhede nie orals dieselfde effek op inter-etniese verhoudings het nie. Om dit anders te stel: die spesifieke betekenis van rasverskille tussen etniese eenhede hang van die spesifieke omstandighede wat daar in 'n gegewe inter-etniese sisteem bestaan, af. In die geval van Suid-Afrika het die samevallendheid van rassiese, etniese en kulturele verskille daartoe gelei dat rasverskille as 'n kollektiewe simbool vir die genoemde etno-kulturele en beskawingsverskille gebruik is. Die gevolg was dan ook dat "blankheid" as 'n prominente faset van etniese identiteit onder die Afrikaner ervaar is. In die geval van die Franse en Portugese koloniserings in Afrika het rasverskille 'n mindere rol in dié verband gespeel. Hoewel etniese eenhede onderling op grond van etnisiteit en kulturele waardes verskil, kan die gemeenskaplikheid van rassiese kenmerke, as gevolg van sosio-politieke faktore, as oorkoepelende gedragsriglyn uitgelig en intensioneel as simbool van "eenheid" aangewend word. In dié geval word die <u>etniese</u> as gedragsriglyn deur die beklemtoning van die <u>rassiese</u> gemeenskaplikheid, gekamoefleer. Hoewel

'n gegewe bevolking as gevolg van sosio-politieke faktore langs rassiese lyne kan polariseer, bly die etniese eenhede nog die werklike "akteurs".

Daar kan aanvaar word dat rassiese kenmerke een van 'n aantal simbole vorm waaróm identiteite kondenseer (Alport, aangehaal deur Horowitz, 1975:120). Raskenmerke as simbole besit 'n hoë sigbaarheidsgraad en etniese eenhede kan nie aan die "onveranderlikheid" van dié gegewe ontspan nie. Die gevolg is dat rasverskille as onderskeidingstekens tussen etniese eenhede kan figureer. Isaacs (1975:42) beweer byvoorbeeld dat al sou persone aan al die formele vereistes om lid van 'n bepaalde etniese eenheid te word, voldoen het, sy rassiese andersoortigheid daartoe kan lei dat sy opname as lid van die betrokke etniese eenheid geblokkeer word. Met ander woorde, rassiese verskille tussen etniese eenhede kan daartoe lei dat inter-etniese mobiliteit vertraag of geblokkeer word. Die graad van blokkering sal afhang van die belang wat daar aan rassiese verskille in die betrokke inter-etniese milieu toegeken word. Bromlei (1974:62-63) voer egter aan dat rassiese verskille nie as 'n absolute en algemeen geldende onderskeidingsteken van etniese eenhede beskou kan word nie. Alle Blankes is byvoorbeeld nie Afrikaners nie. Dié stelling verander egter niks aan die feit dat etniese eenhede, as gevolg van spontane endogamie, basies dieselfde rassiese merktekens dra nie. Andersyds kan 'n etniese eenheid heeltemal van rassiese voorkoms verander sonder om noodwendig as etniese

eenheid te verander.

Die rol wat rassiese verskille in inter-etniese sis=
teme speel, word situatief bepaal - soos in die geval
van taal- en religieverskille. In Mexiko word die
ongeveer tien en meer klasse wat as gevolg van assi=
milasie tussen Spanjaarde, Indiane en Negers ont=
staan het, op grond van familiename en donkerheid/
ligtheid van vel bepaal (Hunt & Walker, 1974:139).
Onder die Naziregime het die drang na die bloedsui=
werheid van die Duitser uiters destruktiewe gevolge
gehad. Tans word daar byvoorbeeld geargumenteer dat
alle koloniale samelewings wat deur 'n relatief
groot en permanente Blanke element beheer word, nood=
wendig tot die uiterste vorme van konflik sal lei
(Kuper & Smith, 1971:91-180). Dié ongekwalifiseerde
stelling is net so min waar as wat die stelling dat
rassiese homogeniteit gelyk aan vrede en liefde is,
waar sou wees. Rassiese verskille is nie allesomvat=
tende en allesbepalende determinante van inter-etnie=
se verhoudinge nie. Rassiese verskille moet, soos aan=
getoon, teen die agtergrond van sosiale, politieke,
ekonomiese en etno-kulturele verskille gesien word
voordat dit enige analitiese waarde kan hê. Dit het
dus slegs dié waarde wat daaraan gegee word.

Hoewel rassiese verskille en/of kenmerke deur middel
van hedendaagse teorieë tot 'n sekondêre posisie in=
geperk word, is die genealogiese afkoms van die mens
een van die mees basiese gegewenhede. Trouens, ge=

boorte binne 'n bepaalde etniese eenheid is die mees algemene vorm van rekrutering vir daardie etniese eenheid. Geslagte het nog altyd as skakels met die verlede en die toekoms gedien. Genealogiese afkoms binne etniese eenhede moet dus as 'n gegewe waarmee daar rekening gehou moet word, aanvaar word.

Die vraag na die genealogiese afkoms/herkoms van etniese eenhede, behels nie in die eerste plek die objektiewe waarheid as sodanig nie. In die meeste gevalle omvat dit die mitiese en vermoedelike gemeen=skaplike afkomsweergawes. Met ander woorde, die inten=sionele vertolking van die genealogiese afkoms/herkoms kan swaarder as die objektiewe genealogiese afkoms/herkoms weeg. Francis (1976:16,39) maak van die be=grip "shared ethnicity" gebruik om hierdie verskyn=sel te illustreer. Hierdie begrip dui aan dat "... an aggregate of people are considered as belonging to=gether because of the belief that they are descended from one, however distant, ancestor, ancestral pair or ancestral group".

Die beklemtoning van die vermoedelike gemeenskaplike afkoms van alle Grieke het tydens die onafhanklikheid=stryd van die Grieke teen die Ottomane plaasgevind (Xydis, 1971:207-211). Dieselfde verskynsel word by die Dinka (Francis, 1976:7,39); die Finne (Jutikka=la, 1976:59); die Baske (Da Silva, 1977:110-111) en die Tjegge (Zacek, 1971:158-169) aangetref.

Skrywers maak 'n besliste onderskeid tussen die for= malistiese en intensionele lidmaatskap van etniese eenhede. Vir die persoon wat as lid van 'n bepaalde etniese eenheid gebore en binne die geledere van daardie etniese eenheid opgegroei en opgevoed is, bestaan daar weinig probleme ten opsigte van die formele en intensionele aspekte van sy lidmaatskap. Die behorendheid tot 'n etniese eenheid is iets wat wel afgelê kan word maar wat nie dwangmatig van lede van etniese eenhede ontneem kan word nie (Glazer & Moynihan, 1975:8; Barron, 1967:35; Bell, 1975:153; Isaacs, 1975:34). Deur aan die formele vereistes vir etniese lidmaatskap te voldoen, is egter nie voldoen= de vir etniese behorendheid nie. Behorendheid dra 'n sosiologiese betekenis en is wedersyds van aard. Glazer & Moynihan (1975:8) ag behorendheid tot 'n et= niese eenheid as een van die mees basiese aspekte van etniese lidmaatskap. Hoewel etniese eenhede ten op= sigte van hulle eksklusiwiteit en bereidheid om vreem= delinge te absorbeer, varieer, kan behorendheid tot 'n etniese eenheid alleen deur middel van organiese groei en meelewing met so 'n eenheid oor 'n relatiewe lang tydperk, verkry word. Dit kan in elk geval nie op meganiese wyse afgedwing of verkry word nie.

## 2.4 Kultuur

Die algemene kultuur van 'n etniese eenheid omvat alle rasionele en materiële resultate van sy aktiwi= teite as 'n kollektiewe eenheid. Die etniese eenheid as 'n organiese verband beskik ook oor die middele

en prosedures om die algemene kultuurpatroon van dié groep aan die nakomelinge oor te dra. 'n Geykte stand= punt in die volkekunde is van mening dat die algeme= ne kultuur van 'n etniese eenheid 'n basiese kenmerk is waardeur etniese eenhede van mekaar onderskei word. Oor die feit dat die algemene kultuur (van et= niese eenhede) kenmerkend van etniese eenhede kan wees, bestaan daar geen meningsverskil nie. Glazer & Moynihan (1975:4), Bell (1974:10), Isaacs (1975:32), Melson & Wolpe (1970:1112), Bernot (1972:280), Wallerstein (1973:58) en Bromley (1974:58) maak almal van die feit melding. Die probleem bestaan egter dat 'n etniese eenheid soms sonder meer as 'n kulturele groep beskryf is sonder dat ook etnisiteit in ag geneem is. Die gevolg is dat die studie van etniese eenhede bykans uitsluitlik "kultuurstudies" geword het.

In hierdie verband het die analise van Barth (1969:11 e.v.) 'n belangrike bydrae tot die suiwere ontleding van die etniese eenheid en sy kultuur gelewer. Volgens Barth deel 'n etniese eenheid in sy geheel en naas sy ander fundamentele kenmerke, in 'n gemeenskaplike kultuursisteem. Hy stem egter nie met die ouer skool saam dat die kultuursisteem van 'n etniese eenheid as die enigste en bepalende kenmerk van etnisiteit ge= sien moet word nie. Vir hom is die kultuur van 'n et= niese eenheid die resultaat en implikasie van die aan= passing van die betrokke etniese eenheid in 'n gegewe ekologie. Indien die benadering van die ouer skool ge= handhaaf word, naamlik dat die algemene kultuur 'n pri= mêre en definisionele kenmerk van die etniese eenheid

is, dan moet daar ook aanvaar word dat etniese een=hede op grond van die morfologiese kenmerke van hulle kulture (waarvan hulle die draers is), onderskei kan word. So 'n benadering fikseer die aandag eerder op die kulturele kenmerke en ignoreer die etniese orga=nisasie en dinamika.

Barth (1969:12) plaas die klem op die wyse en die resultaat van die aanpassing van die etniese eenheid as geheel <u>en</u> ten opsigte van dele van daardie etnie=se eenheid in 'n bepaalde ekologie. As gevolg van verskillende ekologiese omstandighede moet verwag word dat verskillende etniese eenhede enersyds en dele van dieselfde etniese eenheid andersyds, hulle verskillend van mekaar <u>kan</u> aanpas. Die gevolg is dat kultuurverskille op regionale grondslag binne die ge=ledere van een gegewe etniese eenheid, kan voorkom. Shirokogoroff (1935:12-14) het reeds op hierdie ver=skynsel gewys. Die feit dat regionale verskille bin=ne die geledere van 'n etniese eenheid kan voorkom, moet egter nie sonder meer as eerste stap in die rig=ting van etniese fissie beskou word nie. Die kultuur=verskille tussen elemente van die Kaapse en die Transvaalse Afrikaners beteken byvoorbeeld nie dat een van die twee tans nie Afrikaners is nie. Ander=syds beteken die bestaan van 'n relatief eenderse kultuurpatroon binne die geledere van 'n etniese een=heid wat geografies en andersins verdeel geraak het, nie noodwendig dat die verskillende elemente nog die=selfde etniese eenheid is of wil wees nie. Die

Engelssprekendes in Suid-Afrika, Australië, Amerika en Kanada illustreer dié punt.

Objektiewe groot kultuurverskille mag, intensioneel gesien, as van geen of weinig belang geag word, ter= wyl relatief klein objektiewe kultuurverskille buite verhouding tot sy objektiewe betekenis opgeblaas kan word. Soos hieronder aangetoon word, kom die inten= sionele vertolking en evaluering van die kultuur= goedere van 'n etniese eenheid gewoonlik tydens in= ter-etniese druk sterker na vore.

Hoewel die algemene kultuur van 'n etniese eenheid nie sonder meer as 'n maatstaf ter onderskeiding van die etniese aangewend kan word nie, staan dit oor die algemeen vas dat homogeniteit van kultuur gewoon= lik en grootliks met etniese eenhede samevallend is. Omdat kultuur 'n veelfasettige uitdrukking van die bestaan van die etniese eenheid is en omdat kultuur= waardes binne die geledere van etniese eenhede oor= gedra word (taal, religie, etiket, waardes, ens.) lei dit tot die kristallisering van sekere gemeen= skaplike kultuurelemente. Hierdie kultuurelemente speel op hulle beurt 'n bindingsrol ten opsigte van die etniese eenheid (Shirokogoroff, 1935:14). Et= niese fissie kan met die kristallisering van sekere kultuurelemente gepaard gaan en as 'n sentripetale krag optree. Naas die bindingskrag wat sekere ge= meenskaplike kultuurelemente kan uitoefen, is dit dus ook moontlik dat, as gevolg van gedifferensieerde

ekologiese aanpassings binne die geledere van 'n etniese eenheid, geleidelike fissie en etnogenese binne so 'n etniese eenheid kan plaasvind.

Bostaande opmerkings beklemtoon reeds die feit dat kulture nie staties is of kan wees nie. Kultuurvor= ming en kultuurverandering is wesentlik prosesse wat oor 'n langer of korter periode voltrek word. Wanneer daar na die sogenaamde stagnante kulture van etniese eenhede verwys word, moet egter aanvaar word dat sulke kulture nie totaal staties is nie. In ver= gelyking met die meer dinamies en snel veranderende kulture van ander etniese eenhede, vind die verande= ringsprosesse in die sg. "stagnante" kulture bloot teen 'n stadiger tempo plaas. Hoewel die kulture van die primitiewe volke veelal die beeld van stagnasie vertoon, is dit egter opvallend oor welke aanpassings= vermoë sulke kulture beskik. Die verstedeliking van die Swartman is 'n sprekende voorbeeld hiervan.

Hoewel die kulture van etniese eenhede aan die een kant 'n hoë mate van kontinuïteit oor tyd handhaaf, is dit dus ook 'n feit dat kulture steeds aan ver= andering onderhewig is. Inter-etniese kontak lei ge= woonlik tot akkulturasie. Eerstens is dit egter be= langrik om aan te toon dat die graad en omvang van akkulturasie nie deterministies vooraf bepaal kan word nie. Tweedens moet aanvaar word dat akkultura= sieprosesse ingewikkeld en sensitief is. Akkultura= tiewe prosesse is aan 'n hele aantal veranderlikes

binne 'n gegewe inter-etniese milieu onderworpe. In die aanvanklike fases van kontak tussen etniese eenhede en afhangende van die wedersydse gesindhede wat bestaan, kan kultuurverskille as onderskeidings=tekens tussen die etniese eenhede, skerp belig word. Met verloop van tyd en as gevolg van die feit dat die uiterlike en materiële kultuurverskille geëlimineer word, kan ander kulturele fokuspunte as onderskei=dingstekens aangewend word. Kulturele assimilasie kan as die voorstap tot etniese assimilasie dien. Trouens, etniese assimilasie (fusie) begin met akkulturasie (hetsy as 'n eenrigtingproses hetsy as 'n wedersyd=se proses), maar alle akkulturasie is nie gelykstaan=de aan of 'n waarborg vir etniese assimilasie nie. In Mexiko het akkulturasie wel tot assimilasie gelei (Hunt & Walker, 1974:128-160), en die heersende Manchu (polities dominant) het die kultuur van die oorheersde Sjinese aanvaar en eventueel Sjinese ge=word (Shibutani & Kwan, 1965:471). In beide gevalle het akkulturasie tot sy volle konsekwensies gelei, naamlik etniese assimilasie. Die voorbeeld van die Manchu en die Sjinese wys tog op 'n belangrike faset van akkulturasie en assimilasie, naamlik dat die rig=ting van akkulturasie en assimilasie bepaal is deur die etniese eenheid met die prestige en nie die et=niese eenheid met die politieke mag nie. In teen=stelling met die bostaande voorbeelde, het die idee van die Amerikaanse melting pot waarin alle vreemde=linge moes verAmerikaans, egter geblyk nie so suk=sesvol te wees as wat aanvanklik verwag is nie.

Trouens, in die meeste gevalle is daar nie verder as sekere oppervlákkige vorme van akkulturasie ge= vorder nie. Shibutani & Kwan (1965:479) handel volle= dig oor die feit dat akkulturasie kan plaasvind son= der dat assimilasie 'n volgende en finale stap behoort te wees. 'n Gegewe akkulturasieproses kan ook op enige tydstip, as gevolg van veranderde omstandig= hede, in trurat gegooi word. Dusdoende kan die aan= vanklike nastrewing van die kultuurwaardes van 'n be= paalde etniese eenheid van koers verander en lei tot die herlewing van die eie kultuurwaardes. Die Swart= bewussynsbeweging in Suid-Afrika is 'n belangrike eksponent van hierdie proses (Kotze, 1974:46-48).

Benewens situasies waar etniese eenhede in konflik met mekaar verkeer, is dit ook so dat etniese eenhede vreedsaam langs mekaar kan woon. Vreedsame interaksie tussen etniese eenhede vereis egter dat daar 'n mate van kongruensie ten opsigte van sekere kultuurwaardes moet bestaan en dat die algemene interaksie so ge= struktureer moet wees dat die bestaande verskille daardeur geakkommodeer kan word (Barth, 1969:15-16). Stabiele inter-etniese verkeer impliseer dus "... a set of prescriptions governing situations of contact, and allows for articulation in some sectors or domains of activity, and a set of prescriptions on social situations preventing inter-ethnic interaction in other sectors and thus insulating parts of the cul= ture from confrontation and modification"(Barth, 1969:16). Etniese grense kan in kulturele sin nog ge=

handhaaf word al sou etniese eenhede in interaksie verkeer en al sou daar 'n kongruensie van kulturele waardes tussen etniese eenhede bestaan. Die inter=pretasie van kultuurverskille en -ooreenkomste word egter situatief en intensioneel bepaal.

### 2.5 Die politieke organisasie en strewes van etniese eenhede

Omdat daar in hoofstuk drie meer besonderhede oor die politieke strewes van etniese eenhede verskaf word, word hier slegs na enkele aspekte van die politieke strewes van etniese eenhede verwys. Die doel van die afdeling is om (a) 'n verband tussen die politieke waardes en instellings van etniese eenhede en die algemene kultuur van 'n etniese eenheid te lê en (b) aan te toon dat etniese eenhede na selfverwesen=liking op politieke terrein strewe.

In etnografiese studies word daar normaalweg breëre uiteensettings van die politieke waardes en struk=ture van etniese eenhede gegee. Sulke studies beklem=toon die feit dat die politieke waardes, instellings en organisasies van etniese eenhede part en deel van die algemene kultuur van 'n etniese eenheid is. In dié sin is die politieke faset van 'n etniese eenheid se bestaan dus deeglik met die algemene kulturele waardes geïntegreer. In dié verband merk Pye op: "Politics is so deeply rooted in the native genius of each nation that the continuity of separate poli=tical traditions constantly resists the leveling for=

ces at work in the social and economic spheres of modern life" (Pye, 1969:3-4).

Hoewel die politieke waardes en instellings van seker die meerderheid etniese eenhede van mekaar verskil, is daar uitsonderings. Die diffusie van kulturele waardes en dus ook politieke waardes lei daartoe dat meer as een etniese eenheid vandag bv. dieselfde politieke waardes aanhang en binne hulle onderskeie kulture geïntegreer het. Die politieke waardes onderliggend aan die demokrasie word bv. deur 'n hele reeks etniese eenhede aangehang. Sulke gevalle waar meer as een etniese eenheid dieselfde politieke waardes aanvaar en binne hulle onderskeie kulture geïntegreer het, verskil in beginsel nie van etniese eenhede wat elkeen oor hulle eie politieke waardes beskik (wat part en deel van die algemene kultuur is), nie. In beide gevalle is daar 'n samehangende integrasie tussen politieke waardes en die algemene kultuurwaardes.

Die politieke verowering van etniese eenhede het egter daartoe gelei dat meer as een etniese eenheid nie daarin kon slaag om sy eie politieke waardes en instellings te handhaaf nie. Dit is 'n bekende feit dat verowerde etniese eenhede dié voorreg ontneem is. In gevalle waar indirekte beheer gevolg is, is verowerde etniese eenhede wel toegelaat om hulle tradisionele politieke waardes en instellings tot op 'n sekere vlak te handhaaf. Direkte beheer het egter

van die standpunt uitgegaan dat die eiesoortige politieke waardes en instellings van die verowerdes deur die politieke waardes en instellings van die veroweraar vervang moet word. Beide direkte en indi= rekte beheer het egter in beginsel dieselfde gevol= ge, naamlik die verlies van politieke onafhanklik= heid en die volledige of gedeeltelike ontsegging van die eie politieke waardes en instellings. In beide ge= valle bestaan daar ook 'n gebrek aan integrasie tus= sen die eie politieke waardes en instellings en die politieke waardes en instellings van die imperiale of nasieverband. Nasieverband verwys hier na die state wat deur middel van Europase kolonialisme in Afrika geskep is en waarin sekere etniese eenhede teen hulle wil en sin ingesluit is.

In die gevalle van formele verowering en in gevalle waar 'n etniese eenheid hom in 'n staatsverband be= vind waarin dit nie wil wees nie, vind inter-etniese reaksies plaas. Hierdie reaksies word deur die aard van die druk binne die inter-etniese sisteem en die historiese lading wat die sisteem dra, bepaal. Die druk wat binne sulke situasies bestaan, is geneig om die etniese bewussyn van die onderhoriges te ak= tiveer sodat nasionalistiese strewes juis op die herstel van 'n voormalige onafhanklike politieke be= deling gemik kan word. Hoewel volledige onafhanklik= heid buite die gegewe staatsverband 'n strewe mag wees, is dit nie noodwendig dat alle etniese eenhede hierdie ideaal sal nastreef nie. Sommige etniese een=

hede kan bloot op die verkryging van 'n hoër graad van regionale outonomie binne die bestaande staats=verband aandring (Esman, 1977:377-378). Aan die ander kant kan etniese eenhede wat reeds oor 'n hoë graad van outonomie beskik op volledige onafhanklikheid aandring. Die Parti Quebecois onder leiding van René Lévèsque het bv. hulle aanspraak op volledige onafhanklikheid buite die Kanadese federasie soos volg gemotiveer: "Nothing less but independence will correct that psychological contraction which they (die Engelssprekendes) inflicted upon us" (Morf, 1976:88). Na aanleiding van die studie van Judy Bertelsen oor etniese eenhede wat nie oor hulle eie regeringsinstellings beskik nie, kom sy tot die gevolgtrekking dat: "The defining characteristic of the nonstate nation is its assertion or action implying sovereignty, while not being generally recognized as a sovereign entity" (Bertelsen, 1977:2).

Die Switserse staat wat deur die gemeenskaplike wil van 'n aantal etniese komponente tot stand gekom het, ondervind nie veel probleme met die gemeenskaplike politieke sisteem nie, maar die Franse van die Jurastreek was 'n uitsondering. Omdat hulle 'n min=derheid binne 'n oorwegende Duitse kanton is, het hulle op kantonale status aangedring sodat hulle hulleself deur middel van hulle eie regeringsinstel=lings op kantonale vlak kon regeer (Muller, 1978:16). Die Baske wat hulle politieke outonomie verloor het, poog tans om dit te herwin en hulleself ten opsigte van die Spaanse politieke gesag te laat geld. 'n Be=

langrike faset van die Baskiese nasionalisme is die strewe om die tradisionele regeringsinstellings en politieke waardes weer te laat herleef (Greenwood, 1978:85-86).

Die verkryging van selfbeskikking op politieke vlak word as 'n waarborg vir die handhawing van die groep en die herstel van sy nasionale eer en waardes gesien. In dié verband verklaar Mühlmann dat die politieke organisasie van etniese eenhede nie in eenvoudige sin identies aan die groep is nie maar aan die wil van die groep. Die grens wat 'n etniese eenheid tus= sen hom en ander etniese eenhede trek, is 'n aktiwi= teit van die etnosentrum (Mühlmann, 1964:249). Omdat die politieke selfverwesenliking van etniese eenhede as 'n belangrike waarborg vir die bestaan en voort= bestaan van die groep geag word, vorm die politieke selfverwesenliking van etniese eenhede 'n kulminasie= punt van etniese strewes. Dit word gewoonlik as die finale en enigste werklike oplossing aangegryp. Soos reeds vermeld, is die nastrewing van hierdie oogmerke van die inter-etniese druk afhanklik. Namate die druk toeneem, is etniese eenhede meer geneig om hulle selfverwesenliking in volle politieke selfstandigheid te soek.

Dit is egter 'n gemeenplasigheid dat die realisering van hierdie strewe baie probleme ondervind (Francis, 1976:79). In hoofstuk drie word verdere aandag aan hierdie vraagstuk gegee.

Die kerngedagte van die voorgaande is dan dat etniese eenhede wat hulle onder vreemde politieke gesag be=vind, daarna kan streef om politieke onafhanklikheid te verkry; dat etniese eenhede daarna kan streef om hulle ontneemde politieke waardes en instellings weer in ere te herstel; dat die druk wat binne 'n nasiever=band mag bestaan, aanleiding tot die verkryging van een of ander graad van politieke outonomie kan gee en dat die strewe tot politieke selfverwesenliking 'n kulminasiepunt van etniese strewes kan vorm.

So is dit ook met die Ndebele van Transvaal. Dit is veral die Ndzundza wat baie sterk daarop aangedring het dat hulle as etniese eenheid erken moet word en dat hulle 'n eie politieke bedeling moet kry - onaf=hanklik van die Noord-Sotho. Die politieke aktiwi=teite van die Ndzundza sou ook weldra daartoe lei dat van die ander Ndebelestamme, waarvan sommige reeds by Bophuthatswana en ander by Lebowa ingeska=kel was, weggebreek en hulle met hierdie ideaal ver=eenselwig het.

## 2.6 Vaderland en patriotisme

Die verband tussen etniese eenhede en hulle vaderlan=de is van baie meer as net ekonomiese belang. Die feit dat die naam van 'n etniese eenheid en die van die vaderland gewoonlik wederkerig uitruilbaar is, is aanduidend van hierdie verband. Die liefde van 'n etniese eenheid vir sy vaderland staan as patriotis=

me bekend en patriotisme kan een van die mees dina= miese elemente of fokuspunte van nasionale bewegings vorm. Benewens die ekonomiese band tussen 'n etniese eenheid en sy vaderland, is die etniese eenheid ook op psigologiese wyse aan sy vaderland verbind. Die etniese eenheid is histories, mities en ook letterlik aan die grond waarop hy sy kultuurstempel afgedruk het, gebonde (Isaacs, 1975:44).

In Sentraal-Asië is nasionale bewegings deur dié feit gekenmerk dat die liefde vir die vaderland deel van die etniese bewussyn gevorm het; dat die gestorwe voorvaders as die "stof" van die vaderland beskou is en dat die vaderland as 'n "moederland" beskou is. "Bukhara is our sacred homeland (vatan), our living mother, the place where we grew up, where we make our living, our beloved, whom we loved as our own souls. Bukhara is ours and we are Bukhara's" (Ha= naway, 1973: 147; Allworth, 1973:15). Die ontwaking van die etniese bewussyn is daarvoor verantwoordelik dat die verband tussen etniese eenheid en vaderland hernude aksent ontvang en 'n tema van nasionalistie= se literatuur word. Bostaande illustreer die sterk bindingsfunksie wat die gemeenskaplike vaderland op die etniese eenheid kan hê. Patriotisme hang in die eerste plek nie met die objektiewe waarde van 'n stuk grond of vaderland saam nie. Die emosionele verbin= tenis tussen etniese eenheid en vaderland is daarvoor verantwoordelik dat mense hulle bloed sal gee vir 'n vaderland wat, objektief gesien, nie altyd as "die moeite werd" beskou sou wees om voor te veg nie.

Benewens die bindingsfunksie van 'n gemeenskaplike vaderland, kan die bewoning van 'n gemeenskaplike vaderland 'n uiters verdelende faktor tussen we=dersyds-onaanvaarbare etniese eenhede wees. Voorbeel=de wat hier ter sprake is, is Ciprus, Rhodesië, Spanje, Israel, die Republiek van Suid-Afrika, Ame=rika, ensovoorts. In al hierdie gevalle is daar meer as een etniese eenheid wat op dieselfde grondgebied as vaderland aanspraak maak. Hierdie situasies ver=oorsaak dat konflikterende grondeise en die histori=siteit van bewoning van die betrokke gebied, van die mees kardinale elemente van die inter-etniese verhou=dinge vorm. Die belangrikste oorsake vir die ontstaan van hierdie situasies kan na migrasies van etniese eenhede, verowerings deur etniese eenhede en die wil=lekeurige trekking van grense deur die grootmoondhe=de teruggevoer word.

Bostaande impliseer reeds dat die territoriale grense van 'n etniese eenheid selde met die sosio-etniese grense daarvan ooreenstem. Met ander woorde, 'n etnie=se eenheid se lede bevind hulle heel dikwels in meer as een staatsverband.

In dié verband wys Schermerhorn (1967:5) daarop dat "... power relations between peoples in Europe have been largely those of military conquest. The con=tinuous shifting of boundary lines as one people af=ter the other became dominant, has occurred for centuries; the uncertain vicissitudes of war had led

at times to the incorporation of mere fragments". Die herhaaldelike verdeling van Pole is een van die duidelikste voorbeelde hiervan. 'n Ander goeie voor= beeld van 'n etniese eenheid wat tans in meer as een staatsverband woon, is die Kurde. Die Baske is tans in twee staatsverbande saamgetrek, naamlik in Spanje en in Frankryk. Die skepping van state in Afrika het hoegenaamd geen prioriteit op die kongruensie van territoriale en etno-sosiologiese grense geplaas nie. "No attempt was made to cater for ethnic identities where these were at odds with the newly created in= ternational boundaries" (Elizabeth Colson, 1967:203). Hierdie verskynsel kom egter ook wêreldwyd voor (Glazer & Moynihan, 1975:24; Parsons, 1975:80; Becker, 1973:159). Al hierdie situasies dra die po= tensiaal van inter-etniese konflik.

Wanneer die voorbeelde van die oorsese Sjinese en die Grieke en Turke in ag geneem word, dan is dit dui= delik dat die moederlande in elk van die situasies 'n baie belangrike rol speel. Die moederetnos is geneig om hierdie situasies só te interpreteer dat 'n spe= siale verhouding met etniese verwante in die verder= liggende gebiede aanvaar word. Dieselfde het vir die Hongare ten opsigte van die Hongare in Tjeggoslowakye en die Duitsers ten opsigte van die Sudetenduitsers in Bohemië en Moravië gegeld. Die moederetnos aan= vaar dat die etniese verwante 'n reg op beskerming het. Die gevolg is dat die inter-etniese verhoudings in die genoemde en soortgelyke gebiede nie los van

die etniese intensioneles van die moederetnos ge=interpreteer kan word nie. Teoreties besien, kan die volgende tipe situasies aangetref word:

(1) Die ideale toestand waar etniese eenheid A bykans uitsluitlik in sy eie vaderland saamgetrek is en oor sy eie politiek-juridiese gesagstrukture be=skik en dit beman sonder dat 'n ander etniese eenheid (of 'n redelike deel daarvan) in dieselfde gebied woonagtig is. Dit is 'n teoreties suiwer model en word as sodanig baie selde in die praktyk aangetref. Die voorbeelde wat in die praktyk die naaste aan hierdie teoretiese toestand kom, is onder andere die Suid-Sotho van Lesotho en Swazi van Swaziland.

(2) Dié situasie waar etniese eenheid A 'n bepaalde gebied (staatsregtelik en as vaderland) met et=niese eenhede B, C en D deel sonder dat een van die betrokke eenhede oor noemenswaardige etniese voedings- of steunpunte van buite beskik. Madagas=kar is 'n voorbeeld in hierdie verband.

(3) Situasies waar 'n bepaalde etniese eenheid of 'n aantal etniese eenhede gesamentlik binne 'n be=trokke staatsverband en vaderland woon en oor relatiewe sterk etniese steunpunte van buite die gebied beskik. Ciprus is 'n voorbeeld in dié ka=tegorie.

(4) Situasies waarin 'n betrokke etniese eenheid in soveel verskillende staatsverbande versprei is dat die etniese korpus staatkundig heeltemal verdeel is. Só 'n toestand maak die pogings om etniese konsolidasie te bereik, bykans totaal onmoontlik. Die staatkundige verdeling van die Kurde is 'n ter saaklike voorbeeld.

In al hierdie situasies speel patriotisme 'n mindere of 'n meerdere rol. In situasie (1) is etniese en vaderlandsgrense samevallend en is die moontlikhede vir etniese konflik beperk. In al drie die ander situasies is botsende patriotismes latent teenwoordig. In situasie (2) kan botsende patriotismes vry van die invloed van verwante buiteliggende etniese eenhede wees. Situasie (3) bied egter al die teoretiese moontlikhede vir uiters skerp en botsende patriotismes wat van buite deur verwante moederetnieë aangeblaas kan word. Al sou die inwonende etniese eenhede nog tot 'n vergelyk kon kom, kan dit, as gevolg van die konflikterende intensioneles van die moederetnieë, vernietig word. Die vierde situasie skep die probleem dat een etniese korpus met 'n hele reeks ander etniese eenhede in botsing oor patriotisme en staatskepping verkeer. Die kanse op sukses, dit wil sê die bereiking van 'n eie staatsverband en die verkryging van etniese konsolidasie, is bykans nul. Die feit dat die Jode met die verkryging van 'n vaderland geslaag het, beteken nie _ipso facto_ dat die Kurde ook daarmee gaan slaag nie.

Uit die bostaande tipes situasies kan daar 'n hele reeks inter-etniese reaksies gebore word. Die moontli= ke reaksies wat hieronder genoem word, is nie bedoel om al die teoretiese en praktiese moontlikhede uit te put nie, maar om die aandag op 'n aantal reaksies te vestig. Een alternatief is dat etniese eenheid A sal poog om komponente A2 en A3, wat hulle buite die be= trokke staatsverband bevind, in 'n gesamentlike staatsverband in te sluit. Dié proses kan as etniese konsolidasie getipeer word. Dié oogmerk kan deur mid= del van die hertrekking van staatsgrense nagestreef word. Die tweede alternatief in dié verband bestaan daaruit dat òf etniese eenheid A òf etniese komponent A2 na die gebied van die ander komponent verhuis ten einde etniese konsolidasie tot stand te bring.

Etniese eenheid A, wonende binne die gebied saam met eenhede B, C en D (hetsy as ondergeskikte of as ge= lyke van B, C en D) kan op sy eie of met behulp van sy etniese verwante buite die gebied of met behulp van enige ander goedgesinde etniese eenheid, poog om staatkundige sesessie te bewerkstellig ten einde 'n onafhanklike en relatief etnies homogene volkstaat te skep. Hierdeur kan die staatsverbande waarin hul= le hulle vantevore bevind het, verbreek word. Sesessie vind egter nie sonder weerstand plaas nie. 'n Alterna= tief wat egter bloot gradueel van die bostaande alter= natief verskil, behels dat, as gevolg van die onmoont= likheid of onwenslikheid van sesessie, die betrokke etniese eenheid of deel daarvan kan poog om die inklu= siewe regionale grense van die nasieverband te versterk

deur bloot na lokale outonomie te streef.

Omdat daar enersyds 'n noue verband tussen etnos en vaderland bestaan en daar andersyds 'n hoë premie op die eenheid van die staat geplaas word, is enige po=ging wat op 'n groter mate van kongruensie tussen et=niese en territoriale grense gemik is, polities ge=laai en nie altyd maklik bereikbaar nie. In die af=deling wat oor sesessie handel sal dié dinamika ver=der toegelig word.

## 2.7 Historiese bewussyn en lotsgebondenheid

Vroeëre navorsers soos Shirokogoroff en Herder het van die bestaan van 'n etniese bewussyn melding ge=maak. Shirokogoroff het dit as die psigomentele kom=pleks en Herder (Francis, 1976:78) het dit as die Volksgeist beskryf. Tans bestaan daar min twyfel oor die belangrikheid van die etniese bewussyn in inter-etniese prosesse en dat die etniese bewussyn as be=slissende kriterium vir die bestaan van etnieë en hul=le onderskeiding van mekaar beskou word. Wallerstein (1973:168) beskryf die etniese bewussyn in breëre ver=band soos volg: "By ethnic consciousness I mean this sentiment, shared by a group of people who define their boundaries in cultural terms (a common lan=guage, religion, colour, history, style of life, and the like or a combination of these) that they must seek to assert or extend their rights in the political arena in order to defend possibilities

for their continued existence as a group and/or to maintain or improve their material conditions".

Hierdie definisie van Wallerstein plaas die klem baie duidelik op die subjektiewe element van die et= niese bewussyn. As gevolg van die subjektiewe ele= ment van die etniese bewussyn is inter-etniese reak= sies en die omvang daarvan onvoorspelbaar. Hierbene= wens is die etniese bewussyn vir die binding en een= heid van die etniese korpus verantwoordelik. "After all, nations, which grew through a common history, lasting a millenium or more, cannot be dissolved by verbal pyrotechniques"(Possony, 1975(a):51). Af= hangende van die aard en vorme van inter-etniese druk, sal die etniese bewussyn rondom bepaalde relevante foci, wat deur die etniese eenheid self bepaal sal word, kondenseer. Hoewel die etniese bewussyn by al= le etniese eenhede latent teenwoordig is, "... it is only realized when groups feel either threatened with a loss of previously acquired privileges or conversely feel that it is an opportune moment poli= tically to overcome long standing denial of privil= eges" (Wallerstein, 1973:168). Die herlewing van die etniese bewussyn ten tye van inter-etniese druk onderstreep hierdie stelling van Wallerstein. Die verandering van byvoorbeeld die relatiewe getalsterk= tes van etniese eenhede binne 'n bepaalde inter-etnie= se milieu kan van die etniese eenhede aanspoor om die geleentheid te baat te neem ten einde verlore politieke onafhanklikheid te herower. Só het die

verval van die Turkse ryk byvoorbeeld ook nie onge= merk by die onderhoriges verbygegaan nie.

Benewens die feit dat die etniese bewussyn (wat on= der andere die resultaat van 'n historiese vergroeid= heid is), op die voortbestaan van die etniese een= heid gemik is, is dit in die eerste plek op die be= staan van die etniese eenheid gefokus. Enige etnie= se eenheid bestaan in die mate "... that it is asser= ted to exist" gedurende enige gegewe tydstip "... by the group itself and by the larger social network of which it is part" (Wallerstein, 1973:168). In dié verband is die dinamika van die etniese bewussyn af= hanklik van die inter-etniese milieu en die prosesse wat hulle daarbinne voltrek. Die waarneembaarheid van die etniese bewussyn verhelder namate inter-et= niese druk toeneem. Afhangende van die omstandighede wat binne 'n inter-etniese milieu heers, kan 'n et= niese eenheid bloot latent van sy bestaan bewus wees. Veranderings binne die inter-etniese milieu, byvoor= beeld die verandering in getalsterktes en dus die drukvermoë van leidende etniese eenhede, gedwonge assimilasie, onderdrukking van die politieke aspira= sies van etniese eenhede, ens.,kan tot 'n herlewing van die etniese bewussyn lei.

Omdat 'n etniese eenheid oor talle generasies strek en omdat 'n gemeenskaplike lotsverbondenheid bindend ten opsigte van die ontstaan en groei van 'n etniese eenheid inwerk, kan die historisiteit van die etnie= se bewussyn nie buite rekening gelaat word nie.

Van der Plank, (1975:15), Bell & Freeman (1974:13), Possony (1975(a):51) en Bromlei (1974:65) beklemtoon die belang van die geskiedenis van 'n etniese eenheid vir die bestaan en voortbestaan van so 'n eenheid. Van der Plank (1975:15) is baie uitgesproke as hy verklaar dat navorsers van inter-etniese verhoudinge "... should study history first". Bell & Freeman (1974:13) stel dit dat die feite oor die oorsprong van 'n etniese eenheid, oor belangrike historiese ge=beure, oor die geloof in 'n gemeenskaplike afkoms en herkoms, oor gemeenskaplike historiese lotsverbonden=hede, baie ten opsigte van die kontemporêre posisie van die etniese eenheid verklaar. Volgens Possony (1975(a):51) is die etniese eenheid nie 'n eendag=blom nie, maar word transgeneratief (biologies en sosiologies-histories) voortgesit. Daarom dra dit 'n bepaalde historiese lading. Vir Bromlei (1974:65) bestaan die etniese bewussyn deels uit die geloof in 'n gemeenskaplike herkoms (werklik of fiktief of bei=de) en uit 'n "... common historical fate shared by the members of the ethnos and their ancestors through=out their existence". Die blote feit dat etniese een=hede oor monumente (sigbaar en onsigbaar) beskik en dat die geskiedenis van die eenheid (soos deur hom=self geïnterpreteer) van geslag tot geslag oorge=dra word, dui reeds daarop dat die historiese bewus=syn een van die hoekstene van die etniese bewussyn is.

Die werklike en objektiewe feite oor die geskiedenis van 'n etniese eenheid is gewoonlik van minder belang as dit wat die etniese eenheid graag in sy geskiede=

nis wil inlees. "History may be called the memory of a people, but it is sociologically irrelevant whether a historical account is based on fact or myth, as long as it is believed and influences be= haviour" (Francis, 1976:123). Malinowski, soos aan= gehaal deur Goody (1968:461), wys op die botsende interpretasies van dieselfde stuk geskiedenis. Die genealogieë van die Swart stamme in Suid-Afrika be= vat ook mitiese skakels en vermoedelike voorvaders waarvan die groepe sou afstam. Die Baske wie se ge= biede histories nooit duidelik afgebaken was nie, maak vandag op besliste afgebakende historiese Bas= kiese gebiede aanspraak (Blasco, 1974:366).

Benewens die mitiese genealogiese skakels met die verlede, lewer die interpretasie van die geskiedenis interessante voorbeelde op. Simbole wat byvoorbeeld in die verlede gebruik is om die agterlikheid of gedegradeerdheid van etniese eenhede te beklemtoon, kan so geplooi word dat dit juis die grootsheid en trots van daardie eenheid beklemtoon. Die Rehoboth= basters weier bv. om as Kleurlinge bekend te staan en handhaaf die naam Rehobothbasters as 'n erenaam. Nieteenstaande die feit dat Stalin verskeie beloftes teenoor die Mongole verbreek en eventueel die Mongo= le polities oorheers het, het die Mongole daarop aangedring dat die standbeeld van die gehate Stalin in Ulanbator bly staan "... as a reminder of the past and to show Mongolia to be an independent country outside Russian rule" (Jagchid, 1973:56). In dié op=

sig is dit dus ook nie verrassend dat die Russe, ten einde die etniese eenhede in die U.S.S.R. te as=similleer, 'n aanslag op die historiografie van die groepe gemaak het nie. Deur middel van die herskry=wing van die etniese geskiedenisse is gepoog om 'n totaal ander verlede daar te stel en dit in terme van die Leninistiese klassestryd te interpreteer (Teresa Rakowska-Harmstone, 1976:154-161).

Die historiese bewussyn is dus 'n baie belangrike komponent van die etniese bewussyn en van etniese identiteit.

HOOFSTUK 3

# DIE ETNOS IN SY INTER-ETNIESE MILIEU

## 1.0 Inleiding

In die vorige hoofstuk is aandag aan 'n aantal "sta= tiese" kenmerke van etniese eenhede verleen. In daardie hoofstuk was dit nie in alle gevalle moont= lik om die "statiese" kenmerke van die dinamiese kenmerke los te maak nie. Dit is egter die doel van hierdie hoofstuk om eerstens meer aandag aan enkele dinamiese fasette van etniese eenhede binne die inter-etniese milieu te verleen. Ten einde die eer= ste doelstelling te bereik, was dit nodig dat twee verbandhoudende fasette beklemtoon word, naamlik die druk wat binne inter-etniese sisteme uitgeoefen kan word en die reaksies van etniese eenhede op hierdie druk. Hierdie benadering is gevolg omdat skrywer van die standpunt uitgaan dat etniese eenhede hulle= self (noodwendig) binne inter-etniese sisteme bevind waarin druk uitgeoefen word en waarop etniese een= hede noodwendig reageer.

Die aantal drukfaktore wat binne so 'n sisteem kan bestaan, is legio. Vir die doeleindes van die hoof= stuk word slegs enkele faktore wat met die selfhand= hawingstrewes van etniese eenhede verband hou, be= handel.

Die tweede oogmerk van die hoofstuk is om die "sta=

tiese" kenmerke wat in hoofstuk twee bespreek is, binne en teen die agtergrond van die dinamiese in=ter-etniese sisteem, te vertolk. Hierdeur word ge=poog om aan te toon dat etniese eenhede op sekere aspekte fokus wanneer hulle onder druk geplaas word.

Die derde en laaste oogmerk van die hoofstuk is om enkele vorme van selfhandhawingstrewes van nader te belig. Ten einde dié doel te bereik, word die verband tussen die selfhandhawingstrewes van etniese eenhede en die belange van staatsinstellings aangetoon. Dit word met die bespreking van sesessie en irredentisme, twee van die neteligste vorme van selfhandhawing, opgevolg. In die laaste instansie word gepoog om enkele opmerkings oor die kriteria, wat vir die han=tering van etniese aspirasies geld, te maak.

## 2.0 Inter-etniese druk en -reaksies

### 2.1 Omvolking (assimilasie)

Die akkulturasie, integrasie en assimilasie (omvol=king) van etniese eenhede is integrale prosesse van inter-etniese wisselwerking. Hierdie prosesse is so oud soos inter-etniese kontak self en vind oor 'n lang termyn plaas. As twee etniese eenhede assimi=leer, impliseer dit noodwendig dat een van die een=hede of beide 'n vervaging van sy eie etniese bewus=syn ondergaan ten gunste van die nuwe etniese bewus=syn wat ontstaan of waarin een van die twee vergroei.

Die assimilasie van etniese eenhede hef egter nie
die universele etniese diversiteit op nie (Possony,
1975(a):55 en Mühlmann, 1964:169).

Integrasie, akkulturasie en assimilasie kan as ver=
skillende stadia van die assimilasieproses gesien
word. Integrasie kan met akkulturasie gepaard gaan,
maar alle vorme van akkulturasie beteken nog nie as=
similasie nie. Akkulturasie is egter die voorstap
tot assimilasie. Wanneer bostaande opmerkings teen
die agtergrond dat hierdie prosesse langtermynpro=
sesse is, gesien word, dan moet daar teen oorhaastige
gevolgtrekkings gewaak word.

Die wyses waarop assimilasie bereik kan word, is van
groot belang. Beide Mühlmann (1964:170) en Possony
(1976:3) gebruik die begrip omvolking en toon aan
dat dit langs twee weë bereik kan word, naamlik:
deur middel van planmatige en gemanipuleerde optre=
des, en deur middel van 'n spontane proses wat as ge=
volg van omstandighede in die inter-etniese milieu
bevorder word. Die onderskeid tussen gedwonge en na=
tuurlike assimilasie is van groot belang aangesien
die praktyk bewys dat gedwonge assimilasiepogings
gewoonlik presies die teenoorgestelde resultaat be=
reik as waarvoor beplan is (Lijphart, 1977:49). Assi=
milasie kan egter ook op gedwonge wyse bereik word,
maar die prys wat daarvoor betaal word in terme van
menselewens, gebrek aan vryheid van assosiasie, ont=
wrigting op sosiale terrein, ensovoorts, is baie
hoog.

Die feit dat taal, religie, algemene kultuur en die historiese bewussyn basiese boustene van die etniese bewussyn is, veroorsaak dat juis hierdie kernfaktore as die invalspoort vir gedwonge assimilasie aange= gryp word. Die Franse koloniale regerings in Afrika het baie swaar op die oordrag van die Franse taal en algemene kultuur geleun; die Moslemregering in die Soedan het die Islam as invalspoort ten opsigte van die assimilasie van die Negersuide gebruik (Prins, 1973:11); die assimilasiepogings ten opsigte van die Ruthene het religie en onderwys gekombineer (Renner, 1976:28-29), en die Russiese regering in die U.S.S.R. maak van taal, religie, historiese en algemene kulturele tegnieke gebruik om die fissie- en fusieprosesse te manipuleer (Procyck, 1973:125; Possony, 1976:16; Hunt & Walker, 1974:59-60).

Die omstandighede waaronder assimilasie as teleolo= giese proses aangepak kan word en die omstandighede waaronder dit 'n natuurlike verloop kan neem, is uiters moeilik bepaalbaar. Wat wel deeglik bekend is, is die benadering en praktyk om gedwonge assi= milasie van 'n verskeidenheid etniese eenhede (binne 'n gegewe staatsverband) as 'n "oplossing" vir die probleem van inter-etniese kompetisie en konflik te interpreteer. Dwang sou dan bydra tot die skepping van nasionale eenheid in state waar daar nog nooit eenheid was nie (Lijphart, 1977:47-54). Die probleem met bostaande benadering is dat dit in die eerste plek assimilasie meganies wil manipuleer en tweedens

dat nasionale eenheid met nasionale eendersheid verwar word. Voorbeelde in dié verband is legio. Sedert die insluiting van Provence by Frankryk in 1841 is nasionale eenheid deur middel van die afdwinging van Frans as taal nagestreef. Hierdie benadering is tans ook in volle swang in die USSR (Renner, 1976:28-29), terwyl dit ook nie aan Spanje (tydens die Kastillianiseringsbeleid) onbekend was nie (Connor, 1976:118).

Gedwonge assimilasie kan egter ook deur middel van die manipulering van getalle en die geografiese verspreiding van etniese eenhede bevorder word. Die Krimtartare is byvoorbeeld na die verowering van die Krim, deur middel van georganiseerde hongersnode, fisies uitgedun. Hierbenewens het willekeurige moorde hulle getalle verder verswak, terwyl die gedwonge verhuising van die Krimtartare veroorsaak het dat nog etlike duisende gesterf het. Gewonge kollektivisering het 'n verdere tol geëis terwyl die "ongewenste" elemente onder die Krimtartare "gelikwideer" is (Teresa Rakowska-Harmstone, 1976:152). Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het die Duitsers byvoorbeeld gepoog om alle spore van die Tjegge deur middel van gedwonge assimilasie, verskuiwing van die Tjegge en die vernietiging van Tjeggiese geskrifte, uit te wis (Renner, 1976:26; Zacek, 1971:197-198). Die her-Slowakiseringsbeleid wat byvoorbeeld ten opsigte van die Hongare in Tjeggoslowakye gevolg is, het beteken dat die Hongare op verspreide basis in die gebied geves-

tig is (Renner, 1976:27). Die USSR-regering het van dieselfde tegniek gebruik gemaak ten einde die inter-etniese milieu só te verander dat endogamie met eksogamie vervang kon word (Possony, 1976:67-86). Hierbenewens is die etno-historie van verskeie et= niese eenhede in die Sovietunie sodanig herskrywe dat die historiese grootsheid van dié eenhede totaal verlê en die Russiese oogmerke van assimilasie daar= deur bevorder is (Teresa Rakowska-Harmstone, 1976: 160-161).

Die mees algemene reaksie ten opsigte van gedwonge assimilasie is dié van verset. Dit is bekend dat pogings tot Russifisering aanleiding tot die herle= wing van etniese bewussyne gegee het. Die herontwa= king van nasionalismes vorm tans dié interne probleem van die USSR. Selfs in die geval van die Franse assimilasiebeleid in Afrika is daar tans 'n soeke na die inheemse waardes wat deur Frans op die agter= grond geskuif is. Die klem wat byvoorbeeld op die Afrika-eie geplaas word, is 'n reaksie teen die as= similasiebeleid van Frankryk. Von der Ropp wys daar= op dat die Franse assimilasiebeleid sedert die ses= tigerjare in Afrika as "kulturele selfmoord" beskou is (1974:63-67). Die volgehoue verset van die Mon= gole teen pogings om hulle etniese identiteit te ver= nietig, is sprekend van hierdie verskynsel (Jagchid, 1973:43-45; Possony, 1976;5).

Barany (1971:264-266) wys daarop dat gedwonge assi=

milasie op etniese meerderwaardigheidsbeskouings gegrond kan wees. Benewens die voorbeeld van die Franse assimilasiebeleid in Afrika, is die pogings van die Hongare in die opsig ook ter sprake. Hoewel die Hongare in hewige verset teen verDuitsing gekom het, was hulle die eerstes om 'n soortgelyke proses ten opsigte van die ander etniese eenhede in Hongarye van stapel te stuur - pas nadat die Hongare hulle eie vryheid verkry het. Die Hongare het van die standpunt uitgegaan dat hulle kultuur meerderwaardig was aan dié van die ander etniese eenhede in Hongarye (Barany, 1971:264-266).

Assimilasie bly 'n proses wat van die wederkerige bereidwilligheid om te assimileer en geassimileer te word, afhanklik is. As gevolg van hierdie kwaliteit van die proses, is vele pogings tot gedwonge assimilasie tot mislukking gedoem. Hierbenewens is dit 'n langtermynproses. Possony (1976:7) beklemtoon dié punt as hy na die Keltiese stamme in Europa verwys. Sedert 700 vC was die Kelte baie goed in Gallië gevestig en het hulle met die inheemse groepe vermeng. Die Kelte het egter eventueel geromaniseer geraak sodat die Galliese taal sedert die 5de eeu vC begin uitsterf het. Cornies en Manx as tale het respektiewelik eers teen die 19de en die 20ste eeu begin uitsterf. Tog wil dit voorkom, volgens Possony, asof daar tans tekens is wat op 'n herlewing van die ou Keltiese groepe dui.

'n Laaste punt wat t.o.v. assimilasie van belang is, is die van onvolledige assimilasie. Voorbeelde in dié verband is talryk. Slegs tien persent van die bevolking van Bretagne praat Bretons, terwyl die oor=grote meerderheid hulleself as Bretonners beskou (Beer, 1976:88). Die Baske in Frankryk is hoofsaaklik Franssprekend, maar 'n groot persentasie beskou hulle=self steeds as Baske (Connor, 1976:118; Da Silva, 1977:111 en Blasco, 1974:112). Kultureel gesproke is die Vietnamese eintlik Sjinese. Hulle beskou hul=le egter nie as Sjinese nie maar wel as Vietnamese. Die oorsese Sjinese op die Filippynse eilande wat aanvanklik bereid was om geassimileer te word, het as gevolg van Filippynse diskriminasie, weer klem op hulle Sjinese identiteit geplaas (Prins, 1970:5-6).

Wat die Ndebele betref moet in die verband op twee sake gewys word. Die eerste behels die feit dat dit lyk asof 'n aansienlike deel van die Noord-Ndebele=stamme kultureel reeds verSotho het. Wat die Huaduba betref, is die proses blykbaar bykans volledig vol=trek. Soos in die geval van die Bretonners kan die spreektaal van die Noord-Ndebele blykbaar nie meer as maatstaf van hulle etnisiteit geneem word nie. Die tweede saak wat van belang is, is dat die geo=grafiese verstrooiing van die Ndzundza by verre na nie tot dieselfde graad van assimilasie met ander etniese eenhede gelei het as wat dit die geval met die Noord-Ndebele was nie. Dit wil eerder voorkom asof die verstrooiing van die Ndzundza en die ge=vaar van eventuele akkulturasie en assimilasie tot

'n herontwaking van die nasionale bewussyn gelei het.

## 2.2 Inter-etniese kompetisie en konflik oor bronne

Foltz (1974:105) en andere wys daarop dat etnisiteit baie meer as net 'n abstraksie is wanneer etniese eenhede in kompetisie met mekaar verkeer. Etnisiteit verleen 'n bepaalde dimensie aan konflik en kompeti= sie. In dié verband verklaar Kitromilides & Couloumbis (1976:174) dat inter-etniese kompetisie gewoonlik oor 'n lang tydperk kan voortduur en sentimente oproep waarby die mees kragtige en emosionele verhoudings van die individu betrokke is. Gordon (1975:101-102) verklaar in dieselfde trant dat inter-etniese kompe= tisie en konflik die neiging tot eskalasie vertoon sodra dit as 'n aanval op die voortbestaan van die etniese eenheid gedefinieer word.

In aansluiting by die bostaande opmerkings, moet dus met die feit dat etniese eenhede <u>as groepe</u> sekere belange nastreef, rekening gehou word. Hierdie ver= skynsel staan in skerp kontras met die benadering in die staatswetenskappe wat geneig is om hierdie feit ten gunste van 'n individualistiese kompetisie te wil negeer. Die rede vir die nastrewing van be= lange deur 'n etniese eenheid as sodanig, is dat po= litieke beheer en gesag die nodige middele bied om bepaalde bronne vir die etniese eenheid as sodanig te bekom en selfs te verskans. Hierdeur word gepoog om bestaansekuriteit aan die lede van die etniese

eenheid te bied. "Since their (etniese eenhede) de=sires cannot always be satisfied, material impossi=bilities tend to be interpreted as national injustices and discriminations" (Possony, 1975(a):62). Hierdie opmerking van Possony plaas die klem op die relatiewe posisie van 'n etniese eenheid binne 'n gegewe inter-etniese sisteem. As gevolg van die vergelykings wat etniese eenhede tref en die gevolglike gevoel van relatiewe ontneming wat ervaar word, is etniese een=hede bykans per definisie kompeterende eenhede (Skin=ner, 1975:131).

Relatiewe ontneming beteken dat etniese eenhede hulle eie posisie met dié van ander etniese eenhede in die gegewe inter-etniese milieu vergelyk. Dié vergely=kings word ten opsigte van 'n spektrum van aange=leenthede gedoen. Die ongelykhede wat dusdoende waargeneem word, word baie maklik as die skuld van andere geïnterpreteer. Dit beteken dat 'n objektie=we evaluering van die vergelyking gewoonlik afwesig is. Die ekonomiese voorspoed van byvoorbeeld A word as die oorsaak vir die armoede van B beskou, terwyl die armoede van B goedskiks sy eie skuld kan wees - soos in die Filippynse eilande of in Indonesië. As gevolg van hierdie benadering kan relatiewe gelyke ekonomiese ontwikkeling en ekonomiese geleenthede as "ongelyk" geïnterpreteer word. Hierdie verskyn=sel word universeel aangetref (Alers, 1973:62; Van der Kroef, 1975:21-22; Molnar, 1970:43).

Benewens die interpretasie van relatief gelyke eko=

nomiese ontwikkeling as synde "ongelyk", kan die ongelyke distribusie van gegewe materiële bronne meebring dat etniese eenhede op byvoorbeeld ekono= miese terrein, werklik ongelyk ontwikkel - al sou ander elemente gelyk wees. Dié etniese eenheid wat weens historiese omstandighede 'n beter bedeelde om= gewing bewoon, het 'n goeie geleentheid om as 'n lei= dende etniese eenheid na vore te tree. Joegoslawië is 'n voorbeeld wat in die verband ter sprake is. Omdat die noordelike streke fisies beter bedeeld is, is geld in dié gebiede belê want dit sou die vinnig= ste dividende gee. Hierbenewens was die bewoners van die noordelike streke egter ook baie meer onderne= mend as dié van die suide. Die resultaat van dié toe= drag van sake was dat die twee hoofstede, simbole van die Serwe en die Kroate, ekonomies ongelyk ontwikkel het. Die Suide het dan ook nie nagelaat om die Noor= de te beskuldig van 'n gebrek aan belangstelling in die ontwikkeling van die Suide nie (Hunt & Walker, 1973:382). Juis dit het aanleiding tot ernstige me= ningsverskil en 'n gebrek aan nasionale eenheid in die staat gegee. In België is dit tans die Wale wat daarop aandring dat die meer welvarende Vlaminge meer geld in hulle streke moet belê. Die Vlaminge se benadering tot die probleem is egter dat die Wale hulle geleentheid op ekonomiese voorspoed in die vorige eeu gehad het en dat dit nou die Vlaminge se beurt is (Hunt & Walker, 1974:29-31; Anon, 1977(b): 10-11).

Dit is verder ook redelik algemeen bekend dat seke=

re etniese eenhede bepaalde bronne in 'n inter-et= niese milieu monopoliseer. In sulke situasies kan lede van die ander etniese eenhede alleen toegang tot daardie bronne verkry indien daar aan bepaalde kriteria voldoen is. In die geval van die Franse beleidsrigtings in Afrika, kon alleen diegene wat Frans kon praat en skryf en militêre diensplig ge= doen het, politieke en ander regte en voorregte ver= kry. Dieselfde het in die Portugese kolonies in Afrika gegeld. In Suid-Afrika kon geen Nie-Blanke dieselfde loon as 'n Blanke verkry nie tensy hy/sy daarin kon slaag om as 'n Blanke geregistreer te word nie. As gevolg van die rassies gefundeerde dif= ferensiasie, het die spreuk: "Try for White" op 'n stadium onder die Kleurlinge bestaan. In die geval van Rwanda het die regerende Tutsi die bees gemono= poliseer. Die enigste wyse waarop die meerderheid onderhorige Hutu deel aan hierdie lewensbron kon be= kom, was om as 'n slaaf van die Tutsi te werk (Van= sina, 1962:38-40). Dit is nie nodig om op die impli= kasies van hierdie situasies te wys nie. Wat Rwanda betref, is dit voldoende om aan te toon dat die his= toriese ongelyke posisie tussen die Tutsi en die Hutu tot meer as een gewelddadige uitbarsting aan= leiding gegee het.

Die blote feit dat sekere etniese eenhede streke be= woon wat oor belangrike bronne beskik, kan juis die oorsaak vir die onderdrukking van politieke aspira= sies wees. Die Kurde wat van die belangrikste olie= velde van Irak bewoon, is in wese 'n slagoffer van

dié olierykdomme. Die verlening van politieke outo= nomie aan die Kurde ('n ideaal waarvoor hulle reeds baie jare veg), sou die verlies van dié lewensbelang= rike bron vir die sentrale gesag beteken (Benjamin, 1977:80-92). Die ontdekking van olie in die Noordsee het, soos in die geval van die ekonomiese bronne in die Navajogebied, direk aanleiding tot aansprake op groter outonomie deur en vir die Skotte gegee (Mary Shepherdson, 1977:231-244; Said & Simmons, 1976:43 en Corrado, 1977:176-177). Die motief vir die verkryging van groter politieke outonomie is die nasionalisering van of ten minste 'n groter aan= deel in sulke bronne. Die Noordsee-olie staan daarom ook nie om dowe neute as "Skotse olie" bekend nie. Hierdie toedrag van sake kan daartoe aanleiding gee dat indien die leidende etniese eenheid of die staatsverband in geheel nie aan hierdie eise om po= litieke outonomie gehoor wil gee nie, sesessie ge= pleeg word - soos in die geval van Katanga (Shaba). Melson & Wolpe (1970:1119) merk dus tereg op dat etniese konflik, hetsy a.g.v. ekonomiese of ander redes, die grense van die "nation-state" kan bedreig. In dieselfde asem kan verklaar word dat dit die be= staande verhoudinge in enige inter-etniese milieu ernstig kan versteur.

Differensiële grade van sosiale mobilisering tussen verskillende etniese eenhede binne 'n gegewe inter-etniese milieu, kan ook inter-etniese konflik aan= blaas en laat toeneem. Die ongelykhede wat op die

vlakke van onderwys, inkomste, status, toegang en benutting van bronne, politieke verteenwoordiging, ensovoorts ervaar word, dwing groepe tot pogings om dit met gewelddadige metodes binne 'n relatief kort tydsbestek te elimineer en met 'n gelykheidsbedeling te vervang. Die eis wat tans in Suid-Afrika gehoor word, nl. dat welvaart op gelyke basis gedistribueer moet word, is tekenend van die benadering wat ge=volg word. Andersyds wil dit voorkom asof die skep=ping van gelykheid binne 'n histories-ongelyke in=ter-etniese milieu, konflik aanwakker. Die opkomen=de ekonomiese krag van die Ibo is as 'n bedreiging vir die historiese bevoorregte posisie van die Hausa Fulani ervaar. Die gevolg was dat die Ibo eventueel polities onderdruk is (Melson & Wolpe, 1970:1114-1117). Insgelyks het die verlening van formele ge=lykheid aan die Kroate in Joegoslawië, skerp reak=sies by die Serwe ontlok (Rubinstein, 1973:34).

Ekonomiese welvaart binne die streek wat deur 'n be=paalde etniese eenheid bewoon word, is ook nie nood=wendig 'n ongemengde seën nie. Ekonomiese welvaart en groei bring mee dat lede van ander etniese eenhede na sulke streke verhuis om 'n lewenstog daar te ver=dien. Bloot demografies besien, kan die eindresul=taat wees dat die inheemse etniese groep eventueel 'n numeriese (en moontlik ook 'n sosiologiese) min=derheid in sy eie gebied word. So 'n toedrag van sake het verdere politieke implikasies. Hoewel daar nie ten tye van ekonomiese groei ernstige probleme

ten opsigte van die benutting van en die toegang tot bronne hoef te bestaan nie, kan konflik egter na ander terreine verplaas word, naamlik na die ter= rein van politieke regte en besluitneming. Die Baske bevind hulle tans in sō 'n situasie. Die feitlike omstandighede is sodanig dat die Baske nie daarin sal kan slaag om 'n homogene Baskiese streek te ver= wesenlik nie - tensy dat die duisende lede van ander etniese eenhede fisies uit dié gebied verwyder word. Die permanente teenwoordigheid van die Swartman in wat genoem word Blanke ekonomiese sentra van die RSA en die politieke vraagstukke wat dit skep, illustreer die stelling. Die Uitlandervraagstuk en die aan= drang op politieke regte ten tye van die president= skap van Paul Kruger, val binne dieselfde kategorie.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat inter-etniese kompetisie en konflik oor bronne 'n uiters ingewik= keld en sensitiewe aangeleentheid is.

Wat die Ndebele betref, kan op die volgende fasette gewys word. Die besef wat daar by die Ndzundzaleiers gekom het ten opsigte van hulle relatiewe ongelyke posisie op konstitusionele vlak in vergelyking met die ander etniese groepe van die RSA, was 'n belang= rike spoorslag vir die nasionale ontwaking wat plaasgevind het. Die argument is dan ook geopper dat die Ndebele oor hulle eie bronne wil beskik en hulle eie ontwikkeling wil onderneem - waarmee hul= le inderdaad reeds gevorder het. Hierbenewens moet

die aandag op die ondernemingsgees van die Ndzundza in die besonder gevestig word. Dit was juis die oor=saak waarom van die ander Ndebelestamme weer 'n ge=voel van relatiewe ontneming ervaar het en die "skuld" vir dié toedrag van sake op die regering van die RSA geplaas het.

## 2.3 Die grootte van etniese eenhede

Op enkele uitsonderings na het weinig skrywers hulle direk aan die teoretiese aspekte van die grootte van etniese eenhede gewaag. In die meeste gevalle is die getallevraagstuk bloot empiries aangeraak of geïgno=reer. Navorsers soos Shirokogoroff, Mühlmann, Barth, Barron en Hunt & Walker het egter wel bydraes gele=wer.

Uit die onderstaande sal dit blyk dat die grootte van etniese groepe van direkte belang in die inter-et=niese milieu is. Dit is vir beide inter-etniese druk en inter-etniese reaksies verantwoordelik.

'n Onderskeid word tussen die absolute en die rela=tiewe grootte van etniese eenhede gemaak. Die abso=lute grootte van 'n etniese eenheid verwys bloot na die numeriese sterkte van die bepaalde groep sonder dat dit in verhouding tot die ander etniese eenhede in die inter-etniese milieu gebring word. Die rela=tiewe grootte van etniese eenhede verwys na hierdie laaste faset, naamlik wat die numeriese grootte van

'n bepaalde groep ten opsigte van die ander etniese eenhede in die inter-etniese milieu is.

Die absolute grootte van etniese eenhede is nie so belangrik soos die relatiewe grootte nie. Hoewel die absolute grootte wel van belang is, kan die belang van 'n etniese eenheid binne 'n inter-etniese sisteem nie sonder meer uit sy absolute grootte afgelei word nie (Hunt & Walker, 1974:205). Barron (1967:3) wys daarop dat ander faktore soos wapentuig, militêre vermoë, politieke organisasie, leierskap, organisa= toriese vaardighede, beskikbaarheid en benutting van bronne en die graad van geletterdheid, 'n numeriese minderheid tot 'n sosiologiese meerderheid kan maak. 'n Etniese eenheid wat as 'n sosiologiese meerderheid figureer, is in der waarheid 'n leidende etniese een= heid. (Daar word op 'n later stadium meer aandag aan die leidende etniese eenheid verleen.) Dit is egter voldoende om daarop te wys dat die numeriese minder= heid Sjinese in Maleisië en die Filippynse eilande; die Blankes in Rhodesië en Suidwes-Afrika en die Swede in Finland sodanige posisies beklee of beklee het (Aschinsky, 1976:16-21; Hunt & Walker, 1974:104 en Jutikkala, 1976:57-62).

Soos aangetoon, verwys die relatiewe posisie van 'n etniese eenheid onder andere na sy getalsterkte in verhouding tot die ander etniese eenhede wat in 'n gegewe inter-etniese milieu aan te tref is. Die rela= tiewe posisie van 'n etniese eenheid kan egter ver= ander sonder dat die getalle van die eie groep dras=

tiese veranderings ondergaan. Die toestroming van etnies vreemdes na die gebied van A kan veroorsaak dat A homself as 'n minderheid in sy eie gebied be= vind. Dit hoef egter nie noodwendig te beteken dat A ook 'n sosiologiese minderheid sal word nie. Wat wel kan gebeur is dat A onder politieke druk geplaas word vanweë die feit dat die etnies-vreemdes 'n be= herende aandeel in die gesagsliggame van die gebied verkry. Sulke veranderings skep ernstige stabiliteits= vraagstukke vir die gegewe staatsverband waarin die etniese eenhede hulle bevind. Sodanige veranderings ontwrig die relatiewe getallebalans wat in die gege= we milieu bestaan het. Die reaksie van die Baske en die Mongole, wat beide minderhede in hulle eie ge= biede geword het, was om die voormalige toestand te herstel. In beide gevalle het hierdie veranderings 'n herlewing van die etniese bewussyn tot gevolg ge= had (Da Silva, 1977:111).

Dit is 'n bekende feit dat staatsgrense meer as een etniese eenheid staatkundig verdeel het. Die gevolg is dat 'n gegewe komponent van so 'n etniese een= heid as 'n minderheid binne 'n betrokke staatsver= band bestaan, terwyl die absolute getalsterkte van die etniese eenheid (soos versprei in verskeie staats= verbande) heel aansienlik mag wees. 'n Etniese een= heid wat op so 'n wyse staatkundig verdeel geraak het, kan hoogstens 'n meerderheid binne 'n streeks= verband vorm maar ten opsigte van die nasionale ver= band redelik stemloos wees. Die Kurde bevind hulle

tans in so 'n posisie (Benjamin, 1977:70-85). Die Franse Kanadese is wel nie in meer as een staatsver= band aan te tref nie, maar hulle vorm slegs in die Quebecprovinsie 'n getallemeerderheid. Ten opsigte van die nasionale verband is die Franse Kanadese eg= ter 'n minderheid (Morf, 1976:78-79).

Die absolute en relatiewe grootte van etniese eenhe= de is van kardinale belang wanneer daar na 'n stel= sel gesoek word om 'n multi-etniese bevolking binne 'n gegewe staatsverband polities te verteenwoordig. Die problematiek van getalle lei dus direk tot die problematiek van politieke akkommodasie. Die West= minsterdemokrasie, soos in Brittanje en ander state van krag, gee voorrang aan die absolute grootte van etniese eenhede. Die toepassing van hierdie benade= ring het die regerende Tutsi in Rwanda eenvoudig uit die kussings gelig en met die voormalige slawe, die Hutu, vervang. Omdat hierdie demokratiese waarde nie 'n algemeen-aanvaarde politieke waarde in Rwanda was nie, was die Tutsi ook nie geneë om hulle nuwe rol te aanvaar nie. Die eksperiment wat die Britte in Oos-Afrika gevolg het, is oorbekend. In dié geval is met gebalanseerde en gelyke verteenwoordiging van groe= pe geëksperimenteer. Gebalanseerde verteenwoordiging skep egter 'n reaksie by die getalsterkeres omdat hulle van mening is dat die numeriese minderhede bui= te verhouding tot hulle getalle verteenwoordig word (Hughes, 1969:91-110). Andersyds is die leidende maar numeriese minderhede nie bereid om hulle leiden= de posisie bloot op grond van hulle getalleminderheid

te laat vaar nie. Daar bestaan dus geen eenstemmig=heid by etniese eenhede t.o.v. politieke verteen=woordiging m.b.t. getalle nie.

Indien getalle 'n etniese eenheid bevoordeel, is die normale reaksie dat daar op konsekwente meerderheids=regering aangedring word. Indien die getalsterkte van 'n etniese eenheid nie in sy guns tel nie, is die benadering dat gelyke groepsverteenwoordiging gevolg moet word. Dusdoende word gehoop dat daar eerder klem op die bestaan van groepe as die getal=sterkte van die groepe, geplaas sal word. Binne 'n relatief etnies-homogene verband bied die politieke verteenwoordiging van groepe nie 'n ernstige probleem nie. Dit is veral in multi-etniese verbande wat, be=newens die diversiteit van etniese eenhede, ook nog deur relatiewe beskawingspeilverskille gekenmerk word, dat die maatstaf vir politieke verteenwoordi=ging 'n dilemma bly. Hierdie probleem is tans nêrens duideliker as in Suider-Afrika nie.

Bogenoemde probleem is egter nie 'n nuwe vraagstuk nie. Dieselfde vraagstuk het die Oostenrykse-Hon=gaarse ryk hoofbrekens besorg. Kemal Ataturk het skepties teenoor alle etniese minderhede gestaan (Hunt & Walker, 1974:248-249); in 1960 het die be=ginsel van proporsionele verteenwoordiging nie in die smaak van die Turkse numeriese minderheid op Ciprus geval nie, terwyl Libanon in 1927 redelik suksesvol met die implementering van proporsionele

verteenwoordiging was (Possony, 1973:10-14). Onder= tussen het die situasie in Libanon ook drasties ver= ander.

In die 19de eeu het Oostenryk-Hongarye die beleid ge= volg dat elke etniese eenheid as 'n "meerderheid in sy eie streek" gesien moet word. Op hierdie basis is politieke regte en -verteenwoordiging aan etniese een= hede verleen. Hoewel so 'n stelsel op streeksvlak relatief goed werk, skep dit weer probleme ten op= sigte van verteenwoordiging op nasionale vlak. Stavrou (1976:140-143) wys gevolglik daarop dat die stryd oor die wese van politieke verteenwoordiging van etniese eenhede maklik in 'n "war of statistics" kan ontaard - soos in die geval van Joegoslawië. Dieselfde het in Nigerië plaasgevind (Francis, 1976:323).

Die pogings van etniese eenhede om meerderhede in hulle eie gebiede te wees, is nêrens duideliker geïllustreer as in die geval van die Slowake wat as gevolg van die intrekkende Hongare, 'n minder= heid in hulle gebied geword het nie. Hulle het dié probleem opgelos deur eenvoudig na etnies homogene Slowaakse streke te verhuis. In 1968 was daar bykans geen Slowaak meer in die gebiede wat vantevore deur hulle bewoon is nie (Renner, 1976:34).

'n Etniese eenheid wat kunsmatig deur staatsgrense verdeel word, is oënskynlik in 'n beter geleentheid

om iets van die etniese eenheidsbewussyn te beleef as 'n etniese eenheid wat totaal verstrooi is. Dit is 'n bekende tegniek om etniese eenhede opsetlik oor 'n relatief groot geografiese oppervlakte te verstrooi ten einde 'n beplande assimilasieproses te vergemaklik. Die grondliggende teorie van dié benadering is die verbreking van die etniese kor=pus. Insgelyks moet dus ook aanvaar word dat die verstrooiing van 'n etniese eenheid veroorsaak dat die lede hulle bykans permanent in 'n minderheids=posisie bevind. Dit moet dus uiteraard ook veel moeiliker wees om etniese eenheid vanuit so 'n si=tuasie te konsolideer. Na aanleiding van die Joodse geskiedenis wil dit egter voorkom asof die ver=strooiing van 'n etniese eenheid wel oorkom kan word indien daar iewers 'n relatief belangrike kon=sentrasie van etniese verwante teenwoordig is wat as 'n etniese "korpus" kan opereer. Die Jode in die VSA het as 'n uiters belangrike stukrag vir die hergroepering van die internasionale Jodedom gedien (Nachmias & Rockaway, 1977:36-69). Dit is egter 'n ander vraag of 'n etniese eenheid wat in totale verstrooiing verkeer en sonder dat 'n etniese "kor=pus" iewers teenwoordig is en as stukrag kan dien, wel daarin kan slaag om nasionale hergroepering te bewerkstellig.

Wat die Ndebele betref, is dit belangrik om daarop te wys dat hulle uit 'n aantal stamme bestaan wat nie geografiese aaneengeslote gebiede bewoon nie.

Met die uitsondering van die Ndzundza, is die an= der Ndebelestamme nie verstrooi nie. Dit sal later aangetoon word dat die verstrooiing van die Ndzundza in 1883 blykbaar een van die sterkste mo= tiverings vir die herlewing van die nasionale be= wussyn was. Verder: konsentrasies Ndzundza te Nebo en te Weltevreden het klaarblyklik as 'n etniese kor= pus gedien ten einde die nasionale bewussyn te stimu= leer en te motiveer. Die Ndebele van Transvaal vorm, numeries gesproke, een van die kleiner etniese een= hede in die RSA maar is tog groter as sommige etnie= se eenhede in Suidwes-Afrika.

## 2.4 Leidende en dominante etniese eenhede as druk= faktore

In die voorafgaande gedeelte is daar reeds na etnie= se eenhede wat op grond van hulle getalsterkte 'n dominante posisie binne 'n gegewe inter-etniese mi= lieu beklee, verwys. Daar is ook van etniese een= hede wat, hoewel hulle 'n numeriese minderheid vorm, tog 'n leidende posisie inneem, melding gemaak. Vanweë die feit dat alle inter-etniese sisteme deur 'n ongelyke rangordening van etniese eenhede gekenmerk word, moet aanvaar word dat 'n bepaalde etniese eenheid òf as leidend òf as dominant of as beide na vore sal tree. Hierdie ongelyke rang= ordening van etniese eenhede plaas 'n bepaalde dé= kor daar waarteen die inter-etniese intensioneles sigself afspeel.

'n Leidende etniese eenheid is 'n etniese eenheid wat op grond van sy vermoëns (kultureel, tegnologies, organisatories, ekonomies, polities, ensovoorts) bo die ander etniese eenhede uitstyg en 'n leidende rol binne die gegewe inter-etniese sisteem speel. Hierteenoor beklee 'n dominante etniese eenheid sy posisie op grond van faktore soos politieke mag, mi=litêre mag, getalle-oorwig, geïnstitusionaliseerde oorheersing, ensovoorts. Soos aangetoon, kan 'n leidende en 'n dominante etniese eenheid sameval=lend wees soos in Rhodesië, Suid-Afrika en Suidwes-Afrika.

Uit die onderhawige voorbeelde wat kortliks bespreek sal word, sal dit blyk dat die ongelyke rangordening van etniese eenhede aanleiding tot druk binne die inter-etniese milieu gee. Na aanleiding van die voorbeelde wat bespreek word, sal 'n aantal aflei=dings gemaak word.

Die Sjinese numeriese minderheid in Indonesië be=klee 'n ekonomies leidende posisie. In die breër verband word die numeriese minderheid deur die ge=weldige getalsoorwig van Sjina gerugsteun. Hierdie steun wat die Sjinese in Indonesië ontvang, is soms direk, soms indirek, dan weer subjektief en ander=syds weer objektief. Binne die konteks van Indone=sië handhaaf die Sjinese 'n bepaalde graad van kul=turele eksklusiwiteit (Aschinsky, 1975:18-19). Hoewel die inheemse bewoners van Indonesië 'n nu=meriese meerderheid bo die Sjinese vorm, is hulle

nie teen die Sjinese se ondernemingsgees en hard=werkendheid opgewasse nie. Ten einde vir hierdie onvermoë te kompenseer, poog die Indonesiese rege=ring om hulle politiek-dominante posisie ten alle koste te behou. Insgelyks word gepoog om die alge=mene posisie van die Indonesiërs deur middel van beleid te versterk. As gevolg van die toenemende aktiwiteite van die Sjinese, is die onderwys, open=bare en sektorale dienste (ook ekonomiese staats=instellings) baie meer toeganklik vir die Indone=siërs as vir die Sjinese gemaak. Van der Kroef (1975:21) wys daarop dat die bumiputera-beleid (nasionalisering) daarop gemik is om die Indone=siërs direk ten koste van die Sjinese te bevoordeel.

'n Soortgelyke situasie bestaan in Maleisië waar die oorsese Sjinese in die stedelike sentra direk daarvan beskuldig word dat hulle welvaart die (di=rekte) oorsaak van die armoede van die Maleiers is (Molnar, 1970:43). Die Sjinese beleef ten regte 'n gevoel van diskriminasie en verworpenheid terwyl hul=le die grootste las van die belasting moet dra. Spesiale voorregte word deur die regering aan die oënskynlike lui en gepamperlangde Maleiers toege=ken. Betrekkings in die staatsdiens is bykans voor die voet vir Maleiers gereserveer (Molnar, 1970:47).

In beide gevalle, Indonesië en Maleisië, leef die inheemse regerings in die vrees dat moeder Sjina die oorsese Sjinese in hulle gebiede as 'n bruggehoof

vir eventuele anneksering sal gebruik. Die gevolg is dat die Sjinese minderhede teen die agtergrond van die getalsoorwig van moeder Sjina gelees en be= leef word.

Die inter-etniese verhoudings in Joegoslawië word deur hoofsaaklik twee faktore oorheers, naamlik die feit dat die Serwe bekend is vir hulle politieke strewe na Balkanleierskap en tweedens die feit dat die noorde en die suide ekonomies ongelyk ontwikkel. Hunt & Walker (1974:367) onderskei dertien verskil= lende etniese groepe of dele van etniese eenhede in Joegoslawië. Die Serwe vorm, in verhouding tot elke ander etniese eenheid, 'n numeriese meerderheid, terwyl die Kroate die tweede grootste enkele etnie= se eenheid is. Die Serwe wat die noordelike streek bewoon, is ekonomies welvarender as die relatief stagnante Suide, wat hoofsaaklik deur die Kroate be= woon word. Hierdie verskil, gepaar met die historie= se suspisies tussen die Serwe en die Kroate en met die tradisionele dominante posisie van die Serwe, het die Kroate genoop om beswaar teen die ekonomiese ontwikkelingsbeleid van die Belgradore= gering te maak. Ter stawing van hulle argument het die Kroate "bewys" dat hulle ten opsigte van die staatsdiens, die weermag, die diplomatieke diens en die bankwese, onderverteenwoordig sou wees. Die feit dat die noordelike hoofstad, Belgrado, ook vinniger as die suidelike hoofstad, Zaghreb, ontwikkel het, is as 'n bron van frustrasie en 'n bewys van die

male fides van die Serwe ervaar (Hunt & Walker, 1974:374-376; Stavrou, 1976:135). Dit blyk egter dat die verskil in ekonomiese ontwikkeling aan twee relatief objektiewe faktore toe te skryf is, naamlik die inherente beter potensiaal van die noordelike streek en tweedens die feit dat die Serwe meer on=dernemend is. Wat die Kroate betref, is die noor=delike regering verdag en is die Serwe daarvan ver=dink dat hulle alle ekonomiese voordele vir die noorde probeer inpalm. Gevolglik het die Kroate se=dert 1971 steeds op groter politieke outonomie vir die suidelike streek aangedring. Hierteenoor het die noordelike Sloveense Republiek nie nagelaat om beswaar teen die gebruik van "sy" fondse vir die ontwikkeling van die Suide, aan te teken nie. Ook die ander etniese minderhede in die inter-etniese sisteem het die Noorde (Serwe) eventueel met sus=pisie bejeën en hulle van 'n gebrek aan belangstel=ling in die toekoms van dié groepe beskuldig. Hunt & Walker (1974:382) wys verder daarop dat die verhuising van geskoolde Kroate na die noordelike Serwiese streke baie gou tot konflik aanleiding ge=gee het. Selfs die desentralisasiebeleid van 1960 is eventueel deur die Kroate as maar nog 'n middel om alle welvaart vir die Serwe in te palm, verwerp (Hunt & Walker, 1974:369). Dit is ook 'n feit dat die Serwe hulle in die verlede tot 'n gehate et=niese eenheid gemaak het sodat die Kroate enigiets wat boos en sleg is, aan die Serwe toeskryf (Hunt & Walker, 1974:382; Lederer, 1971:407-409). Binne

hierdie opset beklee die Serwe dus 'n leidende en dominante posisie. Die Kroate ervaar die toedrag van sake as 'n vorm van inter-etniese druk. Herhaal=de pogings om die geskille tussen die Serwe en die Kroate by te lê of te minimaliseer, het tot dusver nie geslaag nie.

Die Russe beklee 'n politiek dominante en 'n ekono=miese leidende posisie binne die USSR. Die Russe vorm egter nie 'n absolute numeriese meerderheid ten op=sigte van al die ander etniese eenhede nie. Vanuit hulle politieke dominante posisie word van die he=terogeniteit van etniese eenhede verwag om, om dit eufemisties te stel, na groter eenheid (eendersheid) te beweeg. Onder die vlak van die konvergensie en die fusie van etniese eenhede en die skepping van die sovietski narod (sovietnasie) word getrag om die sovietski chelovek (sovietmens) te skep. In wese beteken dit dat die Russifisering van etniese eenhede gebruik word om die etniese diver=siteit en dus die inter-etniese spanninge, te be=sweer (Possony, 1976:16; Barret, 1973:19-20). Hier=die beleid het daartoe bygedra dat die etniese een=hede binne die USSR diepgewortelde griewe jeens die Russe koester. Ten einde Russifisering te ver=gemaklik, word die historiografieë van die ver=skillende etniese eenhede herskryf. "In practice, this has meant distortion of historical truth and condemnation on any past event that championed national self-assertion vis-a-vis Russian encroach=ments, both before and after 1917" (Teresa Rakow=

ska-Harmstone, 1976:154-161).

Formeel gesien, bestaan daar gelykheid van etniese eenhede terwyl die reg tot sesessie in die konsti= tusie vervat is. Dit is egter bekend dat beide gelyk= heid en die reg tot sesessie in die praktyk onreali= seerbaar is (Hunt & Walker, 1974:59-60). Wat die ekonomies-leidende posisie van die Russe betref, is dit voldoende om aan te toon dat die streke rondom Moskou ekonomies die verste ontwikkel het en, twee= dens, dat die ander etniese eenhede op 'n ongelyke basis met die Russe vir bronne en geleenthede moet kompeteer. In die jongste verlede het die ekonomiese belangrikheid van die Ukraîne, die Sentraal-Asiatiese streke en die Transkaukasus begin toeneem. Omdat die Russe egter oor die kennis en vaardighede beskik, beteken dit dat hulle die beste voordele in die streke geniet. Renner (1976:30) wys daarop dat die Ukraîners beswaar teen hierdie praktyke gemaak het. Die nasionale versetbewegings van etniese minderhe= de in die USSR is op hierdie stadium hoofsaaklik teen die politieke dominante posisie van die Russe gemik. Die praktyke wat in die verlede ten opsigte van Russifisering gevolg is, het tot grootskeepse verset en weersin aanleiding gegee. Dit word egter steeds duideliker dat verset teen die ekonomies-leidende posisie van die Russe begin toeneem.

Ten opsigte van Kanada is dit opvallend dat die ekonomies-leidende posisie van die Engelsspreken=

des tans een van die mees potente gevare vir die behoud van die staatseenheid is. Benewens hulle poli= tieke, administratiewe en numeriese dominansie in Kanada, het hulle hulle eie posisie versterk deur middel van die leidende rol wat hulle in die ekonomiese sektor ingeneem het. Hierbenewens is inter-etniese spanninge in Kanada verhoog as ge= volg van die kulturele meerderwaardigheidsgevoel wat die Engelssprekendes ten opsigte van die Fran= se weerkaats. Die ongelyke toegang tot bronne (van= weë taalvereistes wat geld vir die Franse maar nie vir die Engelssprekendes nie) en die feit dat die Franse tradisioneel landbouers en bosbouers was, het die konflikpotensiaal verhoog (Morf, 1976:78-85). Hierdie toedrag van sake het die Franse voor die feit gestel om 'n keuse tussen 'n persoon se indivi= duele vooruitgang en sy kulturele identiteit te maak. "In order to succeed, he must be willing to lose, to a great extent, his linguistic and cultu= ral identity" (Morf, 1976:85). Die gevolg is dat die taalstryd in Kanada baie meer as net 'n stryd vir taalregte is. In wese draai die konflik rondom die waardigheid van die Franse, hulle politieke selfstan= digheid en toegang tot bronne en geleenthede.

Uit die bostaande voorbeelde blyk dit eerstens dat die blote teenwoordigheid van 'n leidende en/of do= minante etniese eenheid nie *ipso facto* beteken dat stabiliteit binne so 'n staatsverband bestaan nie. Selfs in die USSR waar die stabiliteit en die behoud van die eenheid van die Unie dwangmatig deur die

Russe gemanipuleer word, bestaan daar verskeie ver=setbewegings wat dreig om die staatsverband waar=binne hulle vasgevang is, te vernietig.

Tweedens blyk dit dat die versetbewegings teen 'n leidende en/of dominante etniese eenhede nie op die absolute getalle-oorwig hoef te rus nie. Daar is ander faktore wat van groter belang kan wees. In Indonesië het die leidende ekonomiese posisie van die oorsese Sjinese die argwaan van die politiek-dominante inheemse groepe aangewakker en dit het weer tot diskriminerende praktyke teen die oorsese Sjinese aanleiding gegee. Die reaksie van die Sjine=se was dié van kulturele eksklusiwiteit. Die feit dat die Serwe, benewens hulle politieke dominante posisie, ook ekonomies leidend is, is vir groter verset deur die Kroate en ander minderhede in Joe=goslawië verantwoordelik. Dieselfde geld vir die ekonomies-leidende en politiek-dominante Engels=sprekendes in Kanada.

Dit wil verder voorkom dat die ekonomies-leidende posisie van 'n bepaalde etniese eenheid 'n direkte bron van frustrasie en verset by ander etniese een=hede kan wees. Soos hierbo gemeld, is hierdie ver=skynsel o.a. in Indonesië, Maleisië, Kanada, die USSR en in Joegoslawië aan te tref. Die Sjinese minderhede in Indonesië en Maleisië sou waarskyn=lik geen gevaarelement gewees het indien hulle, soos die ander groepe, ekonomies agterlik was nie. Indien hierdie afleiding verder gereduseer word, be=

teken dit dat die objektiewe en subjektiewe toegang tot en distribusie van bronne tot inter-etniese spanninge in 'n gegewe inter-etniese sisteem kan lei.

Dit wil vierdens voorkom asof dit 'n relatief alge= mene verskynsel is dat etniese eenhede wat nie oor 'n ekonomies leidende posisie beskik nie, poog om 'n verbeterde toekoms via politieke middele te skep ten einde vir sy ekonomiese agterstand te kompen= seer. Die voorbeelde van Maleisië en Indonesië il= lustreer die punt. Hoewel die Franse in Kanada die Engelssprekendes op hulle tuisveld, die handel en nywerheid, aangedurf het, bly die realisering van hulle politieke aspirasies nog steeds 'n vergesig. Dieselfde neiging bestaan by die etniese groepe in die USSR, maar dit is ook 'n ope vraag hoe prakties realiseerbaar hulle politieke ideale is. In Joego= slawië het die Kroate en ander etniese minderhede ook op groter outonomie aanspraak gemaak.

Uit van die voorbeelde hierbo aangehaal, blyk dit verder dat van die dominante en/of leidende etniese eenhede ook bepaalde intensies t.o.v. die ander etniese eenhede in die gegewe inter-etniese sisteem het. In die gevalle van die USSR, Joegoslawië, Ma= leisië en in Kanada, is gepoog om 'n assimilasie= beleid van stapel te stuur. Die kulturele eksklusi= witeit van die oorsese Sjinese in Maleisië word ver= oordeel en as 'n rede vir verdere diskriminasie aan= gegryp. Die politieke optredes van die Maleiers en

die Indonesiërs teenoor die Sjinese het die as= similasie-oogmerke wat hulle gehad het egter in die wiele gery. Dieselfde geld ten opsigte van die En= gelssprekendes in Kanada, die Russe in die USSR en die Serwe in Joegoslawië. In aldrie die laasgenoemde gevalle het die etniese eenhede wat nie 'n leidende posisie beklee het nie, vergeefs gepoog om groter politieke outonomie te verkry.

Die inter-etniese spanninge wat in die aangehaalde voorbeelde aangetoon is, is grotendeels histories van aard. In nie een geval kan die inter-etniese span= ninge aan 'n resente verandering binne die inter-et= niese sisteem toegeskryf word nie. Die aansprake van etniese eenhede op groter politieke outonomie is his= tories gewortelde aspirasies en is dus die resultaat van 'n langtermynproses binne die gegewe inter-et= niese milieu.

Ter konklusie blyk dit dat etniese eenhede wat hulle in 'n minderheidsposisie, hetsy numeries of ander= sins, bevind, nie noodwendig geneë is om die rol van die leidende en/of dominante etniese eenheid te aanvaar nie. Die leidende etniese eenheid kan deur die dominante etniese eenheid as 'n bedreiging ervaar word terwyl die ondergeskikte etniese eenhede weer die leidende en/of dominante etniese eenheid as 'n bedreiging kan ervaar. Na aanleiding van die teo= rie oor die ongelyke rangordening van etniese een= hede, skep 'n dominante etniese eenheid of 'n et=

niese eenheid wat 'n leidende posisie beklee 'n be= paalde vorm van inter-etniese druk waarop die ander etniese eenhede reageer.

Soos uit die onderstaande sal blyk, is die bewe= ging onder die Ndebele nog 'n voorbeeld van reak= sie op druk deur vreemde dominante eenhede.

## 2.5 Etniese reaksies op veranderde konstitusionele en politieke status

Bostaande opskrif kon goedskiks met "Die verande= ring van die ongelyke rangordening van etniese eenhede en inter-etniese reaksies" vervang gewees het. Die bepaalde rangordening van etniese eenhede in 'n inter-etniese sisteem is 'n vorm van inter-etniese akkommodasie. 'n Verandering van hierdie, dikwels geykte en tradisionele rangordening, is vir inter-etniese reaksies en spanning verant= woordelik. 'n Geykte en tradisionele rangordening kaats 'n uiterlike beeld van stabiliteit hoewel dit inherente spanning akkommodeer. Indien die ge= ykte en tradisionele rangordening van etniese een= hede aan verandering onderworpe raak, word die in= herente swakhede van die sisteem duideliker na die oppervlakte gedring. Sodanige veranderings bou mo= mentum op wat veroorsaak dat die inter-etniese sisteem onstabiel raak. Die normale reaksie is dat die bewindhebbers poog om hulle voormalige posisie te handhaaf terwyl die ander etniese eenhede die op= bouende onstabiliteit probeer gebruik om wesentlike

veranderings binne die inter-etniese sisteem aan te bring. Enige verandering aan die posisie van be= voorregte etniese eenhede of aan die posisie van dominante etniese eenhede, loop die gevaar om verdere inter-etniese spanninge te skep.

Dit wil voorkom of indien die konstitusionele sta= tus van 'n betrokke etniese eenheid binne 'n gegewe inter-etniese sisteem sodanig verander het dat daar geen alternatiewe geduld word nie, die reaksies he= wiger is as in gevalle waar alternatiewe wel beskik= baar is. Die Franse in Kanada is deur die Britte oorheers en met 'n Angliseringsbeleid bedreig. In wese het die tradisioneel trotse Franse tweedeklas burgers geword wat moes toesien dat die Engelsspre= kendes leidend in die handel en nywerheid en domi= nant ten opsigte van die politieke lewe, geword het. Hoewel Kanada eventueel in 'n federasie omskep is, is dit nie voldoende vir die politieke aspirasies van die Franse nie. Die militante flank van die Parti Quebecois van René Levèsque poog om die kul= turele trots en eer van die Franse deur middel van sesessie (uit die federasie) te verwesenlik (Morf, 1976:77-91). Die blote feit dat die Franse se poli= tieke onafhanklike status in 1859 grondig verander is, was direk aanleidend tot die nasionale verset= bewegings onder die Franse. Die Negersuide in die Soedan en die Baske in Spanje bied nog duideliker voorbeelde. Onder die Britse koloniale regering het die Negersuide en die Moslemnoorde 'n groot mate van gelykberegtiging geniet. Met die koms van onafhank=

likheid wou die Negersuide hulle tradisionele ad= ministratiewe outonomie deur middel van 'n federasie behou. Onafhanklikheid het egter beteken dat die Moslemnoorde 'n uniale regering ingestel het en die Negersuide polities in 'n drukgang geplaas het. Hier= benewens is 'n Arabiseringsprogram ten opsigte van die Negersuide gevolg. Omdat geen alternatiewe be= skikbaar was nie, was die Negersuide genoop om die wapen op te neem (Anon, 1973:162-164; Coetzee, 1971: 299). Na 17 jaar van bloedvergieting kon die Neger= suide eers weer daarin slaag om 'n vorm van politieke selfstandigheid en politieke inspraak, soos onder Britse bewind, te verkry. Die politieke aspirasies van die Baske illustreer dieselfde argument. As ge= volg van die feit dat die Baske teen die magte van Franco geveg het, is hulle tradisionele outonomie en regeringstelsels hulle ontneem. Slegs die provin= sies Navarre en Alava het hulle tradisionele poli= tieke outonomie behou. Vir die Baske was die verlies van hulle politieke outonomie 'n bedreiging van die etnos self. Gevolglik het die ekstremistiese elemen= te reeds die wapen opgeneem om die voormalige orde te herstel (Blasco, 1974:342; Da Silva, 1977:100-101, 121). In die geval van Rwanda is die tradisionele bewindhebbers, die Tutsi, deur die Hutu vervang na= dat die Belge 'n algemene verkiesing gehou het. In die praktyk het die verkiesing bloot 'n nuwe oorheer= sing geskep waarmee die Tutsi nie tevrede was nie. Die bloedvergieting in die gebied as gevolg van die konflik tussen Hutu en Tutsi is oorbekend (Lemar= chand, 1974:264-265; Decraene, 1974:66-86).

Soos reeds vroeër aangetoon, word die aandrang op groter outonomie, en dus 'n verandering aan die be= staande rangordening van etniese eenhede, nie deur 'n enkele faktor alleen gemotiveer nie. In die ge= valle van die Negers in die Soedan, die Baske in Spanje, die Franse in Kanada en die Hausa-Fulani in Nigerië het 'n verskeidenheid faktore as dryfve= re opgetree. In al die gevalle is die drastiese ver= andering aan die tradisionele rangordening van et= niese eenhede met gedwonge assimilasie of ekonomiese kompetisie gekombineer. In die geval van die Hausa-Fulani is die bevoorregte konstitusionele posisie wat hulle onder die Britse bewind geniet het, met onafhanklikheid verander. Hierbenewens het die op= koms van die ekonomies energieke Ibo 'n verdere be= dreiging geskep (Hunt & Walker, 1974:271-275, 288-294 en Bagley, 1972:23). Die Baske in Spanje is aan 'n Kastillianiseringsprogram, die Negers in die Soedan aan 'n Arabiseringsprogram en die Franse in Kanada aan 'n Angliseringsprogram onderwerp. Hier= benewens het die Baske in Spanje en die Franse in Kanada numeriese minderhede geword. Die Baskiese ge= biede is deur inkomende etniese vreemdelinge oor= stroom terwyl die aanwas van die Engelssprekendes deur middel van immigrasie na Kanada, die Franse be= volking verbygesteek het. Hierdie kombinasies van faktore het dus aanleiding tot inter-etniese reaksies gegee.

Uit hoofde van die bostaande argumente volg dit logies dat inter-etniese spanninge nie deur middel van 'n

bepaalde konstitusionele struktuur alleen ondervang kan word nie. Indien die etniese eenhede binne 'n bepaalde inter-etniese sisteem nie hulle goedkeuring aan die beoogde strukturele akkommodasiepatroon heg nie, kan daar nie verwag word dat die struktuur ab=sorberend ten opsigte van inter-etniese intensies moet optree nie. In die geval van Kanada kon die federale struktuur nie daarin slaag om die gevoe=lens wat rondom die kulturele arrogansie van die Engelssprekendes, die politieke verowering van Kana=da, die dubbele standaarde wat ten opsigte van die Franse aangelê is en die ekonomiese agterstand van die Franse, uit te wis of te ondervang nie (Morf, 1976:77-85). In die geval van die Soedan het die unitêre stelsel eerder tot die verhoging van die konflik as tot die eliminering daarvan bygedra. Die Hausa-Fulani-oorwig in die Nasionale Vergadering, die weermag en die regering van Nigerië, het die Ibo en Hausa-Fulani in direkte konflik met mekaar ge=bring (Hunt & Walker, 1974:271-275). Eers na afloop van die burgeroorlog teen Biafra is daarin geslaag om 'n regmatiger plek aan die etniese minderhede in die Nasionale Vergadering toe te ken en om die histo=ries bevoorregte posisie van die Hausa-Fulani ietwat in te perk (Hunt & Walker, 1974:288-294; Bagley, 1972:23). Die skepping van die staat Uganda het by=voorbeeld daartoe gelei dat die Amba en die Konjo, wat hulle tradisioneel in die Tororyk bevind het, gepoog het om daarvan weg te breek en 'n groter ma=te van outonomie in die nuwe bedeling te probeer be=

ding. Van die kant van die Toroleiers is op 'n fede=rasie aangedring waardeur die "eenheid" van die To=roryk gehandhaaf sou word. Bostaande verwikkelinge in Uganda toon egter aan dat die beoogde verande=ringe op konstitusionele vlak ten opsigte van die etniese eenhede binne die gegewe inter-etniese sis=teem, eerder nuwe inter-etniese reaksies na vore ge=bring het (Doornbos, 1970:1119-1120). Die totale herskikking van etniese eenhede in Rwanda toon op sy beste dat histories gewortelde inter-etniese verhou=dinge geweldige eise aan 'n gegewe politieke struk=tuur kan stel. Die historiese beheersingsposisie van die Tutsi is deur middel van demokratiese stemreg radikaal verander. In wese het demokratisering in Rwanda eerder tot 'n nuwe vorm van dominasie gelei. Insgelyks het dit tot die intensifisering van inter-etniese konflik bygedra (Lemarchand, 1974:264-265; Decraene, 1974:66-86).

Na aanleiding van bostaande volg dit dat enige poli=tieke struktuur wat poog om etniese eenhede op 'n bevredigende wyse te akkommodeer, 'n hele reeks ver=anderlikes in enige gegewe inter-etniese milieu moet verreken. Hierdie veranderlikes hoef nie eenvormig in elke inter-etniese sisteem voor te kom nie. Dit wil egter voorkom óf van die belangrikste fasette wat verreken moet word, die (amptelike) erkenning van etniese eenhede en die verlening van 'n vorm van regionale of lokale outonomie is. Die verlies van regionale outonomie deur die Baske en die Negers in

die suide van die Soedan, illustreer die dinamika wat hieruit gebore kan word. Die skepping van 'n unitêre Soedan het juis direk teen hierdie tradisie ingegaan, terwyl die afskaffing van die junta forales by die Baske 'n soortgelyke resultaat gehad het (Blasco, 1974:342; Da Silva, 1977:100-101). Insgelyks het die amptelike erkenning van die Ibo en van ander etniese eenhede in Nigerië eers plaasgevind nadat 'n Verklaring van Algemene Menseregte misluk, die miskenning van die bestaan van etniese eenhede en die sesessie van die Ibo, plaasgevind het. Dit is interessant en ook veelseggend dat dit die Ibo was wat hulle aanvanklik as die ware "Nigeriërs" voorgestel het maar eventueel, onder Hausa-Fulanidruk, Ibo-sesessie gepleeg het.

Benewens die verrekening van outonomiestrewes van etniese eenhede, toon die voorbeeld van die Franse in Kanada dat aspekte soos psigologiese tevredenheid, ekonomiese gelykberegtiging en nasionale waardigheid ook verreken moet word. Hierdie fasette is natuurlik veel moeiliker verrekenbaar as aansprake op etniese outonomie omdat dit gesindheidsveranderings veronderstel. In die geval van Uganda blyk dit dat hoewel die Amba en die Konjo nie amptelik erken is nie, die praktyk tog daarop dui dat hulle as erkende eenhede behandel is. Die USSR maak byvoorbeeld vir die amptelike sesessie van etniese groepe voorsiening maar dit is bekend dat so 'n stap bloot vir buitelandse konsumpsie bedoel is. Dit is dus meer korrek om van

die werklike erkenning van etniese eenhede as die amptelike erkenning van etniese eenhede te praat.

Dit blyk verder dat 'n verandering aan die konsti= tusionele status van etniese eenhede nie altyd son= der inter-etniese konflik en fisiese geweld kan plaasvind nie. In die geval van Nigerië is 'n poli= tieke skikking eers bereik nadat Biafra met mili= têre geweld geruggedwing is in die Nigeriese fede= rasie. Dieselfde het vir die Negers in die Soedan gegeld. Hulle kon eers na 17 jaar van bloedvergie= ting daarin slaag om die gegewe rangordening in die inter-etniese sisteem te verander. Die Baske verkeer tans in die proses waar geweld al hoe meer aangewend word ter bereiking van hulle ideale.

Dominante etniese eenhede is in die praktyk nie geneë om die gegewe inter-etniese sisteem struktu= reel drasties te wysig deur byvoorbeeld sesessie toe te laat nie. Dit wil eerder voorkom asof 'n herskik= king van etniese eenhede in so 'n sisteem makliker bereik kan word indien alle etniese eenhede die "buitelyne" van die gegewe sisteem as sodanig aan= vaar. Dit sou beteken dat in plaas van op sesessie aan te dring (waardeur die "buitelyne" van die sis= teem verander sal word), daar eerder gepoog word om 'n bepaalde graad van outonomie binne so 'n sisteem te verkry. Sesessie word tans hoofsaaklik om ideo= logiese en politieke redes as 'n uiterste stap be= skou. In die geval van die Soedan was die ondertoon van die Negers se aspirasies deurgaans sterker deur

regionale outonomie as sesessie gekenmerk. In die geval van Biafra en Shaba het ook ander motiverings gegeld naamlik die minerale rykdomme van die gebiede wat aan sesessie onderhewig was. Dieselfde argument is ten opsigte van die welvarender streke van die Baske in Spanje van krag. Binne Kanada wil dit voor= kom of indien die Engelssprekendes daarin slaag om 'n bevredigende akkommodasiepatroon vir die Franse aan te bied, die moontlikheid van sesessie sal vervaag. Die= selfde geld die Baskiese streke. Dit sou waarskynlik vir die Baske sinvoller wees om regionale outonomie binne Spanje, eerder as onafhanklikheid buite Spanje, te verkry. Onafhanklikheid buite Spanje sal ook be= teken dat hulle 'n minderheid in hulle "eie" onaf= hanklike staat sal vorm.

Ter konkludering blyk dit dat enige verandering aan die bestaande konstitusionele of rangordeningsposi= sie van etniese eenhede, ernstige implikasies vir die bestaan en voortbestaan van so 'n inter-etniese sisteem inhou. In Nigerië is die bevoorregte posisie van die Hausa-Fulani verander; die Britte het die Negers in die Soedan in die steek gelaat; die Engels= sprekendes het die Franse Kanadese van hulle onaf= hanklikheid beroof; Franco het die Baske van hulle tradisionele regionale outonomie ontneem; in Uganda moes die Tororyk aan outonomie inboet terwyl die Belge in Rwanda die konstitusioneel bevoorregte po= sisie van die Tutsi deur middel van die demokrasie drasties verander het. In al hierdie gevalle is he=

wige inter-etniese reaksies ontlok en is die voort= bestaan van die gegewe inter-etniese sisteme be= dreig.

In die onderstaande sal aangetoon word tot welke ma= te die konstitusionele ontwikkeling van Lebowa en Bophuthatswana van die Ndebelestamme tot soortgely= ke ontwikkeling aangespoor het en tot welke mate hulle nie bereid was om die "buitelyne" van die gegewe sisteem te aanvaar nie.

## 2.6 Inter-etniese druk deur geografies eksterne etniese verwante

In die voorafgaande gedeeltes is reeds melding van die feit gemaak dat die etniese korpus in talle ge= valle deur staatsgrense verdeel word. Trouens, daar kan aanvaar word dat hierdie verskynsel die "nor= male" patroon is wat hom voordoen. Die verskynsel word in die ouer state van Europa sowel as in die nuwere state van Afrika aangetref. Hierdie toedrag van sake beteken dat die grense van 'n gegewe staats= verband dus nie aanduidend kan wees van die grense van 'n gegewe inter-etniese sisteem nie. Hoewel regimes poog om die grense van 'n inter-etniese sisteem met die staatsgrense te laat saamval, slaag dit nie omdat die kragte wat sentripetaal ten opsig= te van die etniese korpus opereer, gewoonlik ster= ker as die "nasiebewussyn" is of kan wees. Die Franse staat is byvoorbeeld nie 'n geslote en af= geronde inter-etniese sisteem nie aangesien die

Baske in die suide en die Franse in die ooste respektiewelik drukelemente ten opsigte van die Spaanse en die Switserse inter-etniese sisteme vorm. Die Baske in die suide word deur die Spaanse Baske by hulle nasionale strewes betrek, terwyl die Franse van die Jurastreek in Switserland weer steun vanuit Franse geledere in Frankryk geniet het. Die=selfde argument kan ten opsigte van Suid-Afrika se bevolkingsgroepe aangetoon word.

Die grense van 'n inter-etniese sisteem is elas=ties en die een inter-etniese sisteem vloei oor in 'n ander inter-etniese sisteem. In die verband wil dit voorkom asof geografiese afstand tussen kompo=nente van 'n etniese korpus nie noodwendig 'n dem=per op etniese aspirasies plaas nie. Die steun wat die internasionale Jodedom ter verkryging en die behoud van die staat Palestina verleen het, il=lustreer die stelling. Dieselfde geld ten opsigte van die steun wat genl. De Gaulle aan die Franse in Quebec verleen het. In beide gevalle is relatief groot geografiese afstande oorbrug ter wille van steun aan etniese verwante. In die verband wil dit selfs voorkom asof die inter-etniese sisteem inter=nasionaal kan wees.

Bostaande kom dus daarop neer dat enige multi-et=niese staatsverband aan 'n bepaalde graad van span=ning tussen etniese en nasielojaliteite onderhewig is. "To an increasing degree, national unity is

maintained not by calls to blood and land but by a vague, intermittent, and routine allegiance to a civil state, supplemented to a greater or lesser extent by governmental use of police powers and ideological exhortation" (Geertz, 1963:110).

Geertz (1963:114) verwys na die staatkundige verde= ling van 'n etniese eenheid as "political dismember= ment" en toon aan dat dit aanleiding tot etniese ontevredenheid kan gee.

Die wesentlike rede vir die spanning waarna hierbo verwys is, is dat primordiale kragte gegewendhede is, terwyl die opbou van 'n nasionale eenheidsbe= wussyn 'n sekondêre ontwikkeling veronderstel wat al= leen bereik kan word as etniese eenhede bereid is om hulle vir so 'n saak te gee. Dus, indien staats= grense die etniese korpus kunsmatig verdeel of as daar druk op 'n komponent van die etniese korpus binne 'n gegewe staatsverband geplaas word, moet verwag word dat die etniese korpus in reaksie kan kom. "In the second place, interstate and intra= state primordial attachments often cross-cut one another in a complex network of balanced - if most precariously balanced - commitments (Geertz, 1963: 115).

Uitgaande van bostaande uiteensetting, kan enkele fasette van hierdie probleem aan die hand van die voorbeelde van Cirpus en Palestina verder uitgelig word.

Die eiland Ciprus word deur 'n minderheid Turke en 'n meerderheid Grieke bewoon. In historiese tye is die eiland deur die Ottomane oorheers (Kitromi=lides & Couloumbis, 1976:167).

Tydens die latere Britse oorheersing van die eiland was die verhoudinge tussen die Grieke en die Turke aanvanklik relatief goed. Turkye het selfs in 1923 van alle soewereiniteitsaansprake op die eiland af=gesien. Die kern van die vraagstuk op Ciprus be=staan tans uit die botsende nasionale aspirasies van die Turke en die Grieke. Die Griekse Cipriote beywer hulle vir _enosis_, d.w.s. aansluiting by Grie=keland. Die Turke, aan die ander kant, verset hulle met mag en mening teen hierdie ideaal en beywer hul=le vir die partisie (_taksim_) van Ciprus in 'n Griek=se en 'n Turkse deel. Tydens die versetpoging van die Grieke teen Britse bewind op Cirpus, het EOKA (die Griekse nasionale beweging), twee oogmerke na=gestreef: die beëindiging van Britse beheer en die verkryging van _enosis_. Insgelyks het die Turke hulle in hierdie tydperk vir òf die behoud van Britse be=heer oor die eiland òf _taksim_ beywer. Vir die Grie=ke was die behoud van Britse beheer oor Ciprus on=houdbaar en onversoenbaar met hulle nasionale aspi=rasies. Dieselfde het die partisie van Ciprus ge=geld. Die Turke se verset teen _enosis_ was gebaseer op die vrees dat dit geen waarborge vir die Turkse minderhede op Ciprus sou bied nie (Kitromilides & Couloumbis, 1976:171-172). Die verdere feit dat die

Grieke te Griekeland en die Turke te Turkye die aspirasies van die etniese verwante te Ciprus gesteun het en die feit dat die minderheid Turke te Ciprus op 'n meerderheidsaandeel in die regering aanspraak gemaak het, het die situasie verder bemoeilik. Inge= volge die bepalings van die ooreenkomste waardeur Ciprus in 1960 onafhanklik geword het, sou Grieke= land, Turkye en Brittanje sekere regte en magte ten opsigte van Ciprus kon uitoefen. Die gevolg was dat die etniese verwante van die bevolking van Ciprus deur middel van internasionale ooreenkomste druk kon uitoefen (Kitromilides & Couloumbis, 1976:172).

Die onafhanklikheidskonstitusie wat gepoog het om die Griekse en Turkse Cipriote proporsioneel te ver= teenwoordig, het nie daarin geslaag om die bestaande suspisies te elimineer nie. Die Griekse Cipriote was verder van mening dat hulle te veel gesag moes in= boet, terwyl die Turkse Cipriote van mening was dat hulle nog meer regte moes verkry ten einde die ge= talle-oorwig van die Griekse Cipriote te neutrali= seer. As gevolg van hierdie gespanne omstandighede het die Kerfsfeeskonflik van 1963 plaasgevind toe Nicosia geografies verdeel is en die Turkse deel van die stad as 'n simbool van partisie tot stand gekom het (Kitromilides & Couloumbis, 1976:174-175). Die semi-oorlogsomstandighede is baie goed deur die Turk= se Cipriote gebruik om ook ander Turkse enklawes op die eiland te skep en dit vir die Cipriotiese re= gering ontoeganklik te maak. Onder hierdie omstandig=

hede het die Turkse Cipriote voortgegaan met die skepping van 'n verdere gedifferensieerde administra= tiewe stelsel en het hulle hulle algaande van die sentrale Cipriotiese regering onttrek. Turkye het sy volle seën oor die veranderings uitgespreek (Kitromilides & Couloumbis, 1976:177). Hoewel die Griekse Cipriote ten gunste van 'n vorm van gedesen= traliseerde gesag op die eiland was, was hulle skrik= kerig om die stap te ver te voer aangesien dit, vol= gens hulle mening, tot eventuele partisie kon lei. Partisie sou die deur vir Turkye oopmaak en dusdoen= de 'n groter gevaar vir die Griekse Cipriote daar= stel. Hierdie vrese was nie heeltemaal ongegrond nie aangesien Turkye die inval van 1963 in Ciprus ge= loods het.

Terwyl Turkye die ideale van die Turkse Cipriote en Griekeland die ideale van die Griekse Cipriote on= dersteun het, het Brittanje gepoog om die eenheid van die staat in stand te hou sonder enosis en sonder taksim. Dit het opsigself beteken dat nög die Grie= ke nög die Turke daarvoor te vinde sou wees (Kitromilides & Couloumbis, 1976:188-189). Hierdie skrywers is van mening dat die Griekse en Turkse Cipriote nie die geleentheid gebied is om die in= terne geskille uit die weg te ruim nie omdat die internasionale ooreenkomste 'n amptelike reg tot intervensie aan Turkye en Griekeland verleen het. Die gevolg was dat daar weinig van die soewereini= teit van Ciprus oorgebly het. Andersyds illustreer dit die breër inter-etniese sisteem en die ideale

wat die Grieke en die Turke ten opsigte van hulle etniese verwante te Ciprus nagestreef het.

Tydens die Zionistekonferensie te Basel in 1897 het die Joodse afgevaardigdes die skepping van 'n eksklu=siewe Joodse staat in Palestina bepleit. Die skepping van 'n Joodse staat moes as waarborg vir die voortbe=staan van Joodse nasionalisme en as simbool van die Joodse etniese korpus dien (Nachmias & Rockaway, 1977:39). Dit is bekend dat heftige anti-semitiese veldtogte teen die besluit gevoer is en dat die Is=lamitiese Palestyne baie skerp teen die besluit ge=reageer het. Jordanië het die skepping van 'n Joodse staat as 'n bedreiging vir sy belange aan die wes-oewer van die Jordaan ervaar.

Die Balfourverklaring van 1917 het die idee van 'n Joodse staat in Palestina gesteun. Die internasiona=le Jodedom het deur middel van die steun van inter=nasionale liggame en state gepoog om steun vir hulle saak op te bou. Andersyds het hulle gepoog om deur middel van kompromieë met die Islamitiese state hulle oogmerk te bereik (Nachmias & Rockaway, 1977:54).

Die aanvanklike idee dat Palestina in twee state verdeel moes word, naamlik een vir die Jode en een vir die Islamitiese Palestyne, is ten gunste van Brittanje se voorwaardes laat vaar. Brittanje het op slegs een staat, waarin beide die Jode en die Arabiere geakkommodeer moes word, aangedring. Hier=die stap het veroorsaak dat Jordanië en van die

ander omliggende Arabierse state, 'n direkte belang ten opsigte van die te stigte staat verkry het. In 1958, tien jaar na die staat Palestina tot stand ge= kom het, het die Jordaniese regering 'n bannelings= regering vir die Arabierse Palestyne op die been ge= bring. Hierbenewens het Jordanië daarin geslaag om die westelike oewer van die Jordaan te annekseer. Op grond van die Hashemitiese verbintenis tussen die bevolking van Jordanië en die Palestyne, is voort= durende druk op die Joodse regering uitgeoefen. Be= newens die direkte belang van Jordanië, is dit ook bekend dat die Arabierse wêreld geensins etnies ho= mogeen is nie. Die blote feit dat 'n Joodse staat tot stand gekom het binne die Arabierse wêreld, het egter die ou stryd tussen Jakob en Esau laat herleef. Dit het verder daartoe gelei dat die Joodse staat en Joodse nasionalisme tot 'n mate en van tyd tot tyd die oorsaak van "eenheid" onder die Arabierse state was. Dit is verder bekend dat die omringende Ara= bierse wêreld die belange van die Palestyne steun so ver dit in die belang van dié betrokke state is. Dit beteken weer dat die verskillende Palestynse be= vrydingsbewegings soos El Fatah, die PLO en die PFLP . nie in alle gevalle op die steun van die omliggende Arabierse state kan aanspraak maak nie (Bertelsen, 1977:6-11). Bertelsen konkludeer dan ook ten regte dat geen skikking tussen Israel en die omliggende Arabierse state bereik kan word indien die belange van die Palestyne nie in berekening gebring word nie (1977:27-32). Al word die belange

van die Palestyne ook in berekening gebring, is dit nog twyfelagtig of 'n skikking baie maklik bereik en/of gehandhaaf sal kan word aangesien die Arabier= se wêreld skerp verdeeld is oor die lot en die toe= koms van die Palestyne.

Uit die voorgaande twee voorbeelde (wat slegs 'n klein gedeelte van die totale spektrum van hierdie vraagstuk belig), is dit duidelik dat etniese ver= wante in aanliggende state 'n dominante faktor vir die bedreiging van stabiliteit in 'n gegewe staatsverband kan wees. In beide voorbeelde skyn die belange van die etniese verwante in aanliggende state so sterk te wees dat dit eerder tot konflik as die oplossing van konflik bygedra het.

In beide voorbeelde is die inter-etniese sisteem baie wyer as die staatkundige grense van Palestina of Ciprus.

Die voorbeelde toon verder aan dat die nasionale aspi= rasies van die etniese eenhede in Ciprus en in Pale= stina direk botsend is en wil dit voorkom asof 'n oplossing en versoening nie maklik realiseerbaar is nie. In beide gevalle het etniese verwante reeds militêr ten behoewe van die bevolkings op Ciprus en in Palestina ingegryp. Die gevolg van hierdie optre= des was dat die bestaan en voortbestaan van die twee gegewe staatsverbande wesentlik bedreig is.

Dit is verder belangrik om daarop te let dat nie een

van die genoemde etniese komponente in die twee voorbeelde bereid was om met die kragte agter die skerms, dit wil sê hulle etniese verwante, te breek nie. Nòg die Griekse Cipriote nòg die Turkse Cipriote nòg die Jode nòg die Palestyne is in staat of bereid om hulle heil binne die gegewe staatsverbande sonder beïnvloeding of steun van buite, uit te werk. Bostaande beteken dus dat etniese komponente nie sonder meer by magte is om die invloed en krag van die inter-etniese sisteem te elimineer nie. Om dit anders te stel: die etniese kragte wat binne dié inter-etniese sisteme werksaam is, is skynbaar sterker as die kragte wat binne gegewe staatsverbande bestaan. Indien die Griekse Cipriote die Griekse Groot Idee (enosis) sou verruil ten gunste van 'n ander politieke ideaal, sou dit wesentlik as verraad vertolk word. Dieselfde geld die versaking van die Turkse ideaal van taksim. Dit sal as 'n ondergrawing van Turkse sekuriteit ervaar word. Dieselfde geld vir Israel en die Palestyne. Ierland sou ook as 'n gepaste voorbeeld aangehaal kon word.

Pogings om etniese eenheid oor staatsgrense heen te herskep, kan egter ook teenproduktief wees indien 'n gegewe staatsverband oor die nodige troefkaarte beskik. Die eenheidstrewes van die Ewe in die voormalige Britse en Franse Togolande het geïmpliseer dat die Ewe in Ghana opgeroep is om by hierdie beweging aan te sluit. Ghana het hierdie poging met die aanblasing van irredentisme in Brits-Togoland begroet. In dié geval het die een nasionale ideaal 'n ander

nasionale ideaal wakker gemaak en die besef ge= bring dat die volgehoue stimulering van die ideale in beide gevalle tot sesessie sou lei (Touval, 1972: 35). Hierdie verskynsel het nie in Palestina of Ci= prus voorgekom nie omdat Turkye en Griekeland ener= syds en die Arabierse wêreld en die internasionale Jodedom andersyds nie dieselfde geleenthede daartoe gebied het nie.

Uit die voorbeelde wat bespreek is, kan verder af= gelei word dat ook ander kragte as etniese verwan= te in aanliggende state, druk ten opsigte van die akkommodasie van etniese eenhede kan uitoefen. In die geval van Ciprus was Brittanje so 'n drukfaktor terwyl die Arabierse state nog altyd teen die be= staan van 'n Joodse staat gekant was. Die invloed van buiteliggende en nie-verwante etniese eenhede word egter in 'n afsonderlike afdeling behandel.

In die onderstaande word aangetoon watter druk deur Ndebele in die stedelike gebiede en op Blanke plase en in ander tuislande uitgeoefen is om die "enosis" van die Ndebele te bewerkstellig.

## 2.7 Druk deur eksterne nie-verwante eenhede

Soos uit die voorafgaande besonderhede ten opsigte van die inter-etniese sisteem en die bevolkingsa= mestelling van staatsverbande blyk, kan 'n bepaalde etniese eenheid se nasionale strewes deur 'n gegewe

regime of 'n dominante etniese eenheid, gesmoor word. Trouens, die hantering van etniese aspirasies word grotendeels hierdeur gekenmerk. Esman wys egter daarop dat die hantering van etniese aspirasies binne die internasionale politiek 'n mate van konsekwentheid bevat. Die konsekwentheid waarna hy verwys, is in die opeenvolgende stappe wat teen hierdie bewegings en hulle leiers geneem word, opgesluit. Esman voer aan dat die regime van die dag van die standpunt uitgaan dat die bestaande orde gehandhaaf moet word. Op grond hiervan word die volgende opeenvolgende stappe deur hom onderskei: ignorering van nasionale aspirasies; diskreditering van die leiers en die nasionale bewegings self; onderdrukking van die beweging en inperking van die leiers, en eventuele akkommodasie van die nasionale beweging en -aspirasies (Esman, 1977:380-381).

Uit die literatuur is dit duidelik dat daar geen universeel aanvaarde kode of maatstaf bestaan ingevolge waarvan die aspirasies van etniese eenhede in staatsverbande hanteer en geskik word nie. Die hantering van etniese aspirasies is aan pragmatiese oorwegings gekoppel. Die blote feit dat die verkryging van onafhanklikheid vir etniese eenhede gewoonlik met 'n onafhanklikheidsoorlog gepaard gaan of gegaan het, is aanduidend van die hoë spanningspotensiaal wat in hierdie dinamiese prosesse opgesluit is. Andersyds is dit aanduidend van die konsekwente opdraande stryd wat etniese eenhede te voere het alvorens nasionale aspirasies verwesenlik kan

word. Dieselfde internasionale mening wat aan die Jode 'n staat in 1948 gebied het, het byvoorbeeld daarvoor gesorg dat die Kurde sedert 1639 nie daarin kon slaag om hulle nasionale aspirasies te verwesen= lik nie.

Uit die voorbeelde van die Kurde en die Mongole sal dit duidelik word tot welke mate die aspirasies van etniese eenhede aan druk van buite onderhewig kan wees.

Reeds in 1639 is die Kurdiese gebied tussen Turkye en Persië verdeel. Die vroegste Kurdiese aspirasies was op die verkryging van selfregering, amptelike erkenning en die skepping van 'n vaderland, gemik. Hierdie ideaal het hulle telkens ontglip vanweë die druk wat van buite teen hulle gemonster is. Na af= loop van die Eerste Wêreldoorlog is die Kurdiese gebied verder verdeel toe Irak, Iran, Turkye, Sirië en die Sovietunie elkeen 'n deel van die historiese Kurdiese gebied verkry het. Die verdeling van die Kurdiese gebied na afloop van die oorlog staan in skerp kontras met die feit dat die USSR gedurende die oorlog, ter wille van sy eie politieke oogmerke, steun aan die Kurdiese beweging verleen het. Na af= loop van die oorlog kon die Kurde dus met reg be= weer dat hulle weereens verraai is en dat hulle weer die slagoffer van die internasionale magspolitiek was. In Iran het die Wilsonleerstellinge daartoe gelei dat die Verdrag van Sèvres selfregering aan die Kur=

de beloof het. Voordat hierdie beloftes nagekom kon word, het Kemal Ataturk dit vernietig (Benjamin, 1977:73). In Turkye is die Kurdiese versoeke dat hulle amptelik erken word en 'n groot mate van selfregering geniet, met die stelling beantwoord dat daar eintlik nie so iets soos 'n Kurdiese etnos bestaan nie. Die Kurde is as "Bergturke wat hulle taal verleer het" geklassifiseer (Benjamin, 1977:73). Sedert die Tweede Wêreldoorlog het slegs die Kurde van Mahabad daarin geslaag om 'n kortstondige Kurdiese Republiek op die been te bring. Om die waarheid te sê, hierdie Republiek het slegs een jaar lank bestaan voordat dit deur die Iranse regering tot 'n val gebring is (Benjamin, 1977:72-73).

Sedert 1959 is Kurdiese versoeke om selfregering in Iran en Irak nie eers ter tafel geneem nie - of beloftes is gemaak wat nooit werklik ernstig oorweeg is nie. Benjamin wys daarop dat die Kurdiese aspirasies in die vyf state waarin hulle hulle bevind het, hoofsaaklik rondom die volgende temas gedraai het: groter outonomie aan die Kurde; meer beheer deur Kurde oor Kurdiese aangeleenthede in staatsdepartemente; die skepping van 'n Kurdiese parlement vir die beoogde Kurdiese gebied; erkenning van die Kurdiese politieke partye en die erkenning van die Kurdiese taal as bykomstige amptelike taal in Irak en Iran (Benjamin, 1977:85-86).

As gevolg van die tradisie van verbreekte beloftes

teenoor die Kurde, het die Kurde in beide Irak en Iran tot gewapende opstand oorgegaan. Hierdie gewa= pende stryd is in wese niks anders as 'n vryheids= oorlog nie.

Die ooreenkoms wat in 1975 tussen Irak en Iran ge= sluit is waarvolgens Irak verskeie voorregte ten opsigte van die Shatt-al-Arab -waterweg aan Iran ver= leen het, het verreikende implikasies ten opsigte van die politieke aspirasies van die Kurde gehad. Die voordele wat Irak aan Iran verleen het, was ge= koppel aan die onttrekking van alle politieke en ander steun van Iran aan die Kurdiese rebelle in Irak. Hieruit blyk duidelik dat Iran die Kurdiese nasionale beweging in Irak gebruik en misbruik het ten einde sy eie internasionale aansien in die Ooste te bevorder. By die geleentheid het die Irak= se regering aangevoer dat die skepping van 'n Kur= diese staat tot 'n tweede Israel in die Midde-Ooste sou lei (Benjamin, 1977:94).

Sedert 1972 het die VSA ook 'n woord oor die Kurdie= se toekoms te spreek gehad. Hempstone beskryf die Amerikaanse deelname aan die vraagstuk soos volg: "It was not until 1972 that the U.S.A. got direct= ly involved in the age-old game of betraying the Kurds" (Hempstone, 1977:2-3). Toe die Kurdiese gewapende rebelle tydens die Yom Kippur-oorlog die geleentheid te baat wou neem om hulle verlore po= litieke onafhanklikheid terug te win, moes hulle

voor Amerikaanse beleidsvoorkeure in die Midde-Ooste swig aangesien die VSA hulle belangrikste wapen=leweransier was. Die eindresultaat was dat Amerika doof ten opsigte van enige verdere en latere Kurdie=se aspirasies geword het ten einde nie die delikate Midde-Oosterse balans te versteur nie (Hempstone, 1977:11).

Die Mongole van Sentraal-Asië is tans in drie ver=skillende state verdeel, naamlik Sjina, die USSR en Mongolië self. Dit spreek dus vanself dat die poli=tieke Mongolië baie kleiner as die etno-kulturele Mongolië is.

Die geskiedenis van die Mongoolse nasionale aspira=sies is ten nouste met die onmiddellike internasio=nale wêreld verknoop. Trouens, die ontstaan van die Mongoolse nasionalisme was 'n direkte resultaat van inter-etniese druk (Jagchid, 1973:43). Hoewel die Mongole onder die Manchugesag 'n groot mate van outonomie geniet het, het die Sjinese regering druk op die Manchu geplaas ten einde Han-Sjinese in Mongolië te vestig. Hierdie stap het uiteraard tot weerstand onder die Mongole aanleiding gegee. Op hierdie stadium het die USSR as die politieke be=vryder van die Mongole geposeer maar eventueel die nuwe heerser van die Mongole geword (Jagchid, 1973:44-47).

Die onafhanklikheid wat die Mongole deur middel van

'n oorlog teen Sjina verkry het, was van korte duur omdat die USSR gevrees het dat Japan 'n vastrapplek in Mongolië sou verkry. Terwyl die USSR dus gepoog het om Mongolië te beheer (tot uitsluiting van Japanse invloed), het die Sjinese regering onder die vlag van "nasionale eenheid" en 'n "Sjinese gemenebes", gepoog om Mongolië onder Sjinese beheer te bring. 'n Ooreenkoms wat in 1912 tussen die USSR en Sjina gesluit is, het die Mongoolse nasionale aspirasies onderdruk. As gevolg van die ontnugtering met die ommekeer wat die USSR gemaak het, het die Mongole hulle politieke heil by Japan gaan soek, om maar net nog 'n keer mislei te word (Jagchid, 1973:47-48). Die Japanners wat ook as die bevryders van die Mongole geposeer het, het allerlei planne beraam om Mongolië, onder die dekmantel van "groter outonomie", in te val. Die uitbreek van die Sjinees-Japanse oorlog van 1937 het die Mongole die geleentheid gebied om groter outonomie te verkry. Hierdie ideaal was egter baie kortstondig van aard aangesien Sjina na afloop van die Tweede Wêreldoorlog weer daarin geslaag het om beheer oor 'n deel van Binne-Mongolië te verkry (Jagchid, 1973:55-57).

Uit die twee voorgaande voorbeelde blyk dit dat eksterne moondhede en regimes 'n beslissende invloed ten opsigte van die nasionale aspirasies van etniese eenhede kan uitoefen. In die geval van die Kurde was die Midde-Oosterse probleme nog altyd belangriker as die nasionale aspirasies van die Kurde geag. Die Kurde het wesentlik slagoffers van die

Pan-Arabierse politiek geword. Ten opsigte van Irak self het die moontlike verlening van politieke outonomie aan die Kurde belangrike ekonomiese im= plikasies. Die vrese bestaan dat indien die Kurde in Irak selfregering verkry, hulle eventueel met die oliebronne in hulle streek van Irak kan wegbreek. In die geval van die Mongole kan die internasionale magspolitiek van Sjina en die USSR en Japan duidelik onderskei word. Mongolië was die slagoffer van et= niese imperialisme.

Uit die aangehaalde voorbeelde blyk dit verder dat die meriete van die nasionale aspirasies van die etniese eenhede nooit werklik ernstig oorweeg is nie. Die belange van die omvattende inter-etniese sisteme en veral die belange van die maghebbers het in alle gevalle voorrang bo die nasionale aspirasies van die etniese eenhede geniet.

Dit blyk verder dat absolute mag 'n baie belangrike faktor vir die verwesenliking van nasionale aspira= sies is. Nòg die Kurde nòg die Mongole was fisies daartoe in staat om hulle beoogde nasionale aspira= sies af te dwing. Die skepping van die staat Israel is met behulp van die internasionale magsblokke, en veral die steun van die VSA verkry. Hiermee word eintlik net die feit gekonstateer dat die nasionale aspirasies van 'n etniese eenheid onderhewig is aan inter-etniese druk binne die breër inter-etnie= se sisteem.

As gevolg van die druk wat deur die breër inter-et= niese sisteem op die Kurde en die Mongole uitgeoefen is, is militante nasionalisme, eerder as 'n bevre= digende akkommodasie van etniese eenhede, bevorder. Die Kurde het hulle reeds vir 'n geruime tyd tot geweld gewend ten einde hulle nasionale aspirasies te probeer verwesenlik. Na analogie van die Pale= styne en ander etniese eenhede wat na die verkry= ging van 'n eie vaderland en politieke outonomie streef, (soos ook in die geval van die Baske), moet verwag word dat die Kurde hiermee sal voortgaan ten= sy hulle militêr absoluut verslaan word. Selfs dit sou slegs 'n tydelike "oplossing" wees. Wat die Mongole betref, is nòg 'n etniese eenheid wat nie met sy geo-politieke omstandighede tevrede is nie, by die USSR ingesluit. Dieselfde geld vir die Mon= gole wat onder Sjinese gesag staan.

Die woordvoerders van verskeie Ndebelestamme het by 'n hele aantal geleenthede aangevoer dat eksterne druk op die Ndebele uitgeoefen word. Dit is veral die Ndzundza wat dié druk intens beleef het.

## 2.8 <u>Etniese reaksies ten opsigte van nasionale eenheid</u>

Etniese diversiteit binne 'n gegewe staatsverband is potensieel daarvoor verantwoordelik dat die po= litiek-staatkundige verband vernietig word. Prins (1973:4) is van mening dat etnies-plurale state normaalweg en in wese wankelrige politieke eenhede

is. Die gebrek aan nasionale eenheid binne 'n staatsgemeenskap is die resultaat van gebrekkige geïntegreerdheid tussen die samestellende etniese eenhede. Nasionale eenheid vereis die verlegging van sosio-politieke lojaliteite vanaf die primordia= le verband na die nasieverband. Dit beteken nie noodwendig dat die primordiale lojaliteite vervang word deur nasionale lojaliteite nie - hoewel dit so geïnterpreteer kan word (Maritz, 1976:127).

Die graad van nasionale eenheid wat binne 'n gegewe staatsverband bestaan, is in verskeie komplekse his= toriese faktore te vinde. Benewens die gegewe ele= mente wat nasionale eenheid bevorder, bly dit die daaglikse taak van die politieke leiers om nasiona= le eenheid in sulke staatsverbande te bevorder in= dien die staatsverband aan stabiliteit wil wen.

Die verskillende grade van nasionale eenheid kan op 'n kontinuum voorgestel word. Aan die een uiterste kan imperiale staatsverbande geplaas word, terwyl die teoretiese volkstaat die ander uiterste en ook die mees gewenste vorm sou wees. 'n Imperiale ver= band bestaan uit die dominasie van een etniese een= heid d.m.v. sy politieke gesagsapparaat oor ander etniese eenhede. Omdat horisontale eenheid 'n orga= niese binding veronderstel, moet ten opsigte van im= periale verbande liewers van die gedwonge binding as van nasionale eenheid gepraat word. Die binding van sulke situasies is hoofsaaklik kunsmatig van

aard in die opsig dat die aggregaat onder andere deur middel van die regulering van gesag en mag deur die heersende etniese eenheid, ingebind word (Kuper, 1971:13). Wanneer die dominasie deur 'n bepaalde etniese eenheid relatief algemene konsensus by die ander etniese eenhede geniet, kan die binding van so 'n staatsbestel deels as integrasie beskryf word. Rwanda was 'n voorbeeld in die verband. In die meer=derheid van gevalle word 'n imperiale staatsverband egter deur 'n kunsmatige binding gekenmerk. Die be=houd en voortbestaan van die staatsbestel is ten nou=ste aan die uitoefening van regulerende gesag en mag deur die heerserseenheid, gekoppel. Die monopolise=ring van gesag en mag deur die Sarastam in Tsjaad; die Arabiere in die Soedan; die Russe in die USSR; die Serwe in Joegoslawië en die Hongare in Hongarye, is voorbeelde van hierdie tipe staatsverband.

Benewens die regulering van mag, kan 'n heersende etniese eenheid ook van ander hulptegnieke gebruik maak ten einde die binding te probeer versterk. Ge=dwonge assimilasie ten gunste van die kultuur van die heersersetnos, gaan van die veronderstelling uit dat die eliminering van etniese verskille die poten=siaal van etniese konflik sal uitskakel. In hierdie geval moet nasionale eenheid dan in nasionale een=dersheid resulteer. Die pogings tot die Arabisering van die Soedan (Anon, 1970(b):16-17); die Kastil=lianisering van Spanje (Connor, 1976:118); Hongari=sering van etniese minderhede in Hongarye (Van der

Plank, 1975:12) en die Russifisering van etniese eenhede in die USSR (Teresa Rakowska-Harmstone, 1976:157-162) getuig van hierdie benadering. Hierdie benadering tot die skepping van nasionale eenheid skyn egter hoogs kontraproduktief te wees.

Eenheid binne 'n etnies diverse staatsverband kan deur middel van intensionele eenheid nagestreef word. Intensionele eenheid veronderstel 'n algemene be= reidwilligheid by die samestellende eenhede om aan die beoogde gemeenskaplike ideaal te werk en die bestaande verskille te elimineer of te akkommodeer. Die skepping van Tjeggoslowakye as staatsverband was op 'n stadium intensioneel gemotiveer omdat die Tjegge én die Slowake gepoog het om die objektiewe verskille en geskille te minimaliseer en aangevoer het dat die Tjegge en die Slowake (na tien eeue se buurskap) eintlik maar een en dieselfde etniese een= heid sou wees. Intensionele eenheid is egter blykbaar nie voldoende vir die bereiking van nasionale een= heid indien dit nie oor 'n lang tydperk volgehou kan word nie. 'n Verandering in die inter-etniese milieu kan die intensionele eenheidstrewes egter aan skerwe laat spat - soos in die geval van Tjeggoslo= wakye (Zacek, 1971:202-203).

Die omstandighede en die redes vir die totstandko= ming van 'n bepaalde staatsverband is van kardinale belang ten opsigte van die verkryging van nasionale eenheid tussen die samestellende etniese eenhede.

Imperiale verbande kom gewoonlik deur middel van mi=litêre verowerings en dus teen die wil van die ver=owerdes, tot stand. Omdat die staatsbestel nie van die begin af deur konsensus van die samestellende eenhede gewil is nie, kan beswaarlik verwag word dat die staatsverband die lojaliteit van alle same=stellende etniese eenhede sal geniet. Die gemeen=skaplike stryd van die Rooms-Katolieke Wale en Vla=minge teen die Protestantse Nederlande, het onder andere tot die skepping van die staat België byge=dra. Die druk wat ten opsigte van die etniese kom=ponente in Switserland uitgeoefen is, was daarvoor verantwoordelik dat die Switserse staat tot stand gekom het. Gemeenskaplikheid van oogmerke en gemeen=skaplikheid van lotsverbondenheid kan dus tot die insluiting van verskillende etnieë en die skepping van 'n bepaalde staatsverband lei. Oor die algemeen word beide state (België en Switserland) as nasie=state getipeer. Dit wil sê dat die graad van nasio=nale eenheid binne die staatsverband en ten opsigte van die samestellende etniese komponente, relatief hoog is en oor 'n lang tydperk organies gegroei het. Die feit dat die ekonomies-leidende Vlaminge in België 'n steen des aanstoots vir die Wale is en die feit dat die Franse van die Jurastreek in Switser=land aansluiting by Frankryk gesoek het, toon eg=ter aan dat die graad van nasionale eenheid in die twee staatsverbande nie volmaak is nie. Die werklike krag van eenheid in Switserland is ook nog nie vante=vore getoets nie omdat Switserland tradisioneel 'n

neutraliteitsbeleid in die internasionale politiek handhaaf. Andersyds het ekonomiese ontwikkeling in sekere dele van Switserland daartoe begin lei dat etnies-homogene kantons al hoe meer etnies heterogeen begin raak. Afhangende van verdere ontwikkelinge kan dit krake in die eenheidsmuur veroorsaak (Connor, 1976:122-126).

Bostaande twee voorbeelde illustreer die punt dat al sou eenheid relatief organies gegroei het, verander= de omstandighede eenheid kan bedreig, en tweedens, dat integrasie op staatsvlak nie binne 'n kort tyds= bestek bereik kan word nie.

In teenstelling met die skepping van nasionale een= dersheid, kan die erkenning van etniese diversiteit en die verlening van lewensruimte aan die samestel= lende eenhede, nasionale eenheid bevorder. So 'n be= nadering dra eerder daartoe by dat 'n gunstige kli= maat vir vertroue en eenheid geskep word. Dit ver= eis egter staatsmanskap en 'n billike regering. Die teendeel hiervan is geforseerde kunsmatige eenheid en die miskenning van etniese eenhede soos in Frankryk voor 1945 (Connor, 1976:119-120). Die feit dat die erkenning van verskillende etniese eenhede, hulle taal-, kulturele, religieuse en politieke reg= te, nie noodwendig as die teenpool van nasionale eenheid beskou kan word nie, is nie in alle gevalle besef nie. In gevalle waar dit wel besef is maar nie toegepas is nie, bestaan die politieke "gevaar"

daarin dat die bestaande staatsverband kan verbrok=kel indien algemene kulturele en politieke regte aan sulke eenhede verleen sou word. Die gevolg is dat etniese erkenning en regionale outonomie dan as die begin van balkanisering vertolk word. Balka=nisering is byvoorbeeld een van die polities en ideologies mees gelaaide begrippe in Afrika. Vanuit ideologiese kant besien, word balkanisering per de=finisie as die verbreking van 'n (gewaande) eenheid beskou. Hierdie benadering is deur KADU en KANU ten opsigte van die Somalies in die Noor=delike Grensdistrik van Kenia (Castagno, 1964:173-184); ten opsigte van die Amba en Konjo in Uganda na onafhanklikheid (Doornbos, 1970:1114-1117) en ten opsigte van etniese minderhede in Italië (Connor, 1976:129), gevolg. Hierdie is maar enkele losstaande voorbeelde.

Indien daar tussen die samestellende etniese een=hede van 'n staatsverband verskil van mening bestaan oor wie die ware verteenwoordigers van die nasiever=band en -lojaliteit is, kan dit tot die verdere ver=brokkeling van nasionale eenheid lei. Die blote feit dat 'n bepaalde etniese eenheid homself as die ware verteenwoordiger van 'n gegewe nasieverband sien, impliseer reeds 'n poging tot monopolisering van die staatsverband. Gevolglik moet verwag word dat dit 'n afstotende effek ten opsigte van die ander etniese eenhede sal hê. Die Hausa-Fulani wat 'n bevoorregte posisie onder Britse bewind in Nigerië gehad het,

het hulle na onafhanklikheid as die ware verteen= woordigers van die Nigeriese nasieverband beskou. Daarenteen het die Ibo die Hausa-Fulani van parti= kularisme en "tribalisme" beskuldig en hulleself as dié ware verteenwoordigers van die Nigeriese nasie= verband voorgedoen. As gevolg van die konflik tus= sen die Hausa-Fulani en die Ibo, het die sesessie van die Ibo die eenheid van die Nigeriese staatsver= band fisies geskaad en getoon hoe gebrekkig eenheid werklik was (Hunt & Walker, 1974:283-285; Anon, 1970(a):16-17). In die geval van Nigerië en ander state wat met sesessionistiese etniese eenhede op= gesaal is, word die soewereiniteit en die integri= teit van die staat as 'n oorkoepelende dekmantel vir die behoud van nasionale eenheid - selfs ten alle koste - gebruik.

Wesentlik kan nasionale eenheid op horisontale vlak teruggevoer word na die bereidheid van die samestel= lende etniese eenhede om mekaar wedersyds te aanvaar en wedersyds aanvaar te word. Dit vereis egter dat daar 'n historiese kontinuïteit, historiese en et= niese gemeenskaplikhede, gemeenskaplikheid van oog= merke, billike regering, voldoende sekuriteit vir die bestaan van elke eenheid en vryheid van domi= nasie deur 'n ander etniese eenheid, relatiewe ge= lykheid van status, inkomste en toegang tot bronne, moet wees. Hierbenewens moet die etno-kulturele verskille en die relatiewe beskawingspeilverskille tussen die samestellende etniese eenhede nie te

groot en onoorbrugbaar wees nie. Eksterne drukfak=tore kan die omstandighede vir die bevordering van nasionale eenheid skep, maar hoef nie nasionale een=heid noodwendig self daar te stel nie. Hierbenewens kan 'n enkele faktor nie noodwendig tot die verkry=ging van nasionale eenheid bydra nie. Eenheidskep=ping in staatsverband is enersyds 'n langtermynpro=ses en andersyds is dit 'n gekompliseerde proses.

Laastens is dit belangrik om daarop te let dat ver=anderde omstandighede binne 'n bepaalde staatsver=band, maklik tot regressie van nasionale eenheid kan bydra. Die verval van eksterne druk kan tot die verhoging van inter-etniese druk lei. Dit kan daartoe lei dat 'n bepaalde graad van nasionale eenheid vernietig of ernstig geskaad kan word.

Die regerings van Bophuthatswana en Lebowa is beide teen die wegbreking van Ndebelestamme gekant hoewel die regering van Bophuthatswana die Kekana van Majaneng voor 'n "keuse" gestel het. Beide regerings slaan die skepping van nasionale eenheid hoog aan. Van die Ndebelestamme binne die twee staatsverbande vertolk die beleid as druk wat op hulle uitgeoefen word.

## 3.0 Etniese fokuspunte

Soos vroeër aangetoon, val die klem van die studie hoofsaaklik op die dinamiese fasette van etniese

eenhede. In hoofstuk twee is 'n uiteensetting van 'n aantal "statiese" kenmerke van etniese eenhede gegee. Dit is opgevolg met die voorgaande opmerkings oor inter-etniese druk en die reaksies van etniese eenhede op die druk. Dit is vervolgens die oogmerk om die "statiese" kenmerke wat in hoofstuk twee bespreek is, teen die agtergrond van inter-etniese dinamika te interpreteer en te illustreer. Slegs een faset wat in hoofstuk twee behandel is, naamlik die politieke organisasie van etniese eenhede, word eers in die laaste gedeelte van hierdie hoofstuk behan= del. Skrywer is van mening dat dié faset beter on= der die derde subafdeling van hierdie hoofstuk tuis= hoort.

Soos aan die begin van hierdie hoofstuk aangetoon, word sekere etniese simbole na gelang van die om= standighede wat binne 'n inter-etniese milieu heers en na gelang van die aard van die druk wat uitge= oefen word, beklemtoon. Die reaksie van etniese eenhede op druk wat uitgeoefen word, is wesentlik niks anders as die oplewing van nasionalisme nie. Die oplewing van nasionalisme gaan met die beklem= toning van sekere etniese simbole, wat dan situa= tief bepaal is, gepaard.

### 3.1 Taal

Dit is 'n baie algmene verskynsel dat inter-etnie= se sisteme deur die teenwoordigheid van 'n verkeers=

taal gekenmerk word. Dit kan opsigself belangrike invloede ten opsigte van die "taalkundige kenmer= ke" van etniese eenhede hê. Die ontstaan van 'n verkeerstaal kan onder andere na die volgende drie faktore teruggevoer word, naamlik:

### 3.1.1 Imperiale erflatings

Die skepping van 'n imperium veroorsaak dat die taal van die politiek-dominante etniese eenheid tot geldende waarde gemaak word met die oog op die uit= oefening van beheer oor die ander etniese eenhede. Die dominante etniese eenheid hoef egter nie 'n nu= meriese meerderheid te wees alvorens sy taal as al= gemene verkeerstaal aanvaar word nie. Dit wil eer= der voorkom dat politieke dominansie en etniese en kulturele prestige vir die ontstaan van 'n verkeers= taal verantwoordelik is. In Suid-Afrika word Engels bv. toenemend deur die Swartmense gebruik as 'n teken van prestige, terwyl Afrikaans die taal van die dominante etniese eenheid is. Dit wil voorkom asof daar selfs 'n weerstand teen die gebruik van Afrikaans is - waarskynlik ook omdat dit as die taal van die "onderdrukker" bestempel word. Ander= syds is Engels 'n erkende wêreldtaal terwyl dit nie van Afrikaans gesê kan word nie.

### 3.1.2 Leidende etniese eenhede

Dit is veral in die geval van ekonomies-leidende

etniese eenhede dat hulle taal as 'n algemene ver=keerstaal tot stand kom. Die rede hiervoor is een=voudig daarin geleë dat 'n kennis van die taal van die ekonomies-leidende etniese eenheid van groot be=lang is vir die verkryging van werksgeleenthede en die verdien van 'n leeftog. Met ander woorde, die bronnevoordele en die beter benutting van bronne waaroor die leidende etniese eenheid beskik, is be=vorderlik vir die ontstaan van 'n verkeerstaal. Dit is opvallend dat dit die onderhorige en/of nie-lei=dende etniese eenhede is wat die taal van die lei=dende en/of dominante etniese eenhede in so 'n in=ter-etniese sisteem aanleer en nie andersom nie.

3.1.3 Periferale en sentrale ligging

Laastens kan dit gestel word dat die etniese eenhede en/of lede van etniese eenhede wat nader aan die sentrum van die leidende en/of dominante etniese eenheid woon, eerder geneig is om 'n tweetaligheids=sisteem te ontwikkel as die wat verderliggend is. Bogenoemde ontwikkeling berus bloot op die effek wat inter-etniese kontak en akkulturasie het.

Die druk wat op 'n etniese eenheid binne 'n gegewe inter-etniese sisteem uitgeoefen kan word, kan tot 'n hele aantal reaksies op taalkundige gebied lei. Shibutani & Kwan (1965:446) wys daarop dat etniese eenhede hulle taal as 'n hoeksteen van hulle etniese identiteit ervaar. Enige druk wat op die taal van

'n bepaalde etniese eenheid uitgeoefen word, word dus as 'n aanval op die etniese eenheid self ervaar. Dit kan dus gebeur dat taalverskille, wat aanvanklik in 'n gegewe inter-etniese sisteem nie veel promi= nensie ontvang het nie, dié fokuspunt van inter-et= niese konflik kan word.

Elizabeth Colson (1967:204) verwys in die verband na die voorbeeld van 'n groep skoolseuns in Zambië wat vanaf hulle plaaslike gebied na 'n sekondêre onderwysinrigting in 'n ander gebied verhuis het. As gevolg van die veranderde inter-etniese milieu waarin hulle geplaas is, het hulle skielik van hul= le moedertaal en kulturele identiteit bewus geword.

Dit is 'n bekende verskynsel dat etniese eenhede op die amptelike erkenning van hulle taal aandring. Hoe= wel die Belgiese konstitusie van 1831 gelyke taal= regte aan die Wale en Vlaminge verleen het, was Frans die enigste amptelike taal. Dié toedrag van sake het inter-etniese druk veroorsaak. Die ge= volglike inter-etniese stryd het dus die vorm van 'n taalstryd aangeneem totdat Vlaams in 1832 as tweede amptelike taal erken is (Hunt & Walker, 1974: 25-29). Sommige Baskiese nasionaliste in Spanje dring op die amptelike erkenning van Euskera aan. Omdat Euskera 'n unieke taal in die geledere van die Europese tale is, beklemtoon dit ook die uniek= heid van die Baskiese identiteit en "... reinforced their identity as a national group" (Da Silva,

1977:100). Insgelyks het die Finne, wat deur die Swede oorheers is, besef dat hulle hulle regmatige politieke uitlewing eers kan bereik wanneer Fins, die spreektaal, as amptelike taal erken is. In teen= stelling met die benadering van die Svecomane, wat tweetaligheid bepleit het, het die Fennomane op die amptelike erkenning van slegs Fins aangedring. Nadat Fins sy regmatige plek verkry en selfs dominant ge= raak het, het die taalstryd in die sand verloop (Jutikkala, 1976:57-62). Vir die Franse wat tradi= sioneel kultureel trots is, het die dominante posi= sie van Engels in Kanada 'n ernstige psigologiese terugslag ingehou. Die Franse het 'n minderwaardig= heidsgevoel ten opsigte van die ekonomies en poli= tieke dominante Engelssprekendes in Kanada gehad. Die gevolg was dat die Franse ook gepoog het om hier= die toedrag van sake deur middel van die amptelike erkenning van hulle taal reg te stel. Dit blyk egter dat die Franse nie met die amptelike erkenning van Frans alleen tevrede is nie. Die feit dat die im= migrante wat in Kanada aankom hulle eerder tot Engels wend, bly steeds 'n doring in die vlees van die Fran= se nasionaliste (Morf, 1976:86).

Die taal van 'n etniese eenheid is 'n belangrike bindmiddel vir die etniese korpus. Dit word ook deur die Griekse onafhanklikheidstryd teen die Ottomane geïllustreer. Die Griekse nasionalis, Koraes, het die Griekse taal as die "... most inalienable pos= session of the ethnos" en as "... virtually its

synonym" beskryf (Xydis, 1971:212-214; 230). Ten einde die politieke konsolidasie van alle Griekse gebiede te bewerkstellig, maar ook waar dit geblyk het dat die taaltoets nie die gewenste resultate sou hê nie, soos bv. in Epirus, is eerder van historiese as taalargumente gebruik gemaak ten ein= de hulle aansprake op die gebiede te bevestig (Xydis, 1971:242-245).

Die opkoms van die Bulgaarse nasionalisme (ten ein= de politieke onafhanklikheid van die Turke te ver= kry), het ook met die beklemtoning van die alge= mene volkstaal gepaard gegaan. Op 'n latere stadium van die Bulgaarse nasionalisme is Bulgaars deur die Bulgaarse geestelikes as 'n teenvoeter vir verdere Hellenisering gebruik (Pundeff, 1971:95,98). Die= selfde het by die Tjegge gebeur toe hulle hulle teen verDuitsing en Hongarisering verset het. Bin= ne hierdie inter-etniese sisteem is Tjeggies bv. as die taal van die "laer klasse" getipeer (Zacek, 1971:172).

Die opkoms van die Slowaakse nasionalisme as ant= woord op Tjeggiese en latere Hongaarse oorheersing, staan in dieselfde teken. Hoewel Tjeggies en Slo= waaks redelik na aan mekaar is, het die Slowake steeds sterker op die uniekheid van Slowaaks aan= gedring. Die reaksie van die Tjegge op hierdie ont= wikkeling was die van suspisie omdat hulle dit as die begin van Slowaakse separatisme beleef het

(Zacek, 1971:186-189). Die gevolg was dat die Tjegge groter druk op die Slowake geplaas het.

Soos in die geval van die genoemde etniese eenhede, het die opkoms van die Poolse nasionalisme, ten einde 'n verenigde Poolse staat daar te stel, met die beklemtoning van Pools as taal gepaard gegaan. Die beklemtoning van Pools was bedoel as 'n onder= skeidingsteken tussen die Pole en nie-Pole en om die etniese identiteit van die Pole te beklemtoon. In die streke soos Opper-Silesië, Teschen-Silesië en Oos-Pruise, waar die Pole 'n numeriese minder= heid was, is faktore soos taal en religie baie sterker beklemtoon as in die streke waar die Pole 'n meerderheid was (Brock, 1971:310, 315).

Die siening wat Kemal Ataturk ten opsigte van die Kurde gehad het, beklemtoon 'n ander belangrike fa= set van die inter-etniese milieu. Kemal Ataturk het die Kurde en gevolglik ook die Kurdiese aspirasies, soos die erkenning van hulle taal en die skepping van 'n eie Kurdiese staat, polities so gedefinieer dat hulle nie as 'n afsonderlike etniese eenheid beskou is nie. Hy het verklaar dat die Kurde eint= lik Bergturke is wat hulle oorspronklike taal ver= geet het (Benjamin, 1977:82-84). So 'n definisie van 'n etniese eenheid verhoog inter-etniese span= ning en die etniese bewussyn van die gedefinieerde etniese eenheid.

Verhoogde inter-etniese druk kan daartoe lei dat argaïese tale en tale wat besig was om in onbruik te verval, weer herleef. Hierdie tale word dan weer opgediep en aangeleer ten einde die historiese et= niese eiesoortigheid van 'n bepaalde groep of groepe te beklemtoon. Dit beteken dat linguistiese assimi= lasie wat reeds ver gevorder het, in trurat gegooi kan word.

Volgens Blasco (1974:363-366) het die Baskiese na= sionaliste in Spanje met 'n relatief stagnante Bas= kiese taal en kultuur te make. Hoewel Euskera nog onder die Baske gepraat word, is dit besig om veld teenoor Spaans te verloor. Hierdie feit word egter nie geredelik deur die Baskiese nasionaliste aanvaar nie en hulle poog om Baskies weer as die algemene spreek- en skryftaal van alle Baske te bevorder. Uiteraard druis die stap direk teen die eenheid= strewes van die Spaanse staat in en is dit 'n ope vraag of die Baskiese nasionaliste die bestaande proses kan en gaan omkeer.

Die herlewing van Occitaans bied ook 'n interessan= te voorbeeld. Occitaans is 'n lokale spreektaal wat as gevolg van die dominante posisie van Frans in dié inter-etniese sisteem besig was om onder te gaan. Occitaans is bv. ook as 'n "bediendetaal" be= skryf. As gevolg van 'n nasionalistiese herlewing onder die Occitaniërs, het Occitaans 'n statustaal geword en is dit van sy voormalige minderwaardig=

heid losgemaak. Selfs die algemene gebruik van Occitaans het geslaag en Occitaniërs beleef dit tans as 'n vorm van etniese trots dat hulle, nieteenstaan= de en juis ook as gevolg van die dominante posisie van Frans, Occitaans besig en daarin slaag om werks= geleenthede binne die inter-etniese sisteem te ver= kry (Surpas, 1972:45-46). Jutikkala (1976:57-59) wys in dié verband daarop dat die opkoms van die Finse nasionalisme teen Sweedse oorheersing veroor= saak het dat die geleerdes en persone van hoë af= koms, wat Sweeds gebesig het, van vooraf Fins be= gin aanleer het. Mary Shepharson (1977:237) ver= klaar dat die Navajo-Indiane, wat hulle tans as 'n minderheid binne die dominante Amerikaanse inter-et= niese sisteem bevind, 'n herlewing van hulle tradi= sionele taal beleef. "Increased use of the Navajo language and more frequent participation in Navajo songs is part of a desire to recapture a past iden= tity that is gradually eroding under the pressures of changing times".

Laastens kan daarop gewys word dat die nasionale bewegings van die 19de eeu in Europa deur die her= lewing van lokale spreektale en die verheffing daar= van tot algemene volks- en kerktaal, gekenmerk is. Die Hervorming is bv. deur die vertaling van die By= bel in verskeie nasionale of volkstale gekenmerk.

Uit die voorgaande blyk dit dus dat die taal van etniese eenhede een van die belangrike fokuspunte

van inter-etniese spanning binne gegewe inter-et= niese milieus kan wees. Die bestaan van 'n taalstryd, soos in België en Kanada, is egter baie meer as net 'n taalstryd. In wese is dit 'n inter-etniese stryd waarin taal as 'n fokuspunt van en vir nasionale aspirasies gebruik word. Andersyds word die taal van 'n etniese eenheid, as gevolg van die spesifieke drukfaktore wat teenwoordig is, beklemtoon en as 'n simbool van etniese identiteit en aspirasies uitgelig.

In die onderstaande sal aangetoon word dat die Ndzund= za op die handhawing van Isikhethu aangedring het. Dieselfde het vir die Manala gegeld terwyl die Kekana van Majaneng nie sonder meer bereid was om Tswana as medium van onderrig in Bophuthatswana te aanvaar nie.

## 3.2 Religie

In hoofstuk twee is daarop gewys dat 'n gemeenskap= like religie een van 'n aantal bindingskragte van die etniese korpus kan wees. As gevolg van hierdie feit is dit dus nie so eienaardig dat religie met nasionale aspirasies verband hou nie. Soos in die geval van taal, kan die gemeenskaplike religie en religieuse instellings van 'n etniese eenheid as simbole van etniese identiteit aangewend word. Prinsipieel gesproke bied dit natuurlik die ge= vaar dat die kerk wesentlik 'n handlanger of werk= tuig van nasionale oogmerke word. In plaas daar=

van dat 'n Christelik-nasionale beskouing gehand=haaf word, kan dié orde omgekeer word. Dit het ook in meer as een geval geblyk dat dit die kerk en kerklike instellings was wat die nasionale aspira=sies van etniese eenhede gedra en bevorder het.

Die Griekse Patriargaat het namens die Bulgare by die heersende Turke as mondstuk opgetree. Hierdie toe=drag van sake is deur die Bulgare as 'n vorm van kerklike oorheersing ervaar. Die pogings van die Bulgare om hulle van die gesag van die Griekse Patriargaat los te maak, was dan ook niks anders nie as 'n beweging om politieke en religieuse eman=sipasie (Pundeff, 1971:112-117). Die Slowake het hulle vir 'n soortgelyke oogmerk beywer en in 973 nC daarin geslaag om 'n eie biskopdom en in 1344 'n eie aartsbiskopdam van die Duitse owerhede te verkry (Zacek, 1971:171). Albaniese nasionalisme was weer op sy beurt teen die invloed en die druk van die Griekse Ortodokse Kerk in Albanië gemik. Met an=der woorde, die invloed van die Griekse Ortodokse Kerk is as politieke druk vertolk (Zavalani, 1971: 85). Die Grieke het byvoorbeeld, soos die Moslems, hulle nasionale onafhanklikheidstryd teen die Otto=mane as 'n heilige oorlog beskou (Xydis, 1971:234-245).

Die verband wat daar tussen nasionale bewegings en religie bestaan, is in 1972 spesiaal deur Pravda aangeraak. Die feit dat die Russe die religieë van

die onderskeie etniese eenhede as 'n belangrike in=valspoort vir assimilasie en etniese manipulasie aangegryp het, is aanduidend van die belang van religie in die bestaan van etniese eenhede (Teresa Rakowska-Harmstone, 1976:160). Die belang van religie in nasionale onafhanklikheidsoorloë is 'n historiese feit en is bv. part en deel van die Joodse geskiedenis (Ethel Dunn, 1973:55; Possony, 1975(b):29; Connor, 1976;41). Dieselfde het in Ma=leisië (Van der Kroef, 1976:5); die USSR (Teresa Ra=kowska-Harmstone, 1976:160); in Indonesië (Van der Kroef, 1976:5); in Ethiopië en Somalië (Anon, 1970(a):15-16); by die Baske (Blasco, 1974:353-354); die Litoue (Teresa Rakowska-Harmstone, 1976:160); die Pole (Brock, 1971:360); die Kroate (Stavrou, 1971:143); by die Walliesers (Corrado, 1977:139); by die Jode in Spanje (Possony, 1975(b):47); by die Georgiërs (Possony, 1975(b):47), en andere plaasge=vind.

Die Hongare het bv. hulle oordrewe en subjektief-ge=definieerde etniese grootsheid en missie ten opsigte van ander etniese eenhede op hulle "historiese roe=ping" ter verdediging van die Christendom, gebaseer. Dieselfde tendens waar godsdiens tot volksdiens ge=maak is, is by die Portugese, Spanjaarde en die Mos=lems aangetref. Die Hongaarse Kreet is miskien een van die duidelikste voorbeelde in dié verband. Die Hongaarse Kreet is 'n parodie op die Geloofsbely=denis en lui soos volg:

"I believe in one God
I believe in one fatherland
I believe in one divine Truth
I believe in the resurrection of Hungary. Amen" (Barany, 1971:287-288, 290-291).

Binne die inter-etniese sisteem in Sentraal-Asië het die etniese eenhede wat die Islam aanhang, dit as 'n gemeenskaplike bindmiddel gebruik om hulle van die Russe en Russiese invloede af te grens (Teresa Rakowska-Harmstone, 1976:160).

Die Baskiese Nasionale Party wat sedert 1948 in Spanje werksaam is, het die Baskiese nasionalisme op twee pilare laat rus, naamlik dié van die Rooms-Katolisisme en rassiese afkoms (Blasco, 1974:353-354). Die blyke van Walliese nasionalisme in Groot Brittanje het tekens van verset teen die heersende invloed van die Anglikaanse staatskerk getoon (Corrado, 1977:139).

Die aantal voorbeelde kan bykans onbeperk uitgebrei word. Bostaande is egter voldoende om die stelling te illustreer dat religie en religieuse instellings van kardinale belang in 'n gegewe inter-etniese sis=teem kan wees. Konflik in lande soos Ierland, Liba=non en in die Soedan, is tekenend van die intense spanning wat deur religieuse verskille na vore gebring kan word. Dit wil voorkom asof godsdiens=verskille een van die gevaarlikste verskille is binne inter-etniese sisteme. Omdat religie dogma

veronderstel, bestaan daar baie min ruimte vir ver=soening. Die tagtigjarige oorlog tussen Spanje en die Protestantse Nederlande is sprekend van die duur van sulke konflikte. In die verband kan daar ook na die assimilasiebeleid van Sisebut, die Visigo=teregeerder van Spanje, verwys word. Die Jode in Spanje is eenvoudig verplig om òf religieus bekeer te raak òf verbanning te aanvaar (Possony, 1975(b): 47). In die geval van die Islamitiese verowerings=togte is daar met die swaard bekeer.

Godsdiensverskille is nie 'n belangrike verdelings=faktor tussen die Ndebelestamme nie maar die geloof in die voorvadergeeste bind die Ndebelestamme aan bepaalde grondgebiede waarvan hulle nie vrywillig afstand sal doen nie.

3.3 <u>Rassiese afkoms en herkoms van etniese eenhede</u>

Die mites en werklikhede van rassiese afkoms en etniese herkoms van eenhede word dikwels beklemtoon ten einde historiese en biologiese gronde vir die aansprake op politieke outonomie te versterk. Die intensionele vertolking van hierdie aspekte is veral van belang. Die Tjeggiese nasionalisme (Zacek, 1971:168-169); Griekse nasionalisme (Xydis, 1971:207-211); Baskiese nasionalisme (Greenwood, 1977:81-102); Joodse nasionalisme (Barron, 1967: 31); Finse nasionalisme (Jutikkala, 1976:59) in die gevalle van die Dinka (Francis, 1976:7, 39) die Tut=

si in Rwanda (Coetzee, 1976:4-6), en andere, be=
vat almal hierdie element.

Die aksent op rassiese afkoms en suiwerheid van bloedlyn en die verband wat dit met die stryd ter behoud of verkryging van politieke onafhanklikheid het, is veral sprekend in die geval van die Baske. Beide die Baske en die Grieke het die klem ook op rassiese afkoms en -suiwerheid geplaas ten einde die grootsheid van die etniese eenheid, die historiese gewig daarvan en die aansprake op politieke outono= mie, te versterk. In Rwanda het die Tutsi rassiese af= koms as absolute maatstaf vir die alleenreg ten opsig= te van die uitoefening van gesag verhef (Lemarchand, 1966:312). Dit impliseer dat geen ander groep op hier= die reg kan aanspraak maak tensy dat bewys gelewer kan word dat hulle aan hierdie absolute maatstaf voldoen nie. In Suid-Afrika het hierdie faktor (oor 'n lang tydperk) 'n belangrike rol gespeel. In die geval van die Baske in die gebiede van Vizcaya, Guipuzcoa en de= le van Navarre en Alava, het die suiwerheid van afkoms enersyds as 'n maatstaf vir etniese groepstatus en an= dersyds as 'n faset van Baskiese etnisiteit (identi= teit) gedien. Omdat Spanje vir sewe eeue deur die More oorheers is, kon die suiwerheid van die bloedlyn (limpieza de sangre) in die res van Span= je, waar vermenging met die More plaasgevind het, alleen deur middel van uitgebreide en ingewikkelde genealogiese ondersoeke en toetse vasgestel word. Dié wat gekwalifiseer het, is as adellikes beskou en het die voorregte van die adelstand geniet. Om=

dat die Baske in die genoemde streke nie onder Moorse gesag gestaan het nie en omdat die Baske as die grensbewakers teen moontlike invalle ge= bruik is, is hierdie status per definisie aan die Baske van dié streke verleen. Dit het beteken dat die Baske as 'n afsonderlike groep beskou is en dat hulle 'n amptelike reg op outonomie in Spanje opgeëis het (Greenwood, 1977:86-100). Die Baske het hierdie argument vir baie eeue in Spanje met sukses as die grondnorm vir die behoud van hulle regionale outonomie aangevoer.

Die manipulasie van 'n faktor soos gemeenskaplike rassiese afkoms, is onder andere by die Tjegge en Slowake te vinde. As gevolg van gemeenskaplike druk van buite en die totstandkoming van die Tjeggoslowaakse staat, is die verskille tussen die Tjegge en die Slowake, ook wat afkoms betref, op= setlik geminimaliseer en selfs geïgnoreer (Zacek, 1971:190-191).

Die beklemtoning van beweerde gemeenskaplike afkoms= weergawes hang van die druk wat in 'n bepaalde inter-etniese sisteem teenwoordig is, af. Dit is bv. vir die Baske van belang dat hulle die klem op rassiese suiwerheid moet plaas ten einde te be= wys dat die Baske nie reeds verSpaans het nie. In= dien laasgenoemde die geval sou wees, sou die Baske nie met reg op regionale outonomie kon aanspraak maak nie. Dit is dus 'n bekende verskynsel dat selfs

etniese eenhede wat van mekaar verskil, sekere be=weerde en mitiese gemeenskaplikhede kan beklemtoon ten einde 'n gemeenskaplike doel te bereik. Ander=syds kan die klem weer op minder belangrike verskil=le geplaas word ten einde bewys van 'n eiesoortig=heid te lewer. Die Swartbewussynsbeweging in Suid-Afrika staan in die teken van die beklemtoning van beweerde gemeenskaplikhede - in weerwil van die duidelike en objektiewe verskille wat tussen et=niese eenhede bestaan (Kotzé, 1974:49).

Die beklemtoning van 'n beweerde gemeenskaplike af=koms van die Ndebelestamme staan in dieselfde teken en sal in latere hoofstukke aangedui word.

3.4 Kultuur

Pogings van etniese eenhede om nasionale onafhank=likheid te verkry (soos etniese eenhede wat onder druk verkeer), is geneig om hulle algemene kultuur=waardes te beklemtoon - soos in die geval van taal, religie en geskiedenis. Hierdie verskynsel is baie algemeen en word onder andere by die Bulgare (Pundeff, 1971:98); die Tjegge (Zacek, 1971:177); die Grieke (Xydis, 1971:245-247); die Indiane (Van Zantwijk, 1976:97); die Baske (Da Silva, 1977:113); die Walliesers, (Corrado, 1977:134, 178); in die USSR (Teresa Rakowska-Harmstone, 1976:151-152); in Liberië (Alers, 1973:60-61; in Indonesië (Aschinsky, 1975:19) en vele ander etniese eenhede

aangetref.

Die beklemtoning van die algemene kulturele waardes van etniese eenhede neem veelal die vorm van 'n kul= turele renaissance aan waardeur die bekende kultu= rele waardes opnuut waardeer en aangeprys word. Selfs dié aspekte van die kultuur wat bykans in onbruik verval het, word opnuut opgediep, waardeer en beoefen - soos bv. ou volksliedere. In die proses word die grootsheid (werklik en/of vermeend), van die eie kultuur beklemtoon. In die verband was die Bulgaarse nasionalisme op die teenwerking van die Helleense invloede gemik (Pundeff, 1971:98). In 1829 het die Bulgaar, Venelin, probeer bewys dat Bulgarye die eintlike bakermat van die Slawiese beskawings sou wees (Pundeff, 1971:106-107). Hier= deur is gepoog om die leidende rol van die Bul= gaarse kulturele ontwikkeling ten opsigte van alle ander Slawiese beskawings aan te dui. Die Grieke het dieselfde gedoen toe dit geblyk het dat hulle nie daarin gaan slaag om alle Griekse gebiede of gebiede waarop die Grieke aanspraak gemaak het, te verenig nie. Die klem is op die histories-be= gronde grootsheid van die Griekse kultuur en be= skawing geplaas (Xydis, 1971:245-247).

Die beklemtoning van die eie kultuurwaardes hang in die meeste gevalle met die selfbeeld van 'n et= niese eenheid saam. Omdat daar bv. geen neutrale en objektiewe maatstaf is waarteen 'n kultuur ge= meet kan word nie, is die evaluering van die eie

kultuurwaardes uiteraard subjektief en word daar gewoonlik aangevoer dat die eie kultuur baie beter en verder ontwikkeld is as die van 'n ander etniese eenheid. Die verskynsel lei veelal tot wat as kul= turele meerderwaardigheid bestempel word. Dit was ook die geval met die Hongare. As gevolg van hul= le superieure beskouing aangaande hulle eie kul= tuur, was hulle telkens daartoe verlei om kultu= rele druk op die ander etniese eenhede in Honga= rye te plaas. Die reaksie hierop was gewoonlik presies die teenoorgestelde as dit waarop die Hon= gare gehoop het (Barany, 1971:264-266). Dieselfde kan ten opsigte van die Angliseringsbeleid van Milner in Suid-Afrika aangestip word. Pogings van etniese eenhede om hulle kulturele waardes op an= der af te druk, skep 'n drukkende inter-etniese milieu. Die Franse in Kanada beleef tans so 'n si= tuasie. Die Franse wat self bekend is vir hulle kulturele meerderwaardigheid, moes onder die druk van die Engelssprekendes in Kanada swig (Morf, 1976:86).

Die assimilasiebeleidsrigtings van die Franse in Afrika het in die jongste verlede tot die herwaar= dering van die inheemse kulture van Afrika gelei. Onder aanvoering van Leopold Sèdar Senghor van Senegal is die inherente waardes van die sg. Afri= kakultuur - asof daar net een homogene kultuur in Afrika is - hoog aangeskryf. Binne die filosofie= se raamwerk van Afrikasosialisme, soos deur

Senghor verwoord, word gepoog om dié kulturele kenmerke van Afrika as uniek naas die van die Oos= terse en die Westerse kulture te beklemtoon (Pot= gieter, 1977:65). As gevolg van die Franse assi= milasiebeleid en die besef wat daar by intellek= tueles en digters ontstaan het, nl. dat hulle in wese afstand van hulle eie kulturele waardes ten gunste van Westerse waardes gedoen het, het her= waarderingsbewegings soos Nègritude, African Personality, Black is Beautiful en Mobutuïsme, na vore gekom. Al hierdie bewegings poog om die eie (inheemse) opnuut te waardeer en te beklem= toon. Dieselfde het met die ontstaan van die In= dianiste-beweging as teenvoeter vir die Hispanis= ta-beweging onder Indiane en Mexiko plaasgevind (Van Zantwijk, 1976:97).

In die geval van die oorsese Sjinese in Indonesië het die verhoogde druk wat op hulle uitgeoefen is veroorsaak dat die Sjinese kultureel meer eksklu= sief begin raak en hulle al hoe meer hul kulture= le bande met Sjina versterk het (Aschinsky, 1975: 19). Hunt & Walker noem dieselfde verskynsel ten opsigte van die oorsese Sjinese op die Filippynse eilande (Hunt & Walker, 1974:104).

Soos met religie en taal, is die herbeklemtoning van die eie kulturele waardes daarop gemik om die eiesoortigheid van etniese eenhede wat onder druk verkeer, te onderstreep. Dit word dus as 'n on=

derskeidingsteken ten opsigte van ander etniese eenhede en hulle kulture gebruik en is bedoel om 'n gevoel van eie waarde aan so 'n groep te ver= leen.

Die beklemtoning van die kultuureie het 'n belang= rike faset van die nasionale strewes van die Suid-Ndebele - veral die Ndzundza - gevorm.

3.5 Vaderland en patriotisme

Soos in hoofstuk twee aangetoon, is 'n etniese een= heid baie nou met sy vaderland verknoop. 'n Vader= land word daarom ook subjektief geëvalueer. Die subjektiewe waarde wat 'n vaderland vir 'n bepaalde etniese eenheid het, word deur die vaderlandslief= de, bekend as patriotisme, beklemtoon. Etniese een= hede is bereid om vir die behoud van 'n vaderland te veg - selfs al sou die objektiewe waarde van die bepaalde "gebied" nie bloedvergieting regver= dig nie. Woestynbewoners is net so geheg aan hul= le vaderlande as wat etniese eenhede wat "beter gebiede" bewoon, aan hulle vaderlande geheg is.

In die verband is die besit van 'n gemeenskaplike vaderland een van die sterkste bindingsfaktore vir etniese eenhede. Andersyds is die liefde vir 'n gemeenskaplike vaderland weer 'n uiters verde= lende faktor tussen etniese eenhede - soos in die geval van Ciprus. Hoe dit ookal sy, volk en vader=

land is wesentlik twee kante van dieselfde munt. Daarom vorm patriotisme 'n belangrike bousteen van nasionalisme.

In die praktyk bestaan daar egter 'n legio aantal voorbeelde waar etniese- en vaderlandsgrense, as gevolg van staatskepping, nie samevallend is nie of waar etniese eenhede nie meer op hulle histo= riese vaderlande woonagtig is nie. In beide geval= le skep die situasies ernstige probleme. As ge= volg van migrasies, magspolitiek, oorlogsomstan= dighede, ensovoorts, is dit 'n redelike algemene verskynsel dat etniese eenhede van gedeeltes van hulle vaderlande moes afstand doen (Krimtartare, Grieke ten opsigte van Epirus, Amerikaanse In= diane, ens.), of dat sommige etniese eenhede son= der vaderlande gelaat is, soos in die geval van die Jode voor 1948 en in die geval van die Ndzund= za sedert 1883.

Die feit dat volk en vaderland twee kante van die= selfde muntstuk is, beteken egter nie dat die va= derlande van etniese eenhede onveranderlik is of was nie. Etniese eenhede kom en gaan en so ook die verknogtheid aan ou en nuwe vaderlande. Die verloop van tyd en die belewing van 'n gemeen= skaplike lotsverbondenheid binne 'n nuwe vader= land, skep geleidelik nuwe bande waarmee 'n et= niese eenheid aan die nuwe vaderland gebind word. Die blote feit dat lede van etniese eenhede in

die "nuwe" grond begrawe word, bind hulle aan daar=die grond. Maar elke keer as die verbondenheid tus=sen 'n etniese eenheid en 'n bepaalde vaderland ontwrig word, is dit opnuut 'n pynlike ervaring wat uiters destruktiewe gevolge kan hê. Hierdie veranderings wat teweeggebring kan word, bestaan normaalweg uit die arbitrêre verandering van die vaderlandsgrense van etniese eenhede - veral as gevolg van vredesverdrae tussen grootmoondhede. Die hertrekking van grense in die Balkan na die Eerste Wêreldoorlog was tekenend van hierdie ver=skynsel.

As gevolg van die bostaande omstandighede, poog etniese eenhede om die onreg hulle aangedoen, reg te stel. Die Bulgaarse onafhanklikheidstryd is bv. deur pogings om die geografiese en politieke konsolidasie van alle Bulgaarse gebiede tot stand te bring, gekenmerk. Die Grieke het hierdie stre=we weer met mag en mening teengestaan omdat Epi=rus, waarop die Bulgare o.a. aanspraak gemaak het, as Griekse gebied (vaderland) beskou is (Pundeff, 1971:98, 122-123).

As gevolg van die bevolkingsdruk in Sjina, bevind groot getalle Sjinese hulle in aanliggende en oorsese gebiede. Die regerings van lande soos Maleisië, Indonesië en die Filippynse eilande vrees die moontlikheid dat moeder Sjina, via die oorsese Sjinese, druk in die lande kan veroorsaak en selfs tot die anneksasie van die gebiede kan

oorgaan.

Die herhaaldelike verdeling van Pole deur die Grootmoondhede, het die Pole deurgaans gemotiveer om 'n verenigde Pole tot stand te bring (Possony, 1975(b):52; Barany, 1971:287; Lederer, 1971:404). Dieselfde verskynsel word ten opsigte van die Kur= de aangetref (Benjamin, 1977:70). Die verdeling van die historiese Kurdiese gebied vorm een van die belangrikste dryfvere vir Kurdiese nasiona= lisme en verset teen die inter-etniese sisteme waarin hulle hulle bevind.

Historiese argumente ter stawing van aansprake op 'n beweerde of werklike vaderland, bied gewoonlik geen oplossing nie. Eksterne beslissings oor grense en die toekenning van grondgebiede word andersyds ook nie geredelik aanvaar nie. Die hui= dige Cipriotiese vraagstuk is tekenend van hier= die probleem. Enersyds is die Griekse ideaal van <u>enosis</u> (aansluiting by Griekeland) in direkte botsing met die Turkse ideaal van <u>taksim</u> (parti= sie van Ciprus). Andersyds aanvaar beide groepe Ciprus as hulle vaderland. Benewens hierdie di= lemma, is Griekeland en Turkye (en selfs Brittan= je) ook nog direk met die vraagstukke op die ei= land gemoeid. Dit het eerder tot die verdieping van die problematiek bygedra as wat dit gehelp het om die probleem op te los (Kitromilides & Couloumbis, 1976:168-173).

Die Poolse nasionalisme het, na aanleiding van die herhaaldelike verdeling van Pole, getwyfel of 'n etniese eenheid wat nie meer oor 'n vader=land en sy eie politieke instellings beskik nie, nog as 'n etniese eenheid kan bestaan (Brock, 1971:310-311).

In die afdeling handelende oor irredentisme, word verder op hierdie probleem ingegaan. Dit is hier voldoende om daarop te wys dat vele inter-etnie=se konflikte verband met die verandering van die vaderlandsgrense en die uitoefening van vreemde gesag oor die tradisionele heimat, hou. Selfs die mees ideële volkstaatskeppings kan, volgens Francis (1976:109), nie daarin slaag om alle etniese verwante buite die heimat in te sluit nie. Dit is dus 'n feit dat hierdie tipe probleem sal bly voortbestaan.

Die gebondenheid van die Ndebelestamme aan hulle "historiese vaderlande" is onmiskenbaar duidelik. Dit vorm juis een van die grootste probleme ter bereiking van etniese konsolidasie en die skep=ping van 'n Ndebeletuisland.

## 3.6 Historiese bewussyn

Soos aangetoon, is die bewussyn van 'n etniese eenheid ook histories gefundeer. Die verlede word as't ware in die hede ingedra deur middel

van die spesifieke interpretasie wat die etniese eenheid daaraan heg. Indien etniese eenhede onder druk geplaas word, kom die etniese bewussyn en die historiese aspekte daarvan, sterker na vore. Om= dat etniese eenhede oor historiese diepte beskik, is dit te wagte dat bv. aansprake op politieke outonomie deur middel van argumente oor histo= riese gewig gesteun sal word. Die beklemtoning van die historisiteit van etniese eenhede is by= kans direk eweredig aan die druk wat binne 'n be= paalde inter-etniese sisteem bestaan. Daar bestaan talle voorbeelde in die verband, soos byvoorbeeld in die USSR (Anna Procyck, 1973:123); in Sentraal-Asië (Barret, 1973:19); by die Bakonjo (Doornbos, 1970:1121); by die Indiane in Mexiko (Van Zant= wijk, 1976:97); by die Navajo-Indiane (Mary Shephardson, 1977:236); by die Grieke (Xydis, 1971:207-211); by die Bretonners en Occitaniërs (Connor, 1976:2, 120-121); by die Bulgare (Pun= deff, 1971:97); by die Tjegge (Zacek, 1971:174-175); by die Pole (Brock, 1971:315), en by vele ander.

Anna Procyck (1973:123) wys bv. daarop dat toene= mende Russifisering met 'n beklemtoning van die historiese bewussyn deur etniese eenhede in die USSR gepaard gegaan het. Barret (1973:19) het die= selfde ten opsigte van Sentraal-Asië waargeneem. Die Bakonjo het gedurende die tydperk van vreem= de oorheersing die "Bakonjo Life History Research Society" gestig ten einde die "feite" oor die

"grootse" verlede van die Bakonjo op te diep en be=kend te stel. Die ABAKO-beweging onder die Bakon=go het by verskeie geleenthede na die "goue ver=lede" van die Bakongo verwys (Doornbos, 1970:1121, Touval, 1972:28). As gevolg van die assimilasie=proses in Mexiko het die Indiane 'n "... glorifi=cation of the Indian past" beleef. "The historic greatness of the pre-Spanish and early colonial heroes, was accepted on nationalistic grounds by even the most impassioned opponents of the India=nistas" (Van Zantwijk, 1976:97). Die oplewing van nasionalistiese bewegings in Frankryk het met die herlewing van historiese name soos Bretagne en Langue d'Oc gepaard gegaan, terwyl die Griekse nasionalisme ruim van die historiese naam Hellene gebruik gemaak het (Xydis, 1971:201-211; Connor, 1976:120-121). Die druk wat deur die Engelsspre=kendes in Kanada ten opsigte van die Franse uitge=oefen is, het telkens tot 'n beklemtoning van die Franse verlede gelei (Morf, 1976:77).

As gevolg van die druk wat binne 'n inter-etniese sisteem opgebou word, word die histories-gelaaide bewussyne van etniese eenhede in beweging gebring. Hierdeur word gepoog om die regsaak van etniese eenhede deur middel van die gewig van die geskie=denis te bevorder.

Die historiese bewussyn van die Ndzundza het 'n belangrike element van die strewe om etniese self=

verwesenliking te bereik, gevorm. Soos aangetoon sal word, het die historiese Mapochsgronde en die standbeeld van Nyabela, belangrike fokuspunte van hulle nasionale herlewing gevorm.

## 4.0 Vorme van etniese selfverwesenliking

Die voorafgaande gedeeltes bied 'n agtergrond waar= in gepoog is om enkele fasette van die inter-et= niese milieu en -sisteem te belig. Die oogmerk met hierdie gedeelte van die hoofstuk is om die aandag op 'n aantal vorme van etniese selfverwe= senliking te plaas. Hierdie afdeling wyk in be= ginsel nie van die voorgaande af nie maar plaas die klem eerder op 'n aantal spesifieke vorme wat die strewe tot etniese selfhandhawing kan aanneem.

Ter inleiding word die problematiek van die ver= houding tussen etniese eenhede en die gegewe staatsverband gestel. Daarna word die strewes ten opsigte van onafhanklikheid, regionale en lokale outonomie van nader belig. Die doel is om hier= deur te probeer aantoon dat etniese strewes met die beklemtoning van bepaalde nasionale fokus= punte gepaard gaan. Dit vind aansluiting by die "statiese" aspekte van etniese eenhede soos in die tweede hoofstuk aangedui.

## 4.1 Die staat en selfbeskikking

Uit wat reeds gesê is, blyk dit dat die wesentlike

probleem ten opsigte van onafhanklikheid/regiona= le en/of lokale outonomie, sesessie en irreden= tisme, in die botsende oogmerke van etniese een= hede enersyds en die staatsverband andersyds, ge= soek moet word (Emerson, 1960:299). Enersyds word die wêreld deur die feit van etniese strewes ge= kenmerk. "Since the industrial revolution, Europe has known more struggles for independence than struggles for union" (Lijphart, 1977:58). Ander= syds het die belange van die staatsverbande (soos die behoud van staatseenheid, die voortbestaan van 'n gegewe staatsverband, magspolitiek en se= kuriteit in internasionale verband) op verskeie fronte met die aspirasies van etniese eenhede in botsing gekom. 'n Belangrike aspek van bostaande ontwikkeling is die feit dat etniese strewes nie voldoende binne die gegewe staatsverbande verre= ken is nie. Volgens Connor (1977:19) was twee veronderstellings hiervoor verantwoordelik, naam= lik die standpunt dat die moderne tegnologiese ontwikkelinge van nasionalisme 'n onbekostigbare luuksheid gemaak het en, tweedens, dat die ont= wikkelingsgang van die Wes-Europese state die klem al sterker op 'n supra-nasionale burgerskap ge= plaas het. Die oënskynlike lae profiel wat etnie= se eenhede gehandhaaf het, het die idee in Europa laat posvat dat Europa sy etniese vraagstukke .... via assimilasie opgelos het. Hierdie ontwikkeling sou dan ook as 'n maatstaf vir ander state, veral die van die Derde Wêreld, moes dien (Connor, 1977:21).

Lijphart (1977:47-55) analiseer hierdie vraag=stuk aan die hand van agt "falsified predictions". Hy wys daarop dat moderniseringsteorieë onder an=dere op die veronderstelling gerus het dat in=dustrialisasie, verstedeliking, vervoer, kommuni=kasie, massa-onderwys, ensovoorts, noodwendig tot nasionale integrasie sou lei. In die tweede plek het 'n oorvereenvoudigde vergelyking tussen Euro=pa en die Derde Wêreld daartoe bygedra dat 'n be=ginselverskil ten opsigte van etnisiteit en na=sionalisme in Europa en die Derde Wêreld gemaak is. Derdens het die ideologie oor "the end of ideology" dit ondenkbaar gevind dat etniese konflik (wat bloot as 'ideologies' van aard beskou is), in die toekoms kon voortbestaan. Vierdens onderskei hy die argument wat Connor noem ten opsigte van 'n supra-nasionale Europa. Vyfdens wys hy op die li=berale denke wat geen ruimte aan etniese groepe bied nie en wat 'n baie sterk geloof in die alge=mene ontwikkeling van die mensheid en die eventue=le verdwyning van etnies-parogiale belange het. Die vrees van verskeie staatsleiers, en veral dié in Afrika, dat sesessie en die aandrang op outo=nomie in een geval 'n domino-effek op die res van die staatsbevolking sal hê en daarom in beginsel 'n gevaarlike eksperiment sou wees, het 'n sesde motief gevorm waarom etniese belange geïgnoreer en/of onderdruk is. Die laaste twee argumente hou met die Marxistiese benadering, nl. dat non-eko=nomiese groeperinge eventueel voor klassevorming

sal swig en dat daar in die toekomstige modelsame=
lewing slegs individue sal bestaan, verband.

Die geskiedenis van nasionale selfbeskikking sedert 1919 illustreer die konflik van belange tussen staat en etniese eenhede. Nasionale selfbeskikking as die reg wat etniese eenhede ten opsigte van die bepaling van hulle eie geo-politieke, ekonomiese en kulturele toekoms opeis, kan nie anders as 'n baie ou verskynsel erken word nie. Trouens, Halecki (1943:194) wys daarop dat Halvdan Koht aangetoon het dat die strewe tot selfbeskikking baie verder in die geskiedenis teruggaan as die twee wêreld= oorloë. Hy (Koht) voer die strewe van etniese een= hede so ver soos die Middeleeue terug. Halecki toon egter aan dat die verskynsel nog veel ouer is. "And the idea of self-determinism can be traced back even further: it is as old as history itself" (Halecki, 1943:194).

Sedert die afloop van die Eerste Wêreldoorlog het die selfbeskikkingsreg van etniese groepe baie sterk as 'n internasionale erkende ideologie na vore getree. Emerson (1960:295) wys daarop dat die geskiedenis van nasionale selfbeskikking, ten op= sigte van teorie en praktyk, baie gekompliseerd is. Hoewel die reg op nasionale selfbeskikking vir <u>et= niese</u> eenhede sedert die Eerste Wêreldoorlog deur die Bolsjewieke en Woodrow Wilson van die VSA ge= formuleer is "... it found no place in the League

of Nations Covenant". Hoewel die beginsel van na=
sionale selfbeskikking as leidraad vir die afba=
kening van state na die Eerste Wêreldoorlog ge=
bruik is, het onder andere slegs state soos Ier=
land, Irak en Saoedie-Arabië tussen die twee wê=
reldoorloë tot stand gekom. Die afloop van die
Tweede Wêreldoorlog het, volgens Emerson (1960:
296), bykans die teendeel van selfbeskikking net
ná die Eerste Wêreldoorlog, vertoon.

Die Atlantiese Oktrooi het lippediens aan die self=
beskikkingsreg van etniese eenhede betoon, terwyl
die Geallieerde Magte die herstel van state wat
deur die Spilmagte verower en verstrooi is, op
die lange baan begin skuif het. Hierbenewens het
die Geallieerdes hulle entoesiasme vir nasionale
selfbeskikking verloor en onderling hewig oor die
toepassing van die beleid verskil. Ideologies is
en was die Sovietunie op verdere oorheersing in=
gestel terwyl die Westerse koloniale moondhede
nasionale selfbeskikking as die vernietiging van
hulle eie ryke (wat vol in die blom gestaan het),
ervaar het. Dié benadering het gegeld terwyl die
beginsels van nasionale selfbeskikking in die hand=
ves van die V.V.O. vervat is (Emerson, 1960:296).
Bostaande verloop van omstandighede, gepaard met
die Koue Oorlog in die internasionale politiek,
illustreer die beslissende magsrol van die inter=
nasionale gemeenskap ten opsigte van die lot van
etniese eenhede. Die stelling dat nasionale self=

beskikking nie net 'n ideologie is nie of dat nasionale selfbeskikking nie van die ideologie daarvan afhanklik is nie, word deur die feit dat die locus van nasionale selfbeskikking sedert die sestigerjare hoofsaaklik na Afrika en Asië verskuif het, geïllustreer.

Soos reeds aangetoon, was en is daar velerlei probleme ten opsigte van die teorie en praktyk van nasionale selfbeskikking. Volgens Emerson (1960: 297) is die beginsel van nasionale selfbeskikking in die 18de eeuse proposisie dat "... governments must rest upon the consent of the governed", geleë. Die 19de en 20ste eeue het egter die volgende proposisies toegevoeg, naamlik: aangesien mense (groepe) in politieke verbande leef, is die staatsverband verplig om die groepe wie se steun die staatsverband geniet, te verteenwoordig. Vanuit hierdie ontwikkeling is verder geredeneer dat volke (peoples) 'n natuurlike reg het om hulle eie politieke (staatkundige) toekoms te bepaal. Die implikasie van dié standpunt was dat state wat oor 'n heterogene bevolking regeer het, as "onwettig" getipeer kon word. Die verdere implikasie was dat volkstate die vervulling van die teorie sou wees (Emerson, 1960:297, Francis, 1976:78).

Na aanleiding van die voorgaande poneer Emerson (1960:297) die eerste belangrike probleem, naamlik dat niemand met die voor-die-hand-liggende

beginsel kan verskil nie, maar dat die toepas=sing van die teorie in die praktyk onmoontlik sou blyk te wees. Hy motiveer sy stelling aan die hand van die volgende:

- Etniese eenhede is veranderlik. Daar kan dus nie vooraf bepaal word watter etniese eenhede tot stand gaan kom en watter op selfregering gaan aandring nie.
- Die probleem oor die definisie van etniese een=hede. Sou die reg op nasionale selfbeskikking net ten opsigte van minderhede of ook ten op=sigte van etniese meerderhede geld?
- Wie praat namens sulke eenhede? Onder watter om=standighede en deur middel van watter metodes mag so 'n groep hulle saak bevorder?
- Watter graad van politieke, ekonomiese, kultu=rele en sosiale ontwikkeling is nodig om 'n ver=antwoordelike keuse te maak en om onafhanklik=heid te verkry en te handhaaf?
- Is die minderheid van 'n bepaalde etniese een=heid aan die besluit van die meerderheid ge=bonde? (Emerson, 1960:297-298).

Emerson wys ook op 'n tweede vraagstuk (Emerson, 1960:298-299). Al word etniese eenhede as gegewe aanvaar, bly die uitoefening van selfbeskikking 'n <u>revolusionêre</u> reg (eie onderstreping) wat in sy uiterste vorm kan beteken dat enige "... group of disaffected people", na gelang van hulle smaak,

uit 'n gegewe staatsverband kan wegbreek. Die kon= klusie wat Emerson na aanleiding van hierdie stel= ling maak, is dat pogings om groter kongruensie tussen staats- en etniese grense te verkry, nood= wendig moet poog om die histories verworwe "... established legality of states and govern= ments" nietig te maak of dit ontspoor.

Emerson (1960:299) verklaar dan dat "... the state has an indisputable prerogative and duty to defend its own existence and the nation comes likewise to be endowed with a right to overthrow the state". Die prerogatief en plig van die staat om sy eie be= staan te waarborg, baseer Emerson op die uitgangs= punt dat die staat in die gewone sin die skepper en handhawer van wet en orde is. Hoewel dit be= gryplik skyn te wees om 'n reg tot nasionale self= beskikking in die konstitusionele raamwerke van staatsverbande in te sluit of om dit in die inter= nasionale gemeenskap te erken, skyn dit volgens hom ook onwerklik te wees dat "... states will in ad= vance concede to their own potential dissolution" (Emerson, 1960:300). Die konstitusies van die USSR, die Vyfde Republiek van Frankryk en dié = van Burma, is voorbeelde van 'n "... preordai= ned acceptance of self-determination". In die ge= val van die USSR het die belange van die sosia= lisme egter 'n voorrang bo die reg tot sesessie of ander vorme van selfbeskikking geniet. "The apostles of secession have unfettered freedom as

nationalists, but they will be shot as revolut=ionaries"(Hancock in Emerson, 1960:300).

Die derde vraagstuk waarna Emerson verwys, behels die konflikterende aansprake op nasionale selfbe=skikking binne 'n etnies plurale samelewing en staatsverband - soos in die geval van die Jode en die Palestyne. Die toepassing van die demokratie=se meerderheidsbeginsel in so 'n situasie stuit teen die probleem van etniese diversiteit en ge=volglike legitimiteit. In so 'n geval dra meerder=derheidsbeslissing gewoonlik geen "ethical vali=dity and binding force" nie. "The crux of the mat=ter in a plural society is that it is not one people which is determining itself, but two or more, and it should not be ignored that the United Nations Charter speaks in the same breath of self-determination and of equal rights of peoples". As groepe dus werklik gelyk moet wees, kan daar geen sprake van oorheersing deur 'n ander etniese een=heid wees nie (Emerson, 1960:330).

As gevolg van die genoemde gebreke van die demo=krasie in dié verband, en die feit dat 'n etniese eenheid (op grond van sy eie redes) nie bereid is om die besluit van 'n ander etniese eenheid as bin=dend en geldig te aanvaar nie, is dit ook 'n feit dat die "... great issues of nationalism and self-determination have been settled not by the genteel process of votes and majorities but by

revolutionary rising of peoples and the successful waging of wars, which have carried history with them" (Emerson, 1960:331).

Om tot die drie hoofprobleme van nasionale self=beskikking terug te keer: dit moet as 'n feit aan=vaar word dat die selfbeskikking van etniese een=hede nie orals en in alle omstandighede op 'n ri=goristiese en eenvormige wyse bereik kan word nie. Hiermee word dit eenvoudig gestel dat die prak=tiese omstandighede waarin etniese eenhede hulle bevind enersyds geweldig divers en andersyds uiters gekompliseerd is. Die stelling van Emerson dat dit onmoontlik is om 'n betekenisvolle inhoud aan die teorie en die ideologie van nasionale selfbeskik=king in die praktyk te verleen, skyn ietwat onge=kwalifiseerd te wees. As dit die veronderstelling is dat die staatsverbande van die wêreld tot volk=state gerekonstrueer moet word, is sy stelling eg=ter korrek. Dit is egter voor-die-hand-liggend dat die ruimtelike ordening van state en etniese een=hede sodanig is dat die toepassing van selfbeskik=king baie meer genuanseerd moet wees. Die feit dat daar nie vooraf bepaal kan word welke etniese een=heede tot stand gaan kom of op nasionale selfbeskik=king gaan aandring nie, is in 'n sekere sin irrele=vant indien enige gegewe staatsverband daarop inge=stel is om binne die empiriese beperkings te poog om die feit van etniese strewes te aanvaar en te erken.

Wat die tweede hoofprobleem betref, is dit voldoende om daarop te wys dat die huidige gangbare standpunt in die internasionale konteks die voorrang van die staat as instelling aanvaar. Hiermee is die kern van die probleem aangeraak, naamlik dat die staat enersyds op grond van historiese ontwikkelingspro= sesse en ideologiese standpunte as antesedent tot en dus _ipso facto_ primêr bo alle etniese aspirasies verhef is, en andersyds die vrees dat die akkommo= dering van etniese belange niks anders as die frag= mentasie van die staat sou beteken nie. Die etnos en die staat word inderdaad as uiterste en noodwen= dige konflikterende pole ervaar en gedefinieer.

Die derde hoofprobleem stel dit as 'n feit dat die aspirasies van etniese eenhede ten opsigte van na= sionale selfbeskikking en gelykheid, uiters konflik= terend kan wees en, per implikasie, dat geen volle= dige geregtigheid vir almal bereik kan word nie. Dit is 'n lewensfeit dat, as gevolg van die sondever= skeurdheid van die mensheid en skepping, alle stre= wes na utopiese bedelings aan empiriese beperkings onderhewig sal bly. Wat deur die een as 'n beter vorm van aardse geregtigheid ervaar word, kan vir die ander juis die grondslag van groter onreg wees indien die gegewe beperkings nie realisties aan= vaar en die boosheid van die mens nie in berekening gebring word nie. Ook die hooggeroemde demokrasie kan nie in ongekwalifiseerde sin daarin slaag om hierdie vraagstukke fundamenteel op te los nie. Die

verdere feit dat mag en geweld beslissende faktore vir die bereiking van nasionale aspirasies is en was, is tekenend van dié toedrag van sake.

Uit die voorgaande en uit die historiese ontwikke= ling van nasionale selfbeskikking as ideologie en praktyk, is dit ironies dat hoewel die verskynsel van etniese aspirasies soos 'n paal bo water staan en selfs indirek erken word, etniese aspirasies en nasionalisme nie voldoende erkenning en akkommoda= sieruimte in staatshuishoudings geniet nie. Daarom word dit as 'n hipotese gestel dat indien enige ge= gewe staat op realistiese wyse met etniese proses= se en -eenhede rekening hou, 'n aansienlike deel van die bestaande vraagstukke betyds beredder kan word. Dit sal egter nie beteken dat alle vraagstuk= ke finaal opgelos sal wees nie. Groter erkenning van etno-nasionale aspirasies vereis enersyds ver= andering aan 'n aansienlike aantal bestaande ideo= logiese uitgangspunte ten opsigte van die staat; enkelvoudige liberale sienings oor menslike en in= dividuele gelykheid en geregtigheid en die bestaan= de wêreld as 'n utopie, en andersyds 'n grondige eva= luering van die grense wat deur die sondeval daar= gestel is.

Binne die gegewendhede van die bestaande bedeling, streef en sal etniese eenhede daarna streef om een of ander gekose vorm van politieke selfhandhawing te bereik. In die onderstaande word twee van hier= die vorme aangedui.

4.1.1 Sesessie

Die geo-politieke sesessie van etniese eenhede is 'n bepaalde vorm van staatskepping en verteenwoor= dig die strewe tot selfhandhawing. In wese verskil dit nie van ander vorme van politieke selfhandha= wing nie. Sesessiepogings plaas die klem baie sterk op die oënskynlik onoplosbare konflik binne 'n ge= gewe staatsverband.

Lieberson (1972:200) stel dit kategories dat slegs etniese eenhede oor die vermoë beskik om 'n aparte volkstaat uit 'n gegewe staatsverband te skep. In dié verband verklaar Kamanu (1974:360) dat "... ter= ritorial self-determination is always secession because no group lives in a vacuum and therefore, it always has to secede from some territorial framework, be it a province, a nation-state, fede= ration or a colonial empire". Geertz (1963:111) wys in dieselfde trant daarop dat die konflik tus= sen primordiale en staatlike sentimente 'n "... more ominous and deeply threatening quality" daaraan verleen as in die geval van ander probleme binne 'n staatsverband. Touval (1972:28) sê dat sesessie die verwerping van 'n gegewe staatsverband impli= seer. Said & Simmons (1976:17) stel dit as 'n feit dat die huidige pogings van verskeie nuwe en ouer staatsverbande om die aanslae teen hulle soewe= reiniteit te oorkom, direk uit die teenstrydighede tussen die staatsverband en die aspirasies van die ingeslote etniese eenhede spruit.

Wanneer die omstandighede van en die motiewe vir sesessie van nader bestudeer word, word 'n hele verskeidenheid aangetref.

Sesessie hoef nie 'n lank gekoesterde ideaal te wees voordat 'n etniese eenheid dit as 'n alternatief aan= gryp nie. Indien die inter-etniese milieu sodanig verander dat 'n gegewe etniese eenheid as die son= debok van 'n bepaalde staatsverband uitgesonder word, kan sesessie as 'n uitweg gekies word. Die Ibo van Nigerië is 'n voorbeeld in dié verband. In dié geval moet egter met die feit rekening gehou word dat Nigerië nie 'n historiese staats= verband is nie, maar as gevolg van Britse oorheer= sing tot stand gekom het. Die gebrek aan 'n organies-gegroeide nasionale eenheidsbewussyn skyn dus be= vorderlik ten opsigte van sesessiepogings te wees. Dieselfde skyn waar te wees in gevalle waar die voormalige koloniale heerser, wat die nuwe staat geskep het, van die toneel verdwyn. Sodra die ge= meenskaplike vyand van die toneel verdwyn, is die ingeslote nasionalismes geneig om teen mekaar te draai. Die druk wat die Ibo op die noordelike Hausa-Fulani uitgeoefen het, werklik en of ver= meend, is in 'n teendruk omskep. Die resultaat hier= van was dat die Ibo na eie oordeel geen keuse ge= had het as om uit die Nigeriese staat weg te breek nie (Hunt & Walker, 1974:265-294; Touval, 1972:39).

Volgens Hunt & Walker (1974:235) kan sesessieten=

dense verband hou met die graad van ekonomiese kom=petisie en ongelykheid tussen etniese eenhede. Die ekonomiese vordering van die Ibo in Nigerië is deur die "stagnante" Hausa-Fulani as 'n direkte bedrei=ging ervaar. Die gevolg was dat die Hausa-Fulani met politieke middele teen die ekonomiese vordering van die Ibo opgetree het. In die geval van Katanga (tans bekend as Shaba) het min of meer dieselfde posisie bestaan. Die feit dat Katanga die welva=rendste provinsie van die destydse Kongo was, het by die Katangese die gevoel geskep dat hulle die ekonomiese laste van die res van die Kongo moes dra. Dit, gepaard met die toenemende politieke spanninge tussen die verskillende etniese eenhede en die feit dat die teenwoordigheid van die Belge in Katanga die indruk geskep het asof Katange ekono=mies selfstandig sou kon bestaan, het die politieke leierskap in Katanga tot sesessie aangespoor (Lemarchand, 1962:405-415). Soos in die geval van die Ibo was die ekonomiese ontwikkeling van Katan=ga egter nie die enigste faktor wat sesessie be=vorder het nie.

Die ontdekking van aardgas in die Noordsee het ins=gelyks die nodige aansporing vir sesessie onder se=kere Skotse elemente gebied. Wesentlik is 'n groot aantal Skotte ontevrede met die politieke bedeling waarin hulle hulle bevind en die ontdekking van 'n belangrike bestaansbron het die kanse op politieke en ekonomiese selfstandigheid al beter laat lyk. Die ontdekking van olie sou substansie aan moont=

like politieke onafhanklikheid kon verleen (Connor, 1976:115-119; Corrado, 1977:133-192).

Wat vir die Skotte hierbo geld, geld ook vir die Kurde in Iran. Die Kurdiese gebied van Iran bevat ook belangrike olievelde van dié staat. Dit wil dus voorkom asof die besit van 'n belangrike bestaans= bron as 'n verdere bevorderende faktor vir sesessie kan dien.

Die optrede van 'n dominante etniese eenheid kan se= sessie in 'n gegewe staatsverband stimuleer. In die gevalle van die Soedan, Kanada en Joegoslawië, word die redes vir sesessiepogings na die arrogansie en etno-kulturele druk van die Arabiere, die Engels= sprekendes en die Serwe respektiewelik, terugge= voer. Die drukkende Islamiseringsbeleid in die Soe= dan, die gebrek aan gelyke politieke verteenwoordi= ging tussen die Negers en die Arabiere en die gebrek aan sekuriteit (soos deur die Negers ervaar), het hulle daartoe genoop om sesessie te oorweeg. Die jarelange oorlog teen die noordelike oorheersers was wesentlik 'n stryd waarin die suide gepoog het om hulle van die noordelike heerskappy los te maak (Touval, 1972:39; Van Rooy, 1971:78). Dié element onder die Franse van Quebec wat sesessie ernstig oorweeg, poog om die Franse nasionale eer daardeur te herstel. Die beoogde onafhanklikheid van Quebec moet gelees word as 'n afskaduwing van die voorma= lige Franse onafhanklikheid in Kanada (Morf, 1976: 76-91). Die historiese Serwiese arrogansie in

Joegoslawië, soos deur die nie-Serwiese etniese groepe ervaar, dien as die belangrikste beweegrede waarom sesessie daar oorweeg word (Stavrou, 1976: 141).

Dit wil verder voorkom of die insluiting van et= niese eenhede by 'n staatsverband sonder dat hulle daaroor geraadpleeg is, die potensiaal vir seses= sie verhoog. Die insluiting van Eritrea by Ethiopië het veroorsaak dat die heterogeniteit binne Ethiopië verhoog is en dat die hoofsaaklik Moslemgesinde Eritreërs hulle nie in Ethiopië tuisvoel nie. Tans geniet die Eritreërs die steun van die Arabierse wêreld in hulle stryd om van Ethiopië weg te breek. Die bevolking van Eritrea voer aan dat hulle nie geraadpleeg is ten opsig= te van hulle insluiting by Ethiopië nie. Hulle beweer gevolglik dat Ethiopië dié gebied gean= nekseer het (Anon, 1977:18-20; Jenny, 1972:26-27; Prins, 1973:10-11). Die skepping van Kenia het veroorsaak dat die Somalis in dié verband inge= sluit is hoewel die meerderheid van hulle etnie= se verwante buite die staatsverband woonagtig is. Hulle dring gevolglik daarop aan om van Kenia weg te breek en aansluiting by Somalië te vind. Die onafhanklikwording van Kenia het verder ver= oorsaak dat die administratiewe voorregte wat die Somalis onder Britse bewind in Kenia geniet het, verval het. Die nuwe bedeling word dus as drukkend ervaar (Castagno, 1964:165-168; Jenny,

1972:27; Prins, 1973:10-11). Dieselfde geld die Somalis wat hulle tans in die Ogadengebied van Ethiopië bevind. Omdat daar onduidelikheid oor die grense tussen Somalië en Ethiopië bestaan, het die Somaliregeerders hulle aansprake op die insluiting van hulle etniese verwante in Ethiopië by Somalië verhoog (Castagno, 1964:165-168; Jenny, 1972:27; Prins, 1973:10-11). Die inslui= ting van etniese eenhede soos die Meos, Karens, Kachins en die Naga in die Burmese staat, met die belofte dat hulle eventueel uit die staat sou kon wegbreek indien hulle so sou verkies, het vandag 'n bron van konflik geword omdat die Bur= mese staat nie meer bereid is om hierdie belof= tes na te kom nie. Dit beteken dat hierdie groepe onder 'n bepaalde voorwendsel by die Burmese staat ingesluit is en dat die staat nou teen wil en dank poog om hierdie groepe binne te hou (Van der Kroef, 1976:14-15). Hierdie situasie verskil geensins van dié in die USSR nie (Hunt & Walker 1974:67-68). In al die genoemde gevalle poog die etniese eenhede om hulle ideale binne 'n self= standige staat te realiseer, maar stuit hulle teen die dominante etniese eenhede binne die gegewe inter-etniese milieus.

Die insluiting van die Franse van die Jurastreek by die Switserse staat, bied ook 'n interessante voorbeeld. Omdat hulle nie "stigterslede" van die Switserse staat was nie, was hulle nie met hulle politieke omstandighede tevrede nie. Die Franse

van die Jurastreek het eensdeels op die skepping van 'n eie kanton aanspraak gemaak, terwyl ander elemente op aansluiting by Frankryk aangedring het. Die Jurastreek is hoofsaaklik Duits en die Franse kon nie daarin slaag om hulle politieke ideale langs die gewone demokratiese proses uit te druk nie. Toe dit voorkom asof die Switserse regering nie bereid gaan wees om òf plaaslike outonomie òf aansluiting by Frankryk te oorweeg nie, het die Franse met sesessiepogings begin. Gedurende 1978 is sesessie egter afgeweer toe 'n eie Franse kanton aan hulle toegeken is (Hunt & Walker, 1974:41-44; Connor, 1976:122-125; Muller, 1978:16).

Sesessie mag in die een geval 'n poging wees om aan verhoogde druk en konflik te ontsnap. Ander= syds gee sesessiepogings egter ook aanleiding tot konflik omdat die gegewe staatsverband normaalweg nie geneë is om sesessie te duld nie. Die vraag moet dan eerder gevra word of die insluiting van verskillende etniese eenhede in 'n gégewe staats= verband nie die oorsaak van konflik is nie? Se= sessie is slegs 'n resultaat van inter-etniese spanninge en druk. In hierdie sin sou dit kon beteken dat sesessie op die langtermyn eerder tot die oplossing van konflik kon bydra en dit selfs kon voorkom indien sesessie - of bloot groter ou= tonomie - betyds toegestaan sou word.

Indien die reaksies van staatsverbande ten op=sigte van sesessionistiese etniese eenhede van na=der besien word, dan blyk dit dat staatsverbande in direkte botsing met hierdie aspirasies van et=niese eenhede te staan kom. Dit beteken dat die belange van die gegewe staatsverband hoër priori=teit as die van etniese belange geniet. In die verband wys Connor (1977:21) daarop dat die so=genaamde "sequential evolution" van die ouer sta=te hierdie benadering ten grondslag lê. Hiermee bedoel hy dat daar van die nuwere state verwag is om hulle etniese probleme deur middel van assimi=lasie op te los. In werklikheid het die ou state van die wêreld nie daarin geslaag om hulle etnie=se vraagstukke deur middel van assimilasie op te los nie. Die indruk is egter geskep asof dit wel die geval was (Connor, 1977:20).

Die besluit van die Organisasie van Afrika-eenheid in 1963 dat die grense van state in Afrika onver=anderlik is, staan in die teken van Afrika se eenheidstrewe. Eenheidstrewes in Afrika geniet 'n geweldige hoë prioriteit, juis om die geweldige verskeidenheid te probeer kamoefleer. As gevolg van hierdie benadering was die Ibo se pogings om te sedeer, verdoem en met behulp van die sentrale magte onderdruk. Die eenheid en soewereiniteit van die Nigeriese staat het die hoogste priori=teit geniet. Ten opsigte van Katanga het dieself=de benadering gegeld. In beide gevalle sou suk=sesvolle sesessie belangrike ekonomiese implika=

sies vir Nigerië en die Kongo gehad het. Dit moet egter nie uit die oog verloor word dat die weer=stand teen sesessie ook ekonomies gemotiveer is nie. Die sesessiepogings van die Somalis is ook teengestaan. Ethiopië wat 'n baie ou staatsver=band is en nie onder Europese gesagsvestiging ge=kom het nie, wou die soewereiniteit van die staat handhaaf. Gevolglik is met mag en mening teen die Eritrese sesessioniste opgetree. Die=selfde het ten opsigte van die Somalis in die Ogadengebied van Ethiopië, die Suid-Sotho in die Transkei en die Ndebele binne Bophuthatswana en Lebowa gebeur.

Die reaksie van die Moslembewind in die Soedan op die sesessiepogings van die Negersuide, was aan=vanklik dié van algehele teenkanting. Die poli=tieke skikking wat egter eventueel bereik is, het daartoe gelei dat 'n einde aan die sesessiepogings gemaak is. Dieselfde het ten opsigte van die sesessionistiese elemente in die Jurastreek van Switserland gebeur. Regionale outonomie aan die Franse in dié streek het 'n einde aan hulle se=sessiepogings gemaak.

Bostaande beteken dat as die gegewe staatsver=band bereid is om die etniese diversiteit binne=lands te erken en op 'n wedersyds aanvaarbare wy=se te akkommodeer, sesessie ondervang kan word.

Die strukturele akkommodasie van etniese eenhede

binne 'n gegewe staatsverband waarborg egter nie noodwendig inter-etniese vrede en die behoud van die staatsverband nie. Die Franse in Kanada is 'n ter saaklike voorbeeld. 'n Federale struktuur bied 'n groot mate van politieke, kulturele en etniese beweegruimte, maar indien die inter-etniese ver= houdings nie in hierdie struktuur gereflekteer word nie, baat dit weinig. 'n Situasie kan só ge= interpreteer word dat slegs sesessie as redmiddel gesien word om die drukkende inter-etniese ver= houdinge te verlig. Selfs die wyse waarop die wes= terse demokrasie toegepas word, kan nie altyd daarin slaag om hierdie vraagstukke op te los nie. In die verband is die probleem van bv. die Fran= se in die Jurastreek van Switserland 'n ter saak= like voorbeeld. Die Duitsers, wat 'n meerderheid in die streek was, het telkens teen outonomie vir die Franse of aansluiting by Frankryk gestem. Die gevolg was dat die Switserse regering die stem van die "meerderheid" gevolg het. Die ba= siese probleem was dat die Switserse regering nie die wil van die Franse getoets het nie maar eer= der die wil van die bevolking van 'n gegewe streek.

Die maatstawwe wat vir die goedkeuring van of beperkings op sesessie aangelê word, wissel na gelang van omstandighede en ooreenkomstig die die= perliggende motiewe wat geld. Ten aanvang kan dit gestel word dat daar geen universeel-aanvaarde maatstaf bestaan waarvolgens sesessiepogings be=

oordeel word nie. In die meerderheid gevalle word die soewereiniteit van die staat as maatstaf ge= neem en moet die aansprake van sesessionistiese eenhede daarvoor swig. Die staat word dus as ante= sedent tot die etniese eenhede en hulle aspira= sies geag. Selfs al sou die meriete van seses= sionistiese eenhede oorweeg word, kan die moont= likheid dat die goedkeuring van sesessie in een geval aanleiding tot sesessie in ander gevalle gee, nie uitgesluit word nie. Hierdie vrees is algemeen gangbaar in Afrika. Kenia het dit as 'n pertinente argument teen die moontlike sesessie van die Somalis in die Noordelike Grensdistrik van Kenia aangevoer. Trouens, daar kan aanvaar word dat as die kongruensie van staats- en et= niese grense in Afrika as beleid aanvaar sou word, baie min state in hulle huidige vorm sal kan voort= bestaan. En die vrees hiervoor is stellig nog 'n rede waarom die Suid-Afrikaanse formule van "fragmentasie" op etniese grondslag deur Afrika verwerp word.

Wat die empiriese omstandighede waarbinne seses= sie plaasgevind het betref, blyk dit dat een fak= tor van kardinale belang is, naamlik mag. Indien die sesessionistiese eenhede oor die nodige poli= tieke en militêre mag beskik, kan hulle daarin slaag om weg te breek. Diplomatieke mag word hierby ingesluit omdat 'n etniese eenheid nie maklik daarin sou kon slaag om militêr weg te breek en teen die internasionale mening staande

te bly nie. Rhodesië is 'n tersaaklike voor=
beeld. Selfs al slaag 'n etniese eenheid met die skepping van sy eie staat deur met militêre mag uit die voormalige verband weg te breek, is dit 'n ander vraag hoe lank so 'n staat teen die inter= nasionale druk staande sal kan bly. Dit kan slegs gebeur as die eenheid wat wegbreek so sterk is dat dit die internasionale mening kan weerstaan of as dit die steun van 'n belangrike deel van die internasionale mening het. Die standpunt van Brierly (1963:139) dat 'n staat "... may exist without being recognized, and if it does exist in fact, then, whether or not it has been formal= ly recognized by other states, it has a right to be treated by them as a state", skyn dus slegs ge= deeltelik met die praktyk te klop. Al sou so 'n staat die reg op behandeling as 'n staat hê, is dit 'n ander vraag of die internasionale statery dit sal doen. Die sesessiepogings van Eritrea het wel die steun van die Arabiere, maar dit weeg nog nie op teen die steun van die USSR, wat aan Ethiopië se kant veg, nie. Dieselfde geld die Somalis in die Ogadenwoestyn. Met die steun van die USSR aanvanklik agter Somalië het die kanse op sukses relatief goed gelyk, maar toe die USSR sy beleid totaal verander en sy steun aan Ethiopië toegeken het, het die prentjie heelte= maal verander.

As die bostaande saamgevat word, beteken dit dat

die geldende internasionale magsmonstering teen of vir sesessie 'n beslissende faktor is.

Enkele Ndebelestamme het pogings aangewend om van Lebowa en Bophuthatswana weg te breek.

### 4.1.2 Irredentisme

Zartman (1979:79) stel dit dat grensvraagstukke sonder meer politieke vraagstukke is. Francis (1976:79) wys daarop dat die konflik tussen et= niese eenhede ten opsigte van grondgebied en die aandrang van die staat op die behoud van be= staande grense, in wese op 'n konflik tussen wat hy noem die etniese èn demotiese eenhede, neerkom.

Die diskrepansie tussen staats- en etniese gren= se spruit uit 'n hele aantal faktore. Die belang= rikste hiervan is die feit dat etniese eenhede nie geografies immobiel is nie. Verskeie vorme van en verskeie redes vir migrasies veroorsaak dat dele van etniese eenhede versprei raak. Be= newens ekonomiese redes, is inter-etniese stryd, die verowering van etniese eenhede, internasiona= le magspel, die arbitrêre bepaling van staats= grense en die interne en eksterne beperkings op die skepping van volkstate, van die faktore wat daartoe aanleiding gee dat bykans alle staats= verbande met 'n spanning tussen staats- en et= niese grense opgesaal is (Said & Simmons, 1976:10).

Tweedens is dit belangrik om daarop te wys dat, hoewel staatsgrense bedoel is om 'n jurisdiksie=limiet te wees, etniese eenhede hierdie grense nie altyd as grense (skeiding) interpreteer nie. Met ander woorde, staatsgrense, hetsy in die vorm van riviere, bergreekse, valleie, woestyne, woude, moerasse, ensovoorts, vorm in baie gevalle eer=der bindingsones vir 'n etniese eenheid as wat dit 'n skeidslyn is of as sodanig geïnterpreteer of aanvaar word (Zartman, 1969:85). Hierdie stel=ling hang met 'n tweede saam, naamlik, dat 'n et=niese eenheid wat in twee of meer staatsverbande woonagtig is, alleen deur politieke grense geskei kan word indien hulle daardeur geskei wil wees.

'n Derde element wat in berekening gebring moet word, is dat staatsgrense in die loop van die ge=skiedenis nie onveranderlik gebly het nie. Dit het belangrike implikasies vir die verhoudinge tussen etniese eenhede - veral omdat die veran=dering van staatsgrense veelal op dwangmatige wy=se tot stand gebring is. Eerstens impliseer dit dat, soos veral in verskeie Afrikastate geïllu=streer, die eksterne en arbitrêre skepping van staatsverbande en die gevolglike daarstelling van jurisdiksionele grense, verdelingslyne trek waar dit vantevore nie bestaan het nie. Dit bring mee dat die geo-politieke en juridiese eenheid van die etniese korpus verbreek word. Hoewel die grense van state nie altyd onveranderlik gebly

het nie, is die staat in 'n sekere opsig tog deur middel van sy geografiese en juridiese grense ge=definieer en is die beeld van so 'n staat daarmee geassosieer (Touval, 1969:105). Aan die een kant poog etniese eenhede dus om etniese en geografie=se grense te laat saamval, terwyl die staat weer poog om die bestaande grense, waardeur dit deels gedefinieer en waarmee dit deels geassosieer is, te handhaaf. In die verband merk Said & Simmons op dat etniese eenhede "... find more affinity along lines other than the national boundaries of traditional nation-states. The human need for a sense of community is gradually dissolving the bounds of geography that unite diverse groups with=in states"(Said & Simmons,1976:19). 'n Verdere im=plikasie van die arbitrêre verdeling van etniese eenhede is dat so 'n eenheid enersyds gedeeltelik onder etnies-vreemde gesag geplaas word of ander=syds dat dié eenheid onder verskillende vreemde etniese eenhede geplaas word - soos in die geval van die Kurde. Hierdie toedrag van sake kan ver=oorsaak dat die etniese korpus in geheel poog om te konsolideer omdat die bestaande situasie as 'n onreg en 'n vorm van imperialisme ervaar word.

Pogings deur etniese eenhede om staats- en et=niese grense te harmoniseer, word deur Touval (1969:101), Francis, (1976:79) en Esman (1977:385) as <u>irredentisme</u> bestempel. Francis (1976:79) kop=pel die begrip <u>risorgimento</u>-<u>nasionalisme</u> aan die herlewing van nasionale aspirasies onder Italia=

ners wat hulle buite die Italiaanse staat bevind het. Die begrip risorgimento is van die werkwoord risorgere, wat beteken "to rise again", afgelei. Die unifikasie van Italië het meegebring dat se= kere gebiede wat deur Italianers bewoon was, soos Istrië, Triëste, Trentino, Teschen, Nice en Corsica, buite die nasionale grense van die Ita= liaanse staat geval het. "These areas were con= sidered terra irredenta or unredeemed territory and the movement that worked for their liberation has become known as irredentism" (Francis, 1976: 80). Francis tipeer die metode en strategie van irredentabewegings soos volg: "Ethnic arguments were usually adopted in its initial stages, demotic (staatsargumente) arguments in the period of consolidation" (Francis, 1976:80). Hy wys ver= der daarop dat daar 'n sikliese gang in hierdie proses te bespeur is, naamlik dat sodra die on= middellike oogmerk bereik is (geo-politieke kon= solidasie), 'n teenoorgestelde rigting ingeslaan word. In terme van hierdie teenoorgestelde rig= ting word die hele bevolking van so 'n gebied as 'n "demotic nation" beskou en die dominante etniese eenheid "... was taken to represent its true core, and its language and culture were de= clared the national standard" (Francis, 1976: 80-81). Indien daar nog 'n etnosdeel buite die staatsverband verkeer het, is irredentisme daar aangewakker en is pogings aangewend om die "se= perated brethern" daar te beskerm en te onder= steun.

Zartman (1969:80) wys daarop dat irredentisme hoofsaaklik op drie gronde aangevoer kan word, naamlik historiese aansprake op territorium; et=niese verwantskap met dele van die etniese een=heid wat hulle in 'n ander staatsverband of -ver=bande bevind, en op grond van migrasies. Hierdie argument van Zartman kan tot twee belangrike mo=tiverings vir irredentisme teruggevoer word, naamlik etniese verwantskap en die behoud van die geo-politieke en geografiese eenheid van die etnos.

Zartman (1969:80) wys daarop dat historiese aan=sprake op bepaalde grondgebiede op vroeëre soe=wereiniteit berus. Dié argument is taamlik kwes=baar aangesien daar bewys van die bestaan van 'n historiese staat in so 'n gebied gelewer moet word. Die aansprake van Morokko op dele van Mau=ritanië rus op hierdie benadering.

Ten einde 'n aantal fasette van irredentisme uit te lig, word van die voorbeelde van die Somalis en die Duitsers in die Tirool gebruik gemaak.

Die Somalistamme bevind hulle tans in die volgende ge=biede van die horing van Afrika: Ethiopië, Somalië, Djiboeti en in die Noordelike Grensdistrik van Kenia. In 1886 het Brittanje beheer oor die noordelike de=le van Somalië (Britse Somalilandse Protektoraat) verkry terwyl Italië die suide van Somalië ge=

annekseer het. Britse beheer in Kenia het 'n he= le aantal Somalis by die staat ingesluit. Na 1945 is Italiaanse Somaliland saam met die noordelike deel van Somalië onder Britse beheer geplaas (Kir= sten, 1978:4; Castagno, 1964:165-186; Jenny, 1972: 27; Prins, 1973:10-11).

Latere pogings van die Somalistamme om etniese, geografiese en politieke konsolidasie te verkry, is as gevolg van Russiese teenkanting in die VVO, gekelder. Pas voor die onafhanklikheid van Kenia het die Britse regering geen navraag oor die stre= wes van die Somalis in Kenia gedoen nie (Castagno, 1964:165-168).

Omstrede interpretasies van die 1897- en 1908-grens= ooreenkomste tussen Italië, Ethiopië en Brittanje ten opsigte van die grense tussen Ethiopië en Somalië, het aanleiding tot verdere meningsver= skil gegee. As gevolg van die feit dat dié gren= se op geen natuurlike geografiese of fisiese skeids= lyn gebaseer is nie en omdat daar geen ooreenstem= ming oor die werklike grens was nie, is die gevoel by die Somalis versterk dat hulle kunsmatig ver= deel is.

Die ontwaking van die Pan-Somalibeweging moet dus in die eerste plek na die imperiale verdeling van die Somalistamme teruggevoer word.

Aanvanklik het die leiers van die Pan-Somalibewe=

ging op die beskerming van die Somalis in Ethio=
pië en Kenia aangedring en versoek dat die Soma=
lis toegelaat word om hulle selfbeskikkingsreg uit
te oefen. Die uitoefening van selfbeskikking sou
beteken dat die grense van Ethiopië en Kenia, in
weerwil van die 1963-besluit van die OAE moes
verander. President Osman van Somalië het egter
aangevoer dat as selfbeskikking beteken dat etnie=
se verwante binne 'n eie staatsverband verenig
word, dit nie as balkanisering bestempel kan word
nie. (Die OAE-woordvoerders het in meer as een
geval op die balkanisering van Afrika gesinspeel
indien daar na die uitoefening van die selfbeskik=
kingsreg van etniese eenhede verwys is). Sedert
1967 het die Somaliregering van die standpunt uit=
gegaan dat hulle met enige besluit wat deur die
Somalis in Kenia en Ethiopië geneem word, tevrede
sou wees. Dié benadering van die Somaliregering
het, volgens hulle oordeel, drie alternatiewe be=
hels, naamlik: voortgesette en direkte of gefede=
reerde bande met die state waarin die Somalis hul=
le bevind; onafhanklikheid vir die gebiede waarin
die Somalis hulle bevind; geo-politieke en/of et=
niese konsolidasie met Somalië.

Die Somaliregering het egter gehoop dat die Soma=
lis ten gunste van geo-politieke en etniese kon=
solidasie met Somalië sal besluit. Die volkstem=
ming wat in die Noordelike Grensdistrik van Kenia
gehou is, het aangedui dat 80% van die Somalis

ten gunste van aansluiting by Somalië was, maar die volkstemming wat in die Afars en Issas gehou is, het nie op 'n meerderheidstem ten gunste van aansluiting by Somalië uitgeloop nie. Die Somali=regering het vinnig hierop gereageer en verklaar dat die volkstemming (in Djiboeti) nie verteen=woordigend van die meerderheidsmening was nie (Kirsten, 1978:7-8). In Ethiopië is geen referen=dum gehou nie.

Terwyl die Somaliregering irredenta-bewegings in Ethiopië, Kenia en Djiboeti aangemoedig het, het die Keniase regering hardnekkig geweier dat die wense van die Somalis enige amptelike erkenning verkry uit vrees dat dit tot sesessie elders in Kenia kan lei. Die Somalis in die Ogadengebied van Ethiopië was in 1978-1979 vinnig op pad om hulle ideale te verwesenlik toe die Russe skielik hulle steun onttrek en aan Ethiopië aangebied het.

Volgens Touval kan Somalië, as gevolg van die et=nies homogene samestelling, met gemak en sonder vrees irredenta-bewegings elders aanmoedig omdat dit geen binnelandse gevaar vir sesessie inhou nie. "The legitimizing principle of the Somali state is Somali nationhood and not the norm of reciprocal respect for the status quo" (Touval, 1969:109). Met Kenia is dit heeltemaal anders gesteld.

In die dertiende eeu is die Tirool polities ver=
enig en het sedert 1363 en tot 1918 onder die
gesag van die Habsburgse ryk gestaan. Die suide=
like deel, bekend as die Trentino, was Italiaans=
sprekend terwyl die noordelike deel Duitssprekend
was (Francis, 1976:201-202). Op 'n latere stadium
is die suidelike Tirool deur Italië in 'n groter
streek, bekend as Trentino Alto-Adige, ingesluit
(Francis, 1976:202; Katzenstein, 1977:287). Met
die hertrekking van grense in 1919 is geen ag op
etniese grense geslaan nie en is 'n oorweldigende
meerderheid Duitsers in dié Italiaanse streek
ingesluit (Katzenstein, 1977:289).

Reeds voor die uitbreek van die Eerste Wêreldoor=
log het die Italianers op verskeie gronde op die
gebied aanspraak gemaak. Die redes wat aangevoer
is, was geografiese redes, historiese redes en
"... above all, because of the assumed ethnic ori=
gin of the population" (Francis, 1976:202).

Die vredesverdrae wat na die oorlog gesluit is,
het die Duitsers in die Tirool die reg op nasio=
nale selfbeskikking ontneem, terwyl die Ita=
liaanse regering met alle middele gepoog het om
die Duitse "vraagstuk" met assimilasietegnieke
op te los. Die Duitsers, daarenteen, het hulle
met Oostenryk geïdentifiseer. Hulle het gehoop
dat die Duitse deel van die Tirool by Oostenryk
kon aansluit en eventueel deel van die Duitse

Ryk kon word. As gevolg van die kulturele druk wat deur die Italiaanse regering op die Duitsers in die Tirool uitgeoefen is, het die Duitsers nie regionale outonomie as 'n werkbare alternatief oorweeg nie (Francis, 1976:289).

Die Duitsers is van hulle etniese simbole soos plek=name, kleredrag, landsbakens en hulle eie instel=lings soos skole en vrywillige organisasies, ont=neem. Die doelbewuste en politiek-geïnspireerde industrialisering van die Tirool was egter die belangrikste faktor vir inter-etniese druk. Die Tirool is in landelike Duitse en geïndustriali=seerde Italiaanse streke verdeel ten einde die Italiaanse getalle-oorwig te versterk. Dit sou weer die Italiaanse aansprake op die Tirool ver=sterk. Toe dit egter blyk dat industrialisering ook daarop gemik was om die Duitse etniese iden=titeit te vernietig, het die Duitsers hulle daar=teen verset. In die proses is die Duitsers se identifisering met Duitsland en Oostenryk slegs versterk. In 1939 het Hitler en Mussolini oor=eengekom om druk op die Duitsers te plaas ten einde hulle te beweeg om na Oostenryk te verhuis. Daar word geraam dat tussen 80% en 83% van alle Duitsers in die Tirool die gebied verlaat het (Katzenstein, 1977:290; Francis, 1976:203).

Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog het Oos=tenryk nie met dieselfde ywer vir die belange van die Duitsers wat nog in die Tirool was en sedert

1945 daarheen teruggekeer het, gestry nie. Die rede hiervoor was tweeledig. Eerstens het die Oostenryks-Hongaarse Ryk in 1918 tot niet gegaan en het Oostenryk nie meer dieselfde politieke ge= wig in die internasionale arena gehad nie. Twee= dens was die Geallieerdes van mening dat indien daar op die insluiting van die Duitse deel van die Tirool by Oostenryk aangedring word, dit 'n reeds verslane Italië net verder sou verneder. Die gevolg was dat Oostenryk voor die druk van die Geallieerde Magte moes swig. Hoewel die meeste Oostenrykers blykbaar ten gunste van politieke selfbeskikking vir die Tirolese Duitsers was, het Oostenryk slegs op groter outonomie vir die Tirolese Duitsers in die Tirool aangedring (Kat= zenstein, 1977:300-305). Oostenryk moes egter ook vanweë 'n derde rede sy aanvanklike sterkbewoorde beleid ten opsigte van selfbeskikking vir die Tirolese Duitsers laat vaar. Dit het geblyk dat Oostenryk se aandrang op selfbeskikking vir die Tiroolse Duitsers kontraproduktief ten opsigte van samewerking met Italië in die EEG was.
Die uiteinde van die saak was dat die Oosten= rykse regering van regionale outonomie vir die Tiroolse Duitsers begin afsien het. In 1948 is die Tirool by 'n groter streek, bekend as Trentino Alto-Adige ingesluit. Die Duitsers het steeds 'n minderheid gebly. In 1969 het Oostenryk 'n oor= eenkoms met Italië aangegaan ingevolge waarvan die hele aangeleentheid finaal geskik is en die Duitse Tirool nie meer as terra irredenta sou fi=

gureer nie (Katzenstein, 1977:306; Francis, 1976:204).

Francis (1976:204) wys daarop dat 'n ondersoek wat in 1960-1961 ten opsigte van die redes waarom die Tirool as Duitse gebied en andersyds as Italiaanse gebied beskou word, gedoen is, veelseggende resul=tate gelewer het. Die belangrikste was dat 'n stel identiese argumente in beide kampe gevind is op grond waarvan die Tirool as *terra irredenta* beskou is. Francis verklaar dat die meeste van die argu=mente op gewaande historiese "feite" berus (Fran=cis, 1976:204).

Bostaande voorbeeld toon duidelik dat die verander=de inter-etniese magsbalans en die belange van die groter moondhede bepalend vir die realisering van Duitse aspirasies in die Tirool was. Andersyds illus=treer dit hoe onoplosbaar die aansprake op *terra irredenta* kan wees.

Soos sesessiebewegings en strewes na onafhanklik=heid, is irredenta-bewegings wesentlik etniese ver=skynsels en gaan dit met al die simbole van inter-etniese spanning gepaard. Die beperkinge wat vir sesessie geld, geld ook ten opsigte van irredenta-bewegings. Omdat die nasiestaat as dié model vir die akkommodasie van mensegemeenskappe geld, word die stelling van Lemberg bevestig, naamlik "... the guilt lies with its accusers who have denied it intellectual and cultural existence" (Lemberg,

1974:50).

Soos aangetoon sal word, word vorme van irreden= tisme by sommige Ndebelestamme aangetref.

## 5.0 Kriteria vir die erkenning of verwerping van etniese strewes

Uit die voorgaande voorbeelde wat bespreek is, is dit duidelik dat daar nie 'n universeel-erkende stel beginsels is waarvolgens die strewes van et= niese eenhede binne staatsverbande en binne die internasionale arena, beoordeel word nie. Hoewel die handves van die VVO van die "right to self-determination of all peoples" praat, bestaan daar geen konsensus oor die toepassing van hier= die reg nie. Trouens, die erkenning/miskenning van etniese strewes is deur pragmatiese eiebe= lange en die voorrang van staatsbelange bepaal en gekenmerk. Gastil (1978:91) verklaar dan ook dat daar in geen staat van die wêreld 'n operasionele reg op sesessie bestaan nie. Hy verklaar verder dat: "The United Nations has, therefore, enuncia= ted a theoretical or abstract right of all peoples (a term it has itself defined very broad= ly) to self-determination, while creating through a body of legislative decisions international law that narrowly restricts the application of the right to the context of a struggle against Western imperialism" (Gastil, 1978:98).

Ook wat sesessie in die besonder betref, bestaan daar geen universeel aanvaarde stel beginsels waarvolgens sesessie beoordeel word nie. Die be= teken egter nie dat die internasionale reg nie oor sesessie handel nie. Die regsnorme wat ten opsigte van sesessie bestaan, is egter in die praktyk onderhewig aan pragmatiese oorwegings. "It will be recalled that the U.N. has also ac= cepted the international law that all states have the right to self-defence, including that of defence against internal rights of secession" (Gastil, 1978:100). Bucheit (1978:45) haal ene Bos aan wat die volgende ten opsigte van sesessie as 'n reg te sê het: "... self-determination is not a right under international law, but by virtue of history and provided the act of self-deter= mination is crowned with success. History, be= stowing its "grace" upon an attempt at self-deter= mination, thereby recognizes the group's (histor= ical) right _ex post_". In sy konklusie voer Bucheit (1978:216) aan: "... there is neither an international consensus regarding the status of secession within this doctrine nor is there an accepted teaching regarding the nature of a legitimate secessionist movement". In dieselfde asem erken Bucheit dat sesessionistiese aktiwi= teite 'n kenmerk van ons tyd is en sal bly en dat daar nie 'n afname in sesessionistiewe bewe= gings verwag kan word nie (Bucheit, 1978:216).

Vernon van Dyke (aangehaal deur Gastil, 1978:96) koppel die relatiewe gebrek aan belangstelling van die Handves van die VVO en die Universele Verkla=ring van Menseregte in groepsregte aan die "... in=dividualistic conception of man in both communist and non-communist intellectual traditions". Ander=syds verklaar Esman (1977:371-390) dat konserwa=tiewes, liberales en Marxiste, elkeen op grond van sy eie redes, van mening is dat "... the retrograde and disruptive phenomenon of ethnic particularism deserved to be speeded to the ash heaps of history".

Gastil (1978:94-96) onderskei tien "common sense criteria" wat deur elites in oorweging geneem word "... to adjust political action to current or prospective claims to self-government". Uit die bespreking van die aantal kriteria blyk dit egter dat daar bykans meer uitsonderings as vaste reëls is. Dit wil verder voorkom of daar nie eintlik van kriteria gepraat kan word nie - juis as gevolg van die feit dat die oorwegings wat Gastil aan=toon, nie kriteria is nie, maar eerder aandui=dings is. Hoe dit ookal sy, die aanduidings wat Gastil noem, is die volgende: simboliese diffe=rensiasie van die groep; grootte van die eenheid; grootte en onderskeibaarheid van gebied; verwag=te opbloei of afname van bevolkingsdeelname in die nasionale beweging; resentheid van afsonder=like bestaan; misdade gepleeg teen 'n groep; die

algemene steun van die groep vir hulle saak; vlak van openbare bewustheid van so 'n eenheid se strewes; moontlikheid van sukses en die vraag of die bevor= dering van so 'n eenheid se belange nie die onder= steuners se eie belange gaan kortwiek nie.

Bucheit (1978:28-31) wys op wat as negatiewe oor= wegings ten opsigte van sesessie aangevoer word. Hierdie argumente word, volgens Bucheit, as ba= siese uitgangspunte <u>teen</u> die universele toepas= sing van sesessie aangevoer. Dit behels die vol= gende: die vrees vir balkanisering(dit behels die dieperliggende vrees dat 'n aantal klein twistende staatjies geskep sal word wat wêreldvrede sal be= dreig); die vrees dat daar geen einde aan die ver= deling van state gaan kom nie (dit behels die standpunt dat die standaarde wat vir die bepaling van 'n "groep" geld, verlaag sal word en dat geen staat hierdie proses gaan vryspring nie); bedrei= ging van die demokrasie (dit behels die vrees dat 'n etniese minderheid se belange bo die van die "meerderheid" geag sal word); die vrees vir on= stabiele state (dit behels die vrees dat die klein state van die hulp en grasie van die groot state afhanklik sal wees); die omsingeling van minder= hede (hierdie vrees is op die insluiting van min= derhede in gebiede wat afgeskei het, gebaseer); die vrees dat die meerderhede wat agterbly eko= nomies gaan swaarkry (die beswaar is op die feit gebaseer dat verskeie van die streke wat wegbreek, ekonomies welvarend is en dus die <u>de facto</u> situa=

sie skep dat die meerderheid in die staat, belang=
rike bestaansbronne verloor).

As gevolg van die bostaande argumente wat ter oor=
weging geneem word by die beoordeling van etniese
aspirasies, is die kanse dat 'n etniese eenheid
met sy strewes gaan slaag, gering en ten minste
riskant. Esman (1977:380-384) het op die algemene
en min of meer geldende praktyk ten opsigte van
die beoordeling van etniese aspirasies gewys. Die
regering in die sentrum van enige staatsverband
is geneig om die bestaande orde as uitgangspunt
te handhaaf. Die eerste stap is om die aspirasies
van etniese eenhede binne so 'n verband te ignoreer
en dit van amptelike erkenning te weerhou. Die
hoop word dan gekoester dat die beweging 'n na=
tuurlike dood sal sterf. Ten einde die ignorering
teen te werk en hulle saak "bekend" te stel, maak
etniese eenhede en hulle verteenwoordigende po=
litieke organisasie dan toenemend van terrorisme
en reaksionêre optredes gebruik. Die reaksie van
die regerende elites hierop is die diskreditering
van dié beweging, sy motiewe en sy leiers. Die
leiers word as fanatici uitgekryt, die aansprake
van die beweging word bestempel as van geen werk=
like belang nie en daar word op die beweerde en
werklike katastrofale gevolge op ekonomiese ter=
rein gewys indien daar aan sulke "absurde" eise
toegegee sou word. Indien hierdie stap ook nie
help nie, kan die regerende elites een van twee

weë kies, òf die akkommodasie van die strewes, òf die gewelddadige onderdrukking van sulke bewegings. Indien akkommodasie as uitweg gekies word, is daar nog twee alternatiewe beskikbaar, naamlik konses= sionele akkommodasie of strukturele akkommodasie. Konsessionele akkommodasie bied slegs beperkte aan= passings soos die erkenning van taalregte, ver= lening van sekere subsidies, sekere religieuse en ander kulturele toegewings, ensovoorts. Struktu= rele akkommodasie behels een of ander vorm van regionale outonomie of onafhanklikheid maar "Central elites in unitary systems are slow to concede re= gional outonomy, fearing that separatist appetites will not be satisfied with concessions, but in= stead, will grow with eating" (Esman, 1977:382).

Die bostaande argumente en stellings (ook die van ander skrywers wat nie hier genoem is nie), kan in die volgende saamgevat word. Aan die een kant bestaan daar 'n ideologiese beheptheid met die beklemtoning van die staat as primêre verband. Andersyds bestaan daar geweldige sterk druk wat deur etniese eenhede ter verkryging van bepaalde oogmerke, uitgeoefen word. Beide kan deur ekstre= misme gekenmerk word. Die algemene patroon is ver= der dat die staat en etniese eenhede in direkte botsing verkeer. Die staatsverband wend bepaalde middele en tegnieke aan om etniese aspirasies die nek in te slaan. Etniese eenhede, aan die ander kant (dikwels met hulp van bestaande state), rea=

geer ewe heftig ter konfrontering van die staats=verband. Hoe meer druk deur die staatsverband uit=geoefen word, hoe sterker is die teendruk wat deur die etniese eenhede uitgeoefen word. In meer as een geval neem hierdie spanning die vorm van fisie=se konflik aan.

Die argumente wat die staatsverband aanvoer, is soms relevant en soms nie. Aan die ander kant is die oogmerke waarop etniese eenhede aandring, nie altyd gebalanseerd en verantwoordelik nie - veral nie wanneer dit rekenskap van die langtermynbe=lange moet gee nie. Dit is egter ook 'n feit dat som=mige etniese eenhede wat tans in een staatsverband ingesluit is, as gevolg van 'n hele reeks ingrypen=de verskille, net nie daarin sal slaag om saam in een juk te trek nie.

Dit moet dus ook aanvaar word dat die toepassing van selfbeskikking nie op 'n algemeen en gestan=daardiseerde wyse toegepas kan word nie - daar=voor is die werklikheid gans te geskakeerd. Wat egter wel gedoen kan en moet word, is om self=beskikking, in sy verskeie vorme, na gelang van die moontlikhede binne elke staatsverband, opnuut in oorweging te neem.

Bucheit vat dié kernprobleem soos volg saam: "Common sense requires that both (die staat en etniese eenhede) be scrutinized for their un=derlying value and utility, and that neither be

encapsulated in a dogmatic sanctity. It makes no more sense to uphold the integrity of a State when it no longer satisfies the fundamental purposes of a political association, than it does to glo= rify parochialism for the sake of parochialism as though this embodied a panacea for all the ills of the social condition" (Bucheit, 1978:225).

Bostaande benadering van Bucheit vereis dat daar ook 'n beter en meer fundamentele besef van en kennis oor etniese prosesse behoort te kom. Son= der werklik diepgaande kennis van etniese prosesse en die dryfvere van etniese eenhede, kan daar be= swaarlik verwag word dat 'n gesonde evaluering daar= van gemaak kan word.

## 6.0 Samevatting

Soos aan die begin aangetoon, was dit die oogmerk van dié hoofstuk om die klem op inter-etniese pro= sesse binne inter-etniese sisteme te plaas. Dit is aan die hand van enkele opmerkings oor die druk wat binne 'n inter-etniese milieu kan ontstaan en die reaksie van etniese eenhede op hierdie druk, gedoen. Hierbenewens is enkele fokuspunte wat deur etniese eenhede beklemtoon word, verder toegelig. In die voorlaaste instansie is twee vorme van etniese selfhandhawing, naamlik sesessie en irre= denta bespreek. Uit die aard van die saak kan die selfhandhawingstrewes van etniese eenhede 'n baie

wye veld bestryk. Laastens is enkele opmerkings oor die kriteria vir die hantering van etniese aspirasies gemaak.

Dit is die verdere oogmerk om die teorie oor die inter-etniese milieu en die druk wat daarbinne mag bestaan, ten opsigte van die Ndebele van Transvaal toe te pas. Daar sal gepoog word om die aspirasies van Ndebelestamme binne hierdie milieu te belig en aan te toon tot welke mate hulle aspirasies geblok= keer en/of ondersteun is. Dit hang natuurlik met die Suid-Afrikaanse volkerebeleid saam - 'n beleid wat in terme van die internasionale argumente vir en teen selfbeskikking en die erkenning van die etniese eintlik 'n kontradiksie is.

# HOOFSTUK 4
# DIE NDEBELE VAN TRANSVAAL: VERSPREIDING, HERKOMS EN VERWANTSKAP

## 1.0 Inleiding

Hierdie hoofstuk val hoofsaaklik in vier same= hangende dele uiteen. Die eerste gedeelte handel oor die naam Ndebele, die geografiese verspreiding van die Ndebele en enkele statistiese besonderhede van die Ndebele.

Die tweede deel bevat besonderhede oor die werklike en/of vermeende verwantskap van die Ndebele met die Nguni, die Hlubi, die Kalanga van Rhodesië; besonderhede oor die taalkundige aspekte van die Ndebele, en die werklike en/of vermeende verwant= skap tussen die Suid-Ndebelestamme enersyds en die Noord-Ndebelestamme andersyds.

In die derde gedeelte word die aandag op die etno-historie van die Ndebelestamme gevestig. Die be= sonderhede wat in die gedeelte verstrek word, lig die historiese aspekte van die stamme toe. Van die historiese aspekte wat baie duidelik na vore kom en wat in gedagte gehou moet word met die oog op hoofstukke vyf en ses, is die volgende: die redes vir en omstandighede waaronder etno-fissie plaas= gevind het; die geografiese aansprake van die Ndebelestamme; die geografiese verspreiding van

die Ndebelestamme in die algemeen en die verstrooi=ing van die Ndzundza in die besonder; die inter-et=niese milieus waarin die stamme hulle bevind en waarbinne hulle hulle identiteit moes handhaaf; die onderlinge verhoudinge tussen Ndebelestamme en die teenstelling wat die strewes vir politieke eenheid sedert 1960 met die geskiedenis van split=sing en konflik vorm. Uiteraard kom al hierdie fa=sette nie by elkeen van die stamme voor nie. Waar dit egter wel voorkom, is dit aangetoon.

Die vierde deel van die hoofstuk handel oor die werklike en/of vermeende verwantskap tussen die Noord- en Suid-Ndebelestamme.

### 1.1 Die naam Ndebele

Van Warmelo (1935:87) sê die Ndebele van Transvaal is 'n vertakking van die Nguni van Natal. Die Sothostamme dui die Ndebele van Transvaal as Matebele aan. Van Warmelo (1935:87) is van mening dat dié naam deur die Sothosprekendes aan alle Ngunisprekendes van Suid-Afrika gegee is. Die naam Amandebele is die ekwivalent van die Sotho=naam Matebele. Dit verklaar waarom die Nguni in Lesotho en die Zoeloesprekende bure van die Sotho in die Nqutudistrik van Natal as Matebele bekendstaan (Van Warmelo, 1935:87). Dieselfde argument verklaar vir Van Warmelo waarom die naam=lose regimente van Mzilikazi met hulle inkoms

in Transvaal as die Matebele bekendgestaan het. Hoewel daar geen geskrewe bronne oor die naam Matebele vóór die koms van Mzilikazi na Transvaal bestaan nie, word dit algemeen aanvaar dat die Ndebele van Transvaal as sodanig bekendgestaan het voor en ten tye van Mzilikazi se koms. Omdat die Ndebele klaarblyklik lank voor die koms van Mzili= kazi in Transvaal woonagtig was, is dit onwaar= skynlik dat die naam Matebele eers aan die regi= mente van Mzilikazi en daarna aan die Ndebele van Transvaal gegee sou gewees het (Van Warmelo, 1935:87). Ellenberger & MacGregor meld ook dat die Sotho die naam Matebele aan die "Kaffirs of Natal" gegee het tydens die invalle van die Hlubi, Ngwane, Tlokwa, Zoeloe, Griekwa en die Korannas (Jackson, 1969:120).

Die naam kon ook van die Suid-Sothowerkwoord ho tebela,wat beteken om te verdryf, afgelei gewees het. Die Ngunistamme, waarmee die Sotho in aanra= king gekom het, sou dus as "die verdrywers" bekend= gestaan het. Die Setswana-Engelse woordeboek van Brown gee die werkwoord go tebela aan as om met die vuis te slaan (Brown, 1971).

Verskeie ander skrywers verwys in hulle werke na die Matebele maar dan het dit op die regimente van Mzilikazi betrekking (Selous, 1881:30; Fritsch, 1872:329-482 en Déclé, 1898:150 e.v.; Child, 1968: 1 e.v.).

Omdat die regimente van Mzilikazi en die Ndebele van Transvaal met dieselfde naam deur die Sotho=sprekendes aangedui is, hoef dit egter nie na 'n kontemporêre onderlinge etniese verwantskap te verwys nie.


Uit die voorgaande is dit dan duidelik dat die verklaring van Ellenberger & MacGregor, Van Warmelo en andere wat die gedagte steun dat die naam Ndebele deur die Sothosprekendes aan die Nguni=sprekendes gegee is, die mees bevredigende en lo=giese is.

## 1.2 Geografiese verspreiding van die Ndebele

Oor die algemeen word die Ndebele van Transvaal in 'n suidelike en 'n noordelike stammegroep ingedeel. In den brede berus dié indeling op kulturele ver=skille en op geografiese verspreiding. Die Noord-Ndebelestamme (Kaart 1) word oor die algemeen noord van die Springbokvlakte en die Suid-Ndebele suid van die Springbokvlakte aangetref. Kultureel gesproke is daar verskille tussen die Noord- en die Suid-Ndebele. Dié kultuurverskille val egter nie konsekwent met die geografiese verspreiding saam nie. Die Kekana van Majaneng, wat Noord-Ndebele is, woon bv. suid van die Springbokvlak=te terwyl die Huaduba, wat van oorsprong Suid-Ndebele is, bykans volledig verTswana het en dus nie meer as Suid-Ndebele beskou kan word nie.

KAART 1

VERSPREIDING VAN DIE NDEBELE VAN TRANSVAAL



**Tabel 1**

**Die Ndebelestamme : Owerhede**

**Die Suid-Ndebele**

| Stamno. | Stamnaam | Stam-/gemeenskapsowerheid | Streeksowerheid | Nasionale owerheid |
|---|---|---|---|---|
| 15-01 | Manala (Mbongo) | Amandebele abaga Manalastamowerheid ( GK 1467/1967) | Mnyamanastreeksowerheid | Ndebelegebiedsowerheid (R 2021/1977) |
| | Manala (Mgibe) | Nie erken nie | | |
| | Manala (Makerana) | Nie erken nie | | |
| 15-40 | Ndzundza | Ndzundza ( Mabhogo)-stamowerheid ( GK 2143/1968) | Ndzundza ( Mabhogo)-streeksowerheid ( R 135/1974) | Ndebelegebiedsowerheid |
| 15-20 | Ndzundza | Ndebelestamowerheid ( GK 1139/1957) | Nebostreeksowerheid ( GK 287/1962) | Lebowa ( R 1274/1962; R 156/1971) |
| 15-45 | Ndzundza | Pungutshagemeenskapsowerheid ( GK 767/1977) | Mnyamanastreeksowerheid ( GK 873/1977) | Ndebelegebiedsowerheid |
| 15-50 | Ndzundza | Luhoo Ndebele-Ndzundzastamowerheid ( GK 2084/1966) | Mnyamanastreeksowerheid ( GK 871/1977) | Ndebelegebiedsowerheid |
| 15-90 | Hwaduba | Bahwadubastamowerheid ( GK 953/1958) | Kgatla-Ndebelestreeksowerheid ( GK 23/1960) | Bophuthatswana (R 585/1961) |

**Die Noord-Ndebele**

| Stamno. | Stamnaam | Stam-/gemeenskapsowerheid | Streeksowerheid | Nasionale owerheid |
|---|---|---|---|---|
| 16-05 | Kekana | Zebediela stamowerheid ( GK 1103/1957) | Ndebelestreeksowerheid ( GK 5/1959, GK 1855/1967) | Lebowa ( R 1274/1962) |
| 16-10 | Kekana | Amandebelestamowerheid ( GK 788/1957) | Kgatla-Ndebelestreeksowerheid ( GK 23/1960, GK 825/1969) | Bophuthatswana |
| 16-15 | Mokopane | Vaaltynstamowerheid ( GK 1885/1963) | Ndebelestreeksowerheid ( GK 1082/1964, GK 1855/1967) | Lebowa |
| 16-20 | Langa | Mapelastamowerheid (2612/1954) | Ndebelestreeksowerheid | Lebowa |
| 16-25 | Langa | Bakenbergstamowerheid (2619/1954) | Ndebelestreeksowerheid | Lebowa |
| 16-40 | Letwaba: Mashashane | Mashashanestamowerheid ( GK 238/1955) | Polokwanestreeksowerheid ( GK 354/1960) Seshegostreeksowerheid ( GK (Lebowa) 1/1973) | Lebowa |
| 16-45 | Maraba : Mapangula | Die stam is deel van die Mashashane van Magandangele | | |
| 16-50 | Maraba : Sekgopetsana | Molwelastamowerheid ( GK 1926/1956) | Seshegostreeksowerheid ( GK (Lebowa) 1/1973 | Lebowa |
| 16-55 | Letwaba: Eland Letwaba | Ndlhovustamowerheid ( GK 829/1962 , 1934/1956) | Thabamoopostreeksowerheid ( GK (Lebowa) 1/1973) | Lebowa |
| 16-60 | Letwaba: Nkidikitlana | Nkidikitlanastamowerheid ( GK 1557/1962) | Ndebelestreeksowerheid ( GK 1855/1967) | Lebowa |
| 16-90 | Seleka | Selekastamowerheid ( GK 2611/1954) | Ndebelestreeksowerheid ( GK 1855/1967) | Lebowa |
| 16-95 | Seleka | Mfatlhaastamowerheid ( GK 1381/1959, 1357/1964) | Kgatla-Ndebelestreeksowerheid ( GK 1381/1959) | Bophuthatswana |

Hoe dit ookal sy, die Suid-Ndebele omvat die Ndzundza, Manala en die Huaduba. Die Huaduba wat hulle egter nie meer as Ndebele beleef nie, word deur die Ndzundza en die Manala as Suid-Ndebele beskou.

Die Ndzundza is tans in vyf streke aan te tref, naamlik die Ndzundza van Mabhogo te Weltevreden 158 JR en omliggende plase; die Ndzundza van Jack Mahlangu te Nebo in Lebowa; die Ndzundza op Witlaagte 173 JR; die Ndzundza op Kalkfontein 143 JR en die Ndzundza wat hulle op Blanke plase op die Transvaalse Hoëveld en in Bophuthatswana bevind.

Die Manala bevind hulle op die plase Troya 151 JR, Roodekoppies 161 JR en Allemansdrif 162 JR, reg oos van Rust der Winter.

Die Huaduba is binne Bophuthatswana woonagtig. Die stamkantoor is op Swartbooistat, noord van Hammanskraal.

Wat die Noord-Ndebele betref, dui Van Warmelo (1935:89) en Ziervogel (1959:4) die volgende stam=me as van Noord-Ndebeleherkoms aan:

Die Kekana van Zebediela en Majaneng
Die Mokopane van Vaaltynslokasie
Die Langastamme van Potgietersrustomgewing
Die Letwaba- en Marabastamme van Potgieters=

rust en Pietersburg.

Hierbenewens sluit Van Warmelo (1935:89) ook die Seleka van die Palalablok en Moretele as Noord-Ndebele in.

Die Kekana van Zebediela is in die bekende Zebedielaslokasie woonagtig terwyl die Kekana van Majaneng, wat van dié groep te Zebediela weggebreek het, op die plaas Leeuwkraal 92 JR, net noord van Hammanskraal, woonagtig is. Hulle stamgebied is dus ook binne Bophuthatswana.

Die Mokopane van Vaaltynslokasie, wat ook van die Kekana van Zebediela weggebreek het, woon in die bekende Vaaltynslokasie by Potgietersrust.

Die twee Langastamme, wat vantevore een stam was, woon in die Potgietersrustomgewing in die Bakenberglokasie (Bakenberglanga) en in Masebeslokasie (Mapelagroep).

Daar is vyf Letwabastamme, naamlik die Letwaba van Mashashane wat in Mashashaneslokasie woon; die Maraba van SekgopetŠana wat te Marabastat, noord van Mashashaneslokasie, woon; die Letwaba van Nkidikitlana wat te Weltevreden 667 LR noord van die Langa van Bakenberg woon; die Maraba van Mapangula wat op Uitvlugt 654 LS binne die stamgebied van die Mashashane van Magandangele

woon en die Letwaba van Eland Letwaba (ook as die Ndlhovustam bekend) wat aangrensend aan die noord=oostelike deel van Zebedielaslokasie woon.

Die Sekeka waarna Van Warmelo verwys, bevind hulle in die Palalablok, aangrensend aan Botswana en in Moretele in Bophuthatswana.

Benewens hierdie stamme, is daar 'n aantal ander stamme wat op Ndebeleherkoms aanspraak maak. In 'n latere gedeelte van die hoofstuk word in meer besonderhede na hulle verwys.

Te kaart 1 en tabel 1 word die verspreiding van die stamme en hulle inskakeling binne die owerhe=de-struktuur aangetoon.

## 1.3 Statistiese besonderhede

Die 1946-sensus het die totale aantal Ndebele op 158 000 gestel. Van Warmelo (1972:10-12) stel dit egter dat die 1946-sensus nie 'n duidelike en getroue weergawe van die getalsterkte van die Ndebele gee nie. Die rede is dat die sensusopne=mers nie tussen die verskillende dialekte van die Ndebele onderskei het nie. Zoeloesprekendes in Griekwaland-Oos en in die Vrystaat is bv. as Suid- en Noord-Ndebele getel.

Tydens die 1970-sensus het soortgelyke probleme

opgeduik. Vir die doeleindes van dié sensus is taal as basis geneem. Diegene wat kuluma is Suid-Ndebele terwyl die wat sumaela Noord-Ndebele is. As gevolg van verwarring wat ontstaan het, is "Suid-Ndebele" by Aliwal-Noord en "Noord-Ndebele" by Bethal getel. Eweneens is groot getalle Suid-Ndebele in Oos-Transvaal as Noord-Ndebele getel. Volgens mondelinge inligting van die Hoof=etnoloog: Dept. van Samewerking en Ontwikkeling, is ongeveer 50 000 Suid-Ndebele as Noord-Ndebele ge=tel. Hierdie getal behoort dus van die totale aantal Noord-Ndebele afgetrek en by die Suid-Nde=bele getel te word.

Die 1970-sensus het die totale aantal Suid-Ndebele op 233 021 en die totale aantal Noord-Ndebele op 181 748 gestel. Indien die 50 000 Suid-Ndebele wat by die Noord-Ndebele getel is, afgetrek en by die Suid-Ndebele getel word, dan was daar 283 021 Suid-Ndebele en 131 748 Noord-Ndebele.

Volgens die 1970-sensus was die Ndebele soos volg versprei:

| | Suid-Ndebele | Noord-Ndebele |
|---|---|---|
| Blanke gebied | 177 772 | 111 740 |
| Lebowa | 26 897 | 46 836 |
| Bophuthatswana | 27 935 | 22 820 |
| Ander Tuislande | 417 | 352 |
| Totaal | 233 021 | 181 748 |

Ten einde 'n beeld van die getalsterkte van die Noord-Ndebele ten opsigte van ander etniese groepe in die gebiede van die Noord-Ndebele te kry, het die Hoofetnoloog 'n ontleding van die vanne van die persone wat die 1970-sensusvorms in dié streke voltooi het, gedoen. Die vanne is geklassifiseer en getel. Hoewel 'n speling vir foute toegelaat moet word, is die resultate betroubaar. (Die re= sultate is in tabel 2 vervat.)

Oor die algemeen gesien, is die Noord-Ndebele 'n minderheid in dié gebiede. Wanneer daar egter na die individuele stamgebiede gekyk word, is dit net sekere stamme of dele van stamme wat 'n min= derheid in hulle gebiede vorm. Die algemene ten= dens is egter duidelik, naamlik dat die Noord-Ndebelestamgebiede oor die algemeen etnies-hete= rogeen is en dat die invloed wat van die Noord-Sotho en Shangaan uitgaan, sterk is.

## 2.0 Ndebeleverwante en geassosieerdes

### 2.1 Verwantskap met die Nguni

Volgens Van Warmelo (1935:87) het die Ndebele van Transvaal van die Natalse Nguni weggebreek en wel tussen 1535 en 1635. Ter stawing van sy argu= ment wys hy daarop dat die Transvaalse Ndebele nog gedeeltelik as die Abandungwa of as die Abathokwa (Sothovorm) bekendstaan. Die Zoeloe-

## Tabel 2

**Getalsverhouding van die Noord-Ndebele tot ander groepe binne die stamgebiede van die Noord-Ndebele**

| Stamgebied | Noord-Ndebele | % | Noord-Sotho | % | Shangaan | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Zebediela | 18 443 | 55% | 11 860 | 35% | 2 903 | 9% |
| Ndlhovustamgebied | 979 | 40% | 1 005 | 41% | 467 | 19% |
| Vaaltynslokasie | 15 671 | 53% | 8 443 | 29% | 4 939 | 17% |
| Mokopane (res) | 3 848 | 39% | 4 307 | 44% | 1 376 | 14% |
| Mapela(Masebeslokasie) | 5 186 | 41% | 5 102 | 40% | 2 039 | 16% |
| Mapela (wes) | 2 202 | 32% | 3 822 | 55% | 847 | 12% |
| Mapela ( Moordkoppie) | 8 442 | 46% | 7 472 | 41% | 1 565 | 9% |
| Mapela ( Palalablok) | 2 701 | 18% | 12 054 | 79% | 307 | 2% |
| Bakenberg ( Noordelike deel) | 789 | 24% | 2 389 | 73% | 56 | 1% |
| Bakenberg | 2 223 | 26% | 4 414 | 51% | 1 801 | 21% |
| Nkidikitlana | 732 | 30% | 1 609 | 67% | 23 | 1% |
| Lekalakala | 1 057 | 50% | 1043 | 49% | 25 | 1% |
| Mashashane | 9 130 | 49% | 7 650 | 41% | 1 452 | 8% |
| Totale | 71 403 | 44% | 73 170 | 45% | 17 530 | 11% |

( Hierdie besonderhede is deur die Hoofetnoloog van die Dept. Samewerking en Ontwikkeling ingesamel en verwerk en aan skrywer beskikbaar gestel )

ekwivalent vir beide begrippe is Abantungwa en het as 'n baie ou naam onder die Zoeloe, waarskynlik die eintlike Zoeloe, bestaan.

Fourie (1921:22) wat reeds voor Van Warmelo geskryf het, is van mening dat daar 'n bepaalde verwantskap tussen die koninklike familie van die Ndebele en die sogenaamde oerstam van die Zoeloe moet bestaan. Die isibongo (sibbenaam) van die koninklike familie van die Ndzundza is Mahlangu en die isithogozelo ('n hoflike groetterm waardeur 'n persoon vereer word) daarvan is Mdungwa. Ten opsigte van bogenoemde beweer Bryant (soos aangehaal deur Fourie) dat die naam Ntungwa waarskynlik 'n redelik algemene naam vir die stamme in die ooste van Suid-Afrika was waardeur hulle hulle van die tekela-Nguni onderskei het. Volgens Fourie (1921:22-23) is die naam Ntungwa deur sekere Zoeloestamme en deur die Ndzundza slegs as isithogozelo gebruik. Die spesiale isithogozelo van die koning "der Amandebele" is, volgens Fourie, Ndabezitha. Ndabezitha sou ook die familienaam van Mzilikazi gewees het.

Van Warmelo (1935:82) gee die naam Ndabezitha as die isithogozelo van slegs die werklike Zoeloestamme aan. In sy standaardwerk van 1935 gee Van Warmelo geen isithogozelo vir die Ndzundza aan nie maar meld dat hulle nog gedeeltelik as die Abandungwa bekendstaan (Van Warmelo, 1935:66).

Op vergaderings van die stamraad van die Ndzundza en by ander geleenthede waar die stamhoof teenwoor= dig is, word hy as Ngwenyama gegroet. Dié groet word ook by die Swazi en die Zoeloe aangetref.

Bothma (1969:194) is van mening dat die isithogozelo van die koninklike huis van die Mahlangu (Ndzundza) Thobela/Ndobela is. Van Warmelo (1935:71-83) gee die isithogozelo van die Mahlangulinie by die Manala as Ndobela aan, maar gee dit nie as isithogo= zelo van enige Zoeloestam aan nie.


Die Venda-ekwivalent van Thobela/Ndobela is Thovela. Die mees algemene groetterm onder die Noord-Ndebele is ook Thobela (Van Warmelo, 1930:16).

In die verband wys Ziervogel (1959:181) daarop dat die Noord-Ndebele vanuit die ooste, uit die land van Malaji, kom. Sy informante het vertel dat hulle Kalanga was. Nungu se twee seuns, Malaji en Mala= jana het egter stry gekry waarna Malajana die stat van sy vader verlaat en van toe af as Thobela be= kendgestaan het.

Na aanleiding van bostaande gegewens skyn dit asof daar twee uiteenlopende tradisies ten opsigte van die herkoms van die Ndebele bestaan. Eensdeels ver= wys die gegewens na 'n Nguniherkoms van die Suid-Nde= bele terwyl ander gegewens na 'n Kalangaherkoms wys. Die twee tradisies hoef egter nie noodwendig met mekaar in stryd te verkeer nie.


Genealogiese tabel I

Genealogie van die Ndzundzastamhoofde ( volgens Fourie, 1921:55)



Genealogiese tabel 2

Genealogie van die Hlubistamhoofde ( volgens Bryant, 1929:157)




Genealogiese tabel 3

Genealogie van die Ndebelestamhoofde (volgens Short History, 1905:56)




Genealogiese tabel 4

Genealogie van die Amandebele ( volgens Short History,1905:56)




( * M'Pafuli word nie deur Short History( 1905:53-55) bespreek nie maar word wel in die genealogie vermeld ).

2.2 Die Hlubi-assosiasie

Enkele bronne maak van 'n moontlike skakeling tussen die Ndebele (of die Langa) en die Hlubi melding. Massie (1905:33) is van mening dat die Transvaalse Ndebele bes moontlik nakomelinge van 'n faksie van die Hlubi is wat deur Tjaka uit Zoeloeland verdryf is. Die bekendste Hlubigroep waarna Massie verwys, is die Langalibalele wat op die grens van Natal en Basoetoeland gewoon en in 1873 teen die regering in opstand gekom het.

Trümpelmann (soos aangehaal deur Jackson, 1969:37), sê dat die Manala van Bohlubing (van die plek van Hlubi) afkomstig is.

Volgens Jackson self (1969:37) bestaan daar 'n tradi= sie onder die Langastamme dat hulle van die Hlubi afkomstig is en dat hulle onder leiding van 'n stam= hoof van wie die stamme hulle naam kon ontleen het, na Transvaal getrek het.

Benewens bostaande opmerkings, is daar drie genea= logieë van stamhoofde (genealogiese tabelle 1, 2 en 3) wat na 'n skakeling met die Hlubi verwys. Die genealogie van die Ndebelestamhoofde soos aangebied in Short History (1905:56); dié van die Hlubistam= hoofde (volgens Bryant, 1929:157), en die genealo= gie van die stamhoofde van die Ndzundza (Fourie, 1921:55) noem aldrie die twee name Mhlanga en Musi

(in opeenvolgende verband) as twee van die vroeëre stamvaders van die Hlubi (in die geval van Bryant), en die Ndebele (in die geval van Fourie en Short History). Hierbenewens verstrek beide Fourie en Short History die naam van Dlhomu as seun van Msi (Musi), terwyl Bryant Dlhomu as 'n seun van Mtimku= lu II aangee. (In die laaste geval kom die naam Dlhomu egter baie later in die genealogie voor as by Fourie en Short History). Nie een van die ge= nealogieë gee enige verdere besonderhede oor die naam Dlhomu nie. Die laaste kenmerk van die drie genealogieë is die feit dat slegs Bryant die naam van ene Langalibalele noem. Hy word as 'n broer van Dlhomu aangegee. Hoewel die ander genealogieë nie die naam van Langalibalele bevat nie, het ene Du Plooy ('n informant van Fourie, 1921:31) verklaar dat die Ndzundza van Langalibalele afkomstig is. Volgens hom het Dlhomu van Langalibalele weggebreek nadat Langalibalele na Natal getrek het. Short History (1905:53-54) voer in dieselfde trant aan dat die men= se van Langalibalele aan die mense van Dlhomu ver= want is.

Bostaande gegewens dui dus op 'n baie vae en algeme= ne verwantskap van die Langa met die Hlubi. Die ge= gewens is egter so vaag en algemeen dat dit nie veel waarde het nie.

## 2.3 Die Rhodesiese-, Pedi- en Venda-assosiasies

Short History (1905:56) gee die naam van ene Pafuli as 'n seun van Musi aan. Krige (1937:323) is van mening dat ene M'Pafuli van Nguniherkoms was. M'Pafuli het in die Tshivasedistrik van Venda gewoon en sy kleinseun, Pafuri, het as Makwarella bekend= gestaan.

Jackson (1969:43) wys daarop dat die naam Sebasa (Tshivase) by 'n hele aantal van die Letwabastamme voorgekom het. 'n Informant van Van Warmelo (1930: 93) onder die Manala het aangevoer dat Sebasa 'n seun van Msi (Musi) was. Van Warmelo vertolk dié aanspraak as 'n weerkaatsing van die tradisie dat die Mpaphulistam (in Venda) wel 'n verband met die mense van Musi gehad het.

Jackson (1969:43) is van mening dat 'n tak van die Musi-Ndebele moontlik na Rhodesië verhuis het en na 'n tydelike verblyf daar na die Tshivasedistrik in Venda teruggekeer het. Op hulle pad na Rhodesië (òf op pad terug), sou hulle kontak met die Phala= borwa gehad het. Ziervogel (1959:5), wat voor Jackson geskryf het, verklaar op grond van sekere taalkenmerke dat die Noord-Ndebele 'n Rhodesiese assosiasie het. (Hy ontken egter nie die feit dat die Noord-Ndebele deur die Swazi en die Suid-Nde= bele beïnvloed is nie.)

Bothma (1969:189) argumenteer dat daar 'n wydver=

spreide tradisie bestaan dat die Venda van Ramabu=lana en hulle Kolobe- en Lobeduverwante "die mense van Thobela" is en dat die Pedi/Rota die mense van Thobela se jonger broer, Thobejane, is. Hierbene=wens bestaan daar vir Bothma (1969:194) aanduidings dat die Ndebele wat normaalweg as van Nguni-herkoms beskou word, kontak met die Phalaborwa gehad het. Sommige Ndebele soek hulle oorsprong òf te Hlôgôtlou òf te Nebo òf te Bon Accord. Die naam Hlôgôtlou kon maklik met die naam Thoho-ya-Ndou, die vergoddelikte voorvader van die Venda, verwar gewees het. Bothma het later verneem dat die drie Maeselastamme, wat algemeen as Ndebele aanvaar is, eintlik van Lemba-herkoms is. Ook die Kgaga van Tshwene is algemeen as Ndebele aanvaar, maar volgens 'n vroeëre verslag van Knothe, word hulle as Hlahlerwa van die Kalanga van Mashonaland aangegee (Bothma, 1969:194).

Bothma konkludeer dan voorlopig dat, na aanleiding van inligting wat die Ndebele aan die Rota/Pedi en die Venda koppel, 'n vreemde etniese element te mid=de van die diversiteit van groepe in Transvaal aan=vaar moet word. Op grond hiervan wil dit verder voorkom of Thobela en Tobejane dié element gevorm het en die stamme as Sotho bestempel het, maar even=tueel deur die Sotho geabsorbeer is. Dié argument word verder vir Bothma versterk deur die feit dat dieselfde name vir besnydenisgroepe onder baie Sotho-, Ndebele- en Vendastamme voorkom (Bothma, 1969:194-195).

## 2.4 Taalkundige verbande

Die Noord- en Suid-Ndebele word onder andere op grond van taalverskille en taalkenmerke in twee groepe verdeel. Hoewel die taal van 'n etniese een= heid nie stagnant is nie (soos deur die Huaduba geïllustreer), kan dit as 'n aanduiding van etnisi= teit geneem word. Omdat 'n etniese eenheid egter taalkundig kan verander sonder om noodwendig as etniese eenheid te verander, moet taal, as maatstaf vir etnisiteit, versigtig hanteer word.

Ziervogel (1959:13) klassifiseer die Ndebeledialekte soos volg:

| Groep | Subgroep | Stamme |
|---|---|---|
| Nguni | Zunda/Zoeloe-Xhosa | Zoeloe (Zoeloeland, Natal en Transvaal)<br>Ndebele (Rhodesië)<br><br>Xhosa (Literêre Xhosa)<br>Mpondo<br>Mpondomise<br>Thembu<br>Hlubi<br>Xesibe<br><br>Suid-Transvaalse Ndebele (Manala, Ndzundza)<br><br>Ngoni (Malawi en Tanzanië) |
| | Tekela | Swazi (Sentraal, oos, noord en suid)<br>Bhaca (Natal en Kaap)<br>Phuthi (Eintlike Phuthi en Bulani)<br><br>Noord-Transvaalse Ndebele (Maraba, Mokopane, Molet= lane, Kekana)<br>Lala (Noord en Suid) |

Ziervogel (1959:13) wys daarop dat naas die diver=se elemente wat tot die vorming van die Ndebele by=gedra het, die feit dat die Ndebele basies Nguni is, nie ontken kan word nie. Dit geld ook ten opsig=te van die Ndebele se taalkundige aspekte.

Van Warmelo (1930:81-83) wys daarop dat die Manala en die Ndzundza op taalkundige gebied baie met die Zoeloe gemeen het. In 'n vergelykende studie van Zoeloe, Xhosa en Isikhethu (die taal van die Ndzund=za), wys Potgieter (1950:106) op merkwaardige oor=eenkomste tussen Isikhethu en Xhosa. In sy konklu=sie beweer hy dat Isikhethu sy eie uniekhede be=vat, maar dat dit sterk ooreenkomste met Zoeloe en Xhosa het.

Ten opsigte van die taal van die Noord-Ndebele toon Ziervogel (1959:11-12) aan dat daar drie elemente onderskei kan word, naamlik 'n Nguni-, 'n Sotho- en 'n onbekende element. Kronologies gesproke is die Sotho-element die jongste. Volgens Ziervogel plaas die Nguni-element die klem hoofsaaklik op die tekela-kenmerke. Benewens die tekela-kenmerke on=derskei Ziervogel ook besliste Nguni-kenmerke in die taal van die Noord-Ndebele. Die invloed van die onbekende element waarna Ziervogel verwys, het volgens hom tot die eie karakter van die Noord-Ndebele se taal bygedra (Ziervogel, 1959:11-12).

Jackson wys daarop dat die ukundrundruza-gebruik, wat Ziervogel onder die Letwaba opgemerk het, ook

by die Mpondo voorkom (Jackson, 1969:28). Die Hoofetnoloog is van mening dat dié gebruik alge= meen by die Noord-Ndebele en <u>taamlik</u> algemeen by die Suid-Ndebele en ook in Suid-Natal voorkom. Dit kom egter nie by die Manala voor nie. Dié gebruik behels sekere klankveranderings wat plaasvind in= dien daar vinnig gepraat word. Enkele voorbeelde daarvan is:

nt word nr munru (mens)
ndr mundru (mens)
nd word ndr/ndre (lank)
ni-t word nr nraba (berg)
ni-l word ndr/nro nro (ding) (Jackson, 1969:28).

Uit die bostaande gegewens oor die taal van die Noord-Ndebele en die Suid-Ndebele, is dit onmis= kenbaar duidelik dat die Ndebele Nguni is. Die Noord-Ndebele vind meer aanklank by die <u>tekela</u>-Nguni terwyl die Ndzundza meer aanklank by die Natal-Nguni vind.

Noord-Ndebele en <u>Isikhethu</u> verskil aansienlik van mekaar. Hierbenewens het baie van die Noord-Nde= bele hulle taal verloor, terwyl dit nie die geval met die Suid-Ndebele (met uitsondering van die Huaduba), is nie.

## 2.5 Die verwantskap van die Ndebelestamme

### 2.5.1 Die Suid-Ndebele

Wat die verwantskap van die Suid-Ndebele betref, is die volgende bronne van belang, naamlik Short History (1905); die werk van Fourie oor die Amandebele van Fene Mahlangu (1921); die werke van Van Warmelo oor die Manala (1930), die Huaduba (1944(b)) en oor die Kekana van Leeukraal (1944(a)).

Volgens Short History (1905:53-55) was Musi die stamvader van die Ndebele. Musi het vyf seuns ge=had, naamlik Manala, Ndzundza, Mathombeni, Dlhomu en Huaduba. Die stam is onder hierdie seuns ver=deel. Dlhomu het egter in Natal agtergebly toe die ander seuns na Transvaal verhuis het. Die Manala het in die Pretoriagebied bly woon nadat die weë van Manala en Ndzundza geskei het omdat hulle onder=ling in gevegte betrokke was. Ndzundza het na Steelpoort verhuis en was die stamvader van die "Mapoch Section of the Aman'Debele tribes" (Short History, 1905:55). Mathombeni (ook bekend as Yakalala of Kekaan) het met 'n gevolg na Moletlane (Zebediela) gevlug nadat hy met Ndzundza in ge=vegte gewikkel was. Hy was die stigter van die Kekanastam. Huaduba het in die omgewing van Pre=toria-noord bly woon en was die stigter van die Huaduba (Short History, 1905:54).

Volgens die informante van Fourie (genealogiese tabel 1) was Mafana die stigter van die Ndebele=stamme. Mafana is deur Mhlanga en hy is weer deur Musi as stamhoof opgevolg. Die verdeling van die stam van Musi het noord van Pretoria plaasgevind nadat Manala en Ndzundza oor die opvolgingsreg getwis het (Fourie, 1921:33). Volgens Fourie (1921: 33, 55) het Musi die volgende seuns gehad, naam=lik Manala, Ndzundza, Masombuka, Mathombeni, en Dlhomu. Manala het noord van Pretoria bly woon terwyl Ndzundza na Oos-Transvaal vertrek het. Masombuka het met 'n gevolg na die suide verhuis, maar op 'n later stadium en met 'n omweg na Ndzundza teruggekeer. Dlhomu het met 'n gevolg na Natal ge=trek. Die informante van Fourie (1921:34-35) ver=haal niks verder van Mathombeni nie.

Die meeste van Van Warmelo se informante by die Manala (genealogiese tabel 6) het van Musi (Msi), die seun van Mhlanga, geweet. Hulle het twee seuns aan hom toegedig, naamlik Manala en Ndzund=za. Volgens hulle het Manala en Ndzundza oor die stamhoofskap getwis waarna Ndzundza en sy gevolg na Oos-Transvaal getrek het. Die Manala het noord van Pretoria bly woon. Een van Van Warmelo se betroubaarste informante het vertel dat Musi die volgende seuns gehad het, naamlik Manala, Ndzundza, Huaduba, Dlhomu, Sebasa en Mathombeni (Van Warme=lo, 1930:12-13). Ander informante het saamgestem dat Mathombeni- (Kekana-) en die Huadubastamme

van die Manala afgesplinter het. Sy informante was egter nie seker oor die posisie van Dlhomu nie. Sommige het egter van ene Dlhomu gehoor en dat hy na Natal getrek het. Hulle was egter nie seker of hy 'n seun van Musi was nie. Dieselfde vaagheid omhul die naam van Sebasa. Volgens Van Warmelo (1930:13) is die teenwoordigheid van die naam van Sebasa as 'n moontlike seun van Musi, waar=skynlik 'n weerkaatsing van die tradisie dat die Mpaphulistam in Venda verbande met die stam van Musi gehad het (Van Warmelo, 1930:13).

Volgens die informante van Van Warmelo by die Huaduba (genealogiese tabel 8), het die Ndebele onder leiding van Musi na Transvaal gekom en hul=le in die omgewing van Pretoria gaan vestig. Musi is na sy dood deur Tshwane opgevolg en Tshwane het die volgende seuns gehad, naamlik Modimakwane, Manala of Mabhena, Mopô, Moletlane, Letswalô en Malete. Letswalô sou eerste weggebreek en hom met 'n gevolg by Pietersburg gaan vestig het. Hierna het Moletlane weggebreek en hom met sy gevolg te Moletlane (Zebediela) gaan vestig. Mopô was die stigter van die Pôstam en hy het hom en sy gevolg na bewering by Bosfontein naby Rusten=burg gaan vestig. Malete se nakomelinge woon in Botswana. Manala was die stigter van die Manala=stam terwyl Modimakwane die stamhoof van die Huaduba geword het. Hoewel die naam van Ndzundza nie as 'n seun van Tshwane in die genealogie aan=


gedui word nie, verhaal die informante dat <u>Tsutsa</u> (Ndzundza) van die Manala weggebreek het (Van Warmelo, 1944(b):24-25). Volgens Van Warmelo is hierdie genealogiese rekonstruksie eerder 'n fanta= sie as wat dit 'n weergawe is van wat werklik ge= beur het. Volgens hom is dit nie 'n betroubare weergawe van die herkoms van die verskillende Ndebelestamme nie. Dit kan hoogstens 'n <u>aanduiding</u> van die verhouding van die stamme tot mekaar wees (Van Warmelo, 1944(b):25).

Volgens die informante van Van Warmelo onder die Kekana van Majaneng (genealogiese tabel 7) was Bulongo die vader van Manala, Ndzundza en Yangalala (Yakalala). Ndzundza sou die stamhoofskap by Manala gesteel het, waarna Manala en Ndzundza se weë geskei het. Die Ndzundza het oor die Olifants= rivier getrek, terwyl die Manala noord van Pre= toria bly woon het. Yakalala se aanhangers het Ndzundza teen Manala gesteun en saam met Ndzund= za na die ooste gevlug. Nadat hulle oor die Steelpoortrivier getrek het, het Ndzundza die mense van Yakalala agtergelaat. Laasgenoemde het daarna na Moletlane, die huidige Zebediela, ge= trek en die stigter van die Kenanastamme geword (Van Warmelo, 1944(a):14-15).

Uit die voorgaande is dit redelik duidelik dat Manala en Ndzundza broers was en dat die stam van hulle vader tussen o.a. hulle verdeel is. Ook die feit dat die twee broers in 'n twis oor die


## Genealogiese tabel 5

Genealogie van die stamhoofde van die Kekana ( Zebediela) en die Mokopane ( volgens Short History, 1905:57)




## Genealogiese tabel 6


Genealogie van die Ndebele ( volgens Van Warmelo, 1930:13)




( * Nie alle informante van Van Warmelo het met hierdie genealogie saamgestem nie. Sommige informante het slegs vir Ndzundza en Manala as seuns van Musi aangedui ).


Genealogiese tabel 7

Genealogie van die Kekanastamhoofde van Majaneng
( volgens Van Warmelo, 1944(a):14).





Genealogiese tabel 8

- Genealogie van die Huadubastamhoofde
(volgens Van Warmelo, 1944(b):24).



**Genealogiese tabel 9**

**Verkorte genealogie van die Noord-Ndebelestamhoofde** ( volgens Ziervogel, 1959:6)



stamhoofskap verkeer het, blyk seker te wees. Oor die res van die seuns wat aan Musi toegeskryf word, bestaan daar baie onduidelikhede en teenstrydig= hede. Selfs wat die naam van Huaduba betref, ver= meld slegs die genealogie wat deur Short History verstrek is, dat hy 'n seun van Musi was. Die infor= mante van Van Warmelo (1930) by die Manala het dit egter genoem dat Huaduba aan Manala en Ndzundza verwant is, maar hulle het sy naam nie by die ge= nealogie ingesluit nie. Selfs die Huaduba-infor= mante van Van Warmelo (1944(b)) het nie die naam Huaduba as 'n seun van Musi genoem nie. In stede van sy naam het hulle verklaar dat hulle (die Huaduba) van Modimakwane (beweerde seun van Tshwane, seun van Musi) afkomstig is. Selfs die Ndzundza-informante van Fourie (1921:33) het nie die naam van Huaduba as 'n broer van Manala en Ndzundza genoem nie.

### 2.5.2 Die Noord-Ndebele

Die volgende bronne is ten opsigte van die onder= linge verwantskap van die Noord-Ndebelestamme ter sake, naamlik: Short History (1905), Van Warmelo (1944(b)); Van Warmelo (1944(a)); Ziervogel (1959).

Short History (genealogiese tabelle 4, 5) koppel die ontstaan van die Kekanastamme en die Mokopane= stam van Vaaltyn aan die naam van ene Kekaan of Mathombeni of Yakalala (Short History, 1905:56-57).

Omdat laasgenoemde met Ndzundza in 'n stryd gewikkel was, het hy met sy gevolg na Moletlane (Zebediela) getrek waar hy die stigter van die Kekanastamme ge= word het. Eventueel het die Mokopane van Vaaltyns= lokasie en bes moontlik ook die Letwaba van Masha= shane en Eland Letwaba asook die Marabastam van die moederstam te Moletlane weggebreek (Short History, 1905:54).

Die Huaduba-informante (genealogiese tabel 8) van Van Warmelo (1944(b):7) koppel die ontstaan van die Kekanastamme aan die naam van ene Moletlane, 'n beweerde seun van Tshwane.

Die Kekana van Majaneng het aangevoer (Van Warmelo, 1944(a):14-15) dat ene Yangalala/Yakalala saam met Ndzundza gevlug het toe Manala hom aangeval het. Omdat die Ndzundza die mense van Yakalala gespot het toe een van hulle dogters puberteit bereik het (ukuthomba), het hulle voortaan as die Mthombenimense bekendgestaan. Yakalala het na Moletlane getrek en die stigter van die Kekana= stamme (ook bekend as die Moletlanestamme), geword.

Ziervogel (1959:185, 6, genealogiese tabel 9) kop= pel die ontstaan van die Kekanastamme aan die naam van ene Gegana (Kekana), wat die seun van Madidzi (ook bekend as Yakalala), was. Kekana en Madidzi was weer nakomelinge van die voorsaat van die Noord-Ndebele, naamlik Nungu. Hierbenewens koppel

Ziervogel die Kekana van Majaneng en die Mokopa= ne van Vaaltynslokasie aan die naam van Kekana. Die broer van Kekana, naamlik Letwaba I, was die voorsaat van die Letwaba= en Marabastamme. Die ge= volg is dus dat Ziervogel se informante al die Noord-Ndebelestamme (met uitsondering van die Langa en die Seleka) aan die nakomelinge van die twee broers koppel. (Ziervogel wys egter daarop dat die naam Yakalala waarskynlik as 'n alternatiewe naam vir Madidzi (die vader van Letwaba I en Kekana) of Letwaba II (die voorsaat van die Letwaba van Eland), gebruik is (Ziervogel, 1959:8)).

Volgens Ziervogel se informante het die voorsaat van Kekana en Letwaba I, naamlik Malajana, vir 'n tydperk onder die Swazi gewoon waarna hulle na Mapoch verhuis het. Hier het hulle 'n aantal gene= rasies gewoon en toe na Uba (Premiermyn) getrek waar Kekana en Letwaba I se weë geskei het (Zier= vogel, 1959:185).

Letwaba I het met sy gevolg van Maxashula (Goede= hoop 31 KS) verhuis. Sy twee agterkleinseuns, Letwaba II en Milente, het stry gekry waarop Letwaba II die stigter van die huidige Letwaba van Eland geword het. Milente, die broer van Letwaba II, was die voorsaat van die Letwaba- en Marabastamme in die omgewing van Pietersburg. Die stam van Letwaba II het eers na die dood van Maraba II verdeel (Ziervogel, 1959:193-195, 203).

Uit die bestaande gegewens blyk dit dat die Ke=kana- en die Mokopanestamme wel histories aan me=kaar verwant is. <u>Short History</u> (1905) gee die naam <u>Kekaan</u> of <u>Mathombeni</u>; Van Warmelo (1944(b):7) gee die naam <u>Moletlane</u>; Van Warmelo (1944(a):14-15) gee die naam <u>Yangalala</u>/<u>Yakalala</u> en Ziervogel (1959: 185, 6) gee die naam <u>Kekana</u>/<u>Gegana</u> aan as die voor=saat van die Kekanastamme en die Mokopanestam. (Die naam <u>Gegana</u> is die Ndebele van <u>Kekana</u>. Andersyds is dit 'n bekende feit dat die Kekanastamme ook as die <u>Moletlane</u> bekendstaan. Hierbenewens wys Ziervogel (1959:8) daarop dat sy Maraba-informan=te verklaar het dat die Noord-Ndebele ook as die <u>Mathombeni</u> bekendstaan). Fourie (1921:55) gee Mathombeni as 'n seun van Musi aan, maar vermeld geen verdere besonderhede oor hom nie.

Dit kan egter met 'n redelike mate van stelligheid aanvaar word dat hierdie name almal na die Keka=nastamme en die Mokopanestam verwys.

Die knoop lê egter by die verskillenge genealo=gieë waar die naam van Kekana/Yakalala/Mathombeni/Moletlane voorkom. <u>Short History</u>, Fourie en Van Warmelo (1930) koppel die naam aan die genea=logie van <u>Musi</u>, terwyl Ziervogel die naam slegs aan die nakomelinge van <u>Bulongo</u> (die voorsaat van die Noord-Ndebele), koppel. Benewens hierdie ver=warring koppel die Kekana van Majaneng ook die naam van Kekana/Yakalala aan Bulongo, <u>maar</u> ver=klaar dat Bulongo die vader van Manala en Ndzundza

was (Van Warmelo, 1944(a):14). Ziervogel is van mening dat die insluiting van die naam Bulongo as die vader van Manala en Ndzundza per abuis gedoen is omdat Bulongo se naam in geen Suid-Ndebele ge= nealogie voorkom nie. Andersyds kom die naam van Musi (stamvader van die Suid-Ndebele) weer in geen Noord-Ndebele genealogie voor nie. Ziervogel aan= vaar ook dat die naam van Kekana as 'n seun van Musi (volgens die genealogie wat Short History, 1905:56 verstrek), foutief is.

Hoe dit ookal sy, daar kan aanvaar word dat die Kekanastamme en die Mokopanestam histories aan mekaar verwant is. Hoewel dit minder seker is, kan dit verder ook aanvaar word dat die Letwaba en Marabastamme aan die Kekana verwant is. Die Langa= stamme val egter heeltemal buite hierdie prentjie. Dieselfde geld vir die Seleka (Ziervogel, 1959:5, 7).

## 3.0 Etno-historie van die Suid-Ndebele

### 3.1 Die Ndzundza

#### 3.1.1 Die Ndzundza van Mabhogo

Na alle waarskynlikheid het dié stam onder leiding van Mhlanga of sy opvolger, Musi, na Transvaal verhuis en hulle te Mnyamana (Pretoria-noord) gaan vestig. Die moontlike vertrekdatum van die Ndebele van Musi vanuit die suide word deur

Van Warmelo (1930:12-13) op ongeveer 1630-1670 gestel.

Volgens oorlewering is die eenheid van die stam verbreek na die dood van Musi en wel as gevolg van 'n opvolgingstwis tussen Manala, die regmatige opvolger, en sy broer, Ndzundza. Volgens die informante van Fourie het Manala 'n opdrag van sy vader om by sy hut aan te meld, geminag deur blouwildebeeste te gaan jag. Ndzundza het die geleentheid te baat geneem en hom soos Manala vermom en sodoende die stamhoofskap verkry (Fourie, 1921:33-34). Die Manala-informante van Van Warmelo verstrek dieselfde besonderhede oor die usurpering van die stamhoofskap (Van Warmelo, 1930:61-62). Ook die Kekana van Majaneng vertel dat Ndzundza hom (soos Jakob van ouds) as Manala voorgedoen het aan sy blinde vader en die stamhoofskap verkry het (Van Warmelo, 1944(a):14). Maré wys daarop dat Manala hoogmoedig was. Die feit dat Manala besig was om blouwildebeeste te jag, beteken dat Manala hom nie aan sy vader gesteur het nie. Die blouwildebees (mbudumo) is die totem van die Manala. (Die Ndzundza-informante van skrywer het hierdie verhaal net so in 1977 oorvertel en op die hooghartigheid van Manala klem gelê.)

Dit is egter nie seker of die skeuring onmiddellik voor of na die dood van Musi plaasgevind het nie. Hoe dit ookal sy, Ndzundza het met 'n gevolg noordooswaarts gevlug. Die Msizamense (van Swangube) het

by die Ndzundza aangesluit (Van Warmelo, 1930:62). Fourie verhaal van 'n aantal gevegte wat tussen die Manala en die Ndzundza plaasgevind het. Die eerste slag het aan die oewers van die Songololo= rivier op die plaas Brandbach 471 JR in die Culli= nan-Bronkhorstspruitdistrikte plaasgevind (Fourie, 1921:34; Van Warmelo, 1930:91). Manala het die slag verloor. Die volgende slag het te Rhenoster= kop (Mkobolo) plaasgevind (Fourie, 1921:34).

Volgens dieselfde bron en volgens Short History (1905:55) het Ndzundza verby Premiermyn (Uba) in die rigting van Witbank en Middelburg getrek. Toe die Ndzundza aan die oewers van die Olifantsrivier (Bhalule) gekom het, was dit in vloed en kon hulle nie verder trek nie. Volgens die Manala-informan= te van skrywer het 'n vrou van die Msiza-mense toe aan Ndzundza voorgestel dat daar liewer teen Mana= la geveg moet word aangesien dit verkiesliker as 'n waterdood sou wees. Volgens die Ndzundza-infor= mante het die Ndzundza egter 'n dogter uit die koninklike huis aan Manala gestuur as teken van vrede. Volgens Maré* het die spreekwoord: "'n Mens word nie verbygegaan nie", hier gegeld. Manala het m.a.w. geen ander keuse gehad as om vrede te sluit nie omdat hy die dogter, Mthize, nie kon veront= agsaam nie. As gevolg van hierdie beweerde gebeu= re, het 'n voorkeurhuwelik tussen die koningshuise

*Maré, J.A. Ongepubliseerde manuskrip in besit van die Hoofetnoloog.

van die Manala en die Ndzundza ontstaan. Hoewel dié praktyk vandag nie meer bestaan nie, word dit nog goed onthou. 'n Manala-informant het dit aan skrywer gestel dat die Ndzundza die tradisie ver= breek het omdat hulle bang was dat die Manala weer die gesag kon usurpeer. Nadat vrede gesluit is, het die Manala teruggedraai, terwyl die Ndzundza tot aan die bolope van die Hoedspruit getrek het (Fourie, 1921:34).

Ndzundza is deur sy seun Mxetsha opgevolg. Hy is weer deur sy seun, Magoboli, opgevolg (Fourie, 1921:35). Die ouer broer van Magoboli, naamlik Ndobela, het om een of ander rede nie opgevolg nie. Volgens Maré het Ndobela sy vader se kraal verlaat en later gepoog om die stamhoofskap met geweld af te neem.

Magoboli is deur sy seun Bongwe, wat baie kort re= geer het, opgevolg (Fourie, 1921:35, 190). Na Bongwe se dood het sy broer, Sindeni, as regent waarge= neem (Fourie, 1921:35). (Volgens Ndebelegebruik kan hier eintlik nie van 'n regent in die volle sin van die woord gepraat word nie. 'n Persoon soos Sin= deni regeer tot met sy eie dood waarna die persoon vir wie hy "waargeneem" het, opvolg.) Volgens Fourie (1921:35) was die regmatige opvolger van Bongwe van die stamhoofskap uitgesluit. Die gevolg was dat na die dood van Sindeni, sy eie seun, Mahlangu, opgevolg het. Tydens die regering van Sindeni het Mahlangu blykbaar na 'n Sothostam ver= huis maar later weer teruggekeer (Fourie, 1921:190). Met die bewindsaanvaarding van Mahlangu is die

isibongo van die koningshuis, tot op daardie tyd=stip as Ndungwa bekend, na Mahlangu verander (Fourie, 1921:35). Volgens Maré is die naam Ndungwa voort=aan as die isithogozelo (prysnaam) gebruik. As ge=volg van die usurpering van gesag deur Mahlangu, is die stamhoofskap wat in die Masombuka-linie gesetel was, in die Mahlangu-linie voortgesit (Maré).

Volgens Fourie (1921:35, 55) het Mahlangu se seun, Phaswana, opgevolg. Hy is weer deur sy seun, Maridili, opgevolg. Maridili het vier seuns gehad wat agtereenvolgens regeer het, naamlik Mdalanyana, Mgwezane, Dzele en Mχabuli. Mgwezane is eventueel deur sy eie seun, Magodongo, opgevolg (Fourie, 1921:35). Die feit, dat slegs Mgwezane deur sy eie seun opgevolg is, impliseer dat Mdalanyana, Mgwezane, Dzele en Mχabuli almal halfbroers en die kinders van een vader was (Maré). Uit die gegewens van Fourie lei Maré verder af dat Phaswana en Maridili ook seuns van Mahlangu was. Indien dié uitleg aanvaar word, beteken dit dat Mahlangu opeenvolgens deur die volgende regente opgevolg is: Phaswana, Mari=dili, Mdalanyana, Mgwezane, Dzele en Mχabuli. Phaswana, Maridili en Mdalanyana het in die plek van die regmatige opvolger, Mgwezane, regeer. Na die dood van Mgwezane, het sy jonger broers, naam=lik Dzele en Mχabuli vir die seun van Mgwezane, naamlik Magodongo, regeer (Maré). Fourie (1921:36) meld dat Mχabuli nie sy eie seun laat opvolg het nie omdat hy 'n deugniet was. Hy het verkies dat

Magodongo, die seun van Mgwezane, opvolg.

Nadat Magodongo van die hoëveld teruggekeer het, het hy vir Mxabuli vermoor (Fourie, 1921:36). Volgens Maré het Magodongo die volgende seuns gehad: Mloyi, Bhaxusa, Mtshabi, Sboko, Mgweyane, Mdube, Mabhogo, Ndaweni, Bengwako en Somdei.

Volgens oorlewering is Magodongo deur Mzilikazi te Kwamaza (Blinkwater) aangeval en 'n paar dae later te Tautesberg (Matyayeni) saam met sy seun en opvolger, Mloyi, om die lewe gebring (Fourie, 1921: 38). Bhaxusa, ouer broer van Mloyi, is reeds vroeër in gevegte met die Sotho gedood, terwyl Mtshabi in gevegte teen die Swazi die lewe gelaat het (Fourie, 1921:38). Na die dood van Magodongo en Mloyi, het Sboko as volgende aanspraakmaker oorgebly. Sboko het met die deel van die stam wat na die aanval van Mzilikazi oorgebly het, tydelik na die noorde gevlug. Na bewering het hy hom naby Marabastat gevestig (Fourie, 1921:38). Hy het egter kort daarna in 'n veldslag gesterf. (Tot met sy dood het Sboko egter as regent vir die regmatige opvolger, Tjambowe, (seun van Mloyi) waargeneem (Fourie, 1921:38)).

Na die dood van Sboko het Somdei vir Tjambowe waargeneem (Maré). Volgens Fourie (1921:38) het Matlala die stat van Somdei aan die brand gesteek en die Ndzundza verdryf. Hierna het Mabhogo as regent waargeneem (Mloyi se seun, Tjambowe, het nooit op=

gevolg nie. Tjambowe se seun, Dlambise, het ook nooit opgevolg nie omdat Mabhogo die stam=hoofskap geüsurpeer het (Fourie, 1921:39; Maré)). Gevolglik maak Tjambowe se nakomelinge, naamlik Josiah Mahlangu, vandag nog op die stamhoofskap aanspraak. Mabhogo het die Ndzundza versamel en na NamshaXelo (Mapochsronde en -grotte) naby Roos=senekal verhuis (Fourie, 1921:39).

Mabhogo net vanaf ongeveer 1837 tot 1865 regeer.

Tydens die intrek van die Voortrekkers in die oos=telike dele van Transvaal, was Mabhogo en sy vol=gelinge reeds goed te NamshaXelo gevestig. As ge=volg van die relatiewe oninneembaarheid van die bergvesting en die grotte waarin hulle geskuil het, het Mabhogo sy militêre aansien by die omliggende groepe aansienlik verhoog. Fourie (1921:40) verhaal dat Mabhogo in 1849 in skermutselinge met die Boere betrokke was. Laasgenoemdes het die Swazi se hulp teen Mabhogo ingeroep. Mabhogo is gedwing om 'n aantal beeste te betaal voordat daar besluit is om vrede te sluit.

In 1863 het die spanning egter weer begin toeneem. Van Mabhogo se beeste is gekonfiskeer omdat hulle op gronde van die aanliggende boere oortree het. On=dertussen het Maleo, stamhoof van die Kopa (onder=horig aan Sekukuni) 'n verbond met Mabhogo gesluit om Sekukuni om die lewe te bring. Maleo en Mabhogo

het hierna die eiendomme van omliggende Blanke boere en die Duitse sendingstasie geplunder. 'n Veldslag van die Boere teen Maleo het op 'n mis= lukking uitgeloop. 'n Voorlopige vrede is eers ge= sluit nadat die Boere 30 beeste aan Mabhogo be= taal het (Fourie, 1921:40-41). In 1864 is Maleo se Kopa deur die Swazi verslaan. Die Swazi het egter nie daarin geslaag om die bergvesting van Mabhogo in te neem nie (Fourie, 1921:42). Intussen het Mabhogo en Sekukuni op die onderhorigheid van die Kopa aanspraak gemaak. Dit het die spanning tussen Mabhogo en Sekukuni laat toeneem. Mabhogo is in ongeveer 1865 oorlede. Na die dood van Mabhogo het die stamhoofskap permanent in die linie van Mabhogo gebly.

Mabhogo is deur sy seun Mkephuli Soqaleni (Corne= lis Mabhogo) opgevolg. Die regmatige opvolger wat ná Mabhogo moes regeer, Dlambise, het sy seun die naam Qutshiwe gegee. Die naam dra die betekenis van: "Waarom is ons opsy geskuif?" Dit is as 'n vraag aan die linie van Mabhogo, wat die stamhoof= skap geüsurpeer het, gestel. In antwoord hierop het Mkephuli sy dogter die naam Qaleni gegee. Dit beteken: "Hoekom word daar gewag?" Dit dui daarop dat Dlambise se linie verniet hoop om die stamhoof= skap terug te kry (Maré).

Mkephuli @ Soqaleni @ Cornelis Mabhogo (@ = ook bekend as) is deur sy broer Xobongo opgevolg en hy is weer deur sy broer Nyabela opgevolg. Beide

Xobongo en Nyabela was regente vir Fene, seun van Mkephuli (Fourie, 1921:45-46). Tydens die bewind van Nyabela is die Ndzundza finaal verslaan en van hulle grond ontneem.

Die finale konfrontasie tussen die ZAR en die Ndzundza is deur verskeie gebeure voorafgegaan. Nyabela het bv. geweier om enige vorm van belas= ting aan die ZAR te betaal. Hy het voet by stuk gehou dat hy 'n Britse onderdaan is. Die notuleboek van die Lokasiekommissie verhaal dat Nyabela op 3 Oktober 1882 versoek is om besonderhede oor sy mense, hutte en diere te verstrek en om die Loka= siekommissie op 6 Oktober 1882 te Middelburg te ontmoet. Nyabela het laat weet dat die Lokasiekom= missie na sy stat kan kom as hulle met hom wil praat. Die Britse Resident-Kommissaris kon nie daarin slaag om Nyabela oor te haal om na Middel= burg te gaan nie. In die lig van dié optrede het die Lokasiekommissie besluit om aan die ZAR en die Britse owerhede verslag oor die houding van Nyabela te doen en aan te beveel dat alle werk ten opsigte van Mapochsgronde voorlopig gestaak word (Notule= boek. Lokasiekommissie, 1881-1897. Tvl. Argief. S.N. 177:9-13).

'n Derde aanleidende en meer direkte oorsaak van die konflik was dat die ZAR aan die Kommandant-Generaal opdrag gegee het om Mampuru (Mampoer) te arresteer en voor die gereg in Pretoria te daag. Mampuru het, volgens Fourie, ene Gert Viljoen vermoor en die

rus van die Republiek vanuit Makwaniestat (binne die gebied van Nyabela), in gevaar gestel. Hier= benewens het Mampuru, met behulp van die Ndzundza vir Sekukuni vermoor (Fourie, 1921:47-50). Nyabela het hom die nodige skuiling gebied en geweier om hom aan die ZAR uit te lewer. Na verskeie po= gings is Nyabela in die winter van 1883 militêr tot oorgawe gedwing. Mampuru en Nyabela is te Pretoria op aanklag van moord voor die hof gedaag. "Het resultaat was dat Mampoer fatsoenlijk opge= hangen werd, zooals hy ook dubbel en dwars ver= diende, terwijl het Transvaalse Goevernement, om Engelands geschreeuw te doen ophouden, zoover toegaf, dat zij het vonnis van Njabel in levens= lange gevangenisstraf veranderde" (Van Oordt, 1898:392). Nyabela is egter na die Tweede Vry= heidsoorlog vrygelaat (Fourie, 1921:46-54).

Die Volksraadsbesluit van 20 Julie 1883 het die on= afhanklikheid van die Ndzundza finaal tot 'n einde gebring. Stamlede is vir 'n minimumtydperk van vyf jaar by Blanke boere wat aan die beleg teen Nyabela deelgeneem het, ingeboek. Volgens 'n proklamasie van die ZAR van 31 Augustus 1883 is die grond= gebied van Nyabela opgemeet en in kleiner eenhede verdeel. Die uitsluitlike oogmerk van die prokla= masie was dat die Ndzundza onder geen omstandig= hede weer op Mapochsgronde mog woon nie. Geen krale, klein of groot, sou in die gebied toegelaat word nie (Rapport over het Mapochsgronden, 1898: 3-4). In 1895 is Mapochsgronde as 'n vierde wyk by

die Middelburgdistrik ingelyf. 'n Deel van die
stam is toegelaat om hulle in die distrik van Ly=
denburg te gaan vestig. Die res van die Ndzundza
is egter verstrooi (Van Warmelo, 1930:9). Van War=
melo wys egter daarop dat die Ndzundza, met ver=
loop van tyd, stuksgewys onder verskillende leiers
byeen gekom het (Lêer 24/55, deel I:49).

Wat die geografiese verspreiding van die Ndzundza
betref, het die Superintendent van Naturelle in
1897 verklaar dat Nyabela en van sy stamlede op
die volgende plase in die Witwatersrandwyk gewoon
het (Tvl. Argief. S.N.:134):

| | | |
|---|---|---|
| Doornrandjes | Tweefontein | Olievenpoort |
| Witkoppies | Tygerpoort | Zevenfontein |
| Rietfontein | Mooiplaats | Rhenosterdrift |
| Klipkoppies | Boschkop | Vlakfontein |
| Olifantsfontein | Rietvallei | |
| Varkefontein | Grootfontein | |
| Elandsfontein | Nietgedacht | |

Hoewel die stam van Nyabela in 1882 vir die afba=
kening van 'n woongebied gekwalifiseer het, het
die algemene houding van Nyabela ten opsigte van
die Lokasiekommissie en die uitbreek van die
Mapochsoorlog van 1883 veroorsaak dat die stam
nie meer vir die afbakening van 'n woongebied
gekwalifiseer het nie. Die Pretoriakonvensie van
1881 het aan stamme die reg verleen om binne se=

kere streke grond aan te koop en in naam van die Lokasiekommissie te transporteer. Die Lokasiekom=missie het dié gronde dan vir die betrokke stamme in trust gehou. Sedert 1886 is sulke gronde egter in naam van die Superintendent van Naturelle ge=transporteer (Transvaal (Kolonie). Report by the Commissioner of Native Affairs relative to the acquisition and tenure of land by the Natives in Transvaal, 1904:35. Voortaan word na hierdie verslag as die Lagdenverslag verwys).

Tussen 1884 en 1896 is geen woongebied vir die Ndzundza afgebaken nie (Lagdenverslag, 1904:71). Volgens dié verslag het een deel van die stam van Nyabela hulle onder sy opvolger, Fene @ Andries Mabhogo (seun van Mkephuli), op private plase in die Pretoriadistrik bevind.

Maré beweer dat Nyabela in 1897 vrygelaat is en dat hy hom met 'n aantal volgelinge te KwaMkhina (Der=depoort, naby Pretoria) gaan vestig het. Nyabela is in 1904 naby Pretoria oorlede (Lagdenverslag, 1904:71). 'n Ander deel van die stam het hulle onder leiding van Jafta Mahlangu in die Middel=burgdistrik bevind.

As gevolg van die verbeurdverklaring van die grond=regte van die Ndzundza, noem die Naturellen Grond Wet van 1913 geen amptelike woongebied vir die stam nie. Die Naturellen Grond Kommissie (Beau=

montkommissie), wat deur die regering aangestel is om weer die afbakening van woongebiede vir die verskillende stamme in Suid-Afrika te ondersoek, het onder andere ook die getuienis van Fene Mahlangu (Andries Mabhogo) aangehoor. Fene het verklaar dat hy een belangrike grief het, naamlik dat hy geen grond het waarop sy stamle= de hulle kan vestig nie. Volgens hom het sy va= der, Nyabela, na sy vrylating uit die tronk, 'n skriftelike waarborg van Lord Roberts ontvang dat grond aan hom en sy stamlede beskikbaar gestel sal word. Hy was verder van mening dat Lord Roberts hom en sy stamlede weer op Mapochsgronde gaan ves= tig. Ten tye van die ondersoek van die Naturellen Grond Kommissie het Fene hom met ongeveer 150 ge= sinne op die plaas Welgelegen 221 IR bevind ter= wyl die res van die Ndzundza oor Transvaal ver= spreid was (_Rapport van de Naturellen Grond Kom= missie_, deel 2, 1916: 295, 297).


Ene meneer King het voor die Beaumontkommissie ge= tuig dat die stam van Fene Mahlangu die tweede grootste stam in Transvaal was en dat daar onge= veer 13 000 Ndzundza in die Bronkhorstspruit dis= trik alleen gewoon het. Volgens hom het pogings van die regering om Fene Mahlangu en sy onder= dane in die Bosveld te hervestig, nie geslaag nie. Die voorsitter van die Kommissie het verklaar dat die "opperhoofskap" van Fene Mahlangu erken is nadat sy vader, Nyabela, oorlede is. Fene Mah= langu het glo by verskeie geleenthede gepoog om

grond met die hulp van stamlede te koop, maar het telkens in gebreke gebly om die paaiemente te be=taal. Verskeie Blankes wat voor die Beaumontkom=missie getuig het, het op die noodsaaklikheid van grondvoorsiening aan die stam gewys (Rapport van de Naturellen Grond Kommissie, deel 2, 1916: 293-295).

Soos bekend het die verslag van die Beaumontkom=missie baie teenstand ondervind sodat die regering plaaslike komitees aangestel het om weer die af=bakening van grondgebiede vir die Swart stamme van Suid-Afrika te ondersoek.

In sy getuienis voor die Oostelik Transvaal Natu=rellen Grond Komitee het Fene Mahlangu sy stam se geskiedenis breedvoerig vertel en versoek dat hul=le weer op Mapochsgronde gevestig moet word (Notu=len van getuigenis van het Oostelik Transvaal Naturellen Grond Komitee, 1918:120).

Die verslag van dié Komitee was belangrik. Dit het gevra dat grond vir die grondlose stamme en dele van stamme, soos die Ndzundza, (wat volgens Volks=raadsbesluit nie toegelaat is om grond te besit nie), voorsien moes word. Dié verslag het die Ndzundza as een van die groepe wat spesiale be=handeling behoort te ontvang, genoem. Die aanbe=velings ten opsigte van die Ndzundza was soos volg:



KAART 2
STAMGEBIEDE VAN DIE NDZUNDZA
(VAN WELTEVREDEN, UITLAAGTE
EN KALKFONTEIN) EN DIE MANALA
MOUTSE 1
MOUTSE 3

"Voor van dit onderwerp af te stappen, is het wen= selik om naar een gedeelte van de naturellen van het Hogeveld te verwijsen, die volgens het oor= deel van die Komitee een speciale overweging waard sijn, nl. die Ndebele stam, een groot aantal waar= van in de Hogeveld districten van te Transvaal zijn verspreid en dienstboden zijn of arbeidshuurders. Wanneer gesproken word van het Hogeveld heeft de Komitee hen, over het algemeen, beschouwd als vreemdelingen die daarheen uit eigen vrije bewe= ging zijn getrokken. Dit slaat echter niet op de Ndebeles. Hun tegenwoordigheid op het Hogeveld is te wijten aan het vastberaden verstrooiing van de stam welke politiek noodzakelijk was na de Mapoch oorlog van 1885 (sic). Hun positie onder het Wetsontwerp word daarom nog hatelijker.
Het Komitee beveeldt daarom aan dat aan de stam de voorkeur sal worden gegeven in streek 4(a). Het beschouwd de streek als speciaal te zijn ge= maakt in hun belang en dat zij het voorkeurrecht hebben om daar te worden gesticht, hetzij als gehele stam of elk afzonderlijk. Mfeni, het hoofd van de stam, die tegenwoordig op het plaas Welge= legen in het Pretoriadistrik verblijft, heeft reeds sedert lange tijd aanzoek gedoen om te worden toegestaan te mogen terugkeren naar de vroegere woonplaats van de stam. Uit politieke beweegreden word dit niet als wenselijk beschouwd maar streek 4(a) is ver genoeg verwijderd van de Oude Hoofstad om van geen politieke belang te zijn en het Komitee ziet er geen beswaar in dat

Mfeni sal worden toegestaan daar een lokatie te hebben of daar te wonen, op zodanige voorwaarden als het goewerment wenslijk mogen achten. Wordt streek 4(a) daarop een open streek verklaard, dan zou het Komitee wenzen aan te bevelen dat het recht van aan=koop van grond of huren ervan, in de eerste plaats zal worden beperkt tot leden van het Ndebele stam en in de tweede plaats aan naturellen die bona fide bewoners zijn van het Hogeveld (Meerderheidsrapport van het Oostelik Transvaal Naturellen Grond Komitee, 1918:15 e.v.).

(Skrywer kon nie vasstel of daar aan hierdie aanbe=veling gevolg gegee is nie. Dit wil voorkom asof dit nie die geval was nie.)

Na die dood van Fene Mahlangu in 1922 te Welgelegen (KwaHlanga) aan die Wilgerivier, is hy deur sy seun, Mayisha @ Cornelis Mabhogo, opgevolg. Nadat hulle die plaas Weltevreden 158 JR in die Denniltondistrik aangekoop het, het die stam teen ongeveer 1923 daarheen verhuis. Ingevolge die bepalings van GK 1818 van 1936 is hy as stamhoof erken en met beperk=te regsmag beklee. Mayisha (Cornelis) Mabhogo is in 1961 deur sy seun, Fene II, ook as David Mabhogo Mahlangu bekend, opgevolg. Hy is die huidige stam=hoof van die Ndzundza te Weltevreden (F54/1236/deel I: 192).

Die Ndzundza (Mabhogo)-stamowerheid is in 1969 deur

GK 2143/1969 ingestel en die stamgebied is soos volg omskryf:

<table>
<tr><td>Weltevreden 158 JR (Stamplaas)</td><td></td></tr>
<tr><td>Matjiesgoedkuil 3 JS</td><td></td></tr>
<tr><td>Vrieskraal 4 JS</td><td></td></tr>
<tr><td>Kameelrivier 160 JR</td><td rowspan="6">Met uitsluiting van sekere gedeeltes</td></tr>
<tr><td>Waterval 34 JS</td></tr>
<tr><td>Pieterskraal 190 JR</td></tr>
<tr><td>Wolvenkraal 192 JR</td></tr>
<tr><td>Klipplaatdrif 193 JR</td></tr>
<tr><td>Valschfontein 33 JS</td></tr>
</table>

Die Ndzundza van Mabhogo het nooit deel (geografies of konstitusioneel) van die Lebowagebiedsowerheid gevorm nie. In 1974 is dié stamowerheid met die magte, pligte en bevoegdhede van 'n streeksowerheid beklee (R 135/1974) en in 1977 by die Ndebelege= biedsowerheid ingesluit (R 2021/1977).

3.1.1.1 Gevolgtrekking

Uit die voorgaande blyk dit dat die opvolgingstwis tussen Manala en Ndzundza tot die verdeling van die stam van Musi bygedra het; dat Ndzundza die stamhoofskap by Manala "gesteel" het; dat Manala en Ndzundza elkeen stamhoof oor 'n deel van die stam van hulle vader geword het; dat Ndzundza en sy volgelinge die ou stamgebied te Mnyamana ver= laat en hulle in Oos-Transvaal gaan vestig het. Dit blyk verder dat die Ndzundza deeglik van die

feit bewus is dat Manala die regmatige opvolger was. Dit beteken dus ook dat die Manala die senior Suid-Ndebelestam is. Die Ndzundza ontken dit nie maar hou voet by stuk dat die usurpasie van gesag deur Ndzundza 'n voldonge feit is waaraan die Manala niks kan verander nie. Dit blyk verder dat die stamhoof= skap twee keer van linie binne die geledere van die Ndzundza verander het. Die usurpasie van gesag deur Mabhogo, wat nie toegelaat het dat Dlambise se seun, Tjambowe, opvolg nie, is daarvoor verantwoor= delik dat Josiah Mahlangu tans op die stamhoofskap van die Ndzundza van Mabhogo aanspraak maak. Dit het uiteraard implikasies vir die bereiking van eenheid onder die Ndzundzastamme. Samevattend kan dit ge= stel word dat opvolgingstwiste tot die splitsing van die Ndebele van Musi bygedra het en vir spanninge binne Ndzundzageledere verantwoordelik is.

'n Verdere gevolgtrekking handel oor die geografiese verstrooiing van die Ndzundza. Dit blyk dat die Ndzundza die ou stamgebied te Mnyamana verlaat en Mapochsgronde as hulle nuwe vaderland aanvaar het. As gevolg van die oorlog van 1883 is die Ndzundza militêr verslaan, van hulle grond ontneem en as arbeiders op Blanke plase ingeboek. Hierdie gebeure het die eenheid (geografies en polities) van die Ndzundza baie ernstig geskaad. Trouens, dit het die fissieprosesse wat as gevolg van die opvolgingstwiste begin is, verder voortgesit. Die handhawing van die etniese identiteit van die Ndzundza sou dus onder uiters moeilike omstandig=

hede plaasvind. Hierbenewens het die begeerte van die Ndzundza om Mapochsgronde as hulle tradisionele vaderland terug te kry, steeds sterker geword. Nyabela, wat te Mapochsgronde teen die Boeremagte geveg het, word tans as 'n nasionale heldefiguur vereer. Sy standbeeld is daar opgerig. Dit blyk eg= ter dat daar ongeveer 'n 100 jaar sou verloop voor= dat die Ndzundza (met uitsondering van die Ndzundza van Jack Mahlangu van Nebo) weer polities verenig kon word. Soos later aangetoon sal word, is die Manala by die Ndebelegebiedsowerheid ingesluit. Dit sal ook later aangetoon word dat die Ndzundza nie daarin kon slaag om Mapochsgronde as vaderland te verkry nie.

Samevattend kan dit dus gestel word dat die oor= heersende tendens in die geskiedenis van die Ndzundza dié van geografiese en politieke fissie was. Sedert die sestigerjare is die tendens egter omgekeer ten gunste van 'n strewe na politieke en geografiese eenheid. In die loop van die volgende hoofstuk word meer besonderhede hieroor verstrek.

#### 3.1.1.2 Etno-fisie onder die Ndzundza

Genealogiese tabel 10 illustreer die etno-fissie by die Ndzundza. Die eerste groot verdeling in die geledere van die Ndzundza het ongeveer sewe gene= rasies gelede plaasgevind toe die linies van Mdalanyana en Mgwezane uitmekaar geloop het

**Genealogiese tabel 10**

**Etno-fissie van die Ndzundza** ( volgens Etnologiese afdeling , Pretoria)

Volgens oorlewering het die opvolging van die stamhoofskap tot en met Mgwezane soos volg verloop: Musi--Ndzundza--Mxetsha--Magobolo--Bongwe--Mahlangu--Mdalanyana--Mgwezane. Hierna het die opvolging en gevolglike splitsing soos volg verloop:

```
┬A-MGWEZANE-┬A-Gembe
│           └A-MAGODONGO
│             x
│             0 -----------┬A-Bhazusa
│                          └A-Mloyi ---- A-Tjambowe-- A-Dlambise-- A-Qutshiwe-- A-Mkambi-- A-Jostas Mahlangu
│             x                                                                    (Jostas maak tans op
│             0------------┬A-Mtshabi                                               die stamhoofskap van die
│                          ├A-Sibolo                                                Ndzundza van Mabhoga
│                          └A-Mgweyane                                              aanspraak)
│             x
│             0------------┬A-Hlangantsa
│                          └A-MABHOGO---┬A-MKEPHULI---A-FENE---A-MAYISHA----A-MABUSA      Weltevreden
│                                       ├A-Xobongo
│                                       ├A-Nyabela
│                                       ├A-Mabelemba
│                                       └A-Matshisi ----- A-Jonas--- A-Pani--- A-Jack Mahlangu      Nebo
│             x
│             0------------┬A-Bongelo
│                          └A-Somdai---- A-Qhegwana
├A-Dzela
├A-Mzabuli
├A-Mdalanyana---A-Sebetjelo---A-Serutla------A-Lithopengutshe --┬A-Setinda --- A-Januarie      Kalkfontein-Ndzundza
│                                                               └A-Xobongwana-- A-Lazarus      Witlaagte-Ndzundza
├A-Phaswana
└A-Maridili
```

(F54/1247/11 deel 1:118). Die linie van Mdalanyana het verder onderverdeel toe Setinda en Xobongwana se weë geskei het. Die volgelinge van Setinda het hul= le op die plaas Kalkfontein 143 JR en die volgelinge van Jas David Xobongwana het hulle op die plaas Wit= laagte 174 JR, gevestig. Die twee Ndzundzagroepe woon tans nog op gedeeltes van die twee plase.

Die derde en ook die grootste breuk het ongeveer vyf generasies gelede plaasgevind toe die linie van Matsitsi, die jonger broer van Mkephuli, be= gin het om van die gesag van die hoofstam weg te breek. Die finale breuk het blykbaar eers in die leeftyd van Poni Mahlangu plaasgevind. Dié groep woon in die Nebodistrik, noord-oos van Groblersdal.

3.1.2 Die Ndzundza van Kalkfontein

Die nakomelinge en volgelinge van Setinda (genea= logiese tabel 10) bevind hulle tans op 'n gedeelte van die plaas Kalkfontein 143 JR. Setinda is deur Januarie Mahlangu opgevolg en laasgenoemde se seun, Cecil Charlie Mahlangu, het hóm weer opge= volg. Omdat Cecil egter sieklik was, het sy oom, Juel, namens hom waargeneem. Na sy dood moes Daniel Somabêlê opvolg, maar omdat hy minderjarig was, het sy oom, Silas @ Bom Mahlangu, waarge= neem. Silas het verskeie pogings aangewend om die stamhoofskap te usurpeer (F54/1236/3 deel 2:13). Volgens Departementele lêers wat geraadpleeg is,

het daar blykbaar 'n gebruik tussen dié stam en die stam te Witlaagte bestaan dat hulle mekaar sou raadpleeg by die instelling van nuwe stamhoofde. In 1963 het Silas beslis gepoog om homself as stamhoof te laat instel sonder dat die Ndzundza van Witlaagte iets daarvan geweet het. Silas het ontken dat daar so 'n gebruik tussen die twee groepe bestaan het (F 54/1236/3, deel I:52, 50).

In 1922 is gedeelte A van die plaas Kalkfontein deur Januarie Mahlangu en 'n groot aantal indivi= due van die stam, aangekoop. Die meerderheid van die kopers was Mahlangu terwyl die res Kekana en Langa was. Die verstandhouding was blykbaar dat die Kekana- en die Langa-medekopers die gesag van Januarie Mahlangu sou aanvaar en erken. Gedeelte B is in 1923 deur Johannes Mahlangu, 'n medekoper van gedeelte A, en nog 28 ander persone, aangekoop. Dertien van die kopers was nie Ndzundza nie. Ge= deelte C van die plaas is in 1924 aangekoop. Johannes Mahlangu en 19 ander persone (waarvan som= miges nie Ndzundza was nie), het dié deel gekoop (F 54 /1236/3 deel 2:19). Die drie gedeeltes van die plaas is in naam van die Minister geregistreer (F54/1236/3 deel 1:10).

Die bevolking van Kalkfontein is dus heterogeen. 'n Redelike groot getal Kgatla bevind hulle op die drie gedeeltes. Hierbenewens woon die Kgatla= stamhoof, Abel Chaane, op die aangrensende plaas,

De Putten 144 JR. David Mabhogo van die Ndzundza van Weltevreden het blykbaar ook gepoog om sy ge= sag op dié plaas te laat geld (F54/1236/3 deel 1:18-10).

As gevolg van leierskapsprobleme wat sedert 1962 op die plaas Kalkfontein bestaan het, het sommige van die Kgatla en van die Sothosprekende Ndzundza daarop aangedring dat hulle onder die gesag van Abel Chaane geplaas word. Die probleem met hulle versoek was egter dat hulle op grond wat deur die Mahlangus aangekoop is, gewoon het (F 54/1236/3 deel 1:18-10).

In 1965 is aanbeveel dat die bewoners van die ge= noemde gedeeltes van Kalkfontein hulle heil onaf= hanklik van Abel Chaane en David Mabhogo moet uit= werk. Dit het beteken dat die bewoners van Kalkfon= tein behoorlik geraadpleeg moes word alvorens 'n gemeenskapsowerheid ingestel sal word (F 54/1236/3 deel I:84). Tydens die regering van Silas (Bom) Mah= langu het alle pogings om 'n owerheid in te stel, misluk. Die Pungutshagemeenskapsowerheid is eers op 6 Mei 1977 ten opsigte van die gedeeltes van Kalkfontein ingestel (GK 767/1977).

Die Pungutshagemeenskapsowerheid is by die Mnya= manastreeksowerheid ingesluit nadat die gebied van dié gemeenskapsowerheid uit die gebied van Bophuthatswana gesny is (R 871/1977).

Die Pungutshagemeenskapsowerheid was egter nooit deel van enige ander streeks- of nasionale ower= heid nie. Met die skepping van die Mathanyanadistrik in 1977 is besluit dat die grond waarop dié gemeen= skap woon, met verloop van tyd aan die regering van Bophuthatswana oorgedra word terwyl vergoedende grond aan die gemeenskap verskaf sou word (Botha, 1977:7-8).

3.1.2.1 Gevolgtrekking

Dit blyk dus dat die Ndzundza van Kalkfontein as gevolg van 'n splitsing tussen die linies van Mdalanyana en Mwezane, tot stand gekom het. Dié splitsing het ongeveer sewe generasies gelede plaas= gevind. Dit beteken dat dié verdeling reeds voor die oorlog van 1883 plaasgevind het. Dit blyk ver= der dat die Ndzundza van Kalkfontein oor 'n relatief lang tydperk saam met die Kgatla gewoon het en dat die bevolking van die plaas Kalkfontein etnies he= terogeen is. Die grondgebied van die stam is aan= vanklik by Bophuthatswana ingesluit maar later, as gevolg van die nasionale beweging onder die Suid-Ndebele, weer uitgesny. Die Ndzundza van Kalkfon= tein is deur die Ndzundza van Mabhogo binne die sfeer van die Ndebelepolitiek ingetrek. Die Ndzundza van Kalkfontein, soos later breedvoeriger aangetoon sal word, was begerig dat 'n Ndebelegebiedsowerheid geskep word.

3.1.3 Die Ndzundza van Witlaagte

Die Ndzundza van Lazarus Mahlangu van Witlaagte 173 JR het ongeveer 170 jaar gelede (genealogiese tabel 10) van die linie van Mabhogo vervreem ge= raak (F 54/1247/11 deel I:186). Jas David Xobongwana het die stamhoof van die Ndzundza van Witlaagte ge= word. In 1918 is hy deur sy oudste seun, Hosia Sooka= le, opgevolg. Omdat hy kinderloos te sterwe gekom het, het 'n halfbroer, Witbooi Kgosiwe Mahlangu, waargeneem. Witbooi Kgosiwe Mahlangu het die stam= hoofskap in 1932 aan Lazarus oorhandig. Lazarus is egter gedurende 1945-1951 tydelik van die amp ont= hef maar sy ooms het hom weer in 1951 as stamhoof ingestel (F 54/1247/11 deel I:III, 186).

Dié stam het blykbaar vir 'n tydperk iewers in die omgewing van Pretoria-Noord gewoon en later na Rust der Winter verhuis. Onder leiding van Witbooi Kgosiwe Mahlangu het die stam na Witlaagte verhuis (F 54/1247/11 deel I:95). Die stam het in 1926 gedeeltes B en D van die plaas Witlaagte 173 JR aangekoop. Daar woon enkele Kgatla by die Ndzundza op Witlaagte. Hierdie Kgatla het daar kom lotša (F 54/1247/11 deel 1:87-90).

Ingevolge die bepalings van GK 2084/1966 is die Litho Ndebele-Ndzundzastamowerheid ten opsigte van gedeeltes B en D van die plaas Witlaagte 173 JR ingestel.

Omdat die plaas Witlaagte 173 JR binne die gebied van die Tswanaregering geval en later ook binne die gebied van die onafhanklike Bophuthatswana in= gesluit is, is die Litho Ndebele-Ndzundzastamowerheid reeds in 1966 by die Kgatla-Ndebelestreeksowerheid van Hammanskraal ingesluit. As gevolg van die stre= wes van die Ndzundza van Mabhogo en van die Ndzundza van Witlaagte, moes dié stamgebied eventueel uit die gebied van Bophuthatswana gesny word. Die samestel= ling van die Kgatla-Ndebelestreeksowerheid moes ook verander word. Ingevolge die bepalings van prokla= masie R 61/1977 is die nodige veranderings aange= bring en is die stamowerheid by die Mnyamanastreeks= owerheid ingesluit.

As gevolg van onderhandelinge tussen die regering van Bophuthatswana en die Republiek, is in 1977 besluit dat die grondgebied van die Litho Ndebele-Ndzundza= stamowerheid (Witlaagte) op 'n later stadium aan Bophuthatswana oorgedra sal word en dat vergoeden= de grond aan die stam voorsien sou word (Botha, 1977:7-8).

3.1.3.1 Gevolgtrekking

Die Ndzundza van Witlaagte het, soos in die geval van die Ndzundza van Kalkfontein, as gevolg van splitsing tot stand gekom. Die gebeurtenis beves= tig die dominante tendens van die Ndzundzageskie= denis, naamlik etno-fissie. Soos in die geval van die Ndzundza van Kalkfontein, is die grondgebied

van die stam by Bophuthatswana ingesluit omdat hulle hulle binne 'n Kgatla-milieu bevind het. Dit blyk verder dat die stam hulle politieke toekoms saam met die Tswana wou uitwerk maar dat die na= sionale beweging onder die Suid-Ndebele daartoe ge= lei het dat hulle binne die sfeer van die Ndebele= politiek ingetrek is.

### 3.1.4 Die Ndzundza van Jack Mahlangu van Nebo

Ten tye van die gevangenskap van Nyabela het Madidzi (Matsitsi), halfbroer van Nyabela, stamle= de in die omgewing van Mapochsgronde "opgepas". Madidzi (genealogiese tabel 10) is deur sy eie seun, Jafta Mahlangu, opgevolg en dié weer deur sý seun, Poni Mahlangu. Poni Mahlangu is deur Jack Mahlangu opgevolg.

Omdat dié splinter van die Ndzundza hulle in die= selfde bootjie as dié van Fene Mahlangu bevind het, is dit voldoende om op die volgende te wys. Die des= tydse Kommissaris van Naturellesake, sir Godfrey Lag= den, het in 1904 verklaar dat 'n deel van die stam van Nyabela hulle onder die gesag van Jafta Mahlangu op die plaas Kafferskraal 181 JS in die Middelburg= distrik bevind. Volgens hom was Jafta 'n broer van Nyabela (in werklikheid 'n broerskind) wat as gevolg van die gevangenskap van Nyabela met die toesig en beheer van dié betrokke stamlede belas was (Lagden= verslag, 1904:71).

Jafta Mahlangu het voor die Beaumontkommissie getuig dat hulle op die plaas Kafferskraal 181 JS woon en dat sy stamlede sonder vergoeding op Blanke plase moet werk. Volgens hom kon sy stamlede beswaarlik werk in die myne kry. Die Naturellekommissaris van Middelburg het hierdie stelling bevestig en verklaar dat die Ndzundza, in vergelyking met die ander stam=me, so arm soos "muise" was. Volgens hom was daar ongeveer 15 000 Ndzundza in die Middelburgdistrik. Dit het verder geblyk dat 'n plaas in die Laeveld aan die groep Ndzundza aangebied is maar dat hulle dit nie aanvaar het nie "omdat hulle na aan Jafta Mahlangu wou wees" (Rapport van de Naturellen Grond Kommissie, deel 2, 1916:441-446).

In sy getuienis voor die Plaaslike Komitee van Oos-Transvaal, het Jafta Mahlangu verklaar dat hy die opperhoof (sic) van die Ndebele is en te Grootkop (op die plaas Kafferskraal 181 JS) woon=agtig is. Volgens sy eie getuienis is hy te Ma=pochsgronde gebore waar hy nege jaar gewoon het voordat hy na Kafferskraal verhuis het. Hy het eg=ter ook verklaar dat hy hom as 'n verteenwoordiger van Fene Mahlangu beskou en dat die meerderheid van sy mense nog in die omgewing van Mapochsgronde woonagtig is. Hy het die Plaaslike Komitee versoek dat hy en sy mense toegelaat word om na Blinkwater 213 JS (by Stoffberg) te trek waar sy vader gewoon het. Hy het ook verklaar dat hy hom aan Fene sal onderwerp as Fene na Mapochsgronde terugkeer

(<u>Notulen van getuigenis</u> ..., 1918:16). Fene Mahlangu het egter verklaar dat die deel van die Ndzundza wat in die Middelburgdistrik woonagtig was, Jafta Mahlangu as hulle leier aangewys het. Volgens hom het Jafta sedert die Tweede Vryheidsoorlog steeds gepoog om hom van die gesag van Fene Mahlangu los te maak hoe=wel hy deeglik van die feit bewus was dat hy slegs 'n induna van Fene Mahlangu was (<u>Notulen van getuige=nis</u> ... 1918:121, 16).

Uit die bostaande blyk dit dat die fissie van die Ndzundza van Mabhogo en dié van Jafta Mahlangu direk na die militêre neerlaag van 1883 terugge=voer kan word.


Die huidige spanning tussen die twee stamme is bloot 'n voortsetting van 'n historiese spanning. Beide groepe is van die korrekte feite bewus (F 53/1236/4 deel I:137; F 54/1545/1 deel I:85).

Jafta Mahlangu wat in 1942 met 'n aantal volgelinge op Goedgedacht (blykbaar 878 KS) naby Pokwani gewoon het, het die regering versoek dat meer grond aan hom en sy mense toegeken word. Op 3 April 1950 is hy as stamhoof van hierdie Ndzundza erken. Dit blyk ook dat dié stamdeel in 1950 op die volgende plase gewoon het (F 54/1545/1 deel I:11-12):

| | |
|---|---|
| Spitskop 874 KS | Groenfontein 254 JS |
| Paardenplaats 135 JS | Vlakfontein 130 JS |
| Vaalkopfontein 133 JS | Sterkfontein 128 JS |
| Frischgewaagd 131 JS | Enkeldoorn 868 JS |

**KAART 3**

**STAMGEBIED VAN DIE MAZUNGZA VAN NEBO (GK 1130/1967)**



Poni Mahlangu, die seun van Jafta Mahlangu, het sy vader in 1952 opgevolg. Die huidige Jack Mah=langu is tans waarnemend vir die seun van Poni, naamlik Mthunja Mahlangu (F 54/1545/1 deel I:143-145).

Ingevolge die bepalings van GK 1139/1957 is die Ndebelestamowerheid ten opsigte van die gebied van die stam ingestel. Die stamgebied is soos volg omskryf:

| | |
|---|---|
| Luckau 127 JS | Klipspruit 863 KS |
| Zuikerboschplaats 125 JS | Paardenplaats 135 JS |
| Dwars-in-de-Weg 138 JS | Vlakfontein 130 JS |
| Spitskop 874 JS | Vaalkopfontein 133 JS |
| Enkeldoorn 868 KS | Frischgewaagd 131 JS |
| Syferfontein 136 JS | Gemsbokspruit 132 JS |
| Groenfontein 234 JS | Goedgedacht 152 JS |
| Sterkfontein 156 JS | |

Met die skepping van die Nebostreeksowerheid (GK 287/1962) is die Ndebelestamowerheid hierby ingesluit - nieteenstaande die feit dat al die ander stamowerhede in die betrokke streeksower=heid Pedistamme verteenwoordig het. Die gevolg was dus dat die Ndzundza van Nebo, via die Nebo=streeksowerheid, by die Lebowagebiedsowerheid ingesluit is (R 1247/1962). Konstitusioneel vorm die stam tans nog deel van Lebowa. Die grondge=bied van die stam is ook deel van die gebied van Lebowa.

Hierdie toedrag van sake is vir David Mabhogo van Weltevreden 'n doring in die vlees. Hy voer aan dat Jack Mahlangu nie sy mense oor die insluiting by Lebowa geraadpleeg het nie en sê dat die meerder=heid van Jack Mahlangu se mense teen die bestaande bedeling gekant is. Daar is inderdaad aanduidings dat dié aansprake van David Mabhogo nie ver van die waarheid verwyder is nie.

Die feit dat Jack Mahlangu in 1969 te Rethabile Hall in Mamelodi verklaar het dat hy en sy stamlede vre=de met die pogings van die Ndzundza van Mabhogo het om 'n eie regering te kry, het hom die gramskap van die ander Ndebele-afgevaardigdes op die hals gehaal. Dit was duidelik dat Jack Mahlangu ter wille van sy eie persoonlike ambisies nie deel aan die beoogde Ndebeletuisland en -regering wou hê nie. Daar is ook al hoe meer aanduidings dat van sy stamlede nie bereid is om met die huidige bedeling voort te gaan nie en dat hulle eerder aansluiting by David Mabhogo soek.

### 3.1.4.1 Gevolgtrekking

Die skeuring wat tussen die Ndzundza van Mabhogo en die Ndzundza van Jack Mahlangu bestaan, moet aan die oorlog van 1883 en die daaropvolgende ge=beure toegeskryf word. Die geografiese verstrooi=ing van die Ndzundza in 1883 het tot politieke fis=sie gelei omdat Poni Mahlangu en sy opvolger, Jack Mahlangu, getrag het om al hoe meer onafhank=

lik van Mabhogo se stam (die hoofstam) te beweeg. Die gevolglike aansluiting van Jack Mahlangu by die Nebostreeksowerheid, sy weiering om Mabhogo as sy senior te erken en die feit dat hy hom nie met die strewes van die Suid-Ndebelestamme geïdentifi= seer het nie, het die spanninge tussen Mabhogo en Jack Mahlangu laat toeneem. Soos ook later in meer besonderhede aangetoon sal word, is die verskille tussen Mabhogo en Jack diepgaande en belemmer dit die bereiking van politieke eenheid onder die Ndzundza. Dit sal ook aangetoon word dat die rege= ring van Lebowa Jack Mahlangu se standpunt gebruik om druk om die Ndzundza van Mabhogo te plaas en om die grond ten suide van Jack se gebied vir Lebowa in te palm.

## 3.2 Die Manala

Volgens oorlewering was Manala die regmatige op= volger van Musi. As gevolg van die usurpering van gesag deur Ndzundza, het die stam van Musi verdeel geraak.

Volgens Van Warmelo (1930:15) bestaan daar 'n ma= te van ooreenkoms tussen die weergawes van die Ndzundza en die Manala ten opsigte van hulle vroeëre geskiedenisse. Volgens die Manala-infor= mante van Van Warmelo (1930:17) het die volgende stamhoofde oor die Manala regeer:

Mhlanga
|
Musi
|
Manala
|
Nsele
|
Magutshana
|
Mxawu
|
Ncagu
|
Buyambe
|
Mabhena
|
Mdibane
|
Pofu
|
Bolile
|
Matshaba
|
Zexulu
|
Zidli
|
Mdala
|
Sibindi
|
Txana
|
Mgulani
|
Mavula
|
Silamba (d. 1892)
|
Buthi (1892-1896)
|
Mgibe
|

Libangeni (1896-1903)
|
Nyumba Mabhena (1903-1905)
|
Mbongo Mabhena (1905-1933)

(Genealogiese tabel 11 gee die orde van opvolging vanaf Zidli tot en met die huidige stamhoof aan).


Besonderhede oor die vroeëre geskiedenis van die Manala is maar skraal en berus op die gegewens vervat in prysliedere en ander oorvertellinge. Volgens Van Warmelo (1930:8, 18) is die mondelinge getuienis so betroubaar soos wat mondelinge oorle=weringe kan wees.

Van Warmelo se informante vertel dat die Manala van "gwaZulu", dit is van Natal of Zoeloeland, ge=kom en net noord van Pretoria gaan woon het (Van Warmelo, 1930:12). Die verhaal van die skeuring tussen Manala en Ndzundza word op dieselfde wyse as deur die Ndzundza onthou (Van Warmelo, 1930: 60-63). Die breuk tussen Manala en Ndzundza het te Mnyamana, noord van Pretoria, plaasgevind. Die Manala noem die plek Swartkoppies, ongeveer 16 ki=lometer noord van Pretoria, as die presiese plek waar die skeuring plaasgevind het.

Volgens dié informante het Ndzundza die stamhoof=skap met bedrog ingepalm. As gevolg hiervan het gevegte tussen Manala en Ndzundza plaasgevind.

## Genealogiese tabel 11

**Genealogie van die Manalastamhoofde vanaf Zidji**
( volgens Van Warmelo, 1930:17-20; Breutz, F 54/1247/16 deel 1:502;
F 54/1247/16 deel I:66).



Die Ndzundza het ooswaarts gevlug en op hulle tog het die Msiza-clan by hulle aangesluit. Die Manala het die Ndzundza tot aan die Bhalule (Olifantsrivier) verjaag. Dié rivier was in vloed (Van Warmelo, 1930:62).

Die pryslied van die Msiza vertel dat die Ndzundza en die Msiza aan die walle van die Songololorivier (Masokololo), op die plaas Brandbach 471 JR, noordoos van Premiermyn, in hewige gevegte met die Manala betrokke was (Van Warmelo, 1930:62, 91). Fourie (1921:34) verwys ook na die Songololo waar een van 'n hele aantal gevegte tussen Manala en Ndzundza plaasgevind het.

Volgens die Manala-informante van skrywer het die Ndzundza dadelik na die usurpering van die stam=hoofskap gevlug. Hulle het tot aan die Songololo=rivier getrek, maar die volgende dag weer terugge=kom omdat hulle glo nie "padkos" saamgeneem het nie. Kort hierna het hulle egter weer getrek en by die Olifantsrivier (Bhalule) gekom. Die Bhalule was in vloed. Op aanbeveling van die Msiza het die Ndzundza besluit om vrede te sluit. Dit is ge=doen deur die suster van Ndzundza, naamlik Mthize, aan Manala as vrou te stuur. Die plek waar die vrede met die Manala gesluit is, is Oqoli of Onoqoli.

'n Ander weergawe van die gebeure soos deur sommige van Van Warmelo se informante verstrek, wil dat die Ndzundza en die Msiza tussen die Mtshabani en die

Ndubazi (Steelpoortrivier) was toe die vrou, Mthize, aan Manala gestuur is (Van Warmelo, 1930: 62). Fourie (1921:34) sê dat 'n vrou deur Ndzundza aan Manala by die Bhalule gegee is.

Volgens Van Warmelo (1930:63) se informante het dié gebaar van Ndzundza daartoe gelei dat die twee stamme by mekaar vroue getrou het. Die stamhoof van Ndzundza moes, in ooreenstemming met die ge= beure, sy hoofvrou by die Manala trou. Dié gebruik is waarskynlik in die regeringstyd van Silamba beëindig omdat die Ndzundza nie 'n Manalavrou wat aan hulle gegee is, hoofvrou gemaak het nie. Sy is na Silamba teruggestuur (Van Warmelo, 1930:63).

Die Ndzundza verklaar die gebeure ietwat anders. Hulle voer aan dat dié gebruik beëindig is omdat hulle gevrees het dat Manala sou poog om die stam= hoofskap op een of ander wyse terug te vat.

In die prysliedere word Manala ook as Mbudumo (die huidige isithogozelo van die Manala) aangedui.

Manala is waarskynlik deur Nsele opgevolg. Volgens die prysliedere het hy 'n beskutte plek bewoon waar hy die aanslae van die vyande kon afslaan. Sy ma was 'n vrou uit die Pôstam (Van Warmelo, 1930:69).

Oor Magutshane, wat Nsele opgevolg het, is daar

min bekend. Hy was blykbaar in verskeie stamoorloë gewikkel. Sy opvolger, Mχawu, wat ook in verskeie veldslae gewikkel was, was ook 'n wreedaard (Van Warmelo, 1930:69).

Die pryslied van Ncagu, die opvolger van Mχawu, verhaal van gevegte teen die Ndzundza te χunu ('n rivier by Middelburg) en van die Msiza-clan wat by die Ndzundza aangesluit het. Dié pryslied vertel die gebeure waar Mthize aan Manala gegee is ten einde vrede te sluit só dat Mthize glo met geweld deur die Manala van die Ndzundza gevat is. Dié gebeure sou aan die Bhalule plaasgevind het (Van Warmelo, 1930:71).

Ncagu is deur Buyambe opgevolg en hy is weer deur Mabhena opgevolg. Dit is egter moontlik dat Mabhena 'n broer van Mdibane was aangesien Pofu as seun van Mabhena genoem word en Pofu eers na Mdiba= ne regeer het (Van Warmelo, 1930:74-75).

Na Pofu het Bolile (Bodile) opgevolg en hy is weer deur Matshaba opgevolg. Volgens oorlewering het Matshaba en sy volgelinge in die omgewing van die Apiesrivier gewoon en strooptogte op die aanlig= gende stamme uitgevoer (Van Warmelo, 1930:77). Matshaba se oudste seun, Zeχulu, het hierna op= gevolg. Daar het blykbaar verskil van mening ont= staan oor wie na Zeχulu moes opvolg. Hoewel Zidli blykbaar opgevolg het, wil dit andersyds tog voorkom of hy die stamhoofskap "gesteel" het

(Van Warmelo, 1930:19). Hy sou die Ndzundza met sy eie mag geprovokeer het (Van Warmelo, 1930:79).

Zidli is deur Mdala opgevolg. Hy was bekend vir die strooptogte wat hy uitgevoer het. Na sy dood is hy agtereenvolgens deur vier broers opgevolg, naamlik Sibindi, Thaχana, Mgulani en Mavula (Van Warmelo, F 54/1247/16 deel I:68).

Volgens Van Warmelo (1930:80) het Mzilikazi vir Sibindi aangeval, maar Mzilikazi kon nie daarin slaag om hom te verslaan nie. Thaχana, wat Sibin=di opgevolg het, het ook baie strooptogte uitge=voer (Van Warmelo, 1930:81). Na Thaχana het Mgu=lani opgevolg. Na bewering was hy nog meer oorlog=sugtig as sy voorgangers (Van Warmelo, 1930:83). Die laaste van die vier broers wat regeer het, Mavula, is deur Moshoeshoe gedood toe hy (Mavula) vir Mzilikazi gevlug het. Dit beteken dus dat Mzilikazi 'n tweede en moontlik selfs 'n derde aan=val op die Manala geloods het. In die isibongo van die Msiza-familie word vertel dat Mavula hom by die opvolgingstwiste van die Ndzundza ingelaat het (Van Warmelo, 1930:93-95).

Na Mavula het Silamba, seun van Mdala, opgevolg. Silamba is deur sy eie mense baie hoog geag (Van Warmelo, 1930:17). Die name van die seuns van Silamba, byvoorbeeld Saul, Windvoël, Swartland, ens., dui daarop dat hulle kontak met die Blankes gehad het. Silamba moes dus pas nadat Mzilikazi

verdryf is, regeer het. Hy het op 'n stadium te Donkerhoek (Qobongo) naby Mokopane gewoon. Dit is egter nie duidelik wat hy daar gaan doen het of waarom hy daarheen getrek het nie. Silamba het hom egter vir die grootste deel van sy lewe te Wallmansthal bevind. Hy het ook heelwat hulp aan die Berlynse Sendinggenootskap daar gelewer (Van Warmelo, 1930:86-87).

In 1892 is Silamba deur Buthi Swartland opgevolg. Buthi Swartland (of Swartman) staan ook as Mbhedlengane bekend (Staminformante van skrywer, 1979). Van Warmelo maak elders (F 54/1247/16 deel I:68) van die feit melding dat Mgibe ná Silamba (as regent vir Buthi Swartland) waargeneem het. Die informante van skrywer het in 1979 aangevoer dat Mgibe, beweerde broer van Silamba, deur 'n ander beweerde broer, Khuleka, om die lewe gebring is omdat Khuleka wou opvolg. In elk geval, Buthi Swartland moes deur sy seun Nyumba opgevolg word. Omdat Nyumba minderjarig was, het Libangeni (Daan, broer van Swartland) vanaf 1896 waargeneem. Hy het tot in 1903 regeer. Hierna het Nyumba opgevolg. Volgens die informante van Van Warmelo (1930:89) was Nyumba vir 'n tydperk weg van Wallmansthal gewees. Die halfbroer van Nyumba, William Mbongo I, het sedert 1905 vir Nyumba se seun (Lot Mbulawa) waargeneem. Omdat William Mbongo I vir 'n tydperk in die gevangenis was, het sy neef, Lefifi, waargeneem. William Mbongo I is in 1933 deur Lot Mbulawa opgevolg (F 54/1247/16 deel I:4-70). Volgens

Van Warmelo (1930:12-15) het William Mbongo I nog tot kort voor 1930 te Wallmansthal gewoon maar het pas daarna na die noordooste verhuis. Hy het hom vermoedelik op Roodekoppies 167 JR gaan vestig.

Die Manala-informante van skrywer het aangevoer dat William Mbongo I as gevolg van 'n rusie met die hoof van die Berlynse Sendinggenootskap te Wallmansthal, eerwaarde Trümpelmann, na Jakkalsdans 243 JR vertrek het. Sommige stamlede het egter te Wallmansthal agtergebly. Die vrou van wyle William Mbongo I, ene Eni Bacedeni, sê sy is teen ongeveer 1915-1916 met William Mbongo I te Wall=mansthal getroud. Pas hierna het die stam na Jak=kalsdans vertrek. Na 'n kort verblyf hier (ongeveer drie jaar), het die stam na Klipspruit 245 JR en Vandykspruit 431 JR vertrek. Volgens hulle staan dié plek ook as <u>Kgodwane</u> bekend. Volgens die in=formante is die twee plase deur middel van 'n stam=heffing aangekoop. Pas na die vrylating van William Mbongo I het hy en sy vroue na Jakkalsdans teruggekeer en geld vir die aankoop van Roode=koppies 167 R by stamlede begin invorder. Die stam het in 1926 na Roodekoppies verhuis. Stamlede wat te Wallmansthal en op Jakkalsdans gewoon het, het ook na Roodekoppies getrek. In 1933 is William Mbongo I daar oorlede en Lot Mbulawa, seun van Nyumba, het opgevolg.

Na die dood van Lot is hy deur die seun van William Mbongo I, naamlik Enoch Makosonke, opgevolg. Hy

het vanaf 1941 tot 1947 regeer. Volgens die stam=informante van skrywer het Enoch Makosonke vier seuns gehad, naamlik William Mbongo II, Alfred Mbhedlengane, Daan Libangeni en Alpheus. Toe Makosonke in 1947 sterf, was William II nog te jonk om op te volg en die seun van Daan (Libangeni), naamlik Titus, het as regent opgevolg.

In teenstelling met sy voorgangers het Titus hom op die plase Klipspruit en Vandykspruit gaan ves=tig. Titus het tot in 1960 regeer. Hy is eventu=eel hier begrawe en wou nooit te Loding op Roode=koppies woon nie (F 54/1247/16 deel I:4-70).

Toe die regmatige opvolger, William II, moes op=volg, het die ondersteuners van Titus egter die stamhoofskap en die nodige regalia aan Tjila Petrus, die seun van Titus, gegee. William II wat vir sy lewe gevrees het, was nie van plan om die konink=like regalia op Klipspruit en Vandykspruit te gaan haal nie. In 1962 het hy na Allemansdrif 162 JR getrek. Trouens, William II was heeltemaal bereid om van die stamhoofskap afstand te doen indien dit sou nodig blyk te wees. Die opvolgingsgeskil is eventueel besleg nadat die Manala op Klip- en Vandykspruit na Roodekoppies verhuis het. William II het in 1969 as stamhoof opgevolg (F 54/1247/16 deel I:44). William II is in 1975 oorlede en hy is deur sy broer, Alfred Mbhedlengane, opgevolg.

Die stamkantore is te Allemansdrif gebou en is taamlik ongerieflik geleë vir die meerderheid van die stamlede wat hulle op Troya en Roodekoppies bevind.

'n Groot getal Manala bevind hulle op Blanke plase en in ander tuislande (F 54/1247/16 deel I:104). 'n Nakomeling van Mgibe, Aboe Josef Mabhena, bevind hom met 'n aantal volgelinge te Suikerboskop 278 JS in die distrik Witbank. Hy beskou homself as 'n stamhoof.

Hierbenewens het 'n groep Manala hulle onder die leiding van Moses Sonkalane Makerane Mabhena op die plaas Gruisfontein in die distrik Heidelberg bevind. Die groep het telkemale briewe aan die Departement van Samewerking en Ontwikkeling gerig waarin hulle versoek dat 'n tuisland vir die Ndebele beskikbaar gestel word waarin hulle kon gaan woon. Die "kaptein" en 'n aantal volgelinge is eventueel (in 1978) binne die Manalagebied hervestig.

Nòg die verslag van die South African Native Affairs Commission, 1903-1905; nòg die Lagdenverslag, 1904; nòg die Rapport van de Naturellen Grond Kommissie, deel 2, 1916; nòg die Meerderheidsrapport van het Oostelik Transvaal Naturellen Grond Komitee, 1918, verskaf enige besonderhede oor die grondposisie van die Manala.

Skrywer kon slegs twee verwysings m.b.t. die

vroeëre grondposisie van die Manala opspoor. Die eerste verwys na 'n onderhoud wat die Naturellelo=kasiekommissie op 29 November 1906 met Mbongo Mabhena te Hammanskraal gehad het. Die stamhoof het versoek dat 'n amptelike woongebied vir sy stam afgebaken word. Hy het verduidelik dat hy en sy stam reeds baie lank op Wallmansthal woon (Ar=gieflêer 15-01).

Die tweede verwysing wat skrywer kon opspoor was die opmerking van Fene Mahlangu dat die Manala in 1917 te Jakkalsdans, na aan Wallmansthal, gewoon het. Fene Mahlangu het verklaar dat die Manala en die Ndzundza eintlik een stam was toe hulle uit Zoeloeland getrek het en hulle te Mnyamana gaan vestig het (Notulen van getuigenis ... 1918:121).

Ingevolge die bepalings van GK 1467/1967 is die Manalastamgebied soos volg omskryf:
Roodekoppies 167 JR (gedeeltes B en C)
Troya 151 JR (Trustplaas)
Allemansdrif 162 JR

(Kaart 2 illustreer die ligging van die Manalagebied.)

Dié goewermentskennisgewing het 'n stamowerheid ten opsigte van bostaande gebied ingestel. Dit staan as die Amandebele abaga Manalastamowerheid bekend.

As gevolg van die strewe van die Ndzundza van

Mabhogo en dié te Kalkfontein en Witlaagte om 'n eie regering en 'n eie tuisland te verkry, moes die gebied van die Manala wetlik uit die gebied van Bophuthatswana gesny word. Dit het op 1 April 1977 (R 61/1977) plaasgevind.

Ingevolge die bepalings van GK 871/1977 is dié stamowerheid by die Mnyamanastreeksowerheid in= gesluit.

3.2.1 Gevolgtrekking

Die weergawes van die Ndzundza- en Manala-infor= mante oor die broerskap van Manala en Ndzundza; die usurpering van gesag deur Ndzundza; die geveg= te wat tussen die volgelinge van Ndzundza en Ma= nala plaasgevind het en die eventuele verdrywing van die Ndzundza na Oos-Transvaal, bevat duide= like ooreenkomste. Die skeuring wat tussen Manala en Ndzundza plaasgevind het, het vanaf die dood van Musi tot in 1977 geduur. Die Manala het in die omgewing van Pretoria-noord bly woon. Dit blyk dat hulle vir 'n geruime tyd op die plaas Wallmans= thal, wat hulle tans as deel van hulle werklike "heimat" sien, gewoon het. Hulle het dié plaas eg= ter uit vrye wil verlaat en hulle eventueel te Troya, Roodekoppies en Allemansdrif gevestig. Hoewel die stamgebiede van die Manala en die Ndzundza van Mabhogo nie gekonsolideer is nie, lê die gebiede na aan mekaar.

As gevolg van die nasionale beweging wat onder die Suid-Ndebele ontstaan het en hoofsaaklik deur die Ndzundza van Mabhogo gedra is, is die Manala binne die sfeer van die Suid-Ndebelepolitiek in=getrek. As gevolg hiervan is die grondgebied van die Manala uit Bophuthatswana uitgesny en het die Manala deel van die Ndebelegebiedsowerheid gevorm.

Dit blyk egter dat die Manala sy deel aan interne stamspanninge gehad het maar dat dit nie dieselfde omvangryke gevolge soos by die Ndzundza gehad het nie. Dié Manala wat hulle onder leiding van Moses Makerane Mabhena op 'n Blanke plaas (Gruis=fontein) in die Heidelberge distrik bevind het, was baie sterk voorstanders van die gedagte dat 'n Ndebeletuisland geskep moet word. As gevolg van die feit dat hulle geen permanente woongebied ge=had het nie, het hulle hulle kragte by die Ndzundza van Mabhogo ingegooi om die regering te oorreed om 'n tuisland vir die Ndebele te skep. Dit het o.a. daartoe gelei dat die Manala van Roodekop=pies, Troya en Allemansdrif by dié ideaal en die ander ideale van die Suid-Ndebele betrek is.

Dit blyk verder dat die verhoudinge tussen die Manala en die Ndzundza van Mabhogo, nieteenstaan=de die usurpasie van gesag deur Ndzundza, tans relatief goed is.

### 3.3 Die Huaduba

Hoewel die Huaduba tans deur die Manala en Ndzundza as Ndebele beskou word, het hulle sodanig verKgatla dat die verbintenis grootliks van aka= demiese belang is. Hulle praat Kgatla en het bv. openlik geen deel aan die strewe ter verkryging van onafhanklikheid in 'n Ndebeletuisland en as aparte volkseenheid gehad nie.

Die genealogie van die Huadubastamhoofde word in tabelle 8 en 12 weergegee.

Volgens die staminformante van Van Warmelo (1944(b): 24 e.v.) het dié stam onder leiding van Musi van Maponong (van die Zoeloe) gekom en hulle te Makgophane (Mooiplaats), oos van Pretoria, geves= tig. Makgophane is aan die oorsprong van die Moretele (Pienaarsrivier) geleë. Tydens die leef= tyd van Musi het hulle na die gebied waar Pretoria tans geleë is, verhuis. Die Apiesrivier, wat in Tswana as Tshwane bekendstaan, is glo na die op= volger van Musi vernoem. Na 'n tydelike verblyf hier het die stam na Sefateng-sa-Phitsane (Won= derboompoort), noord van die Magaliesberg, ver= huis. Tshwane het hier te sterwe gekom (Van War= melo, 1944(b):24).

Die seuns wat aan Tshwane toegeskryf word, is Modimakwane (voorsaat van die Huaduba), Manala of

**Genealogiese tabel 12**

**Genealogie van die Hwadubastamhoofde**

( volgens Van Warmelo, 1944(b):24 ; Breutz, Etnologiese lêer ; F54/1247/4 deel 1:60)



Mabhena (voorsaat van die Manala), Mopô (voor=saat van die Pô), Moletlane (voorsaat van die Kekanastamme), Letswalo (voorsaat van die Letswa=lostamme by Tzaneen) en Malete (voorsaat van die Malete). Na die dood van Tshwane is sy stam onder hierdie seuns verdeel en elkeen het stamhoof oor 'n deel geword (Van Warmelo, 1944(b):24).

Volgens die staminformante het Letswalo eerste vertrek en hom by Pietersburg gaan vestig. Moletlane het tweede padgegee en het hom te Ze=bediela gaan vestig. Hierna het Mopô getrek en hom op Bosfontein 458 JQ naby Rustenburg geves=tig. Die Tlhako het later weer van die Pô weg=gebreek. Malete het met sy volgelinge na Botswana verhuis, terwyl Manala in die omgewing van Pretoria-Noord bly woon het. Die Ndzundza of Tsutsa het weer van die Manalagroep weggebreek. Slegs Modimakwane het agtergebly en as die stam=hoof van die Huadubagroep opgetree.

Van Warmelo (1944(b):24-25) wys egter tereg daarop dat hierdie weergawe van die genealogiese verban=de tussen die Ndebelestamme 'n vrug van die ver=beelding is. Dit is eerder tekenend van die feit dat die Huaduba hulle geskiedenis teen 'n Tswana-agtergrond begin interpreteer het.

Modimakwane het vanaf Sefateng-sa-Phitsane na Ga Raletsoku te Klipdrift 116 JR, getrek. Dié

plek is suid van Hammanskraal. Sy opvolger, Madumo, het weer hiervandaan na Mohalaube op Dewitskraal 86 JR, suidoos van Pienaarsrivierstasie, getrek. Vandaar het hy na Mmametlhake op Bultfontein 174 JR verhuis. Mmametlhake is oos van MacKenziestasie. Hy het hier te sterwe gekom en is deur sy seun Pêtê opgevolg. Hy is weer deur sy seun Mathibe opgevolg.

Mathibe is in gevegte met die Kwêna van Mogopa in die koppies naby Brits gedood.

Volgens Short History (1905:54) het die stam as gevolg van die uitgeputheid van die grond na Mmametlhake verhuis. Volgens Massie (1905:34) het die stam as gevolg van die aanvalle van Mzili= kazi na Swartbooistat getrek. Dit is die huidige setel van die stamregering.

Van Warmelo (1944(b):25) beskryf die bewegings van die stam vollediger. Hy verhaal dat Mathibe deur sy seun Kgosi opgevolg is. Kgosi het, na 'n regeertyd te Mmametlhake, na Matlhoku (by Moorddrifmonument) aan die Mogalakwena verhuis omdat hulle uit die pad van die Mzilikazi wou kom. Na 'n verblyf hier het die stam na Lehobe, naby en wes van die Modimollekop in die omgewing van Nylstroom, versit. Hiervandaan het die stam na KwaDubeng, die woonplek te Witgatboom, verhuis. Volgens die berekeninge van Van Warmelo moes dit teen ongeveer 1840 plaasgevind het (Van Warmelo,

1944(b):25).

As gevolg van die inkomende Blankes het die stam weereens versit. Hulle het na Phatametsane in Sekukuniland getrek en na 'n lang verblyf daar weer na KwaDubeng teruggekeer. Kgosi het hier te sterwe gekom (Van Warmelo, 1944(b):25).

Kgosi is deur sy seun Swartbooi Mathibe opgevolg. Volgens Van Warmelo se informante het hy pas na die oorlog van Pôrôkôrô (president Burgers) opge=volg. Dit moes dus teen ongeveer 1877 plaasgevind het. Swartbooi Mathibe is in 1903 oorlede en hy is deur sy seun Lepono Amos opgevolg. Volgens Massie het Lepono ongeveer 3 000 volgelinge te Hammanskraal en ongeveer 300 elders gehad (Mas=sie, 1905:34).

In 1905 is Amos Lepono as stamhoof afgesit omdat die regering nie met sy uitvoering van stampligte tevrede was nie. Aanvanklik is hy na Barberton, toe na Frederickstad en nog later na Sebasa ge=stuur. In 1944 het hy hom te Mapela bevind. 'n Aansienlike deel van die stam was nie met die afsetting van Amos Lepono tevrede nie (Van Warme=lo, 1944(b):28-30). Lede van die stam het so ver gegaan as om 'n petisie aan die Goewerneur-gene=raal, prins Arthur Frederick van Connaught, "Knight of the Most Noble Order of the Garter" te stuur waarin hulle versoek het dat Amos Lepono

na die stamgebied teruggebring moet word (Argief=lêer, 16-05). Die verdeeldheid in die stam was, as gevolg van die afsetting van Amos Lepono, so diepgaande dat die stam in twee kampe verdeel was. Die een groep het as die Sjinese en die ander groep as die Rooihuide bekendgestaan (F 54/1247/4 deel I:20). Amos Lepono is blykbaar in 1948 na die stamgebied teruggebring waar hy in 1954 oor=lede is (F 54/1247/4 deel I:8). Hy het egter nie na sy terugkeer na Swartbooistat as stamhoof re=geer nie.

Nadat Amos Lepono in 1905 uit die stamgebied ver=ban is, is hy deur sy broer, Modikwe Thomas, op=gevolg. Hy het van 1906 tot 1910 regeer. In 1910 is hy met sianied vergiftig (Van Warmelo, 1944(b): 28-30). Kort voor die dood van Modikwe is 'n op=volger vir Lepono Amos gebore. Omdat hy minder=jarig was, is Modikwe Thomas deur sy broer, Moubane (Sakkies), opgevolg. Moubane is in 1922 oorlede (Argieflêer 4/55:30). Moubane (Sakkies) is in 1922 deur die seun van Modikwe Thomas, naam=lik Hazael, opgevolg. Hazael het tot in 1956 re=geer (Argieflêer 4/55:100). Volgens Breutz (Etnologiese lêer) het die broer van Hazael, naam=lik Mokopane Michael, in 1956 en 1957 as waarne=mende stamhoof opgetree. Hy is in 1957 deur die seun van Amos Lepono, naamlik George Magobotle, opgevolg. George Magobotle is in 1969 oorlede en hy is deur sy broer, Marcus Mathibe, opgevolg

(F 54/1247/4 deel I:60). Marcus Mathibe is die huidige stamhoof te Swartbooistat.

Ten opsigte van grondverskaffing blyk dit dat die Huaduba een van die heel eerste stamme in Trans= vaal was aan wie 'n amptelike woongebied toegeken is. Volgens die Lagdenverslag (1904:29) het die Huaduba reeds in 1871 die plaas Witgatboom 63 JR en twee gedeeltes van die plaas Goedgewaagd 62 JR bewoon. Deur middel van die sendelinge wat onder hulle werksaam was, het die stam aansoek vir die afbakening van 'n amptelike woongebied gedoen. Witgatboom 63 JR en gedeeltes van Goedgewaagd 62 JR is deur die stam self aangekoop en die destydse regering het nog 'n deel van Goedgewaagd bygevoeg. Tussen 1871 en 1883 het die stam die volgende plase as stamgebied verkry (Lagdenverslag, 1904: 29):


Witgatboom 63 JR (gedeelte)
Goedgewaagd 62 JR (gedeelte)
Haakdoornfontein 55 JR (gedeelte).

Volgens dié verslag is die stamgebied reeds op 12 Maart 1883 afgebaken.

In die Bylae tot die Naturellen Grond Wet van 1913 is die stamgebied soos hierbo aangetoon, as ingelyste gebied opgeneem.

Ingevolge die bepalings van GK 953 van 1958 is die

KAART 4 STAMGEBIEDE VAN DIE HUADUBA; KEKANA (MAJANENG); SELEKA (MFATLHA)



Bahuadubastamowerheid ten opsigte van die stamge= bied ingestel. In 1965 is die stamgebied egter heromskryf (GK 1621/1965) en het dit uit die volgende plase en/of gedeeltes van plase bestaan:

<u>Stamplase</u>
Goedgewaagd 62 JR (gedeelte)
Witgatboom 63 JR

<u>Privaatplaas</u>
Haakdoornfontein 55 JR (gedeelte)

<u>Trustplase</u>

| | |
|---|---|
| Waterval 561 KQ | Bles 58 JR (gedeelte) |
| Paalkraal 556 KQ (gedeelte) | Goedgewaagd 62 JR (gedeelte) |
| Doornfontein 155 KQ | Witgatboom 63 JR (gedeelte) |
| Blokspruit 157 KQ | De Wig 56 JR |
| De Mond van Blokspruit 158 JQ | Langkloof 153 JQ |
| Buffelsdraai 151 JQ (ge= deelte) | Kwarriekraal 148 JQ |
| Kenkelbos 152 JQ | |

Ingevolge die bepalings van GK 23 van 8 Janua= rie 1960 is die Huadubastamowerheid by die Kgatla-Ndebelestreeksowerheid ingeskakel. Die samestelling van die streeksowerheid is later gewysig (GK 825/1969). Met die skepping van die Tswanagebiedsowerheid (R 585/1961) het die streeksowerheid 'n samestellende deel van die

gebiedsowerheid gevorm.

Soos aangetoon het die Huaduba openlik geen be= langstelling ten opsigte van die nasionale aspira= sies van die ander Ndebelestamme getoon nie. Die Hoofetnoloog meen egter (volgens mondelinge inlig= ting aan skrywer verstrek) dat daar 'n element is wat in hierdie aspirasies belangstel. So ver skry= wer kon vasstel ontken die Huaduba nie dat hulle vroeër Ndebele was nie, maar dit lyk nie asof dit tans van enige praktiese betekenis is nie. Tydens 'n besoek in 1974 aan die stam, was van die senior stamraadslede en verwante van die stamhoof uiters skepties oor enige verwysing na 'n Ndebeleherkoms en die skepping van 'n Ndebeletuisland. Dit het in skerp kontras met die houdings van ander Ndebele= stamme gestaan.

### 3.3.1 Gevolgtrekking

Dit blyk dus dat hoewel die Manala en Ndzundza die Huaduba nog as 'n Suid-Ndebelestam beskou en hoewel die Huaduba dit nie ontken nie, die Huaduba reeds dermate verKgatla het dat hulle op grond van kul= turele en taalkundige kenmerke nie meer as Suid-Ndebele beskou kan word nie. Hierbenewens het dit ook geblyk dat die Huaduba nie aan die strewes van die Suid-Ndebelestamme deelgeneem het nie. Hulle is tans konstitusioneel deel van Bophuthatswana. As gevolg van die feit dat hulle reeds baie lank

binne 'n dominante Kgatla-milieu woonagtig is, het hulle hulle geskiedenis reeds teen dié agtergrond geïnterpreteer.

## 4.0 Etno-historie van die Noord-Ndebele

### 4.1 Die Kekana

#### 4.1.1 Die Kekana van Zebediela

Volgens Ziervogel (1959:181-185, en genealogiese tabel 13), het die Kekana te Uba (Premiermyn) van die stam van Yakalala/Madidzi weggebreek en na Moletlane getrek. (Madidzi was 'n nakomeling van Nungu en die latere Bulongo). In die weergawe van Ziervogel word dié Kekana op geen wyse genea= logies aan die Suid-Ndebele gekoppel nie. Daar word slegs vermeld dat Malajana (van wie daar reeds mel= ding gemaak is) nadat hy en sy mense 'n tydperk by die Swazi gewoon het, na Mapoch se mense verhuis het. Hierna het die stam na Uba verhuis waar die splitsing plaasgevind het.

Volgens Van Warmelo (1944(a):14) het ene Yakalala (voorsaat van die Kekana) vir Ndzundza teen Manala gesteun nadat Ndzundza die stamhoof= skap "gesteel" het. Nadat die Ndzundza en die mense van Yakalala oor die Steelpoortrivier (Tu= batse) getrek het, het een van die dogters van die mense van Yakalala puberteit bereik (ukuthomba) sodat dié groep nie verder kon trek nie. Die

Ndzundza het hulle gespot en hulle die Mthombeni=mense genoem (Van Warmelo, 1944(a):14).

Die Kekana het hiervandaan oor die Bhalule (Oli=fantsrivier) getrek en in die gebied van Moletlane gekom. Die gebied is deur die Batlokwa-ba-ga-Tswai bewoon en die Ba-ga-Maaga (wat eintlik Ba-ga-Ngo=beni is), het by die Tlokwa gewoon. Nadat die Kekana vir 'n jaar daar gewoon het, het hulle die Sotho-inwoners verjaag (Van Warmelo, 1944(a):15).


'n Ander bron (Argieflêer, 104/2) verhaal dat die Tlokwa (op die huidige plaas Uitkyk) en die Seleka (langs die Gompiesrivier) in dié gebied gewoon het en dat die twee stamme by die Kekana kom lotša het. Die Tlokwa het later na Soekmekaar getrek, terwyl die Seleka ook padgegee het (Argieflêer 104/5). Die Lagdenverslag (1904:41) vermeld dat die Kekana die Moletshistam hier aan=getref en hulle eventueel verjaag het. Dié verslag sê dat die Kekana van Mapoch afkomstig is.

Die volgende stamhoof waaroor daar iets bekend is, was Sibitiela @ Maboyaboya I. Hy was die opvolger van Sello Kekana. Die Kommissaris vir Soutpansberg, ene Barton, het in 1879 besoek aan die stamhoof gebring. Hy was kreupel (Argieflêer 50/400 en 104/2). Hy is deur Mmamokebe opgevolg. Volgens in=ligting van Van Warmelo (1944(a):15) en W.S. Kekana (Argieflêer 16-05) het kontak met Blankes in sy

## Genealogiese tabel 13

### Genealogie van die Noord-Ndebelestamhoofde

( volgens Ziervogel, 1959)




Sleutel:

@ = ook bekend as

Genealogiese tabel 14

Genealogie van die stamhoofde van die Kekana van Zebediela
( volgens W.S. Kekana , Argiefleer 1042. Opgestel in 1919).

Bolongo (Beweerde stamvader van die Mokopane van Vaaltyn)
Sekhoba sa Bolongo
Yakalala
Kekana I
Madlalele / Majaleetji
Shikwane
Sello
Sebetiela Maboyaboya
Mmamokebe
Ramabela Sebetiela Maboyaboya
Shikwane II
Sello

Kekana : Zebediela — Mokopane : Vaaltyn

leeftyd plaasgevind. Die broer van Mmamokebe, naamlik Lebelô, het van die hoofstam weggebreek en na die plaas Leeuwkraal 92 JR getrek (Van Warmelo, 1944(a):15). Die Kekanastam van Zebediela het hulp aan president Kruger verleen in die oorlog teen Sekukuni en Magoeba. Hierbenewens het hulle ook hulp tydens die Tweede Vryheidsoorlog verleen (Argieflêer 104/2).

Volgens Van Warmelo (1944(a):15) is Maboyaboya deur sy seun Mmakokebe opgevolg. Onenigheid tussen Mmamokebe (Nnomugebe) en sy broer, Lebelô, het daartoe gelei dat Lebelô suidwaarts gevlug het.

Die volgende stamhoof van die Kekana van Zebediela waaroor daar iets bekend is, is Ramabele. Hy is deur Shikwane II opgevolg. Shikwane II het blyk= baar in 1923 te sterwe gekom en Seswai het as re= gent vir die regmatige opvolger, Sello, opgetree. As gevolg van die beweerde swak gesondheid van Seswai, is sy broer Johannes Matšumu in Januarie 1927 as regent aangewys. Hy is egter enkele dae hierna oorlede en Abel Lesitja het opgevolg. (Dit wil verder voorkom of Sello, toe hy in 1932 mon= dig geword het, om een of ander rede nie as be= voegd beskou is om te regeer nie (Argieflêer, 27/552, deel I:30-94).

In 1936 is Sello tog as stamhoof ingestel (GK 1818/1936) en hy het blykbaar tot in 1942 re=

geer. Hierna het sy broer, Patrick Kekana, opgevolg. Nadat Patrick vir 'n tydperk van die stamhoofskap onthef is, het sy broer, Frans Tshene, sedert 1946 as regent waargeneem. Nadat Frans Tshene in 1956 ernstig siek geword het, het Patrick Kekana weer opgevolg om vir Sello se seun, Johannes, waar te neem. Dit het later geblyk dat Patrick nie bereid was om die stamhoofskap aan Johannes af te gee nie. Hy moes egter eventueel daartoe instem (Argieflêer, 27/55 deel I:190, 193, 221, 232, 236, 389).

Johannes is die huidige stamhoof van die Kekana van Zebediela.


Volgens 'n besluit van die Uitvoerende Raad van die ZAR in 1882, het dit geblyk dat die Kekanastam vir die toekenning van 'n stamgebied gekwalifiseer het Die stamgebied is op 4 Junie 1884 deur die Loka= siekommissie, bestaande uit Christiaan Joubert, Piet Cronje en P. Muller, afgebaken (Argieflêer 16-05).

Volgens die Lagdenverslag (1904:39) het die stam= gebied in 1885 uit die volgende plase bestaan:

| | | |
|---|---|---|
| Koornvlakte | Steenbokbult | Johanneskraal |
| Kalkheuwel | Rooiboschbult | Rooiloop |
| Groothoek | Gewenscht | Turksveygekraal |
| Koornpunt | Taaiboschlaagte | Batavia |
| Sweden | Zebedielaskraal | Koppie-Enkel |

KAART 5

STAMGEBIED VAN DIE KEKANA VAN ZEBEDIELA (GK 1103/1957)



| | | |
|---|---|---|
| Zwartfontein | Moulmien | Rooiwater |
| Volop | Byldrift | Zuurbult |
| Kromdraai | Stockholm | Reserve |
| Zwartbult | Kalkvlakte | Charlottesrust |
| Gladdedrift | Grootwater | |

In 1895 is daar aanbeveel dat die stamgebied her=omskryf word sodat 'n aantal plase en/of gedeeltes van plase tot die stamgebied toegevoeg kon word (Lagdenverslag, 1904:39). Volgens die Superinten=dent van Naturelle is daar in 1899 weer op die uit=breiding van die gebied besluit (Argieflêer 136/335), maar die uitbreek van die oorlog het die planne in die wiele gery. Volgens 'n besluit van die Uitvoe=rende Raad in 1906 is die stamgebied wel herom=skryf (Argieflêer 136/335).

Die stamgebied van die Kekana van Zebediela is in 1913 as ingelyste gebied in die Bylae van die Natu=rellen Grond Wet opgeneem.

In getuienis voor die Beaumontkommissie het woord=voerders van die stamhoof verklaar dat hulle meer grond benodig omdat baie stamlede orals op Blanke plase woonagtig is. Die bevolking van Zebedielaslo=kasie is in 1916 op 6 800 geskat (Rapport van de Naturellen Grond Kommissie, deel 2, 1916:368, 376).

Ingevolge die bepalings van GK 1103 van 26 Julie 1957 is die Zebedielastamowerheid ingestel en die stam=

gebied is soos volg omskryf:

Zebedielaslokasie (insluitende van die plase hierbo genoem), plus -

| Stamplase | Trustplase |
|---|---|
| Taaiboschlaagte 163 KS | Madras 566 KS |
| Platnek 108 KS | Keulen 565 KS |
| Gewenscht 165 KS | Volop 164 KS |
| Rooiboschbaak 107 KS | Charlottesdale 568 KS |
| Groothoek 106 KS | The Smugglers Union 570 KS |

Die Zebedielastamowerheid is by die Ndebelestreeks=owerheid ingesluit (GK 5 van 2 Januarie 1959; GK 1282 van 29 Desember 1961 en GK 1855 van 24 November 1967). Dié streeksowerheid is by die Lebowagebiedsowerheid (R 1274/1962) en die latere gebied van die Lebowa Wetgewende Vergadering (R 156/1971) ingeskakel. In 1972 is die gebied van Lebowa in terme van distrikte omskryf en die gebied van dié stam is in die Mokerong-distrik van Lebowa geleë.

4.1.1 <u>Gevolgtrekking</u>

Die herkoms van die Kekana en die werklike en/of vermeende verbande wat dit met die Noord- en Suid-Ndebele het, is reeds bespreek. Dit blyk egter dat die Kekana van Zebediela o.a. oor 'n tradisie beskik dat hulle saam met Ndzundza voor Manala na die ooste

gevlug het. Op 'n stadium kon hulle nie verder trek nie terwyl Ndzundza steeds verder oos getrek het. Die Kekana het hulle egter eventueel te Zebediela gevestig. As gevolg van splitsinge wat plaasge= vind het, het die Kekana van Majaneng, die Mokopane van Vaaltynslokasie en bes moontlik ook die Letwaba= stamme, uit dié stam ontstaan. Die geskiedenis van die stam word dus ook deur etno-fissie gekenmerk.

Dié stam het as gevolg van die dominante Noord-Sotho milieu waarin hulle woon, diepgaande kulturele en taalkundige beïnvloeding ondergaan.

Die Kekana van Zebediela het hulle egter baie sterk ten gunste van aansluiting by die Suid-Ndebele en die skepping van 'n Ndebele politieke gesag uitge= spreek.

4.1.2 Die Kekana van Majaneng

Volgens mondelinge inligting van die Hoofetnoloog van die Departement Samewerking en Ontwikkeling is die naam Majaneng die lokatief van die werk= woord go jana (om mekaar te eet). Majaneng is ook die naam van 'n Kgoro (wyk) wat by die Kekanastam van Zebediela bestaan.

Na die dood van Sibitiela @ Maboyaboya (genealo= giese tabel 7) het Mmamokebe @ Nnomugebe opgevolg. Sy jonger broer, Lebelô @ Serôtô, het as skakel tussen die stamhoof en die Voortrekkers opgetree.

Volgens Van Warmelo se informante (1944(a):15-16) het dit Lebelô onder verdenking geplaas (Die Voortrek=kers het na bewering gevra om met Lebelô in plaas van die stamhoof te praat). Die gevolg was dat Lebelô die stamgebied verlaat en hom met 'n gevolg 'n end suid van die stamgebied op die plaas Rhenos=terfontein gaan vestig het. Te Rhenosterfontein 731 KS het hy en sy gevolg onder die soesereiniteit van Sekoti, die regent vir Maubane, stamhoof van die Bakgatla ba Motsha, gestaan. Op 'n later stadium het Lebelô Nokanapedi (Rhenosterfontein) verlaat en na Boschplaats 91 JR getrek. Teen ongeveer 1860 het hy dié plek verlaat en na Ga Mantsubuku (ook as Ga Mmamothlabane bekend) op Haakdoornfontein 119 JR, reg noord van Wallmansthal, vertrek (Van Warmelo, 1944(a):15-16). Lebelô het hier te ster=we gekom.

Voordat Lebelô Moletlane (Zebediela) verlaat het, het sy oudste seun en opvolger, Tane @ Johannes en van sy jonkmansvriende na die Kaapprovinsie getrek om werk te gaan soek. Die doel was om geld te verdien ten einde ammunisie te koop. Met sy terugkeer uit die Kaapprovinsie het Tane @ Johan=nes gevind dat sy vader oorlede is. Hy het sy vader, Lebelô, te Ga Mantsubuko opgevolg. 'n Deel van die stam het beswaar teen sy opvolging gemaak omdat hy geskoold was en omdat van sy idees te progressief was (Van Warmelo, 1944(a):17). Volgens die informante wat skrywer in 1979 te Majaneng geraadpleeg het, het Tane @ Johannes en sy vriende

in Kimberley werk gaan soek. Hulle het ook daarop gewys dat Tane @ Johannes in onguns geraak het om= dat hy 'n bekeerling van die Berlynse Sendinggenoot= skap sou wees. Van Warmelo (1944(a):17) wys daarop dat die deel van die stam wat met die stamhoofskap van Tane @ Johannes ontevrede was na die plaas Leeuwkloof 285 JR (Kôngwê), getrek het. Dié groep het egter later weer by die stam aangesluit.

Tane @ Johannes was blykbaar 'n progressiewe stam= hoof wat baie in die onderwys van stamlede en hulle kinders belanggestel het. Hy het na Wallmansthal getrek waar hulle langs die Manala gewoon het. Die Berlynse Sendinggenootskap het die plaas Wallmans= thal aangekoop en hulle sendingstasie daar opge= rig. As gevolg van die probleme wat tussen die Ke= kana en die Berlynse Sendinggenootskap ontstaan het, het Tane @ Johannes en sy gevolg na die hui= dige woongebied te Leeuwkraal 92 JR, verhuis (Van Warmelo, 1944(a):17). Die stam het teen onge= veer 1870 na dié plaas getrek en Tane @ Johannes het hier te sterwe gekom.

Tane @ Johannes se opvolger, Karel @ Serôtô, het in 1911 met die hulp van stamlede begin om die plaas Leeuwkraal 92 JR aan te koop. Karel (Serôtô) het in Mei 1916 gesterf en hy is deur sy broer, Jambuka @ Abram, opgevolg. Jambuka was regent vir die seun van Karel (Serôtô). Hans Kekana, seun van Karel (Serôtô) het in 1956 opgevolg en hy is met Ester, 'n dogter van die stamhoof van die Baken=

bergstam, getroud (Van Warmelo, 1944(a):18). Hans en Ester het twee dogters gehad. Na die dood van Hans Kekana het Solomon, en na hom, Ester Kekana, opgevolg. Beide was waarnemende stamhoofde vir die broer van Hans Kekana, nl. Agrippa Leapeng (Distrikslêer 8/10/1/1/1(3):11).


Reeds voor die dood van Hans Kekana (genealogiese tabel 15) het daar ernstige meningsverskil binne die stam ontstaan en Jambuka (Abram) het selfs gepoog om die stamhoofskap van linie te laat verander. Hy het ook amptelik beswaar teen die aanstelling van Hans Kekana as stamhoof gemaak. Nadat die saak op 'n stamvergadering uitgepluis is, is met meerderheid van stemme beslis dat Hans wel die regmatige opvolger is (Distrikslêer 8/10/1/1/1(3):11).

Dié probleem is egter nie hiermee opgelos nie aangesien Daniel Duncan Kekana op 'n vergadering wat Jambuka belê het (22 Julie 1963) as stamhoof voorgestel is. Die sogenaamde Ruling Cabinet, 'n faksie van die stamraad met 'n gevolg onder die stamlede, het sy ontstaan blykbaar hier gehad (Distrikslêer 8/10/1/1/1(3):10-9).

Ester, waarnemende stamhoof van die Kekana, het blykbaar begin aanvaar dat sy permanent stamhoof sal wees en dat een van haar dogters na haar sal opvolg. (Beide praktyke is egter ongehoord m.b.t. die tradisionele opvolgingsreg. Ester is egter 'n

Genealogiese tabel 15

Genealogie van die stamhoofde van die Kekana ( Majaneng)( volgens F 54/1247/2 deel 2:1).



skrander en dinamiese persoonlikheid.)


As gevolg van verskeie politieke intriges het die regering van Bophuthatswana besluit om Ester te onttroon en daar is aanbeveel dat Agrippa Leapeng, die broer van wyle Hans Kekana, opvolg. Agrippa het egter nie in die stamhoofskap belanggestel nie en daar is besluit om Nathaniel Kekana, die seun van Hosea, as waarnemende stamhoof in te stel.

Wat die grondtoekenning aan die Kekana van Maja=neng betref, het Karel Kekana in 1906 voor die Lokasiekommissie getuig. Hy het verklaar dat hulle op Leeuwkraal woon maar dat die meeste van sy stam=lede op private plase gevestig is. Die eienaar van die plaas Leeuwkraal was ene Erasmus wat te Irene gewoon het. Volgens Karel Kekana het genl. Joubert beloof dat hy by die regering sal aanbeveel dat grond aan dié stam beskikbaar gestel word. As ge=volg van die oorlog teen Mphephu, waartydens die Kekana van Karel Kekana gehelp het, kon genl. Joubert nie die belofte nakom nie. Na die oorlog teen Mphephu het die Anglo-Boere-oorlog uitge=breek. Dit het die destydse regering weer verhin=der om aandg aan die grondprobleme van die stam te gee. Hy het ook vertel dat sy oupa van "Zebe=diela" weggebreek het en dat hy nie tot die Ndebele van Mapoch behoort nie (Argieflêer 104/2: 1-3).

Tydens die ondersoek van die Beaumontkommissie het

KAART 6

STAMGEBIED VAN DIE KEKANA (MAJANENG) (GK 788/1957)



verteenwoordigers van die Kekanastam verklaar dat hulle nie belangstel om grond in Sekukuniland te bekom en daarheen te verhuis nie. Hulle het weer daarop gewys dat hulle stamlede taamlik verspreid woon (Rapport van de Naturellen Grond Kommissie, deel 2, 1916:297).

Die Amandebelestamowerheid is in 1957 (GK 788/1957) vir die stam ingestel en die gebied van die stam= owerheid sou uit die volgende plase bestaan: Leeuw= kraal 92 JR en Tweefontein 94 JR. In 1960 is die stamowerheid by die Kgatla-Ndebelestreeksowerheid (GK 23/1960) ingeskakel. Die samestelling van dié streeksowerheid is in 1969 gewysig (GK 825/1969). Met die stigting van die Tswanagebiedsowerheid is die stam, via die streeksowerheid, daarby inge= sluit sodat dit vandag konstitusioneel deel van Bophuthatswana vorm (R 87/1971).

Die verdeeldheid en spanninge binne die stam het daartoe gelei dat die stamowerheid aanvanklik nie met volle oorgawe aan die aspirasies van die ander Ndebelestamme deelgeneem het nie. Sedert 1978 het hulle egter baie sterker op die voorgrond getree toe hulle hulle ten gunste van sesessie van Bophuthatswana uitgespreek het. In die proses is die nasionale vlag van Bophuthatswana verbrand en het die stam verklaar dat hulle voortaan onder die gesag van die RSA-regering staan (Die Vader= land, 25 Januarie, 1979:6). Volgens mondelinge in=

ligting van die Hoofetnoloog neem die stam aan al die Ndebelefeeste deel. Hulle skoolkore tree op, maar sing geen woord in Tswana of Sotho nie. (In die afdeling wat oor die nasionale bewegings onder die Ndebele handel, word meer besonderhede hieroor verstrek.)

### 4.1.2.1 Gevolgtrekking

Dit blyk dus dat die Kekana van Majaneng as gevolg van interne stamtwiste van die hoofstam te Zebediela weggebreek het. Diè splitsing het reeds in die vo= rige eeu plaasgevind. Die Kekana bevind hulle dus vir 'n geruime tyd binne 'n dominante Tswana-milieu. Taalkundig is hulle sterk deur hulle Kgatla-bure beïnvloed. Soos verder aangetoon sal word, beskou die Kekana van Majaneng hulleself as Ndebele en het hulle reeds pogings aangewend om van Bophutha= tswana weg te breek en by die Suid-Ndebele aan te sluit.

### 4.1.3 Die Kekana van Makeepsvley

Dié groep, wat aan die Kekana van Zebediela ver= want is, het vir 'n tydperk op die plaas Toitskraal 6 JS, aanliggend aan die gebied van David Mabhogo, gewoon. Op 'n later stadium is hulle te Makeepsvley gevestig. Makeepsvley lê reg oos van Maubaneslo= kasie.

Die groep staan onder die gesag van 'n hoofman wat,

volgens die Kekana van Majaneng, aan hulle onderho=rig is. Volgens Departementele lêer (F 54/1545/7 deel 2:15, 152) is die groep egter aan die Kekena van Zebediela onderhorig. Laasgenoemde is nader aan die waarheid omdat die Kekana van Zebediela die senior stam is.

Die groepie te Makeepsvley is nie 'n selfstandige stam nie en is ook nie as sodanig erken nie. Vol=gens die informante van die Kekana te Majaneng staan Makeepsvley ook as Mabake bekend. Die Hoof=etnoloog wys egter daarop dat die plek ook as Rathôka bekend staan.


4.1.4 Die Mokopane van Vaaltynslokasie

Soos in die inleidende gedeelte oor die onderlinge verwantskap van die Noord-Ndebelestamme aange=toon, koppel Ziervogel (1959:185) en Short History (1905:54, 56-57) die ontstaan van die stam aan die Kekana van Zebediela. Van Warmelo (1935:89) sê dieselfde.

Beide Ziervogel (genealogiese tabel 13) en Short History (genealogiese tabel 5) wys daarop dat die seuns van Tjhumana, naamlik Khoopa (Kxhumba) en Kgaba in 'n twis verkeer het en dat Kgaba met 'n gevolg die stam verlaat en na die omgewing van Potgietersrust vertrek het (Ziervogel, 1950:6, 185 en Short History, 1905:54).

Genealogiese tabel 16

Vergelykende genealogie van die stamhoofde van die Mokopanestam



Genealogiese tabel 17

Opvolging van die Mokopanestamhoofde sedert Sejwamadi
(volgens F 54/1545/8 deel I: 34).


```
A-Setswamadi--A-Mofu ---A-Mokopane-┬A-Vaaltyn
                                   │x
                                   │0-----
                                   │x
                                   │0----┬A-Barend (Bennet)
                                   │     │x
                                   │     │0-------
                                   │     │x
                                   │     │0-------A-Alfred
                                   │     │x
                                   │     │0-------A-Mokopane
                                   │     │x
                                   │     │0-------A-Jacob
                                   │     ├A-Piet Mokopane
                                   │     │x
                                   │     │0-------A-Vaaltyn
                                   │     │x
                                   │     │0------┬A-Kgopiso
                                   │     │       └A-Mokopane
                                   │     ├A-John Kekana
                                   │     ├A-Joseph
                                   │     └A-Solomon
                                   ├A-Klaas Masupya
                                   ├A- Jan Mushi
                                   ├A-George
                                   ├A-Jan Petrus
                                   ├A-Frans
                                   └A-David
```

Sleutel

A = manlik
0 = vroulik
x = trou met

KAART 7

STAMGEBIED VAN DIE MOKOPANE VAN VAALTYNSLOKASIE (GK 1885/1963)



'n Vergelyking van die genealogieë van die stamhoof= de van die Mokopanestam is op genealogiese tabel 16 verstrek. Dié genealogieë, soos deur Ziervogel (1959:6); Breutz & Kekana (F 54/1545/8 deel I:44-45) en <u>Short History</u> (1905:57) verstrek, toon dat daar verskil van mening bestaan oor watter stamhoofde almal regeer en wie vir wie opgevolg het. (Daar bestaan bv. nie eenstemmigheid oor die naam Bambhela nie. Dieselfde geld die naam Mofu. Wat Tjhumana, Gwenana en Mofu betref, is daar nie eenstemmigheid oor wanneer hulle regeer het nie).

Hoe dit ookal sy, Mokopane (volgens Ziervogel is dit Mugombhane II), die vader van Lekgobo Vaaltyn (Sikxhobo), het berugtheid in die geskiedenis ver= kry na aanleiding van die moord in 1854 op 12 Blankes by die plek waar die huidige Moorddrifmonu= ment staan. Pas hierna het hy nog twee Blankes op die plaas Pruizen 48 KS vermoor (Jackson, 1969:68). Volgens Munnik 19:27-29) was dié 12 Blankes op 'n jagekspedisie. Een van dié jaggeselskap wou ont= snap maar is gevang en aan penne wat in die grond ingeslaan is, vasgemaak en lewendig afgeslag.

Ten einde hom teen 'n strafekspedisie van die Blan= kes te beskerm, het Mokopane en sy stam hulle in die bekende Makapansgrotte "... omtrent agt mijle ten suide van die huidige siding Lunsklip" verskans (Munnik, 19-:28). Tydens 'n lang beleg, waarin Piet Potgieter dood is, is die stam bykans uitge= wis. Die res van die stam is op Vaaltynslokasie ge=

vestig waar hulle vandag nog woon (Ziervogel, 1959:8).

Mokopane is deur Vaaltyn (Lekgobo/Sikxhobo) opgevolg. (Vergelyk genealogiese tabel 16). Vaaltyn het op 8 Augustus 1911 te sterwe gekom en hy is deur sy broer, Klaas Masupya Mokopane, opgevolg. Hy het in 1921 selfmoord gepleeg (Argieflêer 12/55). Hierna het sy broer, Jan Mushi, opgevolg. Hy het tot in 1923 regeer toe Barend (Bennet) opgevolg het. Hy is in 1934 oorlede en is deur sy broer Piet Mokopane opgevolg (Argieflêer 12/55). Hierna het 'n broer van Piet Mokopane, naamlik John Kekana, blykbaar vir 'n tydperk regeer. Dit is nie bekend hoe lank hy re= geer het nie. Alfred, die regmatige opvolger, is blykbaar wel as stamhoof aangestel en hy het tot in 1963 regeer toe hy oorlede is (F 54/1545/8 deel I:44, 54, 72).

Sedert die regering van Vaaltyn Mokopane was daar nog altyd ernstige opvolgingsprobleme as gevolg van die feit dat daar nie 'n opvolger uit die stamvroue gebore is nie (F 54/1545/8 deel I:120).

Volgens die Lagdenverslag (1904:34) het die stam van Vaaltyn Mokopane vir die afbakening van 'n woonge= bied gekwalifiseer. Op 29 Mei 1890 is die stamge= bied afgebaken en het dit uit die volgende plase en/of gedeeltes van plase bestaan:

| | |
|---|---|
| Makalakaskop | Rietfontein 2 KS |
| Knapdaar | Turfspruit 241 KR |
| Tweefontein 238 KR | Sandsloot 236 KR |

Ingevolge die bepalings van die Naturellen Grond Wet van 1913 is die stamgebied as ingelyste ge= bied in die Bylae van die Wet opgeneem.

Die Vaaltynstamowerheid is in 1963 (GK 1885/1963) ten opsigte van die stamgebied ingestel en die stamgebied is soos volg omskryf:

| | |
|---|---|
| Vaaltynslokasie 242 JR | Rietfontein 2 KS |
| Tweefontein 238 KR | Lisbon 288 KR (gedeeltes) |

Die Vaaltynstamowerheid is in 1964 by die Ndebele= streeksowerheid ingesluit (GK 1082/1964). Met die skepping van die Lebowagebiedsowerheid (R 1274/1962) is die stamowerheid via die streeks= owerheid daarby ingeskakel.

Aanvanklik het die blyke van belangstelling wat die stam met die nasionale oogmerke van die Suid-Ndebele gegee het, nooit werklik ernstig ge= lyk nie. Daar is egter meer as een vergadering wat oor die nasionale aspirasies van die Ndebele gehandel het, in dié stamgebied gehou. In 1975 het hulle egter te kenne gegee dat hulle soos Johannes Kekana van Zebediela, van Lebowa gaan wegbreek en by die Suid-Ndebele aansluit.

4.1.4.1 Gevolgtrekking

Soos in die gevalle van die ander Ndebelestamme, is die ontstaan van die stam 'n resultaat van etno-fissie wat plaasgevind het. Dié stam bevind hulle in 'n dominante Noord-Sotho milieu. Die gevolg is dat dié stam kultureel en taalkundig deur die Noord-Sotho beïnvloed is. Die stam het egter te kenne gegee dat hulle hulleself as Ndebele beskou en by die Suid-Ndebele wil aansluit.

4.2 Die Letwaba- en Marabastamme

Soos in die geval van die ander Ndebelestamme, word die geskiedenis van die Letwabastamme deur etno-fissie gekenmerk. Genealogiese tabel 13 gee 'n duidelike uiteensetting van die splitsings wat plaasgevind het. Letwaba I word as die stamvader van die Letwaba- en Marabastamme beskou. Dié stam het egter nie lank as 'n politieke eenheid bestaan nie want na die dood van Sikhwebetana het die eerste splitsing plaasgevind. Letwaba II het van die hoofstam weggebreek en die stigter van die Letwaba van Eland (die Ndlhovustamowerheid) geword. Dié stam bevind hulle in die noordooste van Zebe=dielalokasie. Dié stam is reeds vir 'n geruime tyd 'n onafhanklike stam.

Die hoofstam, van wie Letwaba II weggebreek het, het tot en met die dood van Maraba II as 'n politieke eenheid bly bestaan. Na die dood van Maraba II het

die stam egter as gevolg van onderlinge twiste in vier stamme verdeel. Die vier stamme wat as gevolg van dié twiste tot stand gekom het, is die Letwaba: Mashashane; die Letwaba:Nkidikitlana; die Maraba: Sekgopetšana en die Maraba: Mapangula. Die Maraba=stamme waarna hierbo verwys is, is Letwabastamme. Hulle het egter die naam Maraba aangeneem om hulle van die Letwaba van Mashashane, met wie hulle in stryd verkeer het, te onderskei. Hierdie skeuring in die geledere van die Letwaba het met die draai van die eeu plaasgevind en is dus nog vars in die geheue van die stamme.


Volgens die informante van Ziervogel (1959:187) het Milente, as gevolg van die twis met sy broer, Letwaba II, na Mbhutasama (oos van Pietersburg en naby Chuniespoort) getrek. Milente is deur sy seun Matheta opgevolg. Hy is weer op sy beurt deur sy seun, Nrimbha, opgevolg. Nrimbha het 'n aanval op die Mungalistam aan die oewer van die Sandrivier (Mungeti) en ten ooste van Marabastat, geloods. Die stam van Nrimbha het hulle toe hier gaan vestig (Ziervogel, 1959:189).

Nrimbha (genealogiese tabel 18) is deur sy seun Sebasa opgevolg en Sebasa is deur Maraba I opge=volg. Maraba I het in gevegte met die Zoeloes te sterwe gekom (Ziervogel, 1959:189).

Phatlhaphatlha het Sebasa opgevolg. Na Phatlhaphatlha

## Genealogiese tabel 18

Die Letwaba- en Marabastamme (volgens Etnologiese lêer en Ziervogel, 1959:6)




Sleutel
A = manlik
O = vroulik
x = trou met

Mashashane het vir Lenjeni en Mmitha getrou sodat Lesiba William kinders by hulle kon verwek. Só kon 'n opvolger vir Magandangele verkry word. Benewens Lesiba William wat as saadverwekker opgetree het, het Molepa as saadverwekker by Magongwa en Sekgopetšana as saadverwekker by Lebogile (vrou van Magandangele) opgetree.

het Likxhawu as regent vir die opvolger van Phatlhaphatlha, naamlik Maraba II, waargeneem. As gevolg van konflik met die Blankes het die stam van Maraba II na Mphahlele se plek gevlug. Maraba II het in die konflik met die Blankes te sterwe gekom. Hy is deur Magandangele opgevolg (Ziervogel, 1959: 189-193).

### 4.2.1 <u>Die Letwaba van Mashashane</u>

Maraba II (genealogiese tabel 18) het die volgende seuns gehad, naamlik Magandangele, Sekgopetšana, Mapangula en Molepa. Magandangele het Maraba II opgevolg en hy is met die stamvrou Mashashane ge= troud. Sy het geen seuns gehad om na die dood van Magandangele op te volg nie. Die gevolg was dat daar na sy dood ernstige struwelinge ontstaan het wat daartoe gelei het dat die stam verdeel geraak het.

Magandangele se broers, Molepa en Sekgopetšana, het egter by twee van sy ander vroue seuns gehad wat hier ter sake is. Hulle was Nkidikitlana en Molwela Solomon.

Sekgopetšana volg na Magandangele op. Sekgopetšana moes vir sy oorlede broer, Magandangele, kinders by die stamvrou, Mashashane, in die leviraat verwek (Ziervogel, 1959:203; Seshegolêer 3/5/3(1). Daar is egter geen kinders uit die beoogde verbintenis gebore nie en as gevolg van twis wat tussen

Mashashane en Sekgopetšana ontstaan het, het Sekgopetšana die stam met ʼn gevolg verlaat. Hierna het Mashashane gepoog om Mapangula oor te haal om kinders te verwek ten einde die stamhoofskap van Magandangele te erf. Mapangula het egter ook die stamgebied verlaat. Die ander broer van Sekgopetšana en Mapangula, naamlik Molepa, het ook die stam ver=laat. Omdat Mashashane nie wou toelaat dat Nkidikitlana as saadverwekker optree nie, het sy gepoog om die seun van Mapangula, naamlik Lesiba William (ook as Maraba III bekend), oor te haal om as saadverwekker op te tree. Lesiba William het in 1905 diens as stamhoof aanvaar en die posisie tot en met sy dood in 1948 beklee. Met die oog op die verwekking van ʼn opvolger vir Magandangele, het Mashashane haar kleindogter (die kind van Mosenyamahlo en die Matlalakaptein) Lanjeni, as stamvrou getrou. Sy het ʼn dogter gehad maar is kort daarna dood. Hierna het Mashashane Sekgopetša=na se dogter, Mmitha, as stamvrou getrou en sy en Lesiba William het ʼn seun met die naam Sebasa Joël gehad. Hy het as stamhoof opgevolg (Seshego=lêer 3/5/3(3)). Volgens Ziervogel (1959:203) het Mashashane self in 1911 gesterf en het Maraba II (Lesiba William) in 1921 met Mmitha getrou.

Sebasa Joël is met die stamvrou Tlakale (ʼn vrou uit die Masemolastam), getroud. Uit die verbintenis is ʼn seun en opvolger met die naam Magandangele II, gebore. Na die dood van Sebasa Joël in 1970 het sy vrou, Tlakale, as regent waargeneem.

Sy het in Desember 1976 verklaar dat lede van die bakgomana na haar gekom het met die versoek dat sy haar steun aan die poging om van Lebowa weg te breek, moet gee. Vanweë Tlakale se weiering van die versoek, het van hierdie persone haar in die nag opgelaai en per motor na haar vader se stat in Nebo teruggevat. Die regering van Lebowa het amptelik beswaar teen die gebeure aangeteken en verklaar dat die "besluit" wat deur dié persone aan Tlakale voorgehou is, naamlik dat die stam van Lebowa moet wegbreek, on= geldig is omdat daar persone teenwoordig was wat nie lede van die bakgomana is nie en dus geen seg= genskap oor die stamhoof kan uitoefen nie.

Volgens die Lagdenverslag (1904:49) het die Mashashanestam sedert 1884 'n afgebakende woonge= bied gehad. Die stamgebied is op 12 November 1889 afgebaken en het uit die volgende plase bestaan:
Elandsfontein 1564 (725 LS ?)
Elandsfontein 1515 (760 of 766 LR?)
Doornfontein 724 LS
Witkoppen 1373 (nuwe nommer onbekend)
Witkop 2224 (nuwe nommer onbekend).

(Die laasgenoemde vier plase is deur middel van 'n besluit van die Uitvoerende Raad van 31 Augustus 1892 as alternatiewe grond vir die plaas Elandsfontein 725 LS aangebied.)

Die Lagdenverslag rapporteer dat die stam aanvank= lik nie vir die afbakening van woongebied gekwali=

KAART 8

STAMGEBIED VAN DIE MASHASHANESTAM ( G K 7/1969 )



fiseer het nie. 'n Skenking is egter aan die stam gedoen op grond van die aantal stamlede en op grond van die "... obedience of its members to the govern= ment" (Lagdenverslag, 1904:54).

In sy getuienis voor die Oos-Transvaalse Plaaslike Komitee het die stamhoof verklaar dat hy en sy men= se Ndebele is en dat hulle hulle eie woongebied het. Hy het egter aangetoon dat hy en die stam onte= vrede met die verdeling van die woongebied en die weglating van die plaas Doornfontein 721 LS is. Hy het verder aangevoer dat hy en sy mense reeds onge= veer 58 jaar lank op dié plaas gewoon het. Hierbe= newens het baie van sy stamlede toe nog steeds op die plaas gewoon terwyl die ander stamlede nie al= mal in die bestaande woongebied geakkommodeer kon word nie. Hy het verder versoek dat die plase Vaal= kop 656 LS, Doornspruit 655 LS, Uitvlugt 654 LS, Doornfontein 721 LS, asook enkele plase in die Waterbergse distrik, tot die stamgebied toegevoeg word (Notulen van getuigenis ..., 1918:107).

Volgens die bepalings van GK 238 van 1955 is die Mashashanestamgebied weer afgebaken en 'n stamower= heid, bekend as die Ditloustamowerheid, ingestel. In 1969 is die naam van die stamowerheid deur Goewermentskennisgewing 7 van 1969 verander na die Ndebele (Mashashane)-stamowerheid en die stamgebied is soos volg omskryf:

| | |
|---|---|
| Mashashaneslokasie | Venus 652 LS |
| Doornfontein 724 LS | Billingsgate 651 LS |
| Mars 718 LS | Langverwacht 647 LS |
| Glen Roy 713 LS | Burletta 649 LS |
| Diana 716 LS | Anna 648 LS |
| Diana 715 LS | Uitvlucht 654 LS |
| Waterplaas 710 LS | Van Tondershoek 658 LS |
| Waterplaas 711 LS | Nauwte 631 LS |
| Waterplaas 712 LS | Sweethome 659 LS |
| Jupiter 717 LS | Jakkalsfontein 657 LS |

Die Ndebele (Mashashane)-stamowerheid is in 1960 (GK 354/1960) by die Polokwanestreeksowerheid ingesluit en die gebied van die streeksowerheid het vanaf 1962 deel van die Lebowagebiedsowerheid en vanaf 1971 deel van die gebied van die Wetge= wende Vergadering van Lebowa gevorm (R 156/1971). In 1972 is die gebied van Lebowa in terme van distrikte omskryf en die stamowerheid het binne die distrik Seshego geval. In 1973 is nog 'n ver= andering aangebring toe die regering van Lebowa die Seshegostreeksowerheid geskep het en dié stam by hierdie streeksowerheid ingesluit het (Lebowa GK 1/1973).

Die Mashashanestam het by meer as een geleentheid as gasheer vir die aktiwiteite van die Transvaal Ndebele National Organisation opgetree.

4.2.1.1 Gevolgtrekking

Uit die voorgaande blyk dit dat die stam in 1918 verklaar het dat hulle Ndebele is. Dit blyk ver= der dat die stam reeds 'n geruime tyd te Mashasha= neslokasie woonagtig is. Hulle beskou Mashashanes= lokasie en die aanliggende plase as hulle tradi= sionele stamgebied. Hierbenewens bevind dié stam hulle ook reeds baie lank binne 'n dominante Noord-Sotho milieu.

4.2.2 Die Maraba van Sekgopetšana

Volgens Ziervogel (1959:193) het Mashashane vir Sekgopetšana in Port Elizabeth laat haal om as saadverwekker by haar op te tree. Soos aangetoon het Sekgopetšana en Mashashane deur middel van die leviraatsgebruik egter geen kinders gehad nie hoe= wel Sekgopetšana kinders by van die ander vroue van sy oorlede broer, Magandangele, gehad het. Hoewel Mashashane die seuns wat uit hierdie ver= bintenisse gebore is, om die lewe laat bring het, het sy een, naamlik Solomon, laat lewe (genealo= giese tabel 18).

Blykbaar as gevolg van die feit dat Sekgopetšana geen kinders by Mashashane gehad het nie, het 'n rusie tussen die twee ontstaan en sy het Sekgopetšana gebied om die stat te verlaat. As ge= volg van die rusie het Mmata, 'n broer van Maraba II, die stamgebied met 'n gevolg verlaat en na Lunsklip

7 KS vertrek. Hierop het Mashashane gedreig om na Mmata te verhuis waarop Sekgopetšana haar probeer verhinder het. Hierna het oorlog uitgebreek. Volgens Ziervogel se informante het kaptein Dahl die geskil gedeeltelik besleg (Ziervogel, 1959:195). Dit was egter nie lank nie of die twis tussen Mashashane en Sekgopetšana het weer begin broei sodat Sekgopetšana eventueel die stamgebied verlaat en met 18 man na die Langa verhuis het. Sekgopetšana het die vrou van sy broer, Lebogile, saam met hom geneem (Sekgopetšana was die biologiese vader van Molwela Solomon by Lebogile).

Op hierdie stadium het Mmata en Mashashane ook nie meer langs dieselfde vuur gesit nie en Mmata het Sekgopetšana laat haal om hom teen Mashashane te steun. Omdat hyself nie vir Sekgopetšana kon oorhaal om hom te kom help nie, het hy van die hulp van Mukhatjana Eland gebruik gemaak om die oorredingswerk te doen. Hierop het Sekgopetšana na Mmata by Lunsklip 7 KS gekom. Mashashane, wat gehoor het dat Sekgopetšana na Lunsklip 7 KS gegaan het, het Sekgopetšana en Mmata aangeval. Volgens die informante van Ziervogel is Mmata, Sekgopetšana en Mukhatjana Eland gearresteer en in Pretoria in die tronk gestop waar Mukhatjana Eland ook oorlede is. Met sy terugkeer vanaf Pretoria het Sekgopetšana gevind dat sy mense vir hom wag. Volgens Ziervogel se informante het onenigheid tussen Sekgopetšana en die plaaslike Veldkornet daartoe gelei dat Sekgopetšana na bewering deur die Veldkornet aan=

gesê is om nie weer sy gesig by Marabastat te wys nie (Ziervogel, 1959:195).

(Omdat Sekgopetšana weggebreek het, het hy en sy gevolg as die Maraba, n.a.v. sy vader Maraba II, bekendgestaan. Hierdeur het hy hom van die Letwaba van Mashashane afgegrens).

Hierop het Sekgopetšana hom as arbeider op die plaas van ene Mphofori (Fourie ?) gaan vestig. Sekgopetšana se seun, Elias, volbroer van Molwela Solomon, is hier gebore. Vervolgens het Sekgopetšana en sy mense na die plaas Driefontein van ene Van Zyl (Fanzula) verskuif. Na bewering het hulle die plaas aangekoop (Ziervogel, 1959: 195-197). Nadat Sekgopetšana in 1901 hier te sterwe gekom het, het William Letwaba, broer van Sekgopetšana, as stamhoof waargeneem. (Dis nie bekend presies waar William Letwaba in die genealogie inpas nie.) Volgens die Lagdenverslag (1904) het ene Maraba verklaar dat hy die plaas Driefontein 1547 (ou nommer) van ene P.F. Joubert aangekoop het. Dié plaas is indertyd deur die regering vir dié stam in trust gehou. Dié plaas is oënskynlik die plaas Driefontein 9 KS, na aan die plaas Landsberghoek, waarheen die groep later verhuis het (Lagdenverslag, 1904:101 en Ziervogel, 1959:197).

Onder leiding van stamhoof Molwela Solomon (hy het vir William Letwaba opgevolg), het die stam in 1911

na die plaas Landsberghoek 10 KS verhuis. Omdat die plaas baie bergagtig en die ploeggrond min was, het die stam in 1926, op aanbeveling van die plaaslike Kommissaris, na die plaas Kalkspruit 633 LS en 'n gedeelte van die plaas Bergzicht 653 LS verskuif (Ziervogel, 1959:197-199).

In die Rapport van de Naturellen Grond Kommissie (deel 2, 1916:369) het kol. Stanford melding van die plaas Landsberghoek gemaak. Hy het gesê dat die plaas nie lank gelede aan die stam as woonge= bied beskikbaar gestel is nie, maar dat die plaas deur Blanke gebied omring word.

Solomon Molwela Maraba het in sy getuienis voor die kommissie verklaar dat sy mense grond wat na= der aan Mashashaneslokasie geleë is, begeer (Rapport van de Naturellen Grond Kommissie, deel 2, 1916:376, 373, 370).

Volgens Ziervogel (1959:201) het Molwela Solomon te Landsberghoek te sterwe gekom en het sy broer Elias tot in 1949 as regent vir Nrimbha John Maraba waargeneem. Nrimbha John Maraba het in 1961 te sterwe gekom en sy stamvrou, Jane Lepotlako, het as regentes vir Sebasa Abram Maraba waargeneem. Sebasa Abram Maraba het in 1972 opgevolg maar is in 1977 oorlede. Hierna het sy vrou, Maphuti Carnation Langa (nooiensvan), as regentes waar= geneem (Seshegolêer 7/2(I); 3/5/(I).

KAART 9

STAMGEBIED VAN DIE MARABASTAM (G.K. 1304/1959)



Die stamgebied van dié stam is onder andere in 1936 (GK 1818/1936) en weer in 1942 en 1956 afgebaken. In 1956 is die Molwelastamowerheid ingestel en die stamgebied is soos volg omskryf (GK 1926/1956; 1384/1959):

| | |
|---|---|
| Kalkspruit 633 LS | Bergzicht 653 LS (gedeelte) |
| Bergzicht 653 LS (gedeelte) | Utrecht 642 LS |
| Uitzicht 635 LS | Uithoek 641 LS |
| Waschbank 637 LS | Eensgevonden 645 LS |
| Christina 644 LS | Abramsfontein 603 LS |
| Vlaklaagte 636 LS | Zomersfontein 640 LS |
| Bultfontein 640 LS | Cornelia 597 LS (trustdeel) |
| Strydfontein 643 LS | Zandfontein 639 LS |
| Koppie Enkel 638 LS | Commissiedrift 646 LS |

Die Molwelastamowerheid is by die Polokwanestreeks=owerheid (GK 354/1960) ingeskakel en het dusdoende deel van die Lebowagebiedsowerheid en later deel van die gebied van die Wetgewende Vergadering van Lebowa gevorm. Die stam bevind hulle tans in die Seshegodistrik wat in 1973 deur die regering van Lebowa geskep is (Lebowa GK 1/1973).

Sover skrywer kon vasstel, het die Marabastam nie skriftelik en d.m.v. 'n stambesluit te kenne gegee dat hulle van Lebowa gaan wegbreek nie.

4.2.3 <u>Die Letwaba van Nkidikitlana</u>


Soos in genealogiese tabel 18 aangetoon, was Nkidikitlana 'n sosiologiese seun van Magandangele. Sy biologiese vader was Molepa, 'n junior halfbroer van Magandangele.

Nadat Mashashane vir Sekgopetšana as saadverwekker weggejaag het, moes Molepa as saadverwekker by haar optree, maar hulle het ook geen opvolger nagelaat nie. Molepa het egter 'n seun, Nkidikitlana, by een van die ander vroue van Magandangele gehad. Omdat Mashashane egter wou hê dat Lesiba William (Maraba III) nou as saadverwekker moes optree, het 'n deel van die stam van Mashashane geprotesteer. Hulle het gesê dat Nkidikitlana as saadverwekker en as stamhoof moes optree. As gevolg van hierdie onenigheid het daar weer oorlog uitgebreek en die Nomaremagroep van die stam het volgehou dat Nkidikitlana vir Lanjeni (kleindogter van Mashashane) moes trou om 'n opvolger te baar. Nadat Mashashane die Nomaremagroep in 1904 aangeval het, het hulle verklaar dat hulle nie meer onder die gesag van Mashashane nie maar onder die gesag van Nkidikitlana staan. Nadat Mashashane by die Kommissaris gekla het dat hulle nie skalting wil betaal nie is hulle verplig om te trek (Ziervogel, 1959: 203).

Die groep het hulle onder leiding van Nkidikitlana op die plaas Lunsklip 7 KS in die latere Percy Fyfe-

KAART 10

STAMGEBIED VAN DIE NKIDIKITLANASTAM (GK 1557 1962)



natuurreservaat gaan vestig (Ziervogel, 1959:203).

Hierna het die stam hulle te Doornfontein 721 LS en nog later op die plase Weltevreden 667 LR, Sterkwater 668 LR en Slaapkraal 661 LR gaan ves= tig (Seshegolêer 3/5/3(I). Dit wil verder voorkom of die stam, voordat hulle na bg. plase verhuis het, 'n tyd lank te Zuid-Brabant 719 LS gewoon het. Hulle het in 1938 na hulle huidige woongebied te Weltevreden en omliggende plase verhuis (F 54/1545/1 deel I:53-69). Hoewel Nkidikitlana en sy gevolg weggebreek het, het hulle die stamnaam Letwaba behou.

In 1961 het Nkidikitlana versoek dat hy as 'n on= afhanklike stamhoof erken word. In 1962 is die Nkidikitlanastamowerheid (GK 1557/1962) ingestel en is die stamgebied afgebaken. Die huidige stam= hoof is kaptein Piet Malesela Letwaba (F 54/1545/1 deel I:61).

Ingevolge die bepalings van GK 1809/1963 is die Nkidikitlanastamowerheid by die Ndebelestreeks= owerheid (GK 5/1959, 1282/1961) ingeskakel. Met die skepping van die Noord-Sothogebiedsowerheid in 1962 is die stam hierby ingeskakel en het dusdoende deel van die gebied van die latere Lebowa Wetge= wende Vergadering geword. Die stam bevind hulle binne die Mokerongdistrik van Lebowa.

Die stam staan op die periferie so ver dit die na=

sionale aspirasies van ander Ndebelestamme aangaan. Die stamhoof het enkele vergaderings waarop 'n Ndebeletuisland en -regering bespreek is, self byge= woon of hy is op sulke vergaderings verteenwoordig. Dié stamhoof was teenwoordig toe die Ndebele in die Ndebelestreeksowerheid in 1968 besluit het om van Lebowa weg te breek. In 1976 het die stamhoof versoek dat 'n tuisland vir die Noord-Ndebele geskep word (F 53/4 deel 4:69).

4.2.4 Die Maraba van Mapangula (Tloustam)

Mapangula (genealogiese tabel 18) was 'n halfbroer van Magandangele. As gevolg van hewige twiste in die stam, het hy die stamgebied met 'n gevolg ver= laat en hom suid van Pietersburg op die plaas Kalkfontein 1001 KS gaan vestig (Seshegolêer 3/5/3(I). Soos Sekgopetšana het Mapangula die ou stamnaam Letwaba met dié van Maraba vervang. Die groep het teen ongeveer 1921 vanaf Kalkfontein 1001 KS na 'n plek aan die Sandrivier tussen Pie= tersburg en Eerstegoud verhuis, maar in 1922 na die plaas Uitvlugt 654 LS getrek. Ziervogel (1959:203) maak van die feit melding dat Mapangula op die plaas Kalkfontein 1001 KS gewoon het ten tye van die twiste in die stam van Mashashane.


Eerstegoud is baie na aan die ou Marabastat, op die plaas Sandrivier 742 LS, geleë. In getuienis voor die Oos-Transvaalse Naturelle Grondkomitee

in 1918 het ene Jonathan Maraba verklaar dat hy hom toe op die plaas Weltevreden, wat deel van die la= tere dorpsmeent van Pietersburg sou vorm, bevind het. Van sy stamlede het hulle op die plaas Sand= rivier bevind. Hy het aangevoer dat sy mense deur kaptein Dahl vanaf Kalkfontein IOOI LS na Welte= vreden verskuif is. Volgens hom het hy in 1918 reeds 13 jaar op Weltevreden gewoon. Dit beteken dat hy teen ongeveer 1905 vanaf Kalkfontein IOOI LS moes vertrek het. Die plaas Weltevreden waarna hy verwys het, is oënskynlik die plaas Weltevreden 746 LS, suidoos van Pietersburg (Notulen van getui= genis ..., 1918:107).

Die stam van Mporeane Maraba staan ook as die Tloustam bekend. Op 12 April 1933 het dié stam en die Mashashanestam besluit om te amalgameer. Die besluit het op 1 Julie 1933 van krag geword. Die twee stamme het gesamentlike verantwoordelik= heid vir die verband t.o.v. die plaas Uitvlug 654 LS aanvaar. (Soos aangetoon het die Tloustam in 1922 op die plaas Uitvlugt 654 LS gaan woon.) Die amalgamasie van die twee stamme het egter slegs tot 1941 geduur. Op 5 Junie 1941 het die twee stamme besluit om weer as twee aparte stamme voort te bestaan. Die plaas Uitvlugt 654 LS is proporsioneel tussen die Tloustam, die Mashashane= stam en die destydse SABT verdeel (Etnologiese lêer 166/213). Die plaas Uitvlugt 654 LS is in die Mashashanestamgebied geleë. Wetlik is die

**KAART 11**

**STAMGEBIED VAN DIE MARABA VAN MAPANGULA**



Tloustam 'n afsonderlike stam ofskoon hulle nie as sodanig geadministreer word nie (Seshegolêer 3/5/3(1).

In 1943 het die stam egter 'n gedeelte van die plaas Uitvlugt 654 LS, tans binne die Mashashanestamge= bied, aangekoop en die grond is in naam van die Minister geregistreer. Die stam staan ook as die Tloustam van stamhoof Mporeane Maraba bekend (Seshegolêer, 3/5/3(I). Wetlik is hulle 'n afson= derlike stam.

Skrywer kon geen getuienis vind dat die groep by die nasionale strewes van die ander Ndebelestamme betrok= ke was nie.

4.2.5 <u>Die Letwaba van Eland Letwaba</u> (Ndlhovustam)

Soos aangetoon het die skeuring tussen Milente en Letwaba II reeds vroeg in die geskiedenis van die twee stammegroepe plaasgevind. Terwyl Letwaba II te MaXashula (Goedehoop 31 KS) woonagtig was, het Milente weggebreek en die stigter van die Mashashane- en Marabastamme geword (Ziervogel, 1959:187).

Oor die vroeëre stamhoofde van die stam is daar baie min bekend. Ziervogel (1959:195) se infor= mante verhaal dat Mmata, ten einde die hulp van Sekgopetšana teen Mashashane te verkry, Mukhatjana @ Eland Letwaba versoek het om Sekgopetšana oor te

haal om hom te help. As gevolg van die oorlog wat uitgebreek het, is Mmata, Sekgopetšana en Mukha= tjana in Pretoria in die tronk gestop. Mukhatjana het hier te sterwe gekom (Ziervogel, 1959:195).

Die opvolging na Mukhatjana het veroorsaak dat dié stam gesplits het. Mukhatjana is deur 'n seun uit 'n junior huis (genealogiese tabel 19), naamlik Mmopudu @ Jack opgevolg omdat sy seuns by sy senior vrou(e) of baie jonk of reeds dood was (Etnologie= se afdeling: Pietersburg). Op 'n later stadium het 'n hele aantal seuns van wyle Mukhatjana egter die stamhoofskap van Jack betwis. Dit het 'n splitsing in die stam veroorsaak en verskeie van die seuns van Mukhatjana het oor dié deel van die stam re= geer. (Meer besonderhede oor dié stamdeel word 'n bietjie later verstrek.)

In 1918 het Jack voor die Oos-Transvaalse Naturellen Grond Komitee verklaar dat hy en sy mense op die plaas Rietfontein woonagtig is en dat hulle dié plaas baie graag as stameiendom wil bekom. Op daar= die stadium het die stam reeds baie lank op Riet= fontein gewoon. (Dit is egter nie seker na watter Rietfontein Jack verwys het nie.)

Na die dood van Mmopudu @ Jack Letwaba in 1939, het Felix Eland (genealogiese tabel 19) opgevolg en die stam met groot sukses tot in 1969 regeer. Sedert die dood van Felix in 1969 het opvolgingstwiste

## Genealogiese tabel 19

### Verkorte stamhoofgenealogie van die Letwaba van Eland
( Volgens Etnologiese Afdeling , Pietersburg)


```
A- Mukhatjana/Mokhatshane
x
0-Nkomotane -------- (slegs dogters)
x
0-Raesebe------------A-Lesiba
                     ├A-Madimetsa
                     └A-Mongadi
                      x
                      0-Eva -------A-Mahweditsane ⊕
                                       Felix Eland
                                   x
                                   0-Jacobina --------A-Abram
                      x
                      0-Kolotse---┬A-Jim
                                  ├A-Frans
                                  ├A-Joseph
                                  └A-Andries
x
0-Ngwana Letwaba ---A-Dick ( verlaat die stam nadat hy deur Eva as gemaal ver-
                            werp is )
x
0-Mahwibidu           A-Mmopudu ⊕ Jack
                      x
                      0- Johanna
```

Na die dood van Mukhatjana is hy deur Mmopudu Jack opgevolg omdat sy eie seuns by Nkomotana baie jonk was of omdat van die ander seuns reeds dood was. Mmopudu Jack is deur Felix Eland opgevolg wat die stam vir 'n tydperk van 30 jaar vanaf 1939-1969 regeer het ( Argiefleêr 165/55).

Sleutel
A = manlik
0 = vroulik
x = trou met
⊕ = ook bekend as

KAART 12

STAMGEBIED VAN DIE LETWABA VAN ELAND (GK 829/1962)



daartoe gelei dat daar nog nie 'n stamhoof aangewys is nie.

Volgens Ziervogel (1959:6) het die stam van Jack Eland op die plase Gladdespruit 83 KS, Randjies 111 KS, Schuinsrand 110 KS en Droogte 118 KS gewoon. Die plaas Gladdespruit verwys eint=lik na die plaas Gladdepunt 83 KS.

In 1956 (GK 1934/1956) is die Ndlhovustamowerheid ten opsigte van die Letwabastam van Eland Letwaba ingestel en die stamgebied is in 1962 (GK 829/1962) weer soos volg omskryf:

| | |
|---|---|
| Schuinsrand 110 KS | Droogte 118 KS |
| Gladdepunt 83 KS | Uitvlugt 117 KS |
| Doornhoek 82 KS | Rooibokvlakte 120 KS |
| Randjies 111 KS | Kafferskraal 167 KS |
| Rooiboklaagte 112 KS | |

Die Ndlhovustamowerheid is in 1960 by die Polokwane=streeksowerheid ingeskakel (GK 354/1960). Soos aangetoon vorm die Polokwanestreeksowerheid kon=stitusioneel deel van die selfregerende gebied van Lebowa (R 1274/1962, R 156/1971). In 1972 (R 224/1972) is die gebied van die Wetgewende Ver=gadering van Lebowa deur middel van distrikte om=skryf. Hierdie stamowerheid val binne die Thabamoo=po-distrik. Met die skepping van die Thabamoopo-streeksowerheid (Lebowa GK 1/1972) is die Ndlhovustamowerheid by dié streeksowerheid ingeska=kel.

Dié stam het aanvanklik op die periferie ten opsig= te van die nasionale strewes van die ander Ndebe= lestamme beweeg. Hulle het egter in 1979 kennis gegee dat hulle aansluiting by die Suid-Ndebele soek.

Daar is reeds na die deel van die stam wat van die hoofstam weggebreek het, verwys. Ziervogel (1959:8) wys daarop dat verskeie van die seuns van Mukhatjana oor die deel van die stam regeer het. Volgens hom het die volgende seuns, in dié volgorde, oor die stamdeel regeer: Sidudu, Sibaridi, Maboya @ Lukas, Digi (Dick) en Petrus. Dick het hom eventueel met 'n gevolg by die Maraba gaan vestig. (Slegs die naam van Dick kom in genealogiese tabel 19 voor.) Al wat verder bekend is, is dat die stam na die dood van Petrus verstrooid geraak het (Ziervogel, 1959:8).

Tydens die ondersoek van die Beaumontkommissie, het kolonel Stanford verklaar dat die "Elandstam" van= af die aangrensende distrik op die plaas Makapans= gat 39 KS ingetrek het. Volgens Stanford se getuie= nis het die stamdeel hulle in ongeveer 1886 of 1887 op dié plaas gevestig (Rapport van de Naturellen Grond Kommissie, deel 2, 1916:369). Volgens hom was Makapansgat privaatgrond. In 1906 het die stamdeel op 'n amptelik afgebakende woongebied aangedring, maar daar is blykbaar nie gehoor aan die versoek gegee nie. Toe die plaas pas hierna

van eienaar verwissel het, het die stamdeel op die plaas bly woon teen betaling van huurgeld. Hierna is die plaas weer verkoop en baie stamlede was genoodsaak om werk in Heidelberg en omgewing te gaan soek (Rapport van de Naturellen Grond Kommissie, deel 2, 1916:369).

Die "stamhoof" van die stam, ene Lucas Eland Letwaba (bes moontlik dieselfde persoon as Maboya @ Lukas - Ziervogel, 1959:8) het voor die kommissie getuig en verklaar dat hulle by herhaling vir woongebied aansoek gedoen het en dat hulle vroeër op die plaas Driefontein gewoon het. Hy het ook gemeld dat sy stamdeel aanvanklik deel van die stam van Mukhatjana Eland was, maar dat daar 'n splitsing plaasgevind het. (Die plaas Driefontein waarna hy verwys het, is blykbaar die plaas Driefontein 9 KS, reg oos van Makapansgat 39 KS. (Rapport van de Naturellen Grond Kommissie, deel 2, 1916:376)).

In 1918, tydens die ondersoek van die Oos-Transvaalse Naturellen Grond Komitee, het ene Lesibana Letwaba, verklaar dat hy en sy mense nog te Makapansgat 39 KS woon. Hulle het egter versoek dat 'n woongebied tussen Mashashane, Malitzi (Moletši) en Matlala vir hulle afgebaken moes word (Notulen van getuigenis ..., 1918:215).

Volgens 'n ander bron (Argiefleër 150/55: 12-13, 16, 19, 22, 24, 26, 10) is Lucas Eland blykbaar in 1915 oorlede en hy is deur sy seun, Lesibana Letwa=

ba, opgevolg. (Dié bron verhaal niks van die re=gerings van Dick en Petrus nie.) Volgens die bron het Lesibana Letwaba blykbaar in 1924 gesterf en hy is deur Piet Letwaba opgevolg. Na 'n regeer=tydperk van twee jaar is hy oorlede en deur die stamvrou van oorlede Lucas Eland, as stamhoof op=gevolg. Dit is nie bekend hoe die opvolging hierna verloop het nie. Dit is ook nie belangrik nie aan=gesien die stamdeel blykbaar verdwyn het. 'n Aan=tal stamlede bevind hulle blykbaar in die stam=gebied van die Mokopane van Vaaltynslokasie.

### 4.2.6 Die Letwaba= en Marabastamme: Samevattende gevolgtrekking

Uit die voorgaande blyk dit dat die Letwabastamme deel van die Noord-Ndebele stammekompleks vorm; dat hulle reeds 'n geruime tyd binne 'n dominante Noord-Sotho milieu woonagtig is en dat die Letwa=bastamme as gevolg van twiste in die Letwabastam van Letwaba I tot stand gekom het. Dit blyk ver=der dat, met die uitsondering van die Letwaba van Eland, hierdie splitsings nie te lank gelede nie plaasgevind het. Die stamme beskou die grondgebiede wat hulle tans bewoon en die gebied rondom Pietersburg as hulle tradisionele "heimat".

Nieteenstaande die kulturele beïnvloeding wat hul=le van die Noord-Sotho ondergaan het, beskou die stamme hulleself nog as Ndebele.

Nie al die Letwaba- en Marabastamme het hulle op dieselfde wyse met die nasionale strewes van die Suid-Ndebele geïdentifiseer nie. Die Mashashane= stam, die Letwaba van Nkiditkitlana en die Letwa= ba van Eland (soos aangetoon sal word) het hulle wel met die ideale geassosieer. Nie een van die stamme was egter bereid om na 'n moontlike gemeen= skaplike Ndebeletuisland te verhuis nie.

## 4.3 Die Langastamme

Van Warmelo (1930:12) sê dat die Langastamme of die "mense van Mapela" nie aan die Ndebele van Musi verwant is nie, maar dat hulle klaarblyklik wel van Natal afkomstig is. (In die inleidende gedeeltes van die hoofstuk is daar op die moont= like verbintenis van die Langa met die Hlubi ge= wys.)

Alles in ag genome, kom dit voor of die Langa in 'n afsonderlike migrasie na Transvaal gekom het en dat hulle nie 'n duidelike en bewysbare gemeen= skaplike pre-migrasiegeskiedenis met die ander Ndebelestamme het nie. Hulle maak egter op Ndebe= leherkoms aanspraak en hulle taal is deel van die tekela-Nguni.

Die Langa het blykbaar in verskeie fases via Zwa= ziland na die huidige Leydsdorp getrek. Hiervan= daan het hulle na die noordelike oewer van die

Olifantsrivier en vandaar na die huidige Boyne in die Pietersburgdistrik getrek. Boyne is geleë te Bosega in die gebied van die Molepostam (Jackson, 1969:55, Argieflêer 392/335). Op 'n la= ter stadium het die stam hiervandaan na Thaba Tshweu, suidoos van Pietersburg, verhuis, waar hulle vir 'n relatief lang tydperk gewoon het. Masebe I, Mapuso, Podile en Masebe II het hier regeer (Jackson, 1969:56).


Jackson (1969:56) is van mening dat die Langa hier Sotho-invloede ten opsigte van die inisiasie ondergaan het.

Seritarita (vgl. genealogiese tabel 20) het met die stam na die plaas Bultongfontein 239 KR ge= trek (Argieflêer 392/335). Hiervandaan het die stam weer verhuis en wel na die plaas Zuid-Hol= land 773 LR, 'n bietjie verder wes. Seritarita is deur Mapela opgevolg (Jackson, 1969:57-58).

Tydens die invalle van Mzilikazi het Mosoge en sy linie van die stam weggebreek en hulle suid van die heuwel Thutlwane as 'n onderhorige van Mapela gaan vestig. Mamaala (Makgenene) het ook vertrek en hom met 'n gevolg op die plaas Planknek 43 KS gaan vestig. 'n Deel van dié groep het tydens die regering van Mankopane na die stam terugge= keer (Jackson, 1969:58-60).

## Genealogiese tabel 20

Genealogie van die Langastamhoofde ( volgens Jackson, 1969:53 e.v.; F 54/1545/2 deel)):6-70; Argieflêer 25/55:90).



Jackson (1969:60) wys daarop dat splintergroepe van die Sothostamme tydens die regering van Mapela by die stam ingelyf is. Mapela het ook verskeie aanvalle op die Phalane Nareng van Mabuela en die Pedi van Matlou (wat aan die Mogalakwena gewoon het), uitgevoer. As gevolg van interne verdeeld=heid onder die Phalane, het Mapela daarin geslaag om die stam te verslaan en 'n deel van die stam by die Langa te inkorporeer. Dieselfde lot het 'n deel van die Pedi van Matlou getref. Die deel van die Phalane wat gevlug het, bevind hulle in Ramokokslokasie naby Pilanesberg. Mapela het ook aanvalle op die Badidi van Shongoane geloods en 'n klein deel van die Badidi is by die Langa ingelyf. Benewens die Kwena van Ramorulane en die Hurutshe van Molokomme te Senta Hill en Swartkop respektiewelik, wat deur Mapela verslaan en gedeeltelik by die Langa ingelyf is, het die Koni van Masenya en Puka, die Tlokwa van Pila en die mense van Tshokwe, vrywillig by die Langa aangesluit (Jackson, 1969:61).

Aan die einde van die regeringstydperk van Mapela het Mzilikazi die gebied ingeval. Volgens Jackson het die Langa nie veel besonderhede oor die inval van Mzilikazi verstrek nie. Hulle het wel die in=druk probeer skep dat hulle nie tê swaar onder sy hand gely het nie. Volgens Jackson verhaal an=der bronne egter dat die Langa aansienlike ver=liese teen Mzilikazi gely het. Mapela het sy hoofstat na Fothaneheuwel verskuif. Mapela is

in 1825 hier oorlede (Jackson, 1969:62).

Mapela is deur Selaki opgevolg. Hy het egter nie baie lank regeer nie en hy is deur sy broer, Maleya, opgevolg. Maleya is egter deur Mankopane I verjaag waarna Maleya hom op die plaas Ruigte=vley 710 JR gaan vestig het. Mankopane I het in sy plek opgevolg (Jackson, 1969:63, Argieflêer 392/335).

Nadat die Boere Mzilikazi verdryf het, het Mankopane I na bewering 'n ekspedisie op die spoor van Mzilikazi gesit ten einde hom "nog vin=niger" uit Transvaal te help (Jackson, 1969:64).

Aan die begin van die sestigerdekade van die vo=rige eeu het daar 'n belangrike gebeurtenis plaasgevind. In 1854 het Mankopane I en Mokopane van Vaaltynslokasie blykbaar saamgespan om die indringing van Blankes in dié deel van Transvaal te stuit. Soos vroeër aangetoon, het Mokopane 14 Blankes om die lewe gebring. Mankopane I het ook 14 Blankes by Fothaneheuwel om die lewe ge=bring. Volgens Jackson (1969:67-68) het die groep Blankes wat deur Mankopane I vermoor is, on=der andere uit Groot Hermaans Potgieter, sy twee seuns, sy drie skoonseuns en hulle vroue en kin=ders bestaan (Jackson, 1969:67-68).

Nadat die Boere Mokopane te Makapansgat verslaan

het, is 'n strafekspedisie teen die Langa uitge= stuur. Die Langa het ondertussen van Fothaneheuwel na Ruigtevley 710 JR gevlug. Die ekspedisie het slegs daarin geslaag om vee van Mankopane I af te neem. In 1858 is 'n tweede ekspedisie teen die Langa uitgestuur wat die Langa 'n militêre neer= laag toegedien het. Na die veldslag het Mankopa= ne I na die plaas Kromkloof te Thutlwane verskuif (Jackson, 1969:74-75, Argieflêer 392/335).

As gevolg van Mankopane se aanvalle op die Blankes en op Potgietersrust, is daar in 1868 weer 'n ekspedisie teen Mankopane I uitgestuur. Die ekspe= disie het egter nie daarin geslaag om Mankopane tot finale oorgawe te dwing nie (Jackson, 1969: 81-84). In 1870 het Mankopane I 'n aanval op die Matlala gedoen. Die oorlog teen Matlala het tot met die dood van Mankopane I geduur. Mankopane I het nooit die gesag van die ZAR ten volle aan= vaar nie (Jackson, 1969:85-91).

Na Mankopane I se dood het sy seun, Masebe, opge= volg. Die ouer broer, Tokodi (Malose) het hom dit laat welgeval.

Na die dood van Mankopane I het die verhouding tussen die Langa en die Mokopane begin versleg. Masebe se halfbroer, Makhwibidu, en dié se ma het na Mokopane gevlug omdat Masebe die lewe vir hulle onaangenaam gemaak het. Ondertussen het Masebe ook sy ouer broer, Tokodi, vermoor. Tokodi

se vrou en ma het ook na Mokopane gevlug. Masebe se jonger broer het dieselfde gedoen omdat hy ook vir sy lewe gevrees het (Jackson, 1969:92). Die voortgesette mishandeling wat Masebe se hoofvrou en haar seun, Hans, ontvang het, het hulle even= tueel ook genoop om na Mokopane te vlug. Masebe se pogings om sy vrou en seun by Mokopane te gaan haal, het in 1883 nie geslaag nie (Jackson, 1969:99).

Al hierdie gebeure, wat aan die optrede van Mase= be toegeskryf moet word, het daartoe gelei dat meer as een veldslag tussen Masebe en Mokopane plaasgevind het. In 1884 is die groot slag gele= wer en Masebe moes die aftog blaas. Die wedersyd= se strooptogte wat na 1884 nog plaasgevind het, is in 1886 deur president Kruger tot 'n einde gebring (Jackson, 1969:100-101).

In 1890 het Masebe homself om die lewe gebring (Jackson, 1969:103-104).

Na sy dood het die magstryd tussen sy twee seuns, Hans en Bakenberg (afgelei van die Duitse Backe= berg) in alle erns begin. Die stamgebied is eventueel verdeel en elkeen het stamhoof oor 'n deel van die stam van hulle vader geword. Hans is in 1891 as stamhoof van die suidelike deel van die stamgebied (waarbinne Fothaneheuwel geleë is) ingestel. Fothane was die ou hoofstat van Mapela met die gevolg dat die suidelike deel van

die stam as die Mapelagroep bekendstaan. Bakenberg Masebe het stamhoof van die noordelike deel geword.

Op 2 September 1898 is 'n ooreenkoms tussen die twee broers gesluit waarin beide verklaar het dat hulle teenwoordig was toe die stamgebied afgebaken en die grense deur die Lokasiekommissie vasgestel is. Namens hulle volgelinge het hulle onderneem om dié grense te eerbiedig (Argieflêer 391/335).

As gevolg van die uitbreek van die Tweede Vryheids=oorlog, het Hans en Bakenberg Masebe die geleent=heid benut om hulle ou rusies voort te sit. Strooptogte is in mekaar se gebiede uitgevoer en nieteenstaande die opdrag van die Magistraat te Nylstroom dat dit gestaak moet word, het hulle daarmee voortgegaan (Jackson, 1969:114). Teen 1900 kon die regering in Pretoria nog nie daar=in slaag om die gevegte tussen Hans en Bakenberg Masebe stop te sit nie (Jackson, 1969:116).

Tydens hierdie chaotiese omstandighede het stam=lede van Hans twee Blankes wat vir die Britse magte weggekruip het, om die lewe gebring. Die moorde het te Charles Hope 260 KR, suidwes van Mapela, plaasgevind (Jackson, 1969:116). Hans is in 1904 op aanklag van moord gearresteer maar hy is blykbaar na 'n sanatorium verwys waar hy in 1905 te sterwe gekom het (Jackson, 1969:121 en Argieflêer 392/335).

4.3.1 <u>Die Mapelastam van Hans Masebe</u>

Na Hans Masebe se dood is hy deur sy broer, Marcus Masebe, as regent vir die seun van Hans, naamlik Alfred, opgevolg. Dit blyk dat die re=gering van Marcus konstruktief was en tot in 1918 geduur het. Gedurende sy regering het die stam die plaas Zwartfontein 818 LR aangekoop. In 1914 het 'n aantal Herero vanaf Suidwes-Afrika in die stamgebied aangekom, maar het na enkele maande se verblyf daar na die Seleka getrek. Dit is nie seker of Marcus die stamhoofskap vrywillig aan Alfred afgegee en of Alfred dit met geweld afge=neem het nie (Jackson, 1969:125).

Hoewel die regering van Alfred Sedibu met baie interne probleme te kampe gehad het, het die stam die plase Bavaria 678 LR, Blinkwater 680 LR, Scirappes 681 LR en Abbotspoort 201 LR aangekoop. Die Lerumo-mense wat tans nog op die plaas Abbots=poort woon, het blykbaar 'n deel tot die koopsom bygedra en die reg verkry om hulle daar te vestig (Jackson, 1969:126-127).

Alfred Sedibu is in 1937 oorlede sonder dat hy 'n opvolger nagelaat het. Hy is deur sy broer, Nkgalabi Johannes, opgevolg. Johannes het egter ook nie daarin geslaag om 'n stamvrou te trou en 'n opvolger te verwek nie. Die gevolg was dat daar na sy dood ernstige opvolgingsprobleme in die stam bestaan het. Tydens sy regering is die

plase Blinkwater 820 LR, Leyden 804 LR, Overyssel 815 LR en Vaalkop 819 LR, wat deur die Trust aange= koop is, aan die stam oorgedra in ruil vir die plase Bavaria 678 LR, Blinkwater 680 LR en Scirappes 681 LR. Die stam het egter nog twee pla= se aangekoop, naamlik Neckar 183 LR en Martinique 171 LR (Jackson, 1969:127).

Na die dood van Nkgalabi Johannes in 1957 moes daar na die kinders van die vroue van Hans Masebe teruggegaan word om 'n opvolger te vind. Die vyfde vrou van Hans het twee seuns gehad, naamlik Godwin en Hendrik. Godwin het opgevolg, maar is na enkele maande oorlede. In 1958 is hy deur sy broer, Hendrik, opgevolg. Hy het 'n stamvrou ge= trou (Jackson, 1969:129).


As gevolg van teenstand teen Hendrik is hy in 1977 van sy amp onthef en is hy deur John Langa opge= volg (<u>Die Transvaler</u> 1979-09-15). Ondertussen is John Langa weer deur Hendrik Langa as stamhoof vervang.

Wat die stamgebied van Mapela betref, dit is in 1890 afgebaken en het op daardie stadium uit die volgende plase bestaan (Lagdenverslag, 1904:37):

| | |
|---|---|
| Mozambique 807 LR (gedeelte) | Molendraai 811 LR |
| Knapdaar 234 (gedeelte) | Moordkop 813 LR |
| Gezond 235 KR | Inhambane 802 LR (ge= deelte) |

**KAART 13**

**STAMGEBIED VAN DIE KAPELASTAM ([illegible])**



KAART 14 STAMGEBIED VAN DIE MAPELASTAM IN DIE PALALABLOK (GK 2612/1954)



| | |
|---|---|
| Sandsloot 236 KR (gedeelte) | Groningen 779 LR (gedeelte) |
| Commandodrift 228 KR | Drenthe 778 LR |
| Zwartfontein 818 LR | |

Met uitsondering van die plaas Drenthe 778 LR is die stamgebied so in die Naturellen Grond Wet van 1913 as Ingelyste gebied opgeneem.

Volgens die bepalings van GK 2612 van 24 Desember 1954 is die Mapelastamgebied soos volg heromskryf:

| | |
|---|---|
| Mapelalokasie | Leyden 804 LR |
| Drenthe 778 LR | Vaalkop 819 LR |
| Zwartfontein 818 LR | Overyssel 815 LR |
| Blinkwater 820 LR | Neckar 183 LR |
| Abbotspoort 201 LR | Martinique 171 LR |

Dieselfde goewermentskennisgewing het vir die skepping van die Mapelastamowerheid voorsiening gemaak. Dié stamowerheid is in 1961 (GK 1282/1961) by die Ndebelestreeksowerheid ingesluit. Met die skepping van die Lebowagebiedsowerheid het die streeksowerheid deel daarvan gevorm. Eventueel is die stam ook in die konstitusionele raamwerk van die Wetgewende Vergadering van Lebowa (R 156/1971) ingesluit. Met die omskrywing van die gebied van die Wetgewende Vergadering van Lebowa deur middel van distrikte, is die stam wat

binne die distrik Mokerong woonagtig is, daarby ingesluit.

As gevolg van verskeie interne vraagstukke kon die stam nie aktief aan die bewegings onder die Ndebele deelneem nie. In die jongste verlede het hulle egter van hulle laat hoor. Die stam beskou hulleself as Ndebele en wil hulle met die ander Ndebele assosieer. In 1979 het hulle 'n memo=randum aan die regering gestuur waarin hulle hulle oogmerke uiteensit.


4.3.2 Die Bakenbergstam

Bakenberg Langa is deur sy seun Mankopane Langa opgevolg. Hy het tot 1938 regeer. Hy is deur George Langa as stamhoof opgevolg. George Langa het tot 1964 regeer toe hy deur 'n seun van Mankopane Langa, naamlik Maluse, opgevolg is. Maluse het as waarnemende stamhoof regeer (F 54/1545/1 deel I:1, 13, 8, 3). Hy is deur die huidige stamhoof, Bennet, opgevolg.

Die woongebied van die Bakenbergstam is reeds in die vorige eeu vir die eerste keer afgebaken. Die stamgebied is telkens heromskryf. Volgens die Lagdenverslag (1904:38) het die stamgebied uit die volgende plase en/of gedeeltes van plase bestaan:

**KAART 15**

**STAMGEBIED VAN DIE BAKENBERGSTAM (GK 1283/1961)**




4. Alle plase rondom Bakenberglokasie met nommers en name is woongebied van die stam.

Malakong 784 LR
Malakongskop 780 LR
Vogelstruisfontein 765 LR
Schoonoord 786 LR
Bellevue 808 LR
Inhambane 802 LR (gedeelte)
Vriesland 781 LR
Hellem Bricksteen 761 1 LR
Vliegekraal 783 LR
Mozambique 807 LR (gedeel=te)
Haakdoorndraai 758 LR
Groningen 779 LR

Die stamgebied, soos hierbo uiteengesit, is in die Bylae tot die Naturellen Grond Wet van 1913 as Inge=lyste gebied opgeneem.

Ingevolge die bepalings van GK 2619 van 24 Desember 1954 is die Bakenbergstamowerheid in=gestel en is die stamgebied omskryf. In 1961 (GK 1283/1961) is die stamgebied soos volg her=omskryf:

Bakenberglokasie
Galilea 675 LR
Doornfontein 755 LR
Haakdoorndraai 711 LR
Rietfontein 665 LR
Kafferboom 664 LR
Vianen 450 LR
Laager Plaats 451 LR
Klein Galakwin 712 LR
Ruigtevley 710 LR
Uitspanning 501 LR
Schrikfontein 715 LR
Wydhoek 746 LR
Van Wykspan 759 LR
Kromkloof 744 LR
Paulus 743 LR
Nelly 717 LR
Raadslid 718 LR
Sterkloop 720 LR
Madamefontein 721 LR
Rhenostertrap 719 LR
Buffelhoek 722 LR
Haaspan 724 LR
Vaalpenskraal 726 LR
Vlakfontein 739 LR
Vlakfontein 763 LR

| | |
|---|---|
| Galakwynstroom 745 LR | Claremont 738 LR |
| Bastaardspad 790 LR | Goede Hoop 762 LR |
| Schuurmanshoogte 792 LR | Eerste Geluk 741 LR |
| Eysselsdrift 788 LR | Elandsfontein 760 LR |
| Hermansdal 789 LR | Swartkop 742 LR |
| Klipplaatdrift 787 LR | Jakhalskuil 754 LR |

Die Bakenbergstamowerheid is in 1959 by die Nde= belestreeksowerheid ingeskakel (GK 5/1959) en met die skepping van die Lebowagebiedsowerheid het die stam via die streeksowerheid 'n samestel= lende deel van die gebiedsowerheid gevorm. Die= selfde het ten opsigte van die totstandkoming van die Lebowa Wetgewende Vergadering gebeur. Met die omskrywing van Lebowa se gebied deur middel van die samestellende distrikte, is die stamgebied in die Mokerongdistrik van Lebowa ingesluit.

In teenstelling met die Langa van Hans Masebe, het dié stam nie te kenne gegee dat hulle van Lebowa gaan wegbreek en by die Suid-Ndebele gaan aansluit nie.

### 4.3.3 Gevolgtrekking

Uit die voorgaande blyk dit dat die Langa blyk= baar in 'n afsonderlike migrasie na Transvaal ge= kom het en dat hulle nie 'n duidelike en bewys= bare gemeenskaplike pre-migrasiegeskiedenis met die ander Ndebelestamme het nie. Soos in die ge=

val van die ander Ndebelestamme blyk dit dat die geskiedenis van die Langa deur interne en eksterne konflik en etno-fissie gekenmerk is. Die splitsing in die stam het pas voor die einde van die vorige eeu plaasgevind. Dit blyk verder dat altwee die Langastamme met interne opvolgingsprobleme opge= saal is. Hierbenewens bevind hulle hulleself ook reeds vir 'n geruime tyd binne 'n dominante Noord-Sotho milieu en is hulle kultureel en taalkundig deur die Noord-Sotho beïnvloed.

## 5.0 Stamme van beweerde Ndebeleherkoms

Hierdie groep stamme maak deels daarop aanspraak dat hulle van Ndebeleherkoms is. Vandag is hulle egter op grond van taal en kultuur en op grond van etniese bewussyn nie meer as Ndebele te be= skou nie.

Breutz (1972:49-56) is van mening dat die volgende stamme in hierdie kategorie geplaas kan word:

Die Pôstamme
Die Tlhakostamme
Die Maletestamme
Die Selekastamme.

### 5.1 Die Pôstamme

Breutz (1953:175-177) beweer dat die stam in his= toriese tye vanuit Zoeloeland na Wonderboom naby

Pretoria gekom het. Hier het hulle na bewering van die Ndebele weggebreek. Hy sê egter nie waar= heen die Pô getrek het nadat hulle te Wonderboom weggebreek het nie. Volgens 'n stuk wat Breutz in 1972 opgestel het, koppel hy die ontstaan van die Pôstamme aan ene Dlhongwa, 'n seun van Mokopane I (Genealogiese tabel 16). Die groep het vanuit die gebied van die Mokopane na die suide en daarvan weswaarts na hulle huidige woonplek verhuis (Breutz, 1972:52). Maritz (1976:273) wys daarop dat die probleme tussen die stamhoof van die Pô en die Transvaalse regering daartoe gelei het dat hulle na Basoetoland getrek het, maar in 1862 weer na Transvaal teruggekeer het. Die stam het later in twee verdeel. Altwee die Pô= stamme is binne Bophuthatswana woonagtig.

## 5.2 Die Tlhakostamme

Volgens Breutz (1953:290) stam die Tlhako van die Ndzundza-Ndebele af wat te Premiermyn gewoon het. In sy werk van 1972 verklaar hy egter dat die Tlhako van Tlokwa (Dlhongwa), d.w.s. van die Mokopane afkomstig is. Nadat hulle lank in die omgewing van Pilanesberg rondgeswerf het, het hulle hulle teen ongeveer 1830 te Ruighoek 169 JP gaan vestig. 'n Junior splinter van die groep het onder leiding van Mabe te Mabeskraal in Mankwe (Bophuthatswana) gevestig geraak (Maritz, 1976:273).

5.3 Die Tloung

Breutz (1954:98) sê dat die Tloung ook aan die Tlhako verwant is en onder leiding van Modisane van die Tlhako van Leêmana weggebreek het. In sy werk van 1972 verklaar Breutz dat die Tloung deel van die Ndebelemigrasie wat vanaf Pretoria weswaarts ge=trek het, gevorm het. Aanvanklik het hulle hulle aan die Tholwanerivier by Pella gaan vestig. As gevolg van die plundertogte van Mzilikazi het die stam 'n hele tyd in die omgewing van Ventersdorp gewoon voordat hulle na die plaas Putfontein 62 IP in die Lichtenburgdistrik verhuis het (Breutz, 1972:53).

5.4 Die Maletestamme

Die Malete van Lehurutshe (Bophuthatswana) is 'n afsplintering van die Malete van Ramoutsa in Botswana. Ellenberger (soos aangehaal deur Maritz, 1976:274) koppel die Malete van Mokgobja aan Tlogo-a-Tlou. Vanaf Tlogo-a-Tlou het die Malete na Botswana getrek en in 1891 het 'n deel van die Malete na die plaas Hartebeestfontein 102 KO in Lehurutshe getrek. Breutz (1972:53) sê dat die Malete aan die Huaduba verwant is.

5.5 Die Selekastamme

Van Warmelo (1935:89) klassifiseer die Seleka=

stamme as deel van die Noord-Ndebele maar sê dat "... it is not known to which other maTêbêlê they are related. They are on the Bechuanaland border, have lived with the baMangwato and are virtually Sotho".

'n Splinter van die Seleka van die Palalablok woon tans in Moretele en staan ook as die Mfatlha=stam bekend.

Volgens gegewens wat skrywer kon opspoor maar waarvan die besonderhede nie kontroleerbaar is nie, is die Seleka van die Kekana van Zebediela afkomstig. Die stamvader van die stam was ene Madidimala, 'n seun van 'n Kekanastamhoof (Zier=vogel, 1959:7).

Madidimala het van die hoofstam weggebreek en hom met sy gevolg in die Waterberge gaan vestig. Hulle het onder die gesag van die Mapela gestaan. As gevolg van 'n aanval van die Boere op Mapela (blykbaar net na 1854) het die stam hulle onder=horigheid afgeskud en na Khama se gebied in die huidige Botswana getrek. Hulle het hier tot on=geveer 1886 gewoon toe Khama hulle uit die gebied verjaag het. Hierna het hulle die Limpopo oorge=steek en hulle op die plaas Beauty 56 LQ gaan vestig. In 1891 het Seleka 'n onderhoud met genl. Piet Joubert gehad en by hom gekla dat Khama sy grond gevat het. Hy het genl. Piet Joubert, as Superintendent van Naturelle, versoek dat 'n

amptelike woongebied aan sy stam beskikbaar ge=
stel word. Die destydse regering het die aankoop
van die plaas Beauty oorweeg maar omdat die koop=
prys te hoog was, is drie ander plase, naamlik
Sonkwastat 471 LR, Bellymore 433 LR en Kroonstad
468 LR as woongebied vir die stam aangebied. Die
stam was nie met die aanbod tevrede nie en het self
die plaas Beauty gekoop (Argieflêer 199/55:1-2).

Volgens 'n ander bron (Argieflêer 16-95) het die
Seleka uit Zoeloeland gekom en het twee seuns van
een van die stamhoofde getwis. Mxabe, die een
seun, het met 'n gevolg na Barotseland getrek,
terwyl die ander deel van die stam, onder leiding
van Mohlasedi, na die omgewing van Rustenburg
getrek het. Die stam te Rustenburg het egter weer
verdeel. Een deel het na Beauty getrek. Te Beauty
het daar weer twis ontstaan en 'n deel van die
stam het na die Mmangwato in Bechuanaland ge=
trek (Argieflêer, 16-05). Volgens die verslag
van die Lokasiekommissie (Argieflêer 109/55) is
besluit om nie grond aan die stam beskikbaar te
stel nie omdat hulle nuwe intrekkers in Transvaal
was. Dit wil egter, volgens dié bron, voorkom
of die stam self die plaas Beauty in 1909 aan=
gekoop het.

Volgens <u>Short History</u> (1905:56) is die Seleka
van gemengde Ndebele- en Kalaka-afkoms. Die oupa
van David Seleka Kobe "... collected the people

from scattered units and they settled on the present land practically on sufferance of old "Mapela", to whom they paid tribute". Toe die Boere in 1860 die wapen teen Mapela opgeneem het, het die Seleka ge=trek en hulle te Nwapa in die huidige Botswana gaan vestig. Hulle is in 1886 egter weer uit dié gebied verdryf omdat hulle hulle nie aan die gesag van Khama wou onderwerp nie.

Die Selekastamowerheid is ingevolge die bepalings van GK 2611 van 24 Desember 1954 ingestel en die stamgebied is soos volg omskryf:

| | |
|---|---|
| Lily 986 | Harry Smith 772 |
| Beauty 919 | Olifantsdrif 1021 (Rest. gedeelte) |
| Rietfontein 624 | Witfontein 384 (Rest. gedeelte) |
| Kafferskraal 381 | |

In 1959 is die stamowerheid by die Ndebelestreeks=owerheid ingeskakel (GK 5/1959) en tans vorm die stamowerheid geografies en konstitusioneel deel van die Wetgewende Vergadering van Lebowa.

Van Warmelo (1935:89) meld dat die Seleka van Moretele 'n junior splinter van die stam in die Palalablok is. Die Seleka van Moretele bevind hul=le op die plaas Haakdoornlaagte 167 JQ, De Grens 168 JQ en Flink-zyn-Drift 169 JQ. Die stamgebied is in 1959 (GK 1381/1959) omskryf toe die Mfatlhastamowerheid ingestel is. In 1964 is die stamgebied heromskryf soos hierbo aangetoon. Die

stam vorm tans geografies en konstitusioneel deel van Bophuthatswana (GK 23/1960, R 585/1961).

Die Seleka van die Palalablok en van Moretele het vir alle praktiese doeleindes nie aan die beweging onder die Ndebele deelgeneem nie.

## 5.6 Gevolgtrekking

Dit blyk dus dat daar 'n hele aantal ander stamme is wat na bewering aan die Ndebele verwant sou wees. Dié verbande blyk egter nie van enige prak= tiese en kontemporêre betekenis te wees nie.

## 6.0 Verwantskap tussen die Noord- en Suid-Ndebele onderling

In werklikheid bestaan daar nie so iets soos 'n enkele Ndebelegeskiedenis nie. Uit die voorgaande gedeeltes is dit baie duidelik dat elke stam oor sy eie geskiedenis beskik. Wanneer die verskillende stamme die onderlinge verband van die Ndebelestam= me probeer verklaar, blyk dit dat daar teenstrydig= hede en vaaghede bestaan. Omdat hierdie gegewens nie meer kontroleerbaar is nie, bied dit dus nie 'n besliste oplossing vir al die vrae wat bestaan nie. Die genealogieë wat aangehaal is, wys op dieselfde probleem.

Al wat redelik seker is, is dat die Ndebelestamme 'n Nguniherkoms het. Verskeie gegewens wat aan die

begin van die hoofstuk bespreek is, beklemtoon hierdie afleiding. Dit is egter ook duidelik dat die gemeenskaplike Nguniherkoms ver in die ver= skiet lê en dat die verskillende Ndebelestamme baie ander invloede ondergaan het. Dit word deels deur die taalverskille, die assimilasieprosesse by die Huaduba en die Seleka en die gebrek aan eenheid tussen die verskillende stamme onderling geïllustreer. As dus hoegenaamd aanvaar word dat die Ndebele vroeër 'n eenheid was, dan is die resente geskiedenis van die Ndebele eerder deur fissie as fusie gekenmerk.

Wat die genealogieë betref, kom die naam van Musi (beweerde voorsaat van die Suid-Ndebele) in geen enkele Noord-Ndebele genealogie voor nie. Dieselfde geld die naam van Bulongo (beweerde voorsaat van die Noord-Ndebele) ten opsigte van genealogieë van die Suid-Ndebele. Die enigste naam wat skynbaar 'n gemeenskaplike faktor tussen die Noord- en Suid-Ndebele is, is díé van Yakalala @ Yangalala @ Mathombeni @ Kekana. Daar is egter te veel vaaghede wat sy naam omhul om enige besliste afleiding daaruit te maak. Hier= teenoor dui die taalverskille, Zunda en Tekela, daarop dat die Noord- en Suid-Ndebele heel waar= skynlik nie genealogies verwant kon gewees het nie.

Die posisie van die Langa is ook onduidelik.

Hulle maak op skakeling met die Hlubi aanspraak. Dit is nie onmoontlik nie, maar daar bestaan geen resente getuienis wat hulle direk aan enige van die ander Ndebelestamme koppel nie. Dieselfde geld die Seleka. Hoewel beweer word dat hulle van die Kekana van Zebediela afkomstig is, is daar geen verdere getuienis beskikbaar nie.

'n Tabel waarin die regimentsname van 'n aantal stamme met mekaar vergelyk word, word in tabel drie verstrek. Regimentsname ondergaan stadige ver= andering en kan daarom 'n beeld ten opsigte van moontlike vroeëre ooreenkomste, al dan nie, verskaf.

Tussen die Ndzundza en die Manala is daar rela= tief groot en sistematiese ooreenkomste. Daar is elf regimentsname wat met mekaar ooreenstem.

Wanneer die regimentsname van die Huaduba aan die een kant met dié van die Manala en Ndzundza vergelyk word, blyk dit dat slegs drie name met mekaar ooreenstem. Hierteenoor stem vyf van die Huaduba se regimentsname met dié van die Kgatla ooreen. Tussen die Huaduba en die Noord-Ndebele is daar vier name wat ooreenstem, terwyl vyf met die van die Langa ooreenstem. Vier van die Hua= duba stem met die Kekana ooreen. Tussen die Ndzundza en Manala enersyds en die Noord-Ndebe= lestamme andersyds is daar vier name wat oor= eenstem. Die name wat die beste onder die ver=

## Tabel 3

**Vergelyking van die regimentsname van 'n aantal stamme**

( Volgens Fourie, 1921:203 (Ndzundza); Van Warmelo, 1930: 21 (Manala); Van Warmelo , 1944(b):31 (Hwaduba); Ziervogel, 1959:8 (Noord-Ndebele); Jackson, 1969:54 (Langa); Van Warmelo, 1930:22 (Kekana v. Zebediela ); Van Warmelo, 1944(c):9-10 (Kgatla van Mosetlha).

| Ndzundza (15) | Manala(13) | Hwaduba (11) | N-Ndebele (10) | Langa (9) | Kekana (Zebediela) (11) | Kgatla (11) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Madhuba<br>Mabuzwana | Amaduba | (Mahata) | /Marema/ | /Merema/ | | (Mahata) |
| Mabhoda<br>Madlhova | <br>Amadlou | (Mathamaga) | /Mahlwana/ | /Matlwana/ | /Matlhwana/ | (Mathamaga) |
| Madlhari<br>Mavundlha | Amadlari | Matladi | Madladi | Matladi | Matladi | Matladi |
| Manyathi<br>Mahenga | <br>Amahinga | /Merelaba/ | | | /Mereleva/ | /Merelaba/ |
| Marudlha<br>Masela | Amarudla<br>Amasele | <br>Matshele | /Mgbitsi/<br>Matshile | /Mabitsi/ | /Maritsi/ | |
| Magau<br>Madlhambuza | Amagau | (Madima) | Makxhawu | | Makxawa | (Madima) |
| Matshipa<br>Masweni | Amatshipa | | | /Matlakana/ | /Matlakane/ | /Matlakala/ |
| Mathula<br>Mamakwa | | | | | | |
| Madlhaza<br>Masotya | | | | | | |
| Mazasa<br>Mamatya | Amaxasa | | | | | |
| Madlhuko<br>Mhlwazi | | | | | | |
| Mastaya<br>Induthu | | | | | | |
| Malingwana<br>Maphoko | Amadlinwana | | | Madingwana | | |
| Maphaswana<br>Manoxu | Amaphaswana | | <br>Manoha | <br>Magoho | <br>Manoxu | |
| Mangana<br>Igazo | Amanana | Mangana | Mang'ana | Mangana | Manana | |

Die eerste naam by die regimentsname van die Ndzundza verwys na die indlangenaam en die tweede na die Igwabenaam . Die name tussen hakies ( ) / / toon dat dit geen ooreenkomste met die Ndzundza se regimentsname het nie. Die name het egter wel ooreenkomste met van die ander stamme se regimentsname. Die syfers tussen hakies na die stamname verwys na die totale aantal regimentsname by elk van die stamme. Die tabel toon slegs die volle aantal regimentsname van die Ndzundza. Slegs die regimentsname van die ander stamme wat ooreenkomste met mekaar en met die Ndzundza het , is aangetoon.

skillende stamme verteenwoordig is, is Madlhari, MaXoXu en Mangana. Tussen die Ndzundza en Manala enersyds en die Noord-Ndebele, Langa en Kekana van Zebediela andersyds is daar drie name wat gemeenskaplik is. Enersyds is dit nie negeerbaar nie, maar andersyds ook nie buitengewoon gewig= tig nie.

In die geheel gesien is daar ooreenkomste. Dié tussen die Ndzundza en die Manala is die mees betekenisvolle. Die ooreenkomste tussen die Kgatla en die Huaduba is verklaarbaar vanweë die feit dat hulle reeds baie lank bure is. Dieselfde geld die ooreenkomste tussen die Noord-Ndebele en die Langa.

Geen definitiewe afleiding kan egter uit die tabel gemaak word nie.

Die ontleding van die tabel bevestig eerder die opmerkings wat hierbo ten opsigte van die verwantskap van die Noord- en Suid-Ndebele gemaak is.

HOOFSTUK 5

# DIE VERLOOP VAN DIE STREWE TOT NASIONALE SELF= VERWESENLIKING BY DIE NDEBELE

## 1.0 Inleiding

Die ontstaan van die strewes by van die Ndebele= stamme om een of ander vorm van selfbeskikking te verkry, kan gedeeltelik na die tydperk toe verskillende gebiedsowerhede in Suid-Afrika ge= stig is, teruggevoer word.

Dit is bekend dat die regering sedert 1948 'n program vir die politieke ontwikkeling van die Swart volke in Suid-Afrika geïmplementeer het. Hoewel die einddoel van hierdie program nie in 1948 volledig gevisualiseer is nie, het dit 'n bepaalde ontwikkelingslyn gevolg.

Die eerste stap was die amptelike erkenning van stam- en gemeenskapsowerhede. Hierna is streeks= owerhede gestig. Streeksowerhede is koördinerende liggame waarin 'n aantal stam- en/of gemeenskaps= owerhede met die oog op die algemene ekonomiese ontwikkeling van die stamme en gemeenskappe, saamwerk. Die derde stap was die skepping van gebiedsowerhede. 'n Gebiedsowerheid sou uit 'n aantal streeksowerhede saamgestel word. Omdat gebiedsowerhede op territoriale basis ingestel is, het dit nie in alle gevalle met etniese gren= se rekening gehou nie. Die gevolg was dat stamme

wat nie noodwendig aan mekaar verwant was of tot dieselfde etniese eenheid behoort het nie maar wat na aan mekaar gewoon het, in dieselfde streeks=owerheid en gebiedsowerheid ingesluit is.

Hierdie toedrag van sake moet teen die agtergrond van die amptelike erkenning van die verskillende etniese eenhede van Suid-Afrika gesien word. Die Wet op Bevordering van Swart Selfbestuur van 1959 het die verskillende etniese eenhede amptelik en by name erken. Dit was verder verklaarde beleid dat elke etniese eenheid eventueel selfregering sal geniet. Nog later sou dié etniese eenhede volle onafhanklikheid ontvang. Dit het inderdaad reeds t.o.v. sekeres gebeur.

Met die skepping van die Tswanagebiedsowerheid in 1961 is bv. die Huaduba, die Kekana van Majaneng en die Seleka van Moretele hierby ingesluit.

Met die skepping van die Lebowagebiedsowerheid in 1962 is die volgende stamme daarby ingesluit: Die Letwaba:Mashashane, die Maraba, die Kekana van Zebediela, die Langa van Bakenberg, die Langa van Mapela en die Seleka van die Palalablok.

Deur latere wysigings is die Ndzundza van Wit=laagte ook by die Tswanagebiedsowerheid ingesluit. Hierbenewens het die grondgebied van die Manala en die Ndzundza van Kalkfontein geografies ook deel van die Tswanagebied gevorm.

Wat die Lebowagebiedsowerheid betref, is al die Noord-Ndebelestamme (met uitsondering van dié wat reeds by die Tswanagebiedsowerheid en dié wat reeds by die Lebowagebiedsowerheid ingeskakel was) eventueel daarby ingesluit.

Die Manala, die Ndzundza van Mabhogo en die Ndzundza te Kalkfontein is egter nooit by enige van die twee genoemde gebiedsowerhede, ingeska= kel nie.

Die insluiting van Ndebelestamme by die twee ge= noemde gebiedsowerhede is deels verstaanbaar as in ag geneem word dat die Ndebelestamme geogra= fies verspreid oor Transvaal woon; dat die Ndzundza in besonder, verstrooi was; dat die Ndebele nie as 'n etniese eenheid met 'n sterk eenheidsbewussyn na vore getree het nie; dat daar verskille tussen die Noord- en Suid-Ndebele bestaan; dat van die Ndebelestamme sterk Sotho- en Tswana-invloede ondergaan het; dat onderlinge twis tussen die Ndzundza van Mabhogo en die Ndzundza van Nebo eerder fissie bevorder het en dat daar nooit werklike sekerheid was oor die vraag uit hoeveel mense die Noord- en Suid-Ndebele bestaan nie.

Aan die ander kant was die amptenare van die re= gering van die bestaan van die Ndebele bewus, maar dr. Eiselen, destydse Kommissaris-generaal

vir die Noord-Sotho, was van mening dat hulle by die Tswana en die Noord-Sotho moet inskakel aan= gesien hulle reeds baie lank met hulle in buurskap geleef het. Hierdie aanname het later geblyk fou= tief te wees. Dieselfde argumente wat aangevoer is, was ook die belangrikste redes waarom die Ndebele nie as 'n afsonderlike etniese eenheid erken is nie.

Dit het probleme vir Ndebele in Blanke stedelike gebiede geskep. Omdat die Ndebele nie amptelik erken is nie, moes hulle, met die oog op verkie= sings vir lede van die stedelike Swart rade, by een van die erkende etniese eenhede inval. Hulle het dit later as 'n grief ervaar.

Benewens bostaande probleme, het onkunde aan die kant van amptenare ook daartoe gelei dat baie Ndebele op grond van die algemene verkeerstaal wat hulle gebesig het, geregistreer en geklassifi= seer is. So is baie Ndebele as Noord-Sotho of as Tswana of as Zoeloe geregistreer.

Bostaande opset bied slegs 'n breë motiverings= raamwerk wat daartoe gelei het dat die Ndebele sekere nasionale oogmerke begin nastreef het. Die wyse waarop hierdie oogmerke nagestreef is, was nie eenvormig nie en dit is ook nie deur 'n enkele liggaam of instansie gedra nie.

Hierdie hoofstuk val hoofsaaklik in vier dele uiteen. Die eerste gedeelte handel oor die werk=saamhede van die Transvaal Ndebele National Organisation. Soos aangetoon sal word, was die T.N.N.O. betrokke by die Mamelodi- of Temba-kon=ferensies. Tydens die twee konferensies het daar geweldige algemene geesdrif vir die Ndebelesaak bestaan. As gevolg van die verklaring van die regering op die Temba-konferensie dat van die Ndebelestamme na 'n gemeenskaplike tuisland sal moet trek as hulle hulle ideaal van 'n Nde=belegebiedsowerheid wil verwesenlik, het die en=toesiasme van die Ndebelestamhoofde begin afneem. As gevolg hiervan het die T.N.N.O. as organisa=sie algaande aan invloed onder die stamhoofde ingeboet. (Die gebeure het egter nie die Ndzundza van Mabhogo daarvan weerhou om hulle strewes in ieder geval te realiseer nie - met of sonder die hulp van die T.N.N.O.). Die stedelike Ndebele wat aktief in die T.N.N.O. werksaam was, was ten gunste van die skepping van 'n gemeenskaplike Ndebeletuisland en politieke gesag en ten gunste van die verhuising van die Ndebelestamme daarheen. Die stamhoofde was, hoewel ten gunste van 'n ge=meenskaplike Ndebele politieke struktuur, nie bereid om na 'n gemeenskaplike tuisland te trek nie. Hierbenewens het 'n latere besluit van die regering dat daar net met stamhoofde onderhandel sal word, die invloed van die T.N.N.O. verder laat taan. Dit sal ook aangetoon word dat hoewel die Suid-Ndebele, en veral die Ndzundza van Mabhogo,

enersyds deur middel van die T.N.N.O. en met die hulp van die T.N.N.O. hulle strewes probeer bevor= der het, hulle ook onafhanklik van die T.N.N.O. opgetree het. Daar is dus nie 'n definitiewe datum waarop die T.N.N.O. tot niet gegaan en die Suid-Ndebele verder gegaan het nie.

Die tweede deel van die hoofstuk handel oor die werksaamhede van die Northern Transvaal Ndebele National Organisation. Dié organisasie is hoof= saaklik onder die mees noordelike Ndebelestamme werksaam maar is nie naastenby so omvangryk soos die T.N.N.O. nie.

Die derde deel van die hoofstuk gee 'n uiteenset= ting van die strewes van die Suid-Ndebelestamme. In die afdeling word aansluiting by die werksaam= hede van die T.N.N.O. gevind maar die klem val op die realisering van die Suid-Ndebele se strewes nadat die T.N.N.O. se invloed getaan het.

Die vierde deel van die hoofstuk bespreek die stre= wes van die Noord-Ndebelestamme. Soos in die vori= ge punt genoem, val die klem ook op die tydperk nadat die invloed van die T.N.N.O. getaan het. Dit sal aangetoon word dat die N.N.N.O. in elk geval nie dieselfde invloed as die T.N.N.O. gehad het nie.

Uit die staanspoor moet dit gestel word dat die

aktiwiteite van die T.N.N.O. en die N.N.N.O. en die Noord- en Suid-Ndebele baie keer so vervleg is, dat dit kwalik van mekaar losgemaak kan word. Andersyds was hulle aktiwiteite weer uiteenlopend. Hierbenewens het individue, hoewel in naam van een van die twee organisasies of in naam van se=kere stamme, eintlik op eie inisiatief gehandel ter bevordering "van die saak" - soos hulle dit geïnterpreteer het.

## 2.0 Die ontstaan en verloop van die inter-stamlike strewe tot selfverwesenliking

### 2.1 Die Transvaal Ndebele National Organisation

Soos aangetoon, kan die ontstaan van die T.N.N.O. onder andere na die aktiwiteite van stedelike Ndebele teruggevoer word. Ene Job Makgathulela van Mamelodi het, na aanleiding van die probleme wat die Ndebele in die stedelike gebied van Mame=lodi met die verkiesing van raadslede vir stede=like Swart Rade ondervind het, begin organiseer. Volgens gegewens wat hy aan skrywer verstrek het, is 'n organisasie genaamd die "Ndebele Ethnic Group" in Mamelodi en Atteridgeville gestig. Die voorsitter van die N.E.G. was ene Koos Mtimune. Op voorstel van Makgathulela is besluit om alle Ndebele in Transvaal onder die vlag van een orga=nisasie byeen te bring. Omdat Mtimune blykbaar nie hiervoor kans gesien het nie, het Job Makgathule=la met die werk voortgegaan. Ondertussen het die

N.E.G. dit as verklaarde beleid aanvaar om die Ndebele amptelik as 'n afsonderlike etniese eenheid erken te kry en om die registrasie van Ndebele as Noord-Sotho of as Tswana, teen te werk. Verdere probleme het in Garankuwa ontstaan toe Ndebele deur lede van die Waaksaamheidskomitee aangesê is om die gebied te verlaat. Andersyds het Ndebele wat hulleself binne die Tswanagebied bevind het, gekla dat daar teen hulle gediskrimineer word. Dit het blykbaar veral met die toekenning van be=sigheidspersele gebeur. Makgathulela en die ander lede van die N.E.G. het gepoog om die probleme namens die Ndebele op te los. Volgens Makgathule=la was stamhoof Mokgoko van die Bakgatla ba Mmakau in die Moreteledistrik een van die voorbokke wat die Ndebele uit die Tswanagebied wou gehad het. Omdat die Ndebele in die Tswanagebied onseker van hulle toekoms begin raak het, het die organi=sasie van Makgathulela die moontlike skepping van 'n tuisland vir die Ndebele ook op hulle agen=da begin neem.

Volgens beskikbare inligting het die organisasie van Makgathulela sy vlerke steeds verder uitge=sprei. Voordat verder hierop ingegaan en na die stigting van die T.N.N.O. verwys word, moet eers na die rol van ene Kenneth Kekana verwys word.

Kenneth Kekana is van herkoms 'n stamlid van die Mokopane van Vaaltynslokasie. Vanweë die feit dat hy 'n geruime tyd in Garankuwa gewoon het en

met die aanstelling van stamhoofverteenwoordigers in die stedelike gebiede gemoeid was, het hy sy gewig by die bevordering van die Ndebele se be=lange in die stedelike gebied ingegooi.

Aan die begin van die sestigerjare het Kekana briewe aan verskeie Bantoesakekommissarisse ge=stuur waarin hy navraag oor die herkoms van die Ndebele van Transvaal gedoen het. Na aanleiding van antwoorde wat hy in die verband ontvang het en na aanleiding van gegewens wat hy self verkry het, het hy 'n memorandum oor die onderwerp op=gestel (Eie besit).

Sedert 1965 het Kekana hom met die aanstelling van stamhoofverteenwoordigers in die stedelike gebiede van Pretoria bemoei. Binne die raamwerk van die beleid het hy die Ndebelestreeksowerheid te Potgietersrust aangespoor om toe te sien dat die verskillende stamhoofde verteenwoordigers in die stedelike gebiede aanwys. Hierbenewens het hy briewe aan individuele Ndebelestamhoofde in die Potgietersrustdistrik geskryf waarin hy dieselfde saak bepleit het. Dit blyk verder dat hy van plan was om 'n "sentrale streeksowerheid", bestaande uit die stamhoofverteenwoordigers in die stede=like gebiede van Pretoria en Johannesburg, te stig.

Op hierdie stadium was daar egter nog geen sprake dat die Ndebele hulle los van Lebowa sou organiseer

nie. In 'n brief wat aan die Hoofbantoesakekommis= saris van Pretoria gerig is, het Kekana op 2 Maart 1965 die volgende verklaar: "Further, I hope that it continues to be clear in our minds that the ultimate purpose of the work carried on in this direction is nothing else but self-govern= ment by the tribes for the tribes concerned and through the Lebowa Territorial Authority" (Eie be= sit).

Volgens die persoonlike korrespondensie van Kekana blyk dit dat hy hom in 1967 vir die skepping van 'n Kgatla-Ndebelegebiedsowerheid begin beywer het. Volgens die inhoud van 'n brief wat hy aan A.B.C. Motsepe van Swartbooistat geskryf het, was hy van plan om alle Ndebele wat in die distrikte Potgietersrust, Groblersdal en Hammanskraal gewoon het, in hierdie beoogde gebiedsowerheid in te sluit. Hy was van mening dat die Ndebele nie son= der die Kgatla 'n eie gebiedsowerheid kon aanpak nie (Eie besit).

Op hierdie stadium het Makgathulela en Kekana se paaie gekruis. Volgens inligting wat Makgathulela verskaf het, het hy Kekana te Boekenhoutfontein oorreed om van die skepping van 'n Kgatla-Ndebele= gebiedsowerheid af te sien.

Tydens 'n vergadering wat op 5 November 1967 te Mamelodi gehou is en waarop baie Ndebele vanuit die stedelike gebiede van Pretoria en Johannes=

burg teenwoordig was, is onder andere besluit om 'n konstitusie vir die Transvaal Ndebele National Organisation op te stel. Die T.N.N.O. is blykbaar by hierdie vergadering gestig. Dit kom verder voor of die geesdrif onder die stedelike Ndebele baie hoog geloop het. Daar is ongelukkig geen notule van hierdie vergadering gehou nie, maar dit kan aanvaar word dat sake soos die erkenning van die Ndebele, die probleme van die Ndebele in Garankuwa, en die registrasie van die Ndebele as Noord-Sotho of as Tswana, ter sprake gekom het.

Die konstitusie waarna verwys is, is opgestel en het vir die volgende voorsiening gemaak:

Dit sou die doel van die T.N.N.O. wees om, binne die bestaande wette van die land, die Ndebele van Transvaal te organiseer en te verenig. Die T.N.N.O. sou oor twee komitees beskik, naamlik 'n Uitvoerende en 'n Finansiële Komitee. Die Uitvoerende Komitee sou uit stamhoofverteenwoordigers, leiers van die T.N.N.O. en nog vier lede bestaan. Die lede van die Finansiële Komitee sou verkies word. Die Tesourier was o.m. daarvoor verantwoordelik om slegs kwitansies te gee vir die geld wat hy "sien" en nie vir die geld waarvan hy "hoor" nie. Die hoof van die T.N.N.O., bekend as die Organiseerder, sou as skakel dien tussen die Ndebele en verskeie re= geringsinstansies.

Die konstitusie sou op 7 April 1968 te Daveyton

vir bekragtiging aan die Ndebele voorgelê word. Hierdie vergadering is in <u>The World</u> van 15 Maart 1968 bekendgestel en daar is gesê dat dit 'n "mammoth meeting" sal wees (F 53/4 deel 1:68).

Volgens Makgathulela is die konstitusie toe nie bekragtig nie omdat die persoon wat dit getik het, slegs van die Suid-Ndebele melding gemaak het. Volgens hom is daar nie weer 'n konstitusie vir die T.N.N.O. opgestel nie. Op hierdie vergadering het sprekers dit gestel dat hulle almal Ndebele is en dat van die klein onderlinge verskilletjies ver= geet moet word. Daar moet eerder aandag aan die eenheid van die Ndebele gegee word. Die beweerde gemeenskaplike afkoms vanaf Musi is sonder enige teenspraak aanvaar. Van die sprekers het dit ook gestel dat die hulp wat ander etniese eenhede mag aanbied, nie aanvaar moet word nie omdat die Ndebele op hulle eie bene wil staan. 'n Beroep is op die teenwoordigers gedoen om vas te stel waar die Ndebelestamme hulle bevind (F 53/4 deel I:83).

Vervolgens sou 'n massavergadering van Ndebele te Rethabile Hall in Mamelodi gehou word op 31 Augustus 1968. Dié vergadering is voorafgegaan deur verskeie besoeke van die leiersfigure van die T.N.N.O. aan verskeie Ndebelestamgebiede.

Pas na die vergadering te Daveyton het 'n afvaar= diging van die T.N.N.O. besoek aan die stam

van David Mabhogo te Weltevreden gebring om ver=slag oor die werksaamhede in die stedelike gebiede te doen. Mabhogo sou beloof het dat sy stam binne=kort by die T.N.N.O. gaan aansluit (F 53/4 deel I:8). Hierna is verskeie byeenkomste in die ste=delike gebiede gehou waarop dit o.a. gestel is dat die T.N.N.O. via die stamhoofde wil poog om selfregering vir die Ndebele te bekom (F 53/4 deel I:102, 103, 110). Volgens 'n brief wat Kekana op 28 Junie 1968 aan die Departement gerig het, blyk dit dat die T.N.N.O. grondig met die stelsel van stamhoofverteenwoordigers teleurgesteld is. Die kern van die probleem was dat die stamhoofde baie traag was met die aanstelling van verteen=woordigers in die stedelike gebiede. Die T.N.N.O. het nogtans aanbeveel dat die stamhoofde en hulle verteenwoordigers (die wat wel aangestel het), nie geïgnoreer moet word nie (F 53/4 deel I:107).

Hierna is skakelbesoeke aan die Manala en die Kekana van Zebediela gebring ten einde die stamme oor die oplewing van die belangstelling vir die skepping van 'n Ndebelegebiedsowerheid in te lig (F 53/4 deel I:39). In Junie 1968 is die Depar=tement in kennis gestel dat 'n komitee te Garankuwa gestig is om die stigting van 'n Ndebelegebieds=owerheid te bevorder (F 53/4 deel I:110). Op 17 Julie 1968 het die Ndebelestreeksowerheid van Potgietersrust reeds besluit om van Lebowa weg te breek (F 53/4 deel I:105-106).

Ondertussen (en voor die massavergadering van 31 Augustus) is nog 'n relatief groot byeenkoms van Ndebele in Atteridgeville gehou. Die stigting van 'n Ndebelegebiedsowerheid is weer hier be= spreek. Volgens die verslag wat Kekana na aanlei= ding van dié byeenkoms opgestel het, was die ver= gadering eensgesind oor die feit dat stappe gedoen moet word om die identiteit van die Ndebele te beskerm en selfregering na te streef - soos dit die geval met die ander etniese eenhede van die RSA is. Die vergadering het ook besluit dat die advies en hulp van die stamhoofde i.d.v. verkry moet word (F 53/4 deel I:103).

## 2.2 Die Mamelodi-konferensie

Die reëlings vir die saamtrek van Ndebele te Mamelodi op 31 Augustus - 1 September 1968 is deur die T.N.N.O. waargeneem. Die entoesiasme daarvoor is deur verskeie faktore bevorder. Een belangrike faktor was die vrae wat dr. Eiselen aan die lede van die Ndebelestreeksowerheid te Potgietersrust (na aanleiding van hulle besluit om van Lebowa weg te breek), gevra het. Hy het nl. gevra dat die Ndebele 'n aanduiding moet gee wie almal van Lebowa wil wegbreek en by die Suid-Ndebele wil aansluit (F 55/4/3/4 deel 2: 98).

Die T.N.N.O. het uitnodigings na die konferensie te Mamelodi aan die volgende stamme gestuur: Die

Manala, die Ndzundza van Mabhogo, die Huaduba, die Kekana van Zebediela, Majaneng en Vaaltynslokasie, Langastamme, die Letwaba:Mashashane, die Maraba, die Letwaba:Nkidikitlana, die Letwaba van Eland Letwaba, die Seleka van die Palalablok en van Moretele. Hierbenewens is die Birwa van Taueatsoala, die Koni van Lekalala en die Lebelo ook uitgenooi. (Hierdie lg. drie stamme is nie Ndebele nie maar daar is blykbaar vermoed dat hul=le wel Ndebele is.)

Volgens die notule van die konferensie was daar 'n aantal stamhoofde persoonlik teenwoordig, naamlik David Mabhogo (Ndzundza), Johannes Keka=na (Kekana van Zebediela) en William Mabhena (Manala). Dit is moontlik dat daar ook ander stam=hoofde teenwoordig was aangesien die notule baie fragmentaries saamgestel is. Benewens die stam=hoofde en/of hulle verteenwoordigers, het verskeie Ndebele uit die stedelike gebiede en amptenare van die Departement - wat ook deur die T.N.N.O. genooi is - die konferensie bygewoon. Na raming was daar ongeveer 1 000 persone teenwoordig (F 53/4 deel I:118 e.v.).

Van die sprekers wat tydens die konferensie opge=tree het, het die volgende sake beklemtoon:

- Die T.N.N.O. is nie 'n ondergrondse organisasie nie. Dit is bedoel om die Ndebele wat verspreid

woon en nie meer hulle taal ken of weet waar hul=
le vandaan kom nie, bymekaar te bring.

- Die onderwysers leer die kinders verkeerdelik dat die Ndebele van Mzilikazi afkomstig is.
- Die regering moet die Ndebele help dat hulle nie langer onder die gesag van Lebowa of die Tswana staan nie. In die verband het 'n spreker gesê: "When my father died, he left me a Ndebele. Why should I be under Pedi? When I die, my children should not be under the baPedi or baTswana. I shall not sleep and will be a ghost you cannot listen to" (F 53/4 deel I:108).
- Dit is nie die regering se skuld dat die Ndebele nie amptelik erken is nie. Die beleid van die regering is al lank bekend en die Ndebele het nie in die abbavel gehuil nie.
- Die Ndebele moet 'n eie tuisland en gebieds= owerheid kry. Die Ndebele moet self aan die ideale werk en die geleentheid gegun word om hulleself te bewys.
- 'n Afvaardiging van die konferensie moet die Minister oor die probleme en die aspirasies van die Ndebele gaan spreek (F 53/4 deel I:108-109).

Hierdie Konferensie het geweldige geesdrif onder die Ndebele in die stede sowel as op die platte= land gaande gemaak.

Ter voorbereiding vir die beoogde ontmoeting met afgevaardigdes van die Ndebele, het die Minister,

senior amptenare van die Departement en die Kom=
missaris-generaal van die Noord-Sotho die hele aangeleentheid op 18 November 1968 in oënskou ge=
neem. Die mening is uitgespreek dat daar vasge=
stel moet word of hierdie beweging onder die Ndebele 'n natuurlike beweging is en of daar an=
der motiverings op die spel is. Die Hoofetnoloog van die Departement was van mening dat die bewe=
ging onder die Ndebele eerder anti-Lebowa en anti-Tswana as pro-Ndebele is. Hy het ook gerapporteer dat daar twee gedagterigtings onder die Ndebele ten opsigte van taalverskille bestaan. Die een denkrigting was van mening dat die Noord- en Suid-Ndebele sal verenig, terwyl die ander denkrigting van mening was dat alle Ndebele Zoeloe moet leer.

Na bespreking is dit as beleid aanvaar dat die strewe onder die Ndebele erken sal word. Daar is gemeen dat die erkenning van die strewe daartoe kon lei dat die wind uit die seile van die bewe=
ging geneem word. Indien dit verder aan die Ndebele gestel word dat sekere Ndebelestamme sal moet verhuis as hulle 'n gemeenskaplike tuisland en 'n eie gebiedsowerheid wil verwesenlik, kan dit nog meer wind uit die seile haal. Dit sou dus 'n goeie toets vir die werklike diepgang van die beweging wees. Daar is verder besluit dat as die Ndebele nie bereid sou wees om te verhuis nie, daar spesiale voorsiening in die regulasies gemaak kan word met die oog op die verteenwoordiging van die

Ndebele in die Uitvoerende Raad van Lebowa (F 53/4 deel I:203). Die Minister het ook beslis dat enige Ndebele-afvaardiging waarin die stam=hoofde van die Ndebele nie verteenwoordig is nie, nie te woord gestaan sal word nie.

Die konferensie te Mamelodi en die voorbereidende vergadering van die Minister met senior amptenare en die Kommissaris-generaal, is eventueel deur 'n konferensie te Temba in Maart 1969 opgevolg.

Tussen die twee belangrike konferensies het daar ontwikkelinge plaasgevind wat gesindhede beïnvloed het en wat kortliks aangestip moet word.

Op 30 Oktober 1968 het die T.N.N.O. 'n vergadering in Garankuwa gehou waartydens die posisie van die Ndebele in die Tswanagebied bespreek is. Die ko=mitee wat namens die T.N.N.O. in Garankuwa opgetree het, is van anti-Tswanagesindhede beskuldig. 'n Brief van ene Phoko aan die Dorpsbestuurder van Garankuwa, het van die T.N.N.O. melding gemaak en verklaar: "Mnr. Kekana is anti-Tswana in that he advocates the breakaway of the Ndebeles of Hammanskraal from the Tswana Territorial Authority". Phoko het verder versoek dat Kekana nie toegelaat word om enige verdere vergadering in Garankuwa te hou nie (F 53/4 deel I:188).

Op 2 Januarie 1969 het die sg. Swazi National Council van Mamelodi beswaar aangeteken omdat die

T.N.N.O. na bewering Swazi te Boekenhoutfontein oorreed het om lede van die T.N.N.O. te word. Die T.N.N.O. is versoek om liewer na die belange van 'n groepe Ndebele te Kromkrans (Carolina) om te sien en die Swazi van Boekenhoutfontein met rus te laat (Eie besit).

## 2.3 Die Temba-konferensie

In opvolging van die besluit wat by die Mamelodi-konferensie geneem is, het die regering die ont=moeting met die Ndebele vir 21 Maart 1969 te Tem=ba beplan. Alle Ndebelestamhoofde is na hierdie byeenkoms uitgenooi. Terwyl daar ongeveer 100 persone verwag is, het daar meer as 'n duisend opgedaag. Ndebele vanuit die stedelike gebiede was ook teenwoordig.

Die regering het by hierdie geleentheid die vol=gende sake beklemtoon:

- Die konferensie is vir alle Ndebelestamhoofde belê omdat nie almal op die byeenkoms te Mame=lodi teenwoordig was nie.
- Die Ndebelestamme is geografies verspreid en woon in min of meer tien blokke wat van die Limpopo na Potgietersrust, Pietersburg, Groblersdal en Hammanskraal strek. Afgesien van die geogra=fiese verspreidheid van die Ndebele veroorsaak die saamwoon met Noord-Sotho en Tswana dat dit bykans onmoontlik is om 'n "aparte volk met 'n

aparte land" daar te stel. Die regering het dit gestel dat as dit die begeerte van die Ndebele is om 'n aparte volk te wees, sal van die Ndebelestamme bereid moet wees om nader aan ander Ndebelestamme te trek. Indien die Ndebele in twee blokke gevestig kan word, sal die Minister bereid wees om hulle versoek toe te staan. Dit sal beteken dat die Ndebele van Hammanskraal, Groblersdal en Nebo nader aan mekaar sal moet trek. Die noordelike Ndebele soos die Seleka en die Langa sal ook moet ver=huis.

- Elke stamhoof sal nog sy eie jurisdiksie oor sy mense behou en elke stam kan sy eie identiteit handhaaf.
- Benewens die Manala en Ndzundza wat nog Suid-Ndebele praat, is daar ander Ndebele wie se kinders òf Noord-Sotho in Lebowa òf Tswana in die Tswanagebied leer. "Daar kan nie 'n volk met so baie tale wees nie", aldus die Minister.
- Die regering wil nie in die pad van die Ndebele om 'n verenigde volk te wees, staan nie. Dit is die beleid van die regering dat dit wat byme=kaar hoort, saamgevoeg moet word.
- As die Ndebele nie bereid is om te verhuis nie en besluit om onder die Noord-Sotho en die Tswana te bly, sal die geleentheid verby wees om oor die saak te praat. Die Minister het egter ook verduidelik dat as die Ndebele die status quo handhaaf, daar nie gevaar bestaan dat hulle hulle identiteit sal prysgee nie.

"Lebowa is vir die Ndebele en vir die Noord-Sotho ingestel" (F 53/4 deel 2:275).

Nadat bostaande sake verduidelik is, is geleentheid vir bespreking gegee. Volgens die notule het 10 stamhoofde, sewe verteenwoordigers van stamhoofde en vier Ndebele uit die stedelike gebiede aan die bespreking deelgeneem. Die bespreking wat na aan=leiding van die toespraak gevolg het, kan in die volgende temas verdeel word:

### 2.3.1 Eenheid van die Ndebele

Tien afgevaardigdes het hulle oor die eenheid en so=lidariteit van die Ndebele uitgelaat. Hulle was deur die bank van mening dat die ideaal van Ndebele-eenheid en die moontlike voordele wat dit kon inhou, die moeite werd was om na te streef. Daar is gevoel dat die verkryging van Ndebele-eenheid 'n voorwaarde vir die oplossing van die ander probleme van die Ndebele is. Hoewel hulle gevoel het dat Ndebele-eenheid nie binne 'n kort tydsbestek verkry sal word nie, dit in elk geval bevorder moet word. Dit is verder gestel dat die geografiese verspreidheid van die Ndebele nie die strewe na eenheid behoort te belemmer nie. Indien eenheid bereik kan word, sal dit 'n eie identiteit aan die Ndebele gee sodat hulle deur die ander groepe as 'n volwaardige etniese eenheid erken sal word. Verskeie sprekers het dit gestel dat

alle Ndebele kinders van Musi is.

2.3.2 Ndebele-identiteit en hulle politieke toekoms

Elf sprekers het hulle oor die skepping, handha=wing en veral die de jure erkenning van die Ndebele as etniese eenheid uitgelaat. Van die sprekers het dit beklemtoon dat die verkryging van Ndebele-eenheid 'n voorvereiste vir die handhawing van Ndebele-identiteit is aangesien baie Ndebelestamme onder druk van ander etniese eenhede verkeer. Isaac Mahlangu van Soweto het dit baie skerp uitgedruk toe hy verklaar het dat daar nie so iets soos 'n Ndebelevolk bestaan nie omdat die Ndebele nie wetlik erken is nie. Vol=gens bestaande beleid moes die Ndebele by van die reeds erkende etniese groepe inskakel. Mahlangu het verder gesê dat hy uitgevind het daar is twee groepe Ndebele, nl. die Noord- en die Suid-Ndebele. "Almal kom nogtans van een vader. Kan 'n mens broers skei net omdat hulle nie bymekaar woon nie?" Hy het dit op die hart van die vergadering gedruk dat alle Ndebele moet verenig sodat hulle 'n volk kan wees.

In dieselfde trant het stamhoof Shongoane van die Hlahlerwa (hulle is nie Ndebele nie) versoek dat die Ndebele amptelik erken word. Felix Eland het verklaar dat hy lank gewag het om te hoor tot wat=ter etniese groep sy mense behoort. Hy het ook

gesê dat dit vernederend is om te besef dat die kinders nie weet waar die Ndebele vandaan kom nie en dat hulle nie hulle taal ken nie. Ander spre= kers het die gebrek aan 'n gemeenskaplike taal as 'n faktor ten opsigte van Ndebele-identiteit aan= geraak.

Die voorsitter van die Ndzundza (Mabhogo)-stam= owerheid, mnr. Simon Skosana, het dit kort en klaar gestel dat almal Ndebele is afgesien van waar hulle woon. 'n Ander verteenwoordiger van Mabhogo het verklaar dat die Ndebele hulle vryheid wil hê. Met uitsondering van Jack Mahlangu het die ander sprekers hulle dank vir die geleentheid wat deur die regering daargestel is, betuig.

Die reaksie van die Ndebele op sekere uitlatings van Jack Mahlangu was 'n goeie illustrasie van die algemene gevoel op die konferensie. (Soos aan= getoon het Jack gepoog om van die Ndzundza van Mabhogo weg te breek deur by Lebowa in te skakel en om sodoende sy eie stamhoofskap te bevestig). Jack Mahlangu het verklaar dat hy nie met die ge= dagte van 'n eie gebiedsowerheid vir die Ndebele kan saamstem nie. "Ek behoort aan Lebowa en die dinge waarvoor julle nou vra, het ek alreeds. Ek is hierheen geroep en ek is 'n vreemdeling hier". Die resultaat van die opmerkings was, volgens die notulehouer, dat die skare "oproerig" geraak en die spreker tot stilswye gedwing het. Ander

afgevaardigdes van die Ndzundza van Nebo het hulle baie minder uitgesproke oor die onderhawige onder=werpe uitgelaat.

Die reaksie van die skare op die opmerkings van Jack Mahlangu het twee sake geïmpliseer, naamlik dat die aansluiting van Jack by Lebowa, afgekeur is en dat daar 'n definitiewe stemming teen die Tswana- en Lebowaregerings bestaan.

### 2.3.3 Die konsolidasie van die Ndebele

Die moontlikheid dat van die Ndebelestamme sou moes trek as 'n gemeenskaplike tuisland afgebaken moes word, is deur verskeie sprekers aangeraak. Dit was ook baie duidelik dat dit dié een punt op die agenda was wat koue water op die entoesias=me van die Ndebele gegooi het. In breë trekke het daar drie standpunte oor dié saak bestaan:

- 'n Aantal sprekers het hulle baie versigtig oor die moontlikheid van verhuising en die geogra=fiese konsolidasie van die Ndebele uitgelaat. Die sprekers het oor die algemeen verklaar dat dit 'n moeilike aangeleentheid is waaroor daar nie dadelik besluit kan word nie.
- Die tweede groep was van mening dat die gebrek aan geografiese konsolidasie nie noodwendig die eenheid van die Ndebele hoef te belemmer nie. Dit was veral die stedelike Ndebele wat

by hierdie standpunt ingeval het. Alex Kekana van Mamelodi het egter reguit gesê dat as die Ndebele ter wille van hulle ideale versoek word om te trek, hulle nie moet weier nie.

- Die derde standpunt wat geheers het, was dié van Johannes Kekana van Zebediela en andere wat soos hy gedink het. Hulle het dit uit die staan=spoor duidelik gemaak dat die Ndebele nie van plan is om te trek nie. Die beoogde gebiedsower=heid van die Ndebele moet ingestel word sonder dat geografiese konsolidasie as 'n voorvereiste gestel word.

2.3.4 Toekomsaspekte

Na afloop van die bespreking het die Kommissaris-generaal van die Noord-Sotho die volgende sake aan die teenwoordiges gestel:

- Die feit dat die Ndebele nie statutêr as 'n afsonderlike etniese eenheid erken is nie, is die skuld van die Ndebele self omdat hulle met die finalisering van die Wet op die Bevordering van Swart Selfbestuur met hulle bestaande posi=sie tevrede was.
- Die Ndebele moet bewys lewer dat die nasionalisme wat tydens die Mamelodi- en Temba-konferensies gedemonstreer is, standhoudende nasionalisme is en dat dit nie maar net 'n "grasvuur" is wat baie gou gaan uitbrand nie. Ten einde te bepaal hoe standhoudend die Ndebelenasionalisme is,

stel die regering 'n voorbehoud, naamlik dat die Ndebele hulle begeerte om te konsolideer sal moet bewys deur van plekke wat lank deur hulle bewoon word, na 'n gemeenskaplike tuis=land te trek.

- Diegene wat ten tye van die konferensie uitgespro=ke ten gunste van verhuising was, is dalk dié persone wat nie hoef te trek nie en is ook die wat dalk nie sal swaarkry as daar getrek moet word nie.
- Indien die ideaal nie bereik kan word nie, bly daar net 'n tweede beste keuse oor, naamlik dat die <u>status quo</u> gehandhaaf word. Binne die raam=werk van die <u>status quo</u> kan egter gepoog word om die identiteit van die Ndebele deur middel van stam- en streeksowerhede te handhaaf. Op nasionale vlak sal hulle egter by Lebowa of die Tswanagebiedsowerheid ingeskakel (moet) word.
- Wat die taalverskille betref, het die Kommissa=ris-generaal verklaar dat dit nie baie gou sal gebeur dat al die Ndebele dieselfde taal praat nie (F 53/4 deel I:265-274).

Op die Mamelodi- en Temba-konferensies het dit duidelik geblyk dat daar 'n sterk gevoel ten gun=ste van Ndebele-eenheid was. Hierdie eenheidstre=we en eenheidsgevoel, wat 'n kenmerk van Ndebele=nasionalisme was, het egter ook daartoe gelei dat bestaande objektiewe verskille, soos taalverskil=le, opsetlik geminimaliseer is. Die Ndebele is

deeglik van die feit bewus dat daar 'n verskil tussen die Suid-Ndebeledialekte en die Noord-Ndebeledialekte bestaan. Die Suid-Ndebele is ook deeglik daarvan bewus dat die meeste Noord-Ndebe=lestamme hoofsaaklik Noord-Sotho praat en dat die Huaduba en die Kekana van Majaneng hoofsaaklik Kgatlasprekend is. Die eenheidsgevoel wat die Ndebele op hierdie stadium beleef het, het, wat hulle betref, op twee bene gestaan, naamlik die gemeenskaplike naam Ndebele en die veronderstel=ling dat alle Ndebele kinders van Musi is. Soos later aangetoon sal word, is taalverskille as 'n "huishoudelike" aangeleentheid, dit wil sê, 'n mindere aangeleentheid, beskou. Die Kommissaris-generaal van die Noord-Sotho was egter heeltemal reg toe hy verklaar het dat dit lank sal neem voordat alle Ndebele dieselfde taal praat. Dit was 'n objektiewe waarneming. Die Ndebele het dit egter subjektief (intensioneel) geïnterpre=teer. Dié verskynsel dat objektiewe verskille as gevolg van 'n oorheersende eenheidsmotief, on=derbeklemtoon word, is relatief algemeen in nasionale eenheidsbewegings aan te tref. Dit plaas die klem opnuut op die intensionele interpretasie wat etniese eenhede aan objektiewe aangeleenthede kan gee.

## 2.4 Verdeeldheid in Ndebele-geledere en die on=dergang van die T.N.N.O.

Na aanleiding van die konferensie te Temba, het

die T.N.N.O. verskeie vergaderings by stamhoofde gehou ten einde die Ndebele se saak te bevorder en om die standpunte van die Ndebele in die tuis= landgebiede te peil. Dit het egter weldra geblyk dat die stamhoofde ernstige probleme met die ver= huising van stamme gehad het. Dít het enersyds tot die ondergang van die T.N.N.O. bygedra. Omdat die T.N.N.O. nie die steun van die stamhoofde kon verkry nie, kon hulle ook nie namens hulle praat nie. Andersyds het die regering van die standpunt uitgegaan dat daar net met stamhoofde onderhandel sal word. Dit het die T.N.N.O. feitlik, wat die regering betref, oneffektief gemaak. Dit het egter nie beteken dat die T.N.N.O. nie nogtans daarin geslaag het om die ideaal van die Ndebele aan die gang te hou nie.

As gevolg van die Temba-konferensie het die T.N.N.O. 'n vergadering van Ndebelestamhoofde (dit is nie bekend watter stamme almal teenwoordig was nie), op 4 Mei 1969 te Vaaltynslokasie belê. Die stam= hoofde wat teenwoordig was, het dit duidelik ge= stel dat hulle nie van plan is om te verhuis nie aangesien die regering nie 'n soortgelyke eis aan die ander etniese eenhede gestel het nie (F 53/4 deel I:312, en F53/4 deel 2:284).

Hierdie vergadering is met 'n byeenkoms te Welte= vreden (hoofstat van David Mabhogo) op 31 Mei 1969 opgevolg. Tydens die byeenkoms het die teenwoordige

Ndebelestamhoofde besluit om van die Lebowa- en die Tswanagebiedsowerhede weg te breek (F 53/4 deel 2:346, 290, 280). (Ook in die geval is dit nie bekend watter stamhoofde teenwoordig was nie.)

Na aanleiding van hierdie twee vergaderings het die T.N.N.O. 'n memorandum opgestel wat aan die regering voorgelê is. Dit het die volgende gestel:

1. "That the Department recognises the Ndebele tribe of the RSA as a separate ethnic group;
2. that the Ndebele tribe be granted self-rule on a social basis and not on a geographical basis. The Ndebele tribes should remain at its present positions (areas). The application of the Ndebele for self-rule should be executed in the same way and on the same conditions as in the case of the non-Ndebele tribes;
3. that the Ndebele be left to consider the uni= formity of language for the future;
4. that the Ndebele national chiefs be allowed to form their own temporary regional authorities for administrative purposes in the northern and southern regions. The northern region includes all the Letwaba chiefs at present under Lebowa;
5. that the department should provide more land to accommodate all the Ndebele nationals in the Republic;
6. that the Ndebele nationals, resident in all mixed Bantu communities (urban and rural) be

allowed common enjoyment of equal rights of citizenship with all other residents of such townships and locations;

7. that the education of Ndebele children continues to be in the language medium chosen by the parents in urban locations, Bantu towns, urban areas and in rural areas;
8. that, while this application still receives of=ficial attention, the Department should take steps to halt the daily drifting of Ndebele nationals into areas of non-Ndebele chiefs by the khonza-system. This takes place without the necessary prior consultation of the chiefs as this is a violation of the Ndebele tradition and custom;
9. that the influx control measures in respect of the Ndebele nationals in the RSA should not be stressed until border industries are established to provide bulk employment of Ndebele nationals in the future" (F 53/4 deel 2:289, 290).

## 2.5 Samesprekings met die regering

Na aanleiding van die voorafgaande gebeure is 'n vergadering tussen senior amptenare van die Depar=tement en verteenwoordigers van die Ndebele op 6 Junie 1969 te Pretoria gehou. Die regering wou verneem wat die besluite van die Ndebelestamhoofde is na aanleiding van die voorwaardes wat by die Temba-konferensie neergelê is. Die Verteenwoordi=

gende Komitee het verklaar dat nie een van die stam=hoofde wat by die Temba-konferensie was, bereid is om te verhuis nie. Wat die taalverskille tussen die Noord- en Suid-Ndebele betref, is geantwoord dat die Ndebele dit nie as 'n probleem sien nie en dat hulle dit as 'n "huishoudelike" aangeleentheid be=skou (F 53/4 deel 2:296, 116-115). Dit was veral die verteenwoordigers van die Ndzundza en die Mana=la wat hulle baie sterk teen verhuising in die al=gemeen uitgelaat het. Hulle het verduidelik dat daar skole en klinieke binne hulle stamgebiede be=staan en dat hulle nie bereid is om na gebiede te trek waar die geriewe van vooraf opgerig moet word nie. Kapteins Mabhogo en William Mabhena het aan=gevoer dat hulle reeds "'n paar keer" moes trek en dat hulle "wonder wat die regering teen hulle het". Die Ndzundza het egter laat blyk dat hulle in slegs een geval bereid is om te verhuis, naamlik as die Ndebeletuisland by Mapochsgronde uitgemeet word. Indien dit nie gebeur nie, moes die Ndebele erken word as etniese eenheid afgesien van die plekke wat hulle bewoon (F 53/4 deel 2:296-293).

Na aanleiding van hierdie vergadering het die Departement tot die volgende konklusies gekom:

- Die bestendiging van die <u>status quo</u> sal nie aan=vaarbaar wees nie. Die Ndebele sal voortdurend vertoë rig vir erkenning en die skepping van 'n eie regering.
- Met die uitsondering van die Ndzundza van Mabhogo

wat bereid is om op eie koste na Mapochsgronde te verhuis, is nie een van die ander stamme bereid om te trek nie.

- Met die oog op die daarstelling van 'n tuisland vir die Ndebele, het die Departement die volgen= de moontlikhede oorweeg:

1. Die skepping van 'n derde blok plase aangren= send aan Jack Mahlangu se gebied waarin die Ndebele van die Palalablok hervestig kan word.
2. Dat 'n gebiedsowerheid vir die Ndebele van Transvaal oorweeg word ten opsigte van die vier blokke (Palalablok; Potgietersrust-Pieters= burgblok, Groblersdalblok en die Neboblok) waar die Ndebele hulle bevind. Die rede vir die moont= like skepping van 'n Ndebelegebied aangren= send aan Jack Mahlangu se stamgebied, was dat die meerderheid onderdane van Mabhogo en van William Mabhena (van die Manala) op Blanke pla= se gevestig was. Indien Mabhogo en Mabhena verhuis, dan is hulle van hulle onderdane af= gesny (F 53/4 deel 3:308).

Ondertussen het die T.N.N.O. 'n vergadering te Mapela gehou waarop die memorandum wat aan die regering gestuur is, weer bespreek is. Daar is besluit om geen verdere vergaderings te hou totdat 'n antwoord van die Minister ontvang is nie. Dit het verder aan die lig gekom dat Kekana en Makgathulela se paadjies op hierdie tydstip

uitmekaar begin loop het. Kekana het allerhande bewerings ten opsigte van Makgathulela gemaak en die Ndzundza en Manala daarvan beskuldig dat hulle stamlede onbeheerbaar op vergaderings is (F 53/4 deel 2:315).

Na aanleiding van die samesprekings wat die Depar= tement met 'n verteenwoordigende Ndebelekomitee op 6 Junie 1969 gehad het, het die Minister op 27 Augustus 1969 beslis dat aangesien "... die oorgrote meerderheid van die Ndebelestamme skyn= baar nie daarin belangstel om hulle huidige stam= gebiede te verlaat ten einde te poog om 'n eenheid te bewerkstellig nie, word dit derhalwe van ower= heidsweë aanvaar dat die huidige posisie gehand= haaf word" (F 53/4 deel 2:341).

Hierdie gevolgtrekking van die regering, naamlik dat die meerderheid van die Ndebelestamme blykbaar nie bereid is om hulle stamgebiede te verlaat en na 'n beoogde gemeenskaplike tuisland te trek nie, was korrek. Dit was net die Ndzundza wat hulle op 'n stadium ten gunste van verhuising uitgespreek het.

Pas na hierdie aankondiging het die spanninge in die T.N.N.O. verder toegeneem. Op 'n vergadering van 28 September 1969 te Vaaltynslokasie is gewag gemaak van die rebellerende elemente in die stede= like gebiede wat sou dreig om die goeie naam van

die Ndebele in 'n swak lig te stel. Volgens die verslag van die vergadering was die stedelike Ndebele vir grootskaalse verwarring verantwoor= delik. Daar was ook sprake dat die organisasie opgeknap moet word (F 53/4 deel 2:350).

Ondertussen het Kekana 'n memorandum opgestel waarin die optredes van die stamhoofde betreur word. Hy was van mening dat die stamhoofde nage= laat het om hulle volgelinge oor die vereistes van die regering in kennis te stel. In antwoord op die aankondiging van die Minister dat die status quo gehandhaaf word, het Kekana verklaar dat die Ndebele steeds baie ontevrede is dat hulle onder die Tswana- en Lebowaregerings moet staan. "This still aggravate the position or suspectful situation between the Ndebele and those other tribes, that the Ndebele believe that they will never have their own territorial authority but will vanish among other tribes". En verder: "As a result of the unclarified position, the Ndebele tribal chiefs who now have been offered ministerial posts in the Territorial Authorities of the other tribes are regarded by their tribes as selling them away, and in fact, all the Ndebele tribes do not consider the steps taken by these other chiefs to have been taken in the right direc= tion and therefore they do not appreciate it at all as for the progress of the Ndebele" (F 53/4 deel 2:355-353). Hy was verder van mening dat

die stamhoofde gepoog het om die vraagstuk van verhuising te vermy deur "poste in die gebieds=owerhede van Lebowa en die Tswana te neem" en dat die Ndebele in die algemeen suspisieus ten opsigte van die optrede van die stamhoofde sou gestaan het.

(Hierdie skeuring was te wagte aangesien die ste=delinge ten gunste van die verhuising en eventuele geo-politieke konsolidasie van die Ndebele was, maar hulle was nie die mense wat die opofferings sou moes maak nie. Aan die ander kant het die stamhoofde geweet dat as hulle sou besluit om te trek, hulle heelwaarskynlik baie van hulle stam=lede gaan verloor omdat hulle nie bereid sou wees om te trek nie.)

In die lig van bostaande gebeure het senior ampte=nare van die Departement vir Kekana afgeraai om met sy werksaamhede voort te gaan aansien dit in elk geval die stamhoofde was wat moes besluit wat gedoen gaan word (F 53/4 deel 2:357).

Ondertussen het ene W.G. Mtsweni op sy eie 'n ver=gadering in naam van die T.N.N.O. te Springs belê. (Mtsweni was die amptelike "sekretaris" van Ma=kerane Mabhena van Gruisfontein.) Tydens die by=eenkoms het die teenwoordige Ndebele opnuut be=sluit dat hulle 'n tuisland en 'n eie regering wil hê. By die geleentheid het ene J.N. Kekana, as die waarnemende sekretaris van die T.N.N.O.,

amptelik aangekondig dat daar 'n tuisland vir die Ndebele beskikbaar is. "There is a homeland in store for you. The fate of the homeland is in your hands. If accepted, you will stop living as parasites" (The Springs African Reporter, 1969-12-12). Hierdie vergadering is ook deur Suid-Ndebelestam= hoofde of hulle verteenwoordigers bygewoon (F 53/4 deel 2:389).

Sedert die besluit van die regering dat die status quo gehandhaaf word, het die Suid-Ndebele sterker druk vir die bereiking van hulle ideale uitgeoefen. Omdat die Suid-Ndebele ook 'n sterker saak as die Noord-Ndebele gehad het, het die regering algaande meer aandag aan die Suid-Ndebele en veral die Ndzundza van Mabhogo, verleen. Dit het op sy beurt daartoe gelei dat die regering op 21 April 1972 verklaar het dat die T.N.N.O., wat toe eintlik nog net in naam bestaan het, die ontwikkelinge by die Suid-Ndebele moet afwag (F 53/4 deel 3:320).

Pas hierna op 18 Mei 1972, het die Kommissaris-gene= raal 'n vergadering met lede van die Ndebelestreeksowerheid belê. Die Ndebele wat op die vergadering teenwoordig was, het dit baie dui= delik gestel dat hulle nie van plan was om te trek nie, maar dat die regering die verskillende stamme moet erken waar hulle op daardie stadium woonagtig was. Hulle het verklaar dat hulle nie teen Lebowa gekant is nie en ook nie wil oorlog maak nie. Johannes Kekana van die Kekana van Zebediela het

gesê dat die Noord-Ndebele saam met Lebowa ontwik= kel het, maar dat die Noord-Ndebele nou 'n "groot volk" geword het. Hy het dit ook ontken dat daar verskille tussen die Noord- en Suid-Ndebele bestaan (F 53/4 deel 4:11).

Na aanleiding van 'n verslag van dié vergadering, het die Minister op 24 Julie 1972 besluit dat daar geen rede bestaan waarom die Ndebele van Lebowa of van die Tswanagebiedsowerheid moet wegbreek nie. Hy het gesê dat aangesien die Noord-Ndebele kon= stitusioneel deel van Lebowa vorm, hulle hulle standpunt om van Lebowa weg te breek, in die Wet= gewende vergadering van Lebowa moet stel. Die Minister was ook nie bereid om sonder die medewete van die regering van Lebowa 'n onderhoud aan die Noord-Ndebele toe te staan nie (F 53/4 deel 5:141).

In Februarie 1973 het die regering weer verklaar dat hulle slegs met die amptelik-erkende stamhoofde sal onderhandel. Op daardie stadium het 'n hele aantal persone hulle as leiers van die T.N.N.O. voorgedoen. Dit het verwarring geskep en die rege= ring kon nie op so 'n basis onderhandelings voer nie. Hierdie verklaring kan ook as bydraend tot die einde van die reeds tanende T.N.N.O. gesien word (F 53/4 deel 4:37, 192).

## 3.0 Die Northern Ndebele National Organisation (N.N.N.O.)

Die N.N.N.O. kan nie met die T.N.N.O. vergelyk word nie aangesien daar waarskynlik geen amptelike vergadering gehou is waarop so 'n organisasie ge= stig is nie. Uit alle beskikbare dokumente en mon= delinge getuienis wat skrywer kon bekom, blyk dit dat die N.N.N.O. prakties 'n eenmansorganisasie is. Ene Molomo het hom as die Organiseerder van die N.N.N.O. voorgedoen. Hy het wel oor 'n aantal hel= pers beskik, maar besonderhede oor hulle kon nie deur skrywer opgespoor word nie. Vroeg in 1979 het skrywer 'n brief van Molomo ontvang waarin hy ver= duidelik dat 'n konstitusie vir die N.N.N.O. opge= stel gaan word. Op daardie stadium het daar reeds 'n gebiedsowerheid vir die Suid-Ndebele bestaan terwyl daar nog baie onduidelikheid oor die Noord-Ndebelestamme was.

Hoe dit ookal sy, in Julie 1975 het Molomo kennis gegee dat 'n vergadering van lede van die N.N.N.O. en die stamhoof van die Mashashanestam op 16 Augustus 1975 te Mashasheslokasie sal plaasvind (F 53/4 deel 7:27). Molomo het hom daarop beroem dat sy organisasie daarvoor verantwoordelik was dat 'n aantal van die Noord-Ndebelestamme besluit het om van Lebowa weg te breek.

Dit is egter te betwyfel of dit so is. Wat nader aan die waarheid is, is dat die N.N.N.O. daarvoor

verantwoordelik was dat die stamhoof van die Mashashanestam, naamlik Tlakale, gevra is om die saak van die N.N.N.O. te steun en van Lebowa weg te breek. Omdat sy nie wou instem nie, is sy in die nag opgelaai en by haar vader se stat in Nebo af= gelaai. Nadat Tlakale uit die pad was, het die "stamraad" van die Mashashane glo "besluit" dat die stam van Lebowa gaan wegbreek. Die besluit is na bewering op 27 Desember 1975 geneem (F 54/1525/6 deel I:59).

Op die stadium toe die Suid-Ndebelestamme te Aquaville vergader het ten einde die skepping van 'n gebiedsowerheid te oorweeg, het Molomo 'n me= morandum opgestel waarin hy o.a. die regering van Lebowa baie skerp aangeval het. Hy het hulle van allerhande werklike en vermeende optredes teen die Ndebele beskuldig. Hy het die volgende aange= voer:

- Die Noord-Ndebele gaan 'n eie gebiedsowerheid kry.
- Die begrip Lebowa is dubbelsinnig en die naam is met opset so gekies om die Noord-Ndebele te ver= war. Lebowa is 'n Trojaanse perd en 'n wolf in skaapsklere. Lebowa is slegs vir die Noord-Sotho ingestel.
- Die N.N.N.O. is geskok deur die verklaring van die Hoofminister van Lebowa dat Lebowa 'n "ver= enigde nasie" is.

In die memorandum het Molomo dit vragenderwys aan

die Noord-Ndebele gestel of hulle daarvan bewus is -

> dat geen vergadering deur die Ndebele in Lebowa gehou mag word nie, behalwe wanneer dit binne stamgebiede plaasvind; dat geen Noord-Ndebele-onderwyser oor sy eie mense se geskiedenis mag praat nie tensy hy sy pos wil verloor; dat die Justisiedepartement van Lebowa die N.N.N.O. ver=bied het om vergaderings by Mashashane te hou; dat van die Noord-Ndebelestamhoofde, as gevolg van 'n vergadering wat hulle gehou het, in die tronk van 'n "vreemde regering" gestop is; dat die Noord-Ndebele die vuilspel van Lebowa moet ignoreer; dat die regering van Lebowa gefrus=treerd en jaloers is; dat die Mokopane College te Potgietersrust deur die Noord-Ndebele self gebou is, en dat die Noord-Ndebele 'n ander etniese eenheid as die Noord-Sotho is (R 226/2 deel I:49).

Op 5 April 1977 het Molomo verklaar dat die Suid-Ndebele 'n eie gebiedsowerheid gekry het en dat die Noord-Ndebele voortaan afsonderlik van die Suid-Ndebele gaan ontwikkel. In dié brief (wat hy aan die Bakenbergstamowerheid gerig het), het hy verder verklaar dat die Noord-Sotho die Noord-Ndebele as hulle gevangenes aanhou (r 222/6 deel I:50).

In Oktober 1977 het Molomo in naam van die N.N.N.O.

berig dat die Maraba- en die Mashashanestamme be=
sluit het om van Lebowa weg te breek en dat dié
besluite met die handtekeninge van die betrokke
stamhoofde bekragtig is (R 228/2 deel 3:45).

Wat die aktiwiteite van die N.N.N.O. betref, is dit
voldoende om aan te toon dat Molomo en 'n aantal
stedelike Ndebele (en waarskynlik ook 'n aantal
uit van die stamgebiede), hulle vir die saak van
die Ndebele beywer het. In die proses het hulle bv.
besliste druk op Tlakale van die Mashashane uitge=
oefen. Andersyds het skrywer baie sterk onder die
indruk van die persoonlike ambisies van Molomo self
gekom.

## 4.0 Die strewe tot selfverwesenliking by die Suid-Ndebele

### 4.1 Inleiding

Die strewe tot selfbeskikking by die Suid-Ndebele
behels 'n hele aantal fasette. Hoewel hierdie fa=
sette met mekaar verweef is, word gepoog om hulle
analities te onderskei en as sodanig te bespreek.
Vir die doeleindes van dié afdeling van hierdie
hoofstuk word die volgende fasette bespreek:
die strewe tot amptelike erkenning en die verkry=
ging van 'n tuisland; die verkryging van 'n eie
gebiedsowerheid, en die nasionale simbole van die
Suid-Ndebele wat tydens die oplewing van nasiona=
lisme hernude klem ontvang het.

Naas die aktiwiteite van die T.N.N.O., het die stamraad van die Ndzundza van Mabhogo die heel be=langrikste rol in die ontwaking van 'n Ndebelena=sionalisme gespeel. Trouens, die ontstaan van die T.N.N.O. kan en moet deels aan die werksaamhede van dié stamraad toegeskryf word. Die Ndzundza van Mabhogo het 'n baie sterk saak gehad en kon daarin slaag om,in teenstelling met die Noord-Nde=belestamme, hulle ideale te realiseer.

## 4.2 Die strewe tot amptelike erkenning

Die Wet op die Bevordering van Swart Selfbestuur van 1959 maak voorsiening vir die amptelike er=kenning van die etniese groepe van die RSA. Soos vroeër aangetoon, is die Ndebele aanvanklik nie as volksgroep deur die wet erken nie. Die ampte=like erkenning van 'n etniese eenheid is egter nie 'n voorvereiste vir die instelling van 'n ge=biedsowerheid of vir die skepping van 'n eie tuis=land nie. Die blote feit dat die Suid-Ndebele, en ook die ander Ndebelestamme, nie amptelik as 'n afsonderlike etniese eenheid erken is nie, is as 'n onreg deur die Ndebele ervaar. Sedert 1962 het die Ndzundza van Mabhogo navraag oor hierdie aangeleentheid gedoen. In 1966 het 'n afvaardiging van die Ndzundza van Mabhogo weer navraag gedoen waarom hulle nie erken is nie. Hulle het aangevoer dat hulle 'n eie identiteit het en nie bereid is om onder die gesag van die Tswana of die Noord-Sotho te staan nie (F 541236/3 deel I:111).

Na aanleiding van die advies wat hulle ontvang het om aansoek vir amptelike erkenning via die kantoor van die Hoofbantoesakekommissaris te Pietersburg te rig, is 'n byeenkoms te Weltevreden gehou. Tydens die vergadering wat op 15 Oktober 1966 plaasgevind het en waartydens ook Ndebele vanaf die Rand, die Hoëveld, Swart woonbuurtes en plase teenwoordig was, is daar oor die "... non-existence of the Ndebele in the books of law" gepraat (F 53/4 deel I:86). Hierdie byeenkoms is met 'n besoek aan die kantoor van die Hoofbantoesakekom=missaris te Pietersburg opgevolg. (Dit is nie be=kend wat die resultaat van dié samesprekings was nie.)

Binne Departementele kringe is daar klaarblyklik geredeneer dat die amptelike erkenning van 'n et=niese eenheid impliseer dat 'n tuisland en afson=derlike politieke strukture geskep moet word. In die lig van hierdie benadering was die regering nie teen die erkenning van die Ndebele gekant nie, maar daar het onsekerheid oor die omvang en die meriete van die beweging onder die Suid-Ndebele en die Noord-Ndebele bestaan. Daar is onder andere gevra of dit raadsaam sou wees om 'n etniese een=heid te erken wat numeries klein is. Die Kommissa=ris-generaal van Lebowa het egter eventueel geant=woord dat die Noord- en Suid-Ndebele meer as bv. die Ovambo van Suidwes-Afrika is en dat daar in beginsel dus geen beletsel vir hulle amptelike erkenning kon bestaan nie. Hoewel die regering

redelik oortuig was dat die Suid-Ndebele 'n saak gehad het, was dit nie seker of die strewe onder die Noord-Ndebele meriete het nie. Indien wel, moes dit vasgestel word sodat vir alle Ndebele gesamentlik planne uitgewerk kon word (F 53/4 deel I:36).

As gevolg van die onduidelikhede wat daar op daardie stadium bestaan het, het die regering op 7 November 1967 beslis dat die Suid-Ndebele voor= lopig nie as 'n afsonderlike etniese eenheid erken sal word nie, maar dat eerder gepoog behoort te word om 'n streeksowerheid vir die Ndebele van Groblersdal, Nebo en Hammanskraal (oos van die Pretoria-Warmbadpad) in te stel. Hierna moes ge= poog word om die Suid-Ndebele te oorreed om hulle gewig by Lebowa in te gooi (F 53/4 deel I:56).

Soos reeds aangetoon het verskeie Ndebelesprekers hulle tydens die Mamelodi-konferensie (1968) oor amptelike erkenning uitgelaat. Dit is o.a. gestel dat dit die Ndebele se skuld is dat hulle nie amp= telik erken is nie omdat hulle nie in die "abba= vel gehuil het" nie (F 53/4 deel I:108-109). Na aanleiding van die konferensie het die regering be= sluit om die strewe van die Ndebele, en veral die van die Suid-Ndebele, te erken. Tydens die Tem= ba-konferensie (21 Maart 1969) het die beklemtoning van die eie identiteit van die Ndebele as motivering vir amptelike erkenning weer na vore gekom. Die Kom= missaris-generaal van Lebowa het dit herhaal dat dit

die Ndebele se skuld is dat hulle nie erken is nie, maar hy het nie verklaar dat die amptelike en de jure erkenning van die Ndebele 'n voorvereiste vir die erkenning van hulle strewes is nie. Hy het gesê dat die Ndebele bewys moet lewer van die stand=houdendheid van hulle strewe alvorens verdere oor=weging aan hulle versoeke verleen kon word (F 53/4 deel I:265-274).

Na aanleiding van hierdie verklaring van die Kommis=saris-generaal het die begrip erkenning nie so seer die betekenis van de jure erkenning as die de facto erkenning van die strewes van die Suid-Ndebele ge=had nie. Feitelik kon die bestaan van die Suid-Ndebe=le as 'n afsonderlike etniese eenheid nie ontken word nie.

## 4.3 Die verkryging van grondgebied

Soos in die vorige hoofstuk aangetoon, was die Ndzundza oor Transvaal verstrooi. Die meerderheid Ndzundza het hulle op Blanke plase en in die ge=biede van ander stamhoofde bevind omdat daar geen afgebakende tuisland vir die Suid-Ndebele bestaan het nie. Die gebiede wat wel bestaan het, soos die stamgebied van die Ndzundza van Mabhogo, was reeds oorbeset.

Die strewe van die Suid-Ndebele, veral die Ndzundza van Mabhogo, om grondgebied te bekom waarop die

Ndebele gevestig kon word, het met die strewe om amptelik erken te word en 'n eie regering te ver=kry, saamgeval.

As gevolg van die opkoms van Ndebelenasionalisme, het van die Noord-Ndebele en Ndebele in stedelike en op landelike Blanke gebiede saam met die Suid-Ndebele vir die skepping van 'n Ndebeletuis=land geaspireer. Die Suid-Ndebele het van die hulp van die T.N.N.O. en van die ander Noord-Ndebele gebruik gemaak om dié ideaal te verwesenlik maar hulle het hulle strewe nie afhanklik van die ini=siatiewe van die Noord-Ndebele of die T.N.N.O. ge=maak nie. Dié gesamentlike strewe van die Noord- en Suid-Ndebele het egter na die aankondiging van die regering dat van die Ndebelestamme na 'n gemeen=skaplike tuisland sal moet verhuis, uiteen begin loop. Hierdie verandering het geleidelik plaasge=vind. Dié verandering het enersyds daaruit bestaan dat die regering op die skepping van 'n Suid-Ndebeletuisland begin konsentreer het omdat (a) die aansprake van die Suid-Ndebele, volgens die oordeel van die regering, werklik meriete gehad het, en (b) omdat die Noord-Ndebele nie bereid was om te verhuis nie. Die vereiste van die regering dat van die Ndebelestamme sal moet verhuis, het 'n veran=dering van strewe by die Noord-Ndebele teweeg ge=bring. In plaas van op 'n tuisland vir die Ndebele aan te dring, soos wat hulle aanvanklik gedoen het, is op die skepping van 'n oorkoepelende Nde=

belegebiedsowerheid wat die bestaande ongekonso= lideerde Ndebelegebiede polities sal verenig, aangedring. Dit het dus beteken dat die bestaande Ndebelegebiede as 'n "tuisland" erken moes word.

In Mei 1967 het 'n afvaardiging van Suid- en Noord-Ndebele vanuit Mamelodi hulle saak aan die regering gaan stel. Hulle het verklaar dat daar geen tuis= land vir die Ndebele bestaan waarheen hulle as ste= delinge kan gaan nie. Op die Mamelodi-konferensie van 1968 het die Ndebele-afgevaardigdes weer om die skepping van 'n Ndebeletuisland gevra (F 53/4 deel I:108-109).

Na aanleiding van die Mamelodi-byeenkoms het die regering besluit dat as 'n tuisland vir die Nde= bele oorweeg word, van die stamme sal moet trek aangesien 'n gekonsolideerde gebied dan tot stand gebring moet word. Die probleem was dat daar nie 'n nasionale owerheid vir die Ndebele ingestel kan word indien die gebied waaroor dit moet regeer uiters ongekonsolideerd is nie. Op daardie sta= dium was geen ander tuisland egter gekonsolideer nie. Die regering was ook van mening dat die ver= eiste dat verhuis sal moet word, bes moontlik die wind uit die seile van die beweging onder die Ndebele kon haal (F 53/4 deel I:203). Tydens die Temba-konferensie is dieselfde vereiste duidelik aan die afgevaardigdes gestel. (In die vorige af= deling van die hoofstuk is daar na die reaksies van die Ndebele op hierdie voorwaarde van die rege=

ring verwys.)

Op 'n vergadering wat op 4 Mei 1969 te Potgieters=rust gehou is, het die Suid-Ndebele en die ander Ndebele teenwoordig hulle teen verhuising uitgelaat. Pas hierna het die Manala en die Ndzundza dit aan amptenare van die Departement gestel dat hulle nie na gebiede wil trek waar daar geen fasiliteite be=staan nie. Beide het aangevoer dat hulle reeds "'n paar keer moes trek" en nou wonder wat die re=gering teen hulle het. Op hierdie byeenkoms het die Ndzundza egter laat blyk dat hulle gretig is om na hulle tradisionele (historiese) gebied, naamlik Mapochsgronde te trek. Die Manala en die ander Suid-Ndebele was egter nie bereid om daarheen te trek nie (F 53/4 deel 2:296-293).

Na aanleiding van hierdie samesprekings het die regering, soos reeds vermeld, besluit dat, met die oog op die skepping van 'n tuisland vir die Ndebe=le, oorweging gegee kon word aan die skepping van 'n derde blok plase aangrensend aan die gebied van Jack Mahlangu van Nebo omdat die meerderheid van Mabhogo se onderdane op Blanke plase gevestig was. Indien Mabhogo en William Mabhena van die Manala moes trek, sou hulle van hulle onderdane afgesny word (F 53/4 deel 3: 308).

Hierdie moontlikheid wat deur die regering oorweeg is, het dit reeds duidelik begin maak dat 'n Ndebeletuisland eventueel in die omgewing waar die

Suid-Ndebele hulle bevind, uitgemeet sou word. Die stamme wat moes trek, sou dus die Noord-Nde=belestamme wees. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die nastrewing van nasionale oogmerke tussen die Noord- en Suid-Ndebele uitmekaar begin loop het.

Omdat slegs die Ndzundza voorwaardelik bereid was om te verhuis en die ander stamme nie eers die moontlikheid wou oorweeg nie, het die Minister beslis dat die koste vir die aankoop van grond vir 'n Ndebeletuisland nie aangegaan kan word al=vorens die ander stamme hulle bereid verklaar het om na so 'n tuisland te trek nie. Terwyl die T.N.N.O. gepoog het om die ander stamhoofde te oor=reed om te verhuis, het die Suid-Ndebele steeds navraag oor die skepping van 'n tuisland gedoen (F 53/4 deel 2:379).

In April 1970 het dit deurgeskemer dat die Tswana=regering van mening was dat Mabopane en Garankuwa eksklusiewe Tswanagebiede is. As gevolg hiervan het verskeie Ndebele in die Tswanagebied hulle in 'n onsekere posisie bevind en by Mabhogo huisves=ting kom soek. Mabhogo moes elke naweek honderde van sy mense wat in die Tswanagebied gewoon het, te woord staan omdat hulle alternatiewe blyplek kom soek het. Dit het daartoe gelei dat die re=gering versoek is om grond beskikbaar te stel waarop hierdie Ndebele gevestig kon word (F 53/4 deel 2: 413).

Op 'n vergadering van 5 April 1970 het die Suid-Ndebele besluit dat 'n eie streeksowerheid en 'n tuisland geskep moet word (F 53/4 deel 2:312).

As gevolg van die versoeke van die Suid-Ndebele en die Ndebele in die stedelike gebiede, het die Minister opdrag gegee dat die grondposisie van die Suid-Ndebele ondersoek word.

Die ondersoek deur die Departement het daartoe ge=lei dat grond aangrensend aan die gebied van Jack Mahlangu van Nebo vir die doel aanbeveel is. Een van die plase wat in die aanbevelings vir toe=kenning vervat is, is die plaas Mapochsgronde by Roossenekal. Die verslag was van mening dat die plase wat aanbeveel was, voldoende is om die Ndzundza van Mabhogo, die Ndzundza van Witlaagte en Kalkfontein en die Manala te akkommodeer. Hier=benewens sou dit 'n aaneengeslote blok vorm waar=by Jack Mahlangu ingesluit kon word (F 53/4 deel 2:420-416).

Voordat die aanbevelings verder bespreek is of aan die Suid-Ndebele bekendgemaak is, het Mabhogo by die Departement gekla dat sy stamgebied bevries is vir verdere nedersetting en dat sy mense wat vanaf Blanke plase getrek het, nog steeds by hom woonplek kom soek. Hy het verder daarop gewys dat sy stamlede verplig was om by ander stamhoofde te lotša omdat hy nie toegelaat word om sy mense te huisves nie. In hierdie brief van 25 Januarie 1971

het hy verder verklaar dat die stamowerheid van plan is om etlike duisende rande in die op=rigting van skole te belê, maar dat hulle nie weet hoe lank hulle vir die afbakening van 'n tuisland sal moet wag nie (R 53/4 deel 3:14).

Tydens samesprekings tussen Mabhogo en die Departe=ment op 26 Januarie 1971, het die Ndzundza verklaar dat hulle 'n "groot nasie is" en 'n eie tuisland wil hê. Die tuisland moet sodanig wees dat hulle die ander Ndzundza daar kan huisves. Hulle was van mening dat as die regering eers die afbake=ning van 'n tuisland amptelik bekend gemaak het, dié Ndebele wat toe nog nie bereid was om te ver=huis nie, dan daarheen sal trek. Die afvaardiging het ook beswaar teen die vereiste van die regering, nl. dat die stamme hulle eers bereid moet verklaar om te trek voordat 'n tuisland afgebaken moes word, aangeteken. Hulle het aangevoer dat dit nie ten opsigte van die ander etniese eenhede van die RSA gegeld het nie. Die regering het egter voet by stuk gehou en verklaar dat die Ndzundza nie na=mens die ander Ndebele kan praat nie en dat daar beslis nie met die skepping van 'n tuisland voort=gegaan kan word indien dit nie seker is wat die ander Ndebelestamme gaan doen nie (F 53/4 deel 3: 23-20).

Inmiddels het die vertoë vir meer grond om volge=linge van Mabhogo te vestig, ingestroom. As 'n tussentydse maatreël is besluit om drie plase aan

te koop waarop die mense gevestig kon word (F 53/4 deel 3:81, 96, 87-90).

Teen die einde van 1971 het die regering weer 'n afvaardiging van die Suid-Ndebele te woord gestaan. Die Manala van Makerane van Gruisfontein naby Heidelberg was ook teenwoordig. Die afvaardiging het dit weer beklemtoon dat die Suid-Ndebele 'n tuisland moet kry, maar almal was dit nie eens of die Noord-Ndebele daarby ingesluit moes word nie. Ter motivering van hulle argument, het die afvaardiging die volgende gestel:

- Die Ndebele is soos die Jode wat 40 jaar in die woestyn geswerf het en die regering nog altyd getrou gedien het. Tog het hulle nog geen tuis= land ontvang nie.
- Dit is die amptelike beleid van die regering dat elke etniese groep sy eie vaderland sal ontvang (F 53/4 deel 3:138-132).

Na aanleiding van hierdie vergadering het die rege= ring die Suid-Ndebele versoek om die regering die nodige tyd te gun om, na deeglike ondersoek, grond vir die Suid-Ndebele te bekom.

In die loop van 1972 het die dringendheid van 'n tuisland opnuut na vore gekom toe daar sprake was dat van Mabhogo se volgelinge te Brakfontein en Doornkop na Hlôgôtlou (in Lebowa) verskuif sou word. Mabhogo het daarop aangedring dat dié mense

eerder in die bestaande Ndzundzagebied "ingeprop" moet word voordat hulle gaan toelaat dat die mense binne Lebowa gevestig word (F 53/1236/4 deel I:68). In Augustus 1972 het die regering weer samesprekings met die Ndzundza van Mabhogo, die Ndzundza van Jack Mahlangu en die Manala gehou. Die Ndzundza van Mabhogo was baie ontevrede met die feit dat Jack onder Lebowa wou bly. Na bespreking het die Minister aangekondig dat Mabhogo se gebied tydelik ontvries sal word en dat daar verder onderhandel sal word om die plase ten suide van Jack Mahlangu se gebied aan te koop (F 53/4 deel 4?).

In Augustus 1972 het die Minister 'n persverklaring uitgereik waarin die daarstelling van 'n tuisland vir die Suid-Ndebele bekendgemaak word (F 53/1236/4 deel I:74). Die persverklaring het egter nie gesê waar die tuisland uitgemeet sal word nie. (Op daardie stadium was die plan egter dat dit hoofsaaklik uit die gebied ten suide van Jack Mahlangu se stamgebied sal bestaan. Dit het onder andere die voordeel gehad dat dit baie na aan die historiese Mapochsgronde geleë was. Dit was vir die Ndzundza 'n belangrike trekpleister. In 'n onderhoud wat skrywer met die Ndzundza van Mabhogo gehad het, het hulle gesê dat as Mapochsgronde deel van die tuisland sou vorm, hulle onmiddellik daarheen sal trek.)

Terwyl die regering besig was om ondersoek na 'n tuisland in te stel, het die Ndzundza van Mabhogo op 22 Junie 1973 gevra dat die Roossenekalgebied

deel van die beoogde tuisland moet vorm en dat die voorstelle wat die regering op daardie stadium oorweeg het, addisioneel tot die Roossenekalgebied moes wees (F 53/1236/4 deel I:128).

Op 27 Julie 1973 het die regering en die Ndzundza mekaar weer ontmoet. By die geleentheid het die regering verklaar dat die Mapochsgronde "nie vir 'n tuisland geskik is nie" omdat dit nie 'n goeie dravermoë het nie. In plaas van die Mapochsgronde het die regering voorgestel dat grond in die Denniltongebied (Vaalbank en Leeufontein) aangekoop moet word. Van die Ndzundza het reguit verklaar dat "beloftes" gebreek is en dat die Ndzundza slegs bereid is om na Mapochsgronde te trek (F 53/1236/4 deel I:141-137).

Die regering het op 14 September 1973 'n persverkla= ring uitgereik waarin dit duidelik gestel word dat Mapochsgronde en die plase ten suide van Mack Mah= langu se gebied nie verder in oorweging geneem word met die oog op die afbakening van 'n tuisland vir die Suid-Ndebele nie.

(Feitelik gesien het die regering nooit finaal gesê watter plase deel van die beoogde tuisland sal vorm nie. Die plase ten suide van Jack Mahlangu se gebied is wel aan die Suid-Ndebele as 'n be= oogde tuisland genoem. Die plaas Mapochsgronde is binne die Departement in oorweging geneem maar dit is nie amptelik aan die Ndebele voorgelê dat

Mapochsgronde wel deel van die tuisland sal vorm nie. Aan die ander kant het die Ndzundza die ver=wagting gekoester dat Mapochsgronde, waaraan hulle verknog is, wel deel van die beoogde tuisland sou vorm. Toe dit egter blyk dat die regering 'n tuis=land verder wes van Mapochsgronde beoog, was hulle teleurgesteld. Die aankoop van die plase Vaalbank en Leeufontein was bedoel om die Ndzundzaplakkers van Brakfontein en Doornkop te hervestig, soos deur Mabhogo versoek (F 53/4 deel 5:110)).

Sedert Desember 1974 het groot getalle Suid-Ndebele die area waar die beoogde tuisland uitgemeet sou word, ingestroom. Die Departement moes eventueel reëlings tref om die immigrante op uitgemete per=sele op Valschfontein 33 JS te vestig (F 53/4 deel 4:130). Dit het baie gou geblyk dat Valschfontein te klein was om die stroom immigrante te dra. In Winterveld in die Tswanagebied was daar ongeveer 15 000 Ndebele wat kennis gegee het dat hulle na die Suid-Ndebeletuisland wil verhuis (F 53/4 deel 4:5). Die toestroming het so 'n omvang aangeneem dat die plase Vaalbank en Leeufontein spoedig aangekoop moes word. Die Hoofbantoesakekommissa=ris te Pietersburg het verklaar dat die Ndebele=bevolking in die gebied binne 'n paar maande ver=dubbel het toe tussen 85 000 en 100 000 persone ingetrek het. Die gevolg was dat grootskaalse plakkery ook op Wolvekraal ontstaan het. Verdere uitgemete persele is aan dié plakkers beskikbaar

gestel, maar die stroom Ndebele na hierdie gebied het nie opgehou nie (F 53/13/4 deel 3:62).

Persele is ondertussen op Goederede 60 JS, Boeken=houthoek 61 JS, Valschfontein 33 JS en Pieterskraal 190 JS vir die vestiging van ongeveer 5 000 gesin=ne uitgemeet. Gedeeltes van die plase Houtenbek 194 JR en Kwaggafontein 196 JR moes ook aangekoop word waarop nog 1 000 gesinne gevestig kon word. Op 7 Maart 1978 is berig dat die Ndebele nog steeds instroom en dat alle persele op Kwaggafontein reeds beset was. Ondertussen het Moses Sonkalane Make=rane Mabhena van Gruisfontein met 'n gevolg na die plaas Allemansdrif in die Manalagebied getrek. Hiermee het dié groep 'n lank gekoesterde ideaal waaraan hulle hard gewerk het, verwesenlik (R 226/2 deel 3:278).

Die emigrasie van Ndebele uit Winterveld is blyk=baar, volgens die bewerings wat deur immigrante gemaak is, aan die feit toe te skryf dat ongeveer 4 900 Ndebelegesinne op Boschplaats 91 JR en Win=terveld 101 JR kennis gegee is om binne een maand burgerskap van Bophuthatswana uit te neem of te trek (F 53/4 deel 7:52).

Die plase en gedeeltes van plase wat sedert 1974 aangekoop is waarop die inkomende Suid-Ndebele ge=vestig word, is die volgende:

| | |
|---|---|
| Kwaggafontein 196 JS | Goederede 60 JS |
| Houtenbek 194 JS | Pieterskraal 190 JS |
| Boekenhouthoek 61 JS | Valschfontein 33 JS |

Hierbenewens is gedeeltes van Gemsbokfontein 199 JS en gedeeltes van Mathys-zyn-loop 195 JS ook aange= koop.

Met die skepping van die Ndebelegebiedsowerheid op 7 Oktober 1977 het die Ndebeletuisland uit die gebied van die Ndzundza (Mabhogo)-stamowerheid en die Mnyamanastreeksowerheid (omvattende die ge= biede van die Manala- en die Litho Ndebele-Ndzund= zastamowerhede en die gebied van die Pungutshage= meenskapsowerheid), bestaan (R 2021/1977).

Met die skepping van die KwaNdebele Wetgewende Ver= gadering op 14 September 1979 is die gebied van die owerheid soos volg omskryf:

Die distrik Mdutjana (met uitsluiting van sekere gedeeltes van die plaas Valschfontein 33 JS); ge= deelte 7 van die plaas Klipplaatdrif 193 JR; Boe= kenhoutfontein 198 JR; gedeeltes van Houtenbek 194 JR; gedeeltes van Kwaggafontein 196 JR; gedeelte van Mathys-zyn-loop 195 JR; gedeeltes van Boeken= houthoek 61 JS; gedeeltes van Gemsbokfontein 199 JR; gedeeltes van Goederede 60 JS; Simpkinsvale 59 JS; Heloïse 225 JR en die restant van Leeufontein 188 JR (R 2021/1979).

4.4 <u>Die strewe na 'n eie regering</u>

Vanaf 1962 toe die Ndzundza navraag gedoen het waarom hulle nie amptelik erken is nie, het hulle dit ook duidelik gestel dat hulle nie van plan is om onder die gesag van die Lebowa- of Tswanarege=rings te staan nie. By implikasie het dit beteken dat die Ndzundza hulle eie regering wou hê sodat hulle hulleself kon regeer. Eventueel is die ander twee Ndzundzagroepe op Witlaagte en Kalk=fontein en die Manala by hierdie strewe betrek (F 54/1236/3 deel I:111).

Omdat die Ndzundza en die Manala geografies ver van enige van die ander Ngunigroepe geleë was, was dit ook nie moontlik om hulle konstitusioneel en andersins aan die Swazi- of Zoeloegebied te koppel nie.

As gevolg van die feit dat die regering in November 1967 nie seker was wat die houding van die verskil=lende Ndebelestamme ten opsigte van 'n gemeenskap=like tuisland en 'n eie gebiedsowerheid was nie, is daar voorlopig besluit dat die Ndebele nie as 'n afsonderlike etniese eenheid erken sal word nie. In plaas van die amptelike erkenning van die Nde=bele, het die regering in die rigting van 'n eie streeksowerheid vir die Suid-Ndebele gedink. 'n Streeksowerheid vir die Ndebele wat oos van die Pretoria-Warmbadpad woon, kon wel ingestel word. Hierna moes die Suid-Ndebele dan oorreed word

om hulle gewig by Lebowa in te gooi. Die regering het op daardie stadium gedink dat die Suid-Ndebele bes moontlik met 'n vorm van regionale outonomie binne Lebowa tevrede sal wees. Die regering het terselfdertyd aanbeveel dat die regulasies vir die verkiesing van lede van die stedelike Swart rade so gewysig word dat die Ndebele op 'n aparte kieserslys kon registreer (F 53/4 deel I:56, 45).

In 1968 is 'n stamowerheid vir die Ndzundza van Mabhogo ingestel. Op daardie stadium het slegs die groepie Ndzundza op Kalkfontein nog nie oor 'n erkende plaaslike owerheid beskik nie. Die Ndzundza van Witlaagte het konstitusioneel deel van die Tswanagebiedsowerheid gevorm, terwyl die grondgebiede van die Manala, die Ndzundza van Witlaagte en die van Kalkfontein deel van die Tswanagebied gevorm het.

Hoewel die gedagte van 'n gebiedsowerheid vir die Suid-Ndebele op hierdie stadium uitgespreek is, sou daar nog heelwat water in die see loop voor= dat dit 'n werklikheid geword het. Die belang= rikste vertragende elemente was die onduidelik= hede ten opsigte van die Noord-Ndebele, die on= sekerhede oor die verhuising van stamme, die be= skikbaarheid van 'n tuisland al dan nie en die feit dat van die Ndzundza grondgebied bewoon het wat juridies deel van die Tswanagebied ge= vorm het.

Op die Mamelodi-konferensie het verskeie Suid-Ndebelesprekers hulle sterk ten gunste van 'n eie owerheid uitgelaat en verklaar dat hulle nie bereid is om onder die gesag van die Tswana of die Noord-Sotho te staan nie. Na aanleiding van die Temba-konferensie van 1969 het die regering vereis dat die Suid-Ndebele bewys van die standhoudendheid van hulle strewe moet lewer alvorens verdere aan= dag aan die skepping van 'n Ndebelegebiedsowerheid verleen kan word. Op daardie stadium het die Kom= missaris-generaal ook verklaar dat as die Ndebele nie bereid is om te trek nie, die tweede keuse oorbly, naamlik dat regionale outono= mie verleen kan word maar dat die Ndebele op na= sionale vlak by die Tswana of die Noord-Sotho sal moet inskakel.

Pas na die Temba-konferensie het verskeie Ndebele te Potgietersrust besluit dat 'n gebiedsowerheid vir die Ndebele ingestel moet word - afgesien van waar al die Ndebelestamme woon (F 53/4 deel 2: 346, 290, 286). Op 31 Mei 1969 het 'n aantal Ndebelestamhoofde (dis nie bekend wie almal op die vergadering was nie) besluit om van die Lebo= wa- en die Tswanaregerings weg te breek (F 53/4 deel 2:346, 290, 286).

Na aanleiding van samesprekings wat die regering op 6 Junie 1969 met 'n verteenwoordigende komitee van die Ndebele gehad het, is besluit dat 'n ge=

biedsowerheid ten opsigte van die vier blokke waar die Ndebele hulle bevind, oorweeg moet word (F 53/4 deel 3:308). (Op daardie stadium was die Noord-Ndebele nog ten volle in die prentjie.)

Omdat die regering geen definitiewe besluit oor die skepping van 'n tuisland, waarvan die skepping van 'n gebiedsowerheid weer afhanklik was, kon maak nie, het die Suid-Ndebele in April 1970 be= sluit dat die regering weer gespreek moes word. Daar is besluit dat die regering pertinent vir die skepping van 'n Suid-Ndebelegebiedsowerheid, be= staande uit die Ndzundza van Mabhogo (Weltevre= den), dié van Witlaagte, dié van Kalkfontein; die Manala (Roodekoppies); Jack Mahlangu van Nebo; Makerena Mabhena van Gruisfontein en die Kekana van Moretele, te vra. (Die Kekana van Moretele is nie 'n Suid-Ndebelestam nie terwyl die insluiting van die naam van Jack Mahlangu sonder sy medewe= te gedoen is. Hierbenewens kon daar nie 'n stam= owerheid vir Makerane Mabhena van Gruisfontein ingestel word nie omdat hy en sy mense binne Blanke gebied woonagtig was). Benewens hierdie versoek van die Suid-Ndebele, het hulle ook gevra dat die beheer van die Ndzundza van Mabhogo na die Bantoesakekommissaris van Bronkhorstspruit oorge= dra moet word (F 53/4 deel 2:312). Hierdie laaste versoek is weer in Januarie 1971 herhaal (F 53/4 deel 3:14).

Teen die einde van Januarie 1971 het die Ndzundza van Mabhogo weer verklaar dat hulle 'n eie gebieds=owerheid wil hê aangesien dit "gevaarlik is om by ander groepe in te skakel". Die Ndzundza het ver=klaar dat hulle baie van hulle "geleerde mense" op die manier verloor het. Die voorsitter van die stamraad van die Ndzundza van Maghogo het gesê dat Lebowa hulle elke dag "knyp". Die versoek van die regering dat die Suid-Ndebele tydelik by Lebowa moet aansluit en sodoende ervaring opdoen, is een=voudig deur hulle geweier. Hulle het aangevoer dat dit nie nodig is nie en dat dit ook nie van ander etniese groepe verwag is om eers by vreemdes aan te sluit om ervaring op te doen nie (F 53/4 deel 3:23-20).

Op hierdie stadium kon die regering ook nog nie 'n afdoende antwoord gee op die versoek nie. Die ge=volg was dat die Suid-Ndebele eenvoudig die druk volgehou het. In November 1971 het die regering die Suid-Ndebele met insluiting van Makerane van Gruisfontein, te woord gestaan. Tydens dié geleent=heid het die afvaardiging verklaar dat dit tog die beleid van die regering is dat elke etniese groep sy eie land en regering kry. Die Ndebele is 'n eie volk en wil hulle eie regering, soos die Venda, hê (F 53/4 deel 3:138-132). Hierdie samesprekings is deur die verskuiwing van Ndebele vanaf Doornkop na Hlôgôtlou opgevolg. Omdat Hlôgôtlou binne Lebowa val, was die Ndzundza van Mabhogo uiters

ontsteld. Volgens die Hoofbantoesakekommissaris van Pietersburg het die Ndzundza van Mabhogo verklaar dat Hlôgôtlou uit Lebowa gesny moes word - of dat die Ndzundza van Doornkop en Brakfontein in die bestaande Ndzundzagebied "ingeprop" moet word. "Vir ons is daar geen ligstraal nie. As die rege= ring ons nie wil hê nie, laat hy dan so sê sodat ons in ons eie ellende kan vergaan, maar ons sal nooit na Lebowa gaan nie" (F 53/1236/4 deel I:68). Hierbenewens het verskeie van Jack Mahlangu se on= derdane nagtelike besoeke aan die stat van Mabhogo gebring omdat hulle nie tevrede daarmee was dat Jack by Lebowa aangesluit het nie (F 53/1236/4 deel I:99).

Ondertussen het, soos reeds aangedui, Ndebele van= uit Bophuthatswana druk op Mabhogo uitgeoefen vir woonplek in 'n Ndebeletuisland omdat hulle nie meer van hulle posisie in Bophuthatswana seker was nie (F 53/1236/4 deel I:99).

Nadat die regering in beginsel besluit het dat 'n tuisland vir die Suid-Ndebele geskep sal word, is begin om die nodige owerheidstruktuur vir die Suid-Ndebelestamme daar te stel. Eerstens moes daar gepoog word om die gebiede van die Ndzundza van Witlaagte en Kalkfontein en die gebied van die Manala uit Bophuthatswana gesny te kry. Hier= na moes die Litho Ndebele-Ndzundzastamowerheid van die Kgatla-Ndebelestreeksowerheid losgemaak word. Hierna kon daar eers aandag aan die skep=

ping van streeksowerhede en, eventueel 'n gebieds=owerheid, verleen word.

Die Manala en die twee Ndzundzagroepe op Kalkfontein en Witlaagte het reeds in Junie 1972 versoek dat hulle gebiede uit Bophuthatswana gesny word (F 53/1236/4 deel I:132). Omdat die uitsnyding van die gebiede van die Ndzundza van Kalkfontein en Witlaagte en die Manala baie tyd in beslag geneem het, het die Ndzundza van Mabhogo ongeduldig begin raak. Hulle het versoek dat hulle stamowerheid met die magte, pligte en bevoegdhede van 'n streeks=owerheid beklee word (F 53/4 deel 5:82). Die versoek is toegestaan en deur die bepalings van proklamasie R 135 van 1974 van toepassing gemaak. Op hierdie stadium was dit reeds duidelik dat die Ndzundza van Mabhogo nie bereid was om lank vir die Manala te wag nie. In Mei 1974 het die regering van Bophuthatswana geantwoord dat die versoek om die gebiede van die Manala en die twee Ndzundzagroepe uit Bophuthatswana te sny, nie oorweeg kan word nie. As gevolg van hierdie antwoord het die Mana=la amptelik verklaar dat hulle vanaf 5 Maart 1974 nie meer bereid is om enige "bevele" van die Twwanaregering te ontvang nie. Ter motivering van hulle besluit het hulle aangevoer dat:

> "They (Tswanaregering) despise our paramount chief; they treat us like slaves; they are a hindrance towards the development of the

> Ndebele nation; the Ndebele are treated like dogs at the Commissioners office in Hammanskraal; our schools are always threat=ened to take Tswana as medium of instruction" (F 53/1247/21 deel I:72).

Ondertussen het die Ndzundza van Kalkfontein en Witlaagte ook besluit om van Bophuthatswana weg te breek. Die besluit van die Manala en die Ndzundza van Kalkfontein om van Bophuthatswana weg te breek, was grootliks 'n gebaar aangesien hulle nie konstitusioneel deel van die Tswana=regering gevorm het nie. Die Ndzundza van Mabhogo het hulle in elk geval in dié besluit gesteun (F 53/1236/4 deel 2:160-162).

Dit was eers vroeg in 1977 dat die regering fina=liteit oor die uitsnyding van die verskillende gebiede gekry het (F 53/1236/4 deel 3:49-47).

Terwyl die uitsnyding van die gebiede hierbo genoem nog hangende was, het die regering weer 'n poging aangewend om die Ndzundza te oorreed om 'n konfe=derasie met Lebowa te vorm. Tydens 'n vorige ge=leentheid het die Ndzundza laat blyk dat hulle nie eers met 'n spesiale vorm van verteenwoordiging binne die Uitvoerende Raad van Lebowa tevrede sal wees nie. Die gevolg is dat hulle die versoek om konfederasie te oorweeg, van die hand gewys het. Van die kant van Lebowa is daar ook nie veel ge=doen om 'n konfederale plan voor te lê, soos deur

die regering versoek nie (F 53/4 deel 4:70).

'n Reeks beslissende vergaderings is in 1977 te Aquaville gehou om die stigting van 'n streeks=owerheid vir die Manala en die twee Ndzundzastamme en 'n gebiedsowerheid vir die Suid-Ndebele te oorweeg. Op 'n gesamentlike vergadering van die Manala en die Ndzundza van Vlakfontein en Wit=laagte is besluit om 'n streeksowerheid vir die drie groepe te stig. Die vergadering het aanbeveel dat die naam van die streeksowerheid die naam Mnyamana moet dra aangesien dit na die plek ver=wys waar die Suid-Ndebele eens as 'n eenheid ge=woon het (F 55/4/26 deel I:8). Op 22 Mei 1977 het die Mnyamana- en die Ndzundza (Mabhogo)-streeks=owerhede besluit dat 'n Ndebelegebiedsowerheid ge=skep moet word (F 53/1236/4 deel 3:?). Die Ndzundza van Mabhogo was van mening dat hulle streeksower=heid 25 lede en die Mnyamanastreeksowerheid 21 le=de in die gebiedsowerheid moes hê. Eventueel is daar egter besluit dat elke streeksowerheid ewe veel lede in die gebiedsowerheid sal hê (R 226/1977). Op hierdie stadium het die Minister nog 'n keer gepoog om die Ndzundza te oorreed om 'n konfederasie met Lebowa te vorm en verklaar dat die regering van Lebowa bereid is om die Ndebe=le te akkommodeer. Dit is weereens van die hand ge=wys.

Twee jaar later, in September 1979, is die Ndebe=legebiedsowerheid met die KwaNdebele Wetgewende Ver=

gadering vervang (R 2021/1979).

Hiermee het die Suid-Ndebele, en veral die Ndzundza van Mabhogo, 'n lank gekoesterde ideaal verwesen=lik. Trouens, as die datum 1883 in berekening ge=bring word, dan het 94 jaar verloop voordat die Ndzundza, (met uitsondering van Jack Mahlangu se stam), weer polities verenig is. Dié proses is hiermee egter nie volkome voltrek nie aangesien verskeie Ndebele nog nie in die tuisland gevestig is nie en daar nog geen eenheid tussen die Ndzundza van Mabhogo en Jack Mahlangu is nie.

Soos in hoofstuk drie aangetoon, is die Manala en die Ndzundza van die feit bewus dat die Manala, histories gesien, die senior Suid-Ndebelestam is. Hierbenewens is die Ndzundza ekonomies en polities egter meer ondernemend as die Manala. Volgens in=ligting wat deur die Hoofetnoloog aan skrywer ver=strek is, plaas die Ndzundza en die Manala egter politieke eenheid bo die genoemde probleme. Skrywer het opgemerk dat die Ndzundza tans werklik omsien na die gelyke behandeling van die Manala. Die Ndzundzawoordvoerders dring bv. daarop aan dat as hulle gebied besoek word, die Manala ook besoek moet word. Tydens 'n groepsbesoek van studente aan die Ndzundzagebied, het die Ndzundza, op eie inisia=tief, lede van die Manalastamraad na hulle gebied oorgenooi om kennis te maak. Bogenoemde beteken dus dat die sentripetale kragte nog sterker as die sentrifugale kragte is.

## 4.5 Nasionale simbole

### 4.5.1 Onderwys en taal

Benewens die pogings om 'n vaderland en 'n eie rege= ring vir die Suid-Ndebele te verkry, is die pro= bleme rondom die medium van onderrig en die beheer oor skole deur die Ndebele skerp belig. Trouens, die twee fasette het veral as nasionale simbole na vore begin tree gedurende die tydperk waarin die Ndebelenasionalisme hoogty gevier het.

In 1965 het die Manala van Witbank beswaar gemaak omdat Radio Bantu nie na hulle belange omsien nie. Volgens hulle word daar geen programme in Suid-Ndebele aangebied nie (F 54/1236/3 deel I:87). Een van die eerste mosies wat die Ndebelegebiedsower= heid in 1977 aanvaar het, het dan ook hieroor ge= handel.

Die Suid-Ndebele van Middelburg, Bronkhorstspruit en ander Oos-Transvaalse distrikte moes hulle kinders deur medium van Zoeloe laat onderrig. Zoeloe is 'n skryftaal, terwyl dit nie die ge= val met Isikhethu is nie. Dieselfde het ook vir die kinders van die Manala en die Ndzundza in die stamgebiede gegeld: "In gevalle waar die Ndebele= sprekendes in hulle tuislande minderhede gevorm het, soos bv. in Dennilton, is hulle skooltaal Pedi hoewel daar 'n paar skole bestaan wat beide tale (Zoeloe en Pedi) as medium van onderrig ge=

bruik het" (F 53/4 deel I:50).

Op 4 Februarie 1971 het 'n afvaardiging van die Ndzundza van Mabhogo hulle verontrusting teenoor die regering uitgespreek omdat van hulle kinders deur middel van Noord-Sotho onderrig ontvang het. Hulle het daarop aangedring dat hulle kin= ders deur middel van Zoeloe onderrig moes word. Omdat die Ndzundza (Mabhogo)-stamowerheid by geen streeksowerheid ingeskakel was nie en die gebied van die Ndzundza ook nie deel van Lebowa gevorm het nie, kon die Departement Onderwys van die Lebowaregering regtens geen gesag oor die skole binne die Ndzundzagebied uitoefen nie (F 53/4 deel 3:24). Wat egter wel gebeur het, was dat van die skole van die Ndzundza wel onder die beheer van die Departement Onderwys van die regering van Lebowa gestaan het. In Februarie 1971 het die Ndzundza versoek dat hulle self beheer oor hulle eie skole wil uitoefen.

Dié versoek is via die Departement van Bantoe-on= derwys aan die regering van Lebowa gerig. Die Departement van Onderwys van Lebowa is meegedeel dat so 'n reëling moontlik is indien die skole onder bespreking onder 'n skoolraad van die Trans= vaal Streek ingedeel word. Die Departement Same= werking en Ontwikkeling het die aansoek van die Ndzundza gesteun (F 53/4 deel 3:24).

Daar is aan die versoek voldoen. In Augustus 1972 het die Ndzundza van Mabhogo verder versoek dat 'n aantal nuwe skole waarin die meerderheid kinders Ndebele is en wat binne Ndzundzagebied geleë is, onder die beheer van Lebowa weggeneem moet word (F 53/4 deel 5:3, 5). Na aanleiding van hierdie versoek het die regering van Lebowa verklaar dat daar nie "... op die tydstip aandag aan gegee kan word nie omdat nuwe verwikkelinge in die na= bye toekoms mag plaasvind". Met ander woorde, so ver dit die Lebowaregering aangaan, sou die sko= le onder hulle beheer bly (F 53/4 deel 5:7).

Dié besluit van die Lebowaregering het 'n element van moedswilligheid bevat. Dit is 'n bekende feit dat die Lebowaregering die onafhanklikheidstrewe van die Suid-Ndebele hand en tand beveg het. Die Lebowaregering het dan ook verklaar dat die gebied waarin die skole geleë is (Ndzundzagebied), fou= tiewelik deur die regering van die RSA uit die gebied van die Wetgewende Vergadering van Lebowa gesny is. Toe dit verder blyk dat die Leboware= gering se inspekteurs van onderwys steeds gemaak het asof dié skole onder Lebowa se beheer val deur gereeld vir inspeksies daar op te daag, het die Ndzundza hulle gedreig dat hulle hardhandig uit die gebied gegooi sal word (F 53/4 deel 5).

In September en Oktober 1974 is weer vertoë oor die aangeleentheid ontvang. Toe dit blyk dat 'n betrokke inspekteur nog steeds sy rondtes by dié

skole doen, het senior stamlede van die Ndzundza van Mabhogo hom gedreig en gesê dat hy gaan seer=kry. Hiermee is sy besoeke aan die skole gestaak.

In Junie 1974 het die Sekretaris van Bantoe-onder=wys die Hoofminister van Lebowa versoek dat hulle beheer oor die genoemde skole aan die Departement Bantoe-onderwys moes oordra (R 297/2 deel I:120). Hiermee is die saak eindelik opgeklaar.

Soos wat die Ndzundza 'n stryd gevoer het om beheer oor die skole binne hulle eie gebiede te verkry, so moes die Suid-Ndebele in die Tswanagebied dit ook doen.

Op 1 September 1972 het die Departement 'n brief van ene F.S. Mahlangu, Voorsitter van 'n Gesa=mentlike Komitee, ontvang waarin versoek word dat die skole Katjibane, Witlaagte, Loding, Mbongo en Matimpula-Ramantsho onder die beheer van die Tswanaregering weggeneem word. Dié skole is almal oos van die Pretoria-Warmbadpad en in die stamge=biede van die Ndzundza van Witlaagte en die Mana=la geleë. Dié grondgebiede was deel van die Tswanagrondgebied.

Ter motivering van hulle versoek, het die Gesa=mentlike Komitee die volgende aangevoer:

> "The Tswana government has made no provision for the use of any other language to serve

as mother tongue; in fact they have rejected our application for the use of our mother tongue in our schools. We have been refused a secondary school to serve pupils who have passed at our schools through Zulu as medium of instruction. This means that our children must adopt seTswana as their vernacular in secondary schools.

It is quite anomalous to set up our schools under the government of Bophuthatswana because it presupposes that the pupils of these communities have no mother tongue and shall have no mother tongue instruction as a subject in primary schools and, secondly, the pupils shall have to do three foreign languages unlike the other Bantu peoples of South Africa.

We feel that excluding our language from their educational institutions by means of legislation, the government of Bophuthat= swana has automatically excluded the Ndebele from their government. By destroying a people's language you are destroying the very people. We hope the government does not expect the Ndebele to be a party to their own destruction", en:

"We wish to state that the Ndebele has no com= mon origin with the Batswana" (F 53/1236/4

deel I:78).

Op 6 September 1972 het die Ndzundza van Mabhogo by die Departement beswaar aangeteken omdat die regering van Bophuthatswana besluit het dat slegs Tswana as medium van onderrig in primêre skole vanaf 1 Januarie 1974 gebruik sal word. Volgens die voorsitter van die stamraad van die Ndzundza het dié besluit van die Tswanaregering 'n suur smaak by die Ndebele gelaat wat binne die grond=gebied van Bophuthatswana gewoon het. Die Ndzundza het verklaar: "The legislation will be destructive to the language, culture and tradition of the Southern Ndebele tribes who is at present waiting for their home. His (stamhoof Esau Mahlangu) people own land in the Tswana homeland; their rightfull nationhood is being threatened" (F 53/1236/4 deel I:79).

As gevolg van die vertoë van die Suid-Ndebele oor hierdie aangeleentheid, het die regering van Bophuthatswana besluit dat die wet nie in 1974 van krag gemaak sal word nie, maar dat die status quo vir die huidige gehandhaaf sal word. Hoewel dié besluit onmiddellike verligting gebring het, was dit nie 'n langtermyn oplossing nie aangesien die Ndebele bekommerd was oor wat daarna gaan ge=beur. Dié probleem is ondervang toe die gebiede van die stamme in 1977 uit die gebied van Bophuthatswana gesny is.

Dit het egter nie die probleem van die Kekana van Majaneng en die Suid-Ndebele wat op ongeor= ganiseerde wyse in die Winterveldgebied gewoon het, opgelos nie. Die toepassing van die wet het een van die belangrikste redes gevorm waarom baie Suid-Ndebele daar padgegee en na die Suid-Ndebele= tuisland getrek het.

### 4.5.2 Burgerskap en identiteit

Soos reeds elders opgemerk, het die Ndzundza van Mabhogo op 'n vergadering van 26 Januarie 1971 verklaar dat dit gevaarlik is om by ander owerhede "aan te sluit" aangesien die Suid-Ndebele al baie mense op die manier verloor het. Ook het Simon Skosana gesê dat Lebowa "is soos 'n leeu wat al die Suid-Ndebele wil insluk" (F 53/4 deel 3:23). Dit was op grond van hierdie rede dat hulle met alle mag gepoog het om nie deel van Lebowa te word nie. Die feit dat baie Suid-Ndebele op grond van hulle woonplek as burgers van Lebowa of Bophuthatswana geregistreer is, het die vrese ver= erger. Klagtes dat Ndebele verkeerdelik as Noord-Sotho of as Tswana geregistreer is, is uit ver= skeie oorde ontvang. Hierbenewens het die Ndzundza van Mabhogo hulle ook baie skerp teen die bevrie= sing van hulle stamgebied uitgelaat omdat baie van hulle mense gevolglik by ander stamhoofde moes lotša. In die geval was hulle eerder bereid om die mense in die Ndzundzagebied in te druk as om toe te laat dat hulle by vreemde stamhoofde lotša.

Die skepping van 'n eie gebiedsowerheid met 'n eie burgerskap kon hierdie probleem grootliks oplos.

### 4.5.3 Feesvieringe by die standbeeld van Nyabela

Die oprigting van 'n standbeeld vir die nasionale held van die Ndzundza, naamlik Nyabela, en die gevolglike probleme wat dit opgelewer het, het ver= al sedert 1970 bo die oppervlakte gekom. Dié standbeeld is in 1970 deur die Ndzundza van Mabhogo opgerig op die historiese gronde wat deur die men= se van Nyabela bewoon is ten tye van die 1883-aan= val. Tans is dit Blanke gebied en die Ndzundza het geen beheer daaroor nie.

Pogings van die regering om die Ndzundza van die plan te laat afsien om die standbeeld dáár op te rig en om die voorvaders wat dáár begrawe is el= ders te herbegrawe, het nie geslaag nie. Die Ndzundza het 'n onwrikbare standpunt hieroor ge= handhaaf, naamlik dat die standbeeld dáár opgerig word of dat dit heeltemaal laat vaar moet word. Op 19 Desember 1970 is feesvierings gehou waar= tydens die standbeeld onthul is. Die standbeeld van Nyabela het sedertdien 'n simbool van Ndzundzanasionalisme gebly.

Na oprigting van die standbeeld het gerugte die ronde onder Blankes in die omgewing begin doen dat die grond waarop die standbeeld staan vir die Ndebele aangekoop sou word. Volgens 'n persverkla=

ing van 12 Februarie 1971 deur die Minister was dit egter 'n saak waaraan nog geen aandag verleen is nie.

Dit is opsigtelik 'n geval dat die standbeeld deur die Blanke boere as die uitdrukking van Nde=belenasionalisme gesien is. Die stelling van die Minister vat die hele stryd om die standbeeld en die feesvierings wat daar gehou is, saam, nl.: "Daar is verskeie plekke wat vir die Afrikaner dierbaar geword het hoewel dit in Bantoegebied geleë is, terwyl die omgekeerde ook waar is" (F 54/1548/8 deel 1:154).

In September 1971 het die Ndzundza (Mabhogo)-stam=owerheid amptelike goedkeuring gevra om op 19 Desember 1971 weer fees by die standbeeld van Nyabela te vier (F 53/4 deel 4:243). Nadat samesprekings met Mabhogo gehou is, het hy toege=stem dat daar nie met die feesvierings voortge=gaan sal word nie. Die besluit is op grond van 'n hele aantal faktore, w.o. die gebrek aan sanitê=re fasiliteite en veral die teenkanting van die Blankes van dié omgewing, geneem (F 53/4 deel 4: 245-246).

Volgens die Nasionale Monumentekommissie staan die beeld, histories gesien, op die regte plek, nl. naby Roossenekal op die ou Mapochsgronde waar Nyabela in 1883 teen die Boere geveg het

(F 54/1236/3 deel 1:179). Nogtans het dit in November 1971 aan die lig gekom dat die Departe=ment besig was met onderhandelinge om te poog om die standbeeld van Nyabela te verwyder "... in the face of Herstigte hysteria" (The Star, 9 Novem=ber 1971).

Vier dae nadat die berig verskyn het, het die Ndzundza (Mabhogo)-Stamowerheid 'n brief aan die Minister gerig waarin die gevoelens van die stam ten opsigte van die standbeeld gestel is, nl.:

1) Die Ndzundza (Mabhogo)-stamowerheid neem met spyt kennis dat die standbeeld waarskynlik verskuif gaan word.

2) Die Minister word versoek om weer die besluit van die Nasionale Monumentekommissie, d.w.s. dat die standbeeld histories op die regte plek staan, te oorweeg.

3) Die oprigting van die standbeeld deur die Ndzundza was nie bedoel om publisiteit te soek of om ander mense te na te kom nie. "Dit is 'n uitdrukking van ons strewe om die geskiedenis van ons vaders te respekteer en te bewaar en dat dit as 'n getroue weerkaatser van ons historiese fondasies en bestaan kan dien."

4) Tien van die voorvaders van die Ndzundza is daar begrawe en as die standbeeld verskuif sou word, sou dit geen historiese betekenis meer hê nie.

5) Die Ndzundza was onder die indruk dat die beleid van afsonderlike ontwikkeling geregtigheid en verdraagsaamheid sal bevorder. Die Ndzundza glo nie dat die verskuiwing van die standbeeld sal bydra tot goeie verhoudinge nie. "Ons doen 'n beroep op u om nie u gesag te gebruik om so 'n stemlose en hulpelose nasie te vernietig nie. Ons wens u daarop te wys dat diep sentimente by die saak betrokke is. Die vernietiging van ons geskiedenis is op die spel. Eenvoudige geregtigheid is op die spel." (F 54/1545/8 deel 1:154).

In antwoord op hierdie brief het die Adjunk-minister aan die stam berig dat geen formele besluit geneem is oor die standbeeld nie en dat geen besluit geneem sal word voordat die stam nie geraadpleeg is nie (F 54/1545/8 deel 1:159 ; Hoofstad 9 November 1971; The Star, 9 November 1971).

In antwoord op 'n tweede versoek van die Ndzundza (Mabhogo)-stamowerheid gedateer 18 September 1973, om op 19 Desember 1973 fees by die standbeeld van Nyabela te vier, en "aan die voorouers te offer", is geantwoord dat die Ndzundza nie by die stand=beeld mag fees vier alvorens hulle uitsluitsel oor die voorstel van die Minister gegee het nie, nl. dat die beeld op Departementele koste verskuif word óf dat die beeld bly waar dit is maar dat feesvierings dan op bepaalde voorwaardes sal ge=skied.

Sedertdien het die jaarlikse feesvierings by die standbeeld 'n sensitiewe saak gebly.

## 5.0 Die strewe tot selfverwesenliking by die Noord-Ndebele

### 5.1 Inleiding

In die afdeling wat oor die T.N.N.O. handel, is daarop gewys dat die Minister in 1972 beslis het dat daar geen rede bestaan waarom die Noord-Ndebelestamme van Lebowa moet wegbreek nie. In dieselfde jaar het die regering verder beslis dat onderhandelinge slegs met Ndebele-afvaardigings waarin die stamhoofde verteenwoordig is, gevoer sal word. Die Noord-Ndebele is ook aangeraai om die ontwikkelinge by die Suid-Ndebele af te wag.

Teen hierdie agtergrond moet die besluite van die Kekana van Zebediela om van Lebowa weg te breek, gesien word. Trouens, die Kekana van Zebediela was die toonaangewende stam in dié verband.

### 5.2 Die sesessiepoging van die Kekana van Zebediela

Op 20 Julie 1974 het stamhoof Johannes Kekana van Zebediela die sentrale regering skriftelik in kennis gestel dat sy stamraad besluit het om van Lebowa weg te breek en dat die besluit op 8 Augustus 1974 van krag sal word. Die besluit

is soos volg bewoord:

> "The abovementioned tribal authority and the royal council of this tribe announces its cancellation of the Lebowa government ser= vices and request that all their implements been used up to now, be removed from the area - immediately. The files and the funds of this tribe should also kindly be removed from the possession of Lebowa to the Depart= ment of Bantu Administration and Development. The abovementioned tribal authority have the honour to advise that it will no longer hold interviews with the Lebowa Cabinet alone after the 3rd September 1974, but will be prepared to discuss ... only in the presence of the Secretary of the Department. Thus, the position should be clear that this tribal authority is no longer to be regarded as a member of the Lebowa government" (R 207/2 deel I:139).

Pas hierna het Johannes Kekana vir groter eenheid van alle Ndebele in Transvaal gepleit.

Die besluit van dié stam om van Lebowa weg te breek is op 3 September 1974 met 'n vergadering tussen lede van die Kabinet van Lebowa en lede van die stamraad van Johannes en Kekana, asook die Kommissaris-generaal opgevolg. Tydens die geleentheid het die Kommissaris-generaal hard

probeer om Kekana te oorreed om weer by Lebowa aan te sluit.

Sonder dat Johannes Kekana hom deur enige argumente van stryk laat bring het, het hy slegs die basiese redes vir die besluit van sy stamraad gegee, naam=lik:

> Daar bestaan geen geskil met Lebowa nie en die stam van Kekana het net "kom groet"; die Ndebele van Kekana wil net soos die ander stam=me van die RSA afsonderlik ontwikkel; die Nde=bele van Kekana is nie Pedi nie en moet daarom hulle eie paadjie loop (F 53/4 deel 6:17; R 207/2 deel I:140).

Die kabinet van Lebowa het getrag om die sesessie=poging van die Kekana van Zebediela en die moont=likheid dat ander Noord-Ndebelestamme ook gaan weg=breek te besweer. Hulle het 'n beter vorm van ver=teenwoordiging vir die Ndebele in die Wetgewende Vergadering van Lebowa aangebied. Die reaksie van die Kekana van Zebediela was dat hulle nie gekom het om advies te vra nie. Nadat die Kekana-afvaar=diging herhaaldelik daarop gehamer het dat die Noord-Ndebele nie Pedi is nie, het Collins Ramusi (destydse Minister van Binnelandse Sake) nog gepoog om te "bewys" dat die Pedi en die Noord-Ndebele almal "Africans" is en dat daar dus geen werklike verskille bestaan nie. Die Kommissaris-generaal het die besluit van Johannes Kekana en sy stam=

raad as 'n "kwade dag" bestempel (F 53/4 deel 5: 164). Johannes Kekana het die Kommissaris-generaal versoek dat 'n onderhoud met die Minister aangevra word.

Die Kommissaris-generaal het die Minister hieromtrent ingelig en verklaar dat daar ook ander Ndebelestamme is wat dreig om weg te breek. Die Kommissaris-gene= raal is opdrag gegee om die Ndebele in te lig dat daar nie op 'n lukraak wyse van Lebowa weggebreek kan word nie. Daar moet aan bepaalde konstitusione= le vereistes voldoen word. Hierbenewens is daar heelwat administratiewe en finansiële probleme wat opgelos moet word indien daar tot so 'n stap oorge= gaan word (R 207/2 deel I:142).

'n Tweede vergadering tussen die Kommissaris-gene= raal en 'n afvaardiging van die Kekana van Zebediela het op 16 Oktober 1974 plaasgevind. Hoewel die Kommissaris-generaal sy uiterste bes gedoen het om die implikasies van die sesessiepoging aan die af= vaardiging te verduidelik, het dit geen indruk ge= maak nie. By monde van Kenneth Kekana is verklaar dat die Noord-Ndebele nie met die beleid van Lebowa om die "witmense te vermoor" en "afsonderlike ont= wikkeling omver te gooi", saamstem nie. Hulle het Lebowa ook daarvan beskuldig dat hulle finansies wanbestee. (Die opmerking oor die beleid van Lebowa om "Blankes te vermoor" was 'n direkte refleksie op vorige ekstremistiese uitlatings van Collins Ramu=

si (F 54/1545/7 deel 2:196-194).

Hierdie samesprekings is deur samesprekings tussen die Minister en lede van die kabinet van Lebowa opgevolg. By die geleentheid is besluit dat Johannes Kekana die status quo, soos voor die seses= siepoging van die stam, moes aanvaar "totdat 'n ander situasie ontstaan". Hierbenewens het die Minister die onderneming gegee dat samesprekings tussen aldrie die betrokke partye, naamlik die Lebowakabinet, Johannes Kekana en die Minister, moet plaasvind. Die derde besluit wat geneem is, het ingehou dat 'n mosie te dien effekte eers deur die Wetgewende Vergadering van Lebowa aanvaar moes word alvorens Kekana toestemming kon verkry om van Lebowa weg te breek (R 207/2 deel 2:115).

Hierdie vergadering het in Desember 1974 in Pre= toria plaasgevind. Die Minister het verduidelik dat Lebowa vir almal, Noord-Ndebele en Noord-Sotho, ingestel is. Almal is ook geraadpleeg met die skepping van die Lebowagebiedsowerheid. Niemand het toe beswaar gemaak teen hulle insluiting by Lebo= wa nie. Stamme wat by Lebowa ingeskakel is, kan nie nou na willekeur daaruit wegbreek nie. Dit kan slegs gedoen word as 'n mosie te dien effekte deur die Wetgewende Vergadering van Lebowa aanvaar word en nadat die Staatspresident 'n proklamasie in die verband uitgevaardig het.

By monde van Kenneth Kekana het die afvaardiging van

Johannes Kekana geantwoord dat die Ndebele in 1969 meegedeel is om by Lebowa in te skakel totdat grond vir die Noord-Ndebele bekom is. Dit was die enigste rede waarom die Ndebele besluit het om by Lebowa in te skakel. Hulle sou dit nie gedoen het as hulle geweet het dat Lebowa eventueel nie bereid sal wees om die Noord-Ndebele te laat gaan nie. Die af= vaardiging het ook versoek dat die grense van die Ndebeletuisland sonder versuim afgebaken word; dat 'n bykomende streeksowerheid met 'n setel te Immerpan geskep word; dat die Kekana van Zebediela hulle eie Bantoesakekommissaris kry en dat die Noord-Ndebele vanaf 1 Januarie 1975 nie meer by die verkiesing van lede van die Wetgewende Vergadering van Lebowa betrokke moet wees nie (F 53/1236/4 deel 2:10-7).

Die Minister het verklaar dat daar nie vir elke stamhoof wat wil wegbreek 'n afsonderlike tuisland geskep kan word nie. Indien die Noord-Ndebele egter bereid is om saam te smelt, kan so 'n tuisland af= gebaken word op voorwaarde dat die stamhoofde die Minister skriftelik en op grond van 'n stambesluit, so inlig. Daarna kan daar met die regerings van Lebowa en Bophuthatswana onderhandel word. Indien dié regerings weier om die Noord-Ndebele te laat gaan, sal hulle woord nie finaal wees nie aangesien die twee regerings nie 'n "volk in wording" onder hulle gesag kan hou nie.

Die stambesluit waarna die Minister verwys het, moes van 'n skriftelike onderneming waarin die stamme hulle bereid verklaar om te trek, vergesel wees (F 53/1236/4 deel 2:10-6).

Die voorwaardes wat die Minister gestel het, was daarop gemik om te voorkom dat, soos by die Suid-Ndebele, mondelinge beloftes om te trek, later teruggetrek word. Tweedens moes dit aan die rege=ring die nodige bestendigheid gee met die oog op die beplanning van 'n tuisland.

Kort hierna het die Kekana van Zebediela versoek dat die regering 'n streeksowerheid ten opsigte van die stam instel. Hulle het voorgestel dat die naam daarvan die Amathombenistreeksowerheid moet wees. Dit moes egter nie deel van Lebowa vorm nie (F 54/1545/7 deel 4:22).

Ondertussen het die Vaaltynstamowerheid op 18 Maart 1975 'n skritelike besluit ingedien waarin hulle kennis gee dat hulle ook van Lebowa wegbreek om saam met die Suid-Ndebele in een tuisland geak=kommodeer te word. In antwoord op die vraag van die Minister waarom daar nog nie van die ander stamhoofde gehoor is nie, het die afvaardiging aan=gevoer dat dié stamhoofde in die guns van Lebowa wil bly. Hulle is as "Lebowamense" wat nie die saak van die Noord-Ndebele goedgesind is nie, bestempel. Van die stamhoofde het "probleme om stambesluite te kry". (Dit was duidelik dat die gestelde vereiste,

nl. dat skriftelik onderneem moes word om te trek indien nodig, probleme in baie stamgebiede geskep het.) Die regering het egter voet by stuk gehou dat as daar nie skriftelike ondernemings gegee word nie, daar nie met die beplanning van 'n tuisland begin kan word nie (F 54/1545/8 deel I:1). Die regering het ook weer aanbeveel dat die Ndebele hulle saak in die Wetgewende Vergadering van Lebowa moes stel.

Die Kekana van Zebediela het egter beswaar teen die vereistes wat die regering neergelê het, aangeteken. Hulle was van mening dat soortgelyke vereistes nie vir die ander etniese groepe van die RSA gegeld het nie. As die regering dan die beleid verander het of as daar nie geld vir 'n tuisland is nie, moet die regering die stamhoofde dienooreenkomstig inlig en die Noord-Ndebele onder die gesag van die sentra=le regering plaas "... want ons wil nie onder enige ander etniese groep staan nie" (F 54/1545/7 deel 2:204).

Hoewel die Mokopane van Vaaltynslokasie en die Kekana van Zebediela skriftelik kennis gegee het dat hulle van Lebowa gaan wegbreek, het nie een egter skriftelik onderneem om te trek nie.

In Februarie 1976 het Johannes Kekana (tydens 'n sitting van die Ndebelestreeksowerheid) verklaar dat die regering die Ndebele gaan erken en dat hul=le selfregering gaan ontvang. Hy het ook verklaar dat hy as die leier van die Noord-Ndebele oorweeg

word. (Die regering het nie so besluit nie en Kekana is ook nie as die leier van die Noord-Ndebele "oorweeg" nie.) Hierop het stamhoof Shongane van die Hlahlerwa verklaar dat Kekana blykbaar die enig=ste stamhoof is wat van Lebowa wil wegbreek. Stam=hoof Taueatsoala het gesê die saak moet nie weer bespreek word nie terwyl stamhoof P. Letwaba (Nkidikitlana) gesê het die saak moet oorstaan (F 53/4 deel 4:67-65).

Op 'n vergadering van 24 Januarie 1978 in die kan=toor van die Magistraat: Mokerong, het Johannes Ke=kana verklaar dat die Ndebele nie aan die komende verkiesing in Lebowa gaan deelneem nie; dat geen Ndebele as kandidaat gaan staan nie, en dat geen Ndebele as kieser gaan registreer nie. Stamhoof D.M. Langa het gesê die Ndebele moet met "meel in plaas van vleis" in Lebowa tevrede wees. Hy het ook beswaar aangeteken omdat die voorsitter en die on=dervoorsitter van die Ndebelestreeksowerheid nie Ndebele is nie (R 226/2 deel 3:116-111).

Vroeg in 1979 het die Kekana van Zebediela 'n skriftelike stuk aan die regering voorgelê waarin die standpunt gestel is:

> Dit is die beleid van die regering dat elke etniese groep op sekere regte en voorregte aanspraak kan maak. Die regering het egter met die toepassing van die beleid verkeerde=lik van die standpunt uitgegaan dat die

Noord-Ndebele, sonder om hulle te raadpleeg, by Lebowa moet inskakel. Dit is egter 'n be=kende feit dat 'n staat met 'n heterogene bevolking alleen kan funksioneer indien daar wedersydse respek, 'n samehorigheidsgevoel, gelyke verantwoordelikheid ten opsigte van die voordele en die laste en 'n bewuste po=ging om eenheid te bevorder, bestaan. Omdat daar binne Lebowa geen wedersydse respek vir die taalregte van die verskillende groepe be=staan nie en omdat die gebruike en gewoontes van die Noord-Ndebele nie gerespekteer word nie, moet aanvaar word dat die "underdog" (d.i. die Noord-Ndebele) sy eie heil moet uitwerk in 'n staat en grondgebied waar hy volgens eie keuse sy regte en pligte kan uit=oefen. In so 'n geval kan daar geen gevaar van bedreiging en onderdrukking bestaan nie. Omdat daar reeds 'n Ndebelegebiedsowerheid in=gestel is, is dit die begeerte van die Kekana van Zebediela dat hulle by dié eenheid aan=sluit. Die redes vir aansluiting by die Suid-Ndebele berus op die feit dat die Noord- en Suid-Ndebele 'n eenheid is; dat hulle van die=selfde voorvaders afkomstig is; dat hulle ge=bruike en gewoontes dieselfde is en omdat die Suid-Ndebele na bewering reeds laat blyk het dat hulle welkom sal wees.

## 5.3 Die sesessiepoging van die Kekana van Majaneng

### 5.3.1 Inleiding

In die afdeling handelende oor die etno-historie van die Ndebele, is daarop gewys dat die Kekana van Majaneng deur opvolgingsprobleme geteister is. Dit was klaarblyklik die belangrikste rede waarom hulle deelname aan die beweging onder die Ndebele eers in die sewentigerjare plaasgevind het.

Op 12 April 1977 is Nathaniel Kekana as waarnemende stamhoof in die plek van Ester Kekana aangestel. Pas voor sy aanstelling is die stam op 'n algemene vergadering deur die regering (van Bophuthatswana) meegedeel dat indien hulle van Bophuthatswana wil wegbreek, hulle bereid moet wees om te verhuis - af= hangende van waar die tuisland vir die Ndebele uit= gemeet sal word. Die vergadering het téén die moontlikheid van verhuising gestem.

Op 5 Julie 1977 het die stamraad egter besluit om van Bophuthatswana weg te breek. Die antwoord van die Tswanaregering hierop was dat as hulle so be= sluit het, hulle die gebied moet verlaat aangesien die grond waaróp hulle woon deel van Bophuthatswana sal bly.

Ondertussen het die regering van Bophuthatswana daarop aangedring dat die Ndebele burgerskap van Bophuthatswana moet uitneem. As gevolg van die stam

se verset teen dié vereiste en as gevolg van die standpunt van die Tswanaregering dat hulle hulle grondgebied moet verlaat as hulle by die ander Ndebele wil aansluit, het die verhouding tussen die Kekana van Majaneng en die Tswanaregering algaande versleg. As gevolg van die dispuut het die Tswana=regering na bewering die betaling van salarisse aan Ndebele-onderwysers in Majaneng gestaak. Die stam=owerheid het egter gepoog om uit eie fondse 'n aan=tal onderwysers te betaal sodat die Ndebelekinders kon skoolgaan. In 1979 is die nasionale vlag van Bophuthatswana te Majaneng gestryk en verbrand. In die plek van die nasionale vlag van Bophuthatswana, is die Republikeinse vlag gehys. Hierdeur het die stam verklaar dat hulle voortaan onder die gesag van die sentrale regering staan en niks met die regering van Bophuthatswana te make het nie. Hulle het aange=voer dat die Suid-Afrikaanse regering hulle by Bophuthatswana ingesluit het en dat die Suid-Afri=kaanse regering hulle weer daar moet uitkry.

Tydens 'n onderhoud met skrywer in 1979, het die waarnemende stamhoof en van sy raadsmanne verklaar dat die regering in Mmabatho slegs daarin belangstel "om die fabrieke van die Kekana" te vat. (Babalegi=nywerheidsgebied is op stamgrond van die Kekana geleë. Die stam ontvang huurgelde hiervoor. Die gevolg is dat as hulle moet trek, hulle al hierdie inkomstes en die werksgeleenthede sal moet ontbeer. Dit veroorsaak dat die Kekana van Majaneng nog sterker as die ander Ndebelestamme daarop aandring

dat hulle amptelik erken word sonder dat hulle moet verhuis).

Hulle het bv. geargumenteer dat as die grondgebied waarop die NG-Kerk en St. Paul's staan, uit die gebied van Bophuthatswana gesny is, daar geen rede bestaan waarom hulle grond nie ook uit Bophuthatswa=na gesny kan word nie. Volgens hulle kan die re=gering nie vereis dat die Ndebele geografies gekon=solideerd moet wees alvorens 'n tuisland uitgemeet kan word nie, omdat KwaZulu en ander tuislande nie gekonsolideer is nie. As hierdie situasie verander, kan die regering weer met die stam oor geografiese konsolidasie kom praat.

### 5.3.2 Onderwys en taal

Volgens die informante van dié stam, gebruik die onderwysers in die ses skole in die Leeuwkraalge=bied Pedi as medium van onderwys. Die Ndebele is tevrede met hierdie reëling aangesien daar nie boeke in Ndebele beskikbaar is nie. Volgens die informante, het die probleme ten opsigte van die skole begin toe die regering van Bophuthatswana be=heer oor die skole in die gebied oorgeneem het. Dié regering het toe besluit dat slegs Afrikaans, Engels en Tswana as medium van onderrig gebruik mag word. Dit het veroorsaak dat die Ndebelekinders, wat normaalweg Pedi geleer het, na Tswana moet oor=slaan. Volgens die informante het die besluit 'n

belangrike beginsel aangeraak, naamlik dat die regering van Bophuthatswana nie genoeg kulturele ruimte aan die ander groepe in Bophuthatswana gelaat het nie. In die RSA kan elke groep afsonderlik ontwikkel. "Dit kan nie onder die arm van Bophuthatswana gebeur nie".

Volgens die informante verstaan hulle Pedi beter as Kgatla. As 'n Kgatla by 'n vergadering optree, dan moet hulle, die Ndebele, glo 'n tolk kry. Naas Pedi praat hulle seThombeni. Volgens die Hoofetnoloog van die Departement tree die skoolkore van die Kekana van Majaneng by verskeie geleenthede op, maar hulle sing geen woord in Tswana nie. (Die geïmpliseerde diepgaande verskil tussen Pedi en Kgatla is natuurlik onwaar, maar gee 'n belangrike houding weer.)

### 5.3.3 Etniese stereotipes

Ter motivering van hulle besluit om uit Bophuthatswana weg te breek, het die informante aan skrywer 'n hele aantal "redes" verstrek. Dié "redes" behels hoofsaaklik hulle siening van die Kgatla en ander Tswana met wie hulle eintlik baie jare reeds saamwoon. (Die besonderhede wat hulle verskaf het hoef dus nie die objektiewe waarheid te wees nie. Dit is egter as die waarheid aangebied.) Benewens die taalverskille met die Tswana, het hulle aangevoer dat die Tswana "'n klomp bangskyters" is saam

met wie die Ndebele "nie oorlog toe gaan nie". Hier=benewens eet die Tswana suurpap en suurmelk. (Die Ndebele het glo nie die gewoonte nie.) Hulle het verder aangevoer dat die Tswanamans afval eet. Vir die Ndebele is dit 'n belediging. Hulle het verder daarop gewys dat die Tswana ander kodes het wat geld wanneer huweliksreëlings getref word. Volgens hulle praat die Tswanamans en =vrouens almal saam oor 'n huwelik wat gesluit gaan word. Hierbenewens sal die skoonma en skoonseun sommer saam in een huis sit en reëlings vir die huwelik tref. 'n Ander negatiewe kenmerk van die Tswana, veral die Kgatla, is dat hulle "baie raserig" en "'n klomp skinderbekke" is. "Hulle is so gemaak en kan nie anders nie".

Die informante het aangevoer dat hulle en die Kgatla nog nooit goed klaargekom het nie. Hulle kom glo baie beter met die Pedi klaar omdat hulle die taal van die Pedi "beter" ken.

5.3.4 Aansluiting by die Suid-Ndebele

Vroeg in 1979 het die Kekana van Majaneng 'n me=morandum aan die RSA-regering voorgelê waarin verskeie sake geopper is. Die belangrikste hiervan is dat die Kekana van Majaneng:

- die beleid van afsonderlike ontwikkeling aanvaar het sodat hulle hulle tradisies en gewoontes kan

beskerm. Op die Temba-konferensie van 1969 is besluit dat die Ndebele hulleself moet organi= seer voordat 'n nasionale owerheid vir die Ndebele van Transvaal ingestel kan word;

- hulle beroep op 'n besluit (waarvan skrywer geen kennis dra nie) dat die regte wat ander etniese minderhede in die RSA geniet ook aan die Ndebele verleen moet word. ('n Derde "besluit" wat te Temba geneem sou wees en waarna daar verwys word, is dat die gebiede van die Noord-Ndebele - wat deel van Bophuthatswana en Lebowa vorm - uitgesny sal word. Daar is egter nie so 'n besluit te Temba geneem nie). En wat die eerste "besluit" be= tref waarna hulle verwys, is daar slegs besluit dat die Ndebele hulle moet organiseer en uit een mond moet praat;
- aanvoer dat hulle hulleself as Ndebele beskou en dat hulle van plan is om hulle identiteit teen die invloede van ander etniese eenhede te beskerm. Hulle verwerp ook die kunsmatige skeiding wat die regering ten opsigte van die Noord- en Suid-Nde= bele daargestel het. Volgens hulle kom alle Ndebe= le van Musi af en is daarom 'n eenheid; en
- op grond van die "besluite" wat te Temba geneem is, besluit het om van Bophuthatswana weg te breek en aansluiting by die Suid-Ndebele te soek. Hulle versoek dan dat die plase Leeuwkraal en Tweefontein uit die gebied van Bophuthatswana gesny word en dat die Ndebelegebiedsowerheid

voortaan hulle stamsake moet hanteer. Hierbe= newens vra hulle dat hulle van die verpligting om burgerskap van Bophuthatswana uit te neem, onthef word (Geklassifiseerde bron).

Hieruit is die dilemma van die Kekana van Majaneng duidelik. Hulle weier enersyds om die gesag van Bophuthatswana te aanvaar en weier andersyds om Majaneng te verlaat.

## 5.4 Die sesessiepoging van die Mokopane

Soos reeds aangetoon, het die Mokopane skriftelik kennis gegee dat hulle van Lebowa gaan wegbreek. Soos in die geval van die Kekana van Zebediela en Majaneng het hulle ook in 1979 'n memorandum aan die regering van die RSA deurgestuur waarin hulle verskeie sake beklemtoon, nl.:

- Histories gesien is die Ndebele van Zoeloeher= koms. Dit is die begeerte van die stam om, op grond van die beleid van afsonderlike ontwikke= ling, hulle eie heil uit te werk. Hulle wil by die Suid-Ndebele aansluit omdat hulle tot die= selfde taal- en kultuurgroep behoort. Die stam voer verder aan dat as daar enige vertragings plaasvind wat hulle verhinder om by die Suid-Ndebele aan te sluit, dit ook gaan veroorsaak dat hulle van die belangrikste ekonomiese slagare van die Republiek afgesny gaan wees.

- Die aansluiting van die Mokopane by die Ndzundza en Manala kan laasgenoemdes se getalle aansienlik versterk en hulle in 'n "beter bedingingsposisie" plaas. Hierbenewens wil dit vir hulle voorkom of die infrastruktuur in die Ndebeletuisland voldoen=de is om ook die stam van Mokopane te huisves. (Daar word egter nie gesê of hulle van plan is om daarheen te trek nie.)

- Die stam voer verder aan dat daar blykbaar geen konstitusionele minderheidsregte in sommige tuislande in die Republiek bestaan nie. Dit het veroorsaak dat die Ndebele volledig aan die gena=de van vreemde etniese groepe oorgelaat is.

- Kulturele verskille tussen etniese groepe skep probleme. Hierdie probleme kan alleen opgelos word indien elke groep die reg het om sy eie toe=koms uit te werk. Omdat die Mokopane trots is op hulle taal en kultuur, wil hulle dit handhaaf en uitbou. Die stam verwag dan dat die regering hulle die nodige geleentheid sal bied om hulle taal en kultuur uit te bou. Hulle verwag nie van ander groepe om dit vir hulle te doen nie. Indien dit gedoen word, kan die Ndebele hulle regmatige plek langs die ander etniese groepe van die Re=publiek inneem. Selfbeskikking beteken wel dat bande met etniese groepe (waarskynlik die nabu=rige Noord-Sothostamme) verbreek sal moet word. Die stam verkies egter dat daar aansluiting by die Suid-Ndebele gevind word (geklassifiseerde bron).

5.5 Die houdings van die ander Noord-Ndebelestamme

5.5.1 Die Langa van Mapela

Hoewel die Langa van Mapela nie voor 1977 skriftelik kennis gegee het dat hulle van Lebowa gaan wegbreek nie, het hulle in 1979 'n memorandum aan die rege= ring van die RSA deurgestuur wat woordeliks die= selfde as dié van die Mokopanestam is. Dit is nie nodig dat die besonderhede hier herhaal word nie behalwe dat dit in feite ook op 'n poging tot seses= sie van Lebowa neerkom.

5.5.2 Die Mashashane

In 'n brief wat Molomo van die N.N.N.O. aan die regering op 27 Desember 1975 gestuur het, het hy verklaar dat die bakgomana van dié stam besluit het dat hulle van Lebowa wegbreek en dat Tlakale as stamhoof ontsetel is. Soos aangetoon het die regering van Lebowa ernstige beswaar teen die "besluit" aangeteken aangesien Tlakale prakties ontvoer is en omdat die "besluit" deur persone geneem is wat volgens tradisionele reg nie lede van die bakgomana is nie.

Tot aan die einde van 1978 het die stam nie skrif= telik en deur middel van 'n stambesluit kennis gegee dat hulle van Lebowa gaan wegbreek nie. Volgens indirekte getuienis wat opgespoor is, sou ene Aaron Maraba van die Mashashanestam glo amptelik

verklaar het dat dié stam van Lebowa gaan wegbreek (R 226/2 deel 3:45). Daar kan aanvaar word dat dié Aaron Maraba behulpsaam was met die "besluit" wat deur Molomo in Desember 1975 aan die regering oorge=dra is. Hy is blykbaar 'n broer van die oorlede stamhoof wie se vrou, Tlakale, waarnemend is.

5.5.3 <u>Die Marabastam</u>

Volgens inligting van Mtsweni, die "sekretaris" van Makerane Mabhena van Gruisfontein, het die Marabastam op 2 Julie 1976 besluit om van Lebowa weg te breek (F 53/4 deel 4:8). Skrywer het egter geen <u>direkte</u> getuienis opgespoor waarin die stam amptelik en deur middel van 'n stambesluit kennis gegee het dat hulle van Lebowa gaan wegbreek nie.

5.5.4 <u>Die Letwaba van Nkidikitlana</u>

Op 17 Julie 1968 het die Noord-Ndebelelede van die Ndebelestreeksowerheid besluit dat hulle van Lebo=wa gaan wegbreek. Sedertdien het die stam effens op die agtergrond geskuif, hoewel stamhoof Piet Letwaba sy openlike steun aan Johannes Kekana van Zebediela toegesê het. Volgens 'n brief van die Kommissaris-generaal van 17 September 1976 aan die Minister, het die stamowerheid 'n amptelike versoek gerig dat 'n tuisland vir die Noord-Nde=bele beskikbaar gestel word. Die versoek is na be=wering skriftelik ingedien en deur die stamhoof on=

derteken (F 53/4 deel 4:69).

### 5.5.5 Die Letwaba van Eland

Hoewel die Letwaba van Eland in al die voorafgaande jare nie pertinent op die voorgrond was nie, is in die begin van 1979 'n skriftelike memorandum van hulle ontvang waarin hulle presies dieselfde oogmerke as die Kekana van Zebediela beklemtoon. Trouens, die memorandum van dié stam en dié van Kekana van Zebediela is woordeliks dieselfde. In die memorandum versoek die stam ook dat hulle by die Suid-Ndebele aansluit (geklassifiseerde bron).

## 6.0 Samevatting

Uit die voorgaande blyk dit dat die Ndzundzastamme (met uitsluiting van die Ndzundza van Nebo wat in elk geval nie in die strewe van die ander Ndebelestamme belanggestel het nie) en die Manala daarin geslaag het om hulle aspirasies te verwesenlik. Hierteenoor kon die Noord-Ndebelestamme wat hulle vir dieselfde ideale beywer, nog nie daarin slaag om enige sukses te behaal nie. Dié stamme bevind hulle nog steeds formeel binne Lebowa en Bophuthatswana. Die amptelike standpunt van die Suid-Afrikaanse regering is dat dié stamme hulle saak in die Wetgewende Vergadering van Lebowa of die nasionale vergadering van Bophuthatswana moet gaan stel. Lebowa is nie bereid om die afskeiding van die Noord-Ndebelestamme te gedoog nie terwyl die rege=

ring van Bophuthatswana die Kekana van Majaneng voor 'n baie moeilike keuse gestel het. Die Kekana is die keuse gegun om in Bophuthatswana te bly maar dan moet hulle die gesag van die Tswanaregering aan= vaar òf hulle moet die gebied verlaat en van hulle grond afstand doen. Nie een van die Noord-Ndebele= stamme is egter bereid om te trek nie. Hulle streef slegs na 'n politieke skakeling met die Suid-Ndebe= le.

Dit blyk verder dat die suksesse wat die Suid-Ndebe= le behaal het, 'n belangrike invloed op die Noord-Ndebelestamme gehad het. Van die Noord-Ndebelestam= me het hulle baie duidelik met die Ndebele-identi= teit en etniese bewussyn geïdentifiseer. In die ver= band is dit 'n ander vraag tot welke mate die be= staan van KwaNdebele toenemende druk op die rege= rings van Lebowa en Bophuthatswana gaan plaas.

## HOOFSTUK 6
## DIE STREWE TOT ETNIESE KONSOLIDASIE EN NASIONALE SELFVERWESENLIKING BY DIE NDEBELE VAN TRANSVAAL: EVALUERING

### 1.0 Inleiding

Dit is die doel van die hoofstuk om die nasionale strewes van die Ndebele teen die agtergrond van die teorie, soos in hoofstukke twee en drie uit=eengesit, te evalueer. Vir dié doeleindes is die hoofstuk in die volgende vier afdelings verdeel, naamlik: die inter-etniese sisteem en subsiste=me; die reaksies van die Ndebele op die inter-et=niese sisteem en subsisteme; die beklemtoning van etniese fokuspunte tydens die nastrewing van na=sionale oogmerke, en die beperking op en stimulan=te vir die realisering van selfverwesenliking bin=ne die gegewe inter-etniese milieu en sisteem.

Uit die aard van die saak kan daar nie veralgemeen word nie aangesien nie alle Ndebelestamme met ewe=veel ywer en op dieselfde wyse hulle nasionale oog=merke probeer bereik het nie. Hierbenewens was en is nie alle Ndebelestamme aan dieselfde kragte in dieselfde subsisteme onderworpe nie.

### 2.0 Die inter-etniese sisteem

Ter inleiding is dit nodig dat enkele opmerkings oor die begrip "inter-etniese sisteem" en "inter-etniese subsisteem" gemaak word. In die teoretiese

afdeling is daarop gewys dat skrywer eerder van die "dinamiese" analitiese metode in plaas van die "statiese" analitiese metode gebruik maak ten einde die etniese prosesse te evalueer. Dit is ook gestel dat 'n etniese eenheid nie as 'n los=staande eenheid bestudeer kan word nie. Dit is in dié verband wat Mühlmann (1964:58) die begrip "inter-etniese sisteem" as die "... interetnischen Beziehungen und Zusammenhänge und die in diesen sichtbar werdenden Regelhaftigkeiten und typischen Handelsabläufe" definieer.

Skrywer gebruik die begrip inter-etniese sisteem in dié konteks.

Ten einde 'n sinvoller analise en evaluering te maak, moet die omvattende inter-etniese sisteem en die verskillende subsisteme waaruit die omvat=tende inter-etniese sisteem saamgestel is, onder=skei word. Skrywer onderskei die volgende inter-etniese sisteme: Die beleids- en wetlike maat=reëls van die Suid-Afrikaanse regering (as poli=tieke gesag van die dominante etniese eenheid in die RSA) met betrekking tot die politieke en kon=stitusionele verhoudinge ten opsigte van die et=niese eenhede onder sy gesag, word as die omvat=tende inter-etniese sisteem onderskei. Hierdie omvattende inter-etniese sisteem bestaan o.a. en, wat die Ndebele betref, uit die volgende subsis=teme: die beleids- en wetlike maatreëls van die regering van Lebowa (as politieke gesag van die

Noord-Sotho) met betrekking tot die Ndebele; die beleids- en wetlike maatreëls van die regering van Bophuthatswana (as politieke gesag van die Tswana) met betrekking tot die Ndebele, en laastens, die politieke intensies van die Ndebele in die stedelike gebiede, op Blanke plase en in ander tuislande met betrekking tot die beleids- en wetlike maatreëls van die regerings van Lebowa, Bophuthatswana en die Suid-Afrikaanse regering.

Voordat hierdie inter-etniese sisteme bespreek word, word eers aandag aan 'n aantal fasette van die Ndebele binne die algemene inter-etniese sisteem verleen.

## 2.1 Die Ndebele en die algemene inter-etniese sisteem

Die geografiese verspreidheid van die Ndebele beteken dat hulle hulleself binne verskillende subsisteme van die algemene inter-etniese sisteem bevind.

In die gedeelte wat oor die etno-historie van die Ndebelestamme handel, is in besonderhede na die geografiese verspreidheid van die Ndebele verwys. Hieruit blyk dit dat die Ndebele hulle binne Bophuthatswana, Lebowa, Blanke gebiede en in die stamgebiede onder gesag van die Suid-Afrikaanse regering, bevind. Die Ndebele het nie in die afgelope 100 jaar oor 'n gemeenskaplike en eksklu-

siewe vaderland beskik nie. Die gevolg is dat die bestaande stamgebiede as die werklike vaderlande beskou word. (Die Ndzundza van Mabhogo is 'n uit=sondering aangesien hulle steeds na Mapochsgronde hunker).

Die konstitusionele posisie van die Ndebele is 'n verdere kenmerk van die posisie van die Ndebele in die algemene inter-etniese sisteem. Soos aange=toon, bevind die Ndebele hulle, met uitsondering van Manala en die Ndzundza van Weltevreden, Witlaagte en Kalkfontein, binne Lebowa of Bophuthatswana. Hoewel die meerderheid van die Noord-Ndebelestamme hulle binne Lebowa bevind, is daar twee stamme wat hulle in Bophuthatswana bevind. Een Suid-Ndebele=stam, naamlik die Ndzundza van Witlaagte, het vroeër konstitusioneel deel van Bophuthatswana gevorm terwyl die grondgebiede van die Manala en die Ndzundza van Kalkfontein deel van die Tswa=nagrondgebied was. Die Huaduba is geografies en konstitusioneel deel van Bophuthatswana. Tydens die skepping van gebiedsowerhede vir Lebowa en die Tswana, het die Ndzundza van Mabhogo nie deel van een van die twee owerhede gevorm nie. Die Ndzundza van Jack Mahlangu is egter by Lebowa in=geskakel. Oor die algemeen gesien, is daar nie vir die Ndebele as etniese eenheid 'n gebieds=owerheid beoog nie en hulle moes by die genoemde twee gebiedsowerhede inskakel. Die Ndebele is aanvanklik ook nie amptelik as 'n etniese eenheid erken nie.

Kultureel gesien, is daar verskille tussen die Noord- en Suid-Ndebele. In teenstelling met die Noord-Ndebele, het die Ndzundza op merkwaardige wy= se daarin geslaag om hulle taal, kultuur en tradi= sies te handhaaf - nieteenstaande die feit dat hul= le sedert 1883 oor Transvaal verstrooi geraak het. Die Manala en die Ndzundza is kultureel en etnies gesproke duidelik van die ander Sothostamme onder= skeibaar. Dieselfde kan egter nie in alle gevalle van die Noord-Ndebelestamme gesê word nie. Die Noord-Ndebelestamme het as gevolg van hulle lang= durige verblyf in die midde van die Noord-Sotho diepgaande kulturele beïnvloeding ondergaan. Trouens, daar is selfs aanvaar dat die Noord-Ndebele bykans volledig in die Noord-Sotho geassimileer het. Die Huaduba-, die Kekana- en die Selekastamme binne Bophuthatswana het bykans volledig verTswana. Op grond van die kulturele invloede wat die stamme ondergaan het, het die sentrale regering aanvaar dat dié groepe hulle heil saam met die Tswana en die Noord-Sotho moet uit= werk. In die teoretiese gedeelte is na die verskyn= sel van onvolledige assimilasie verwys. Dit bly 'n vraag of die genoemde stamme wel heeltemal in die Tswana en Noord-Sotho geassimileer het - ook wat die etniese bewussyn betref. In die geval van die Bretonners is daarop gewys dat slegs 10% van die mense wat hulleself as Bretonners bestem= pel, nog Bretons praat. Benewens die feit dat die stamme hoofsaaklik Noord-Sotho of Tswana (veral Kgatla) besig, is dit tog opvallend dat slegs die

Kekana van Majaneng gepoog het om te bewys dat hulle "kultureel" anders as die Kgatla is. Die Ke=kana van Zebediela kon bv. nie daarin slaag om aan skrywer uit te wys hoe hulle kultureel van die Noord-Sotho verskil nie. Andersyds het die Manala aangevoer dat die regering die Ndebele nie soseer op grond van hulle kulturele, taalkundige en his=toriese "kenmerke" moet beoordeel met die oog op erkenning nie. Die regering is versoek om liefs die "gemeenskaplike afkoms" van alle Ndebele as die uitgangspunt te neem. Die implikasie met die versoek was duidelik, naamlik dat as die regering die taalkundige, kulturele en historiese aspekte as uitgangspunt geneem het, dit tot die konklusie moes kom dat (a) die Noord- en Suid-Ndebele nie dieselfde etniese eenheid is nie en (b) dat die Noord-Ndebele nie Ndebele kan wees nie omdat hul=le reeds verSotho het.

In die teorie is daarop gewys dat etnisiteit nie sonder meer uit die objektiewe kulturele "ken=merke" van etniese eenhede afgelees kan word nie. Die objektiewe kulturele "kenmerke" kan aanduidend van 'n bepaalde etnisiteit wees. Die deurslagge=wende faktor is die etniese bewussyn. Dit beteken dat twee of meer groepe kultureel en taalkundig dieselfde mag lyk maar dat hulle in der waarheid verskillende etniese eenhede <u>is</u> en <u>wil</u> wees.

Die teenvraag kan gestel word waarom die Noord-Ndebele nie vroeër reeds te kenne gegee het dat

hulle 'n afsonderlike etniese eenheid is of wil wees nie. Vanuit 'n teoretiese hoek gesien, kan dit so verklaar word: Omdat die akkulturasieproses waar= in die Noord-Ndebele hulle bevind het, ongeforseerd was en deur die geografiese verspreidheid van die Noord-Ndebelestamme binne 'n dominante Noord-Sotho sisteem bevorder is, is dit nie as 'n vorm van et= niese druk beleef nie. Daar kan met 'n groot mate van stelligheid aanvaar word dat as die Noord-Nde= bele gedwing was om te akkultureer en te assimileer, weerstand daarteen reeds op 'n vroeë stadium sou plaasgevind het. Hierbenewens is dit ook nie 'n on= bekende verskynsel dat etniese eenhede 'n assimila= sieproses wat reeds ver gevorder het, heeltemal kan omkeer nie. In die teorie is na hierdie verskynsel verwys. Wat die Noord-Ndebele betref het die op= koms van 'n Ndebelenasionalisme, wat hoogty onder die Ndzundza van Mabhogo gevier het, as 'n stimu= lant vir die ontwaking van die etniese bewussyn onder die Noord-Ndebele gedien.

Dit is nie alleen die etniese bewussyn van die Noord-Ndebele wat latent was nie. Die Ndzundza van Witlaagte en Kalkfontein en selfs die Manala het aanvaar dat hulle hulle politieke toekoms binne 'n Tswana-opset sou moes realiseer. Dit was eers nadat 'n redelik algemene Ndebelebewussyn en -nasionalisme posgevat het, dat die Manala en die genoemde Ndzundzastamme hulle teen aansluiting by Bophuthatswana verset het. Op dié stadium (1964) was die Ndzundza van Witlaagte reeds konstitusio=

neel deel van die Tswanagebiedsowerheid.

Die Ndzundza van Jack Mahlangu is by Lebowa ingesluit as gevolg van die persoonlike motiewe van Jack self. Dit is 'n erkende feit dat talle van Jack se onderdane uiters ontevrede is met die feit dat hulle tans deel van die konstitusionele raamwerk van Lebowa vorm. Dit is egter ook belangrik om daarop te wys dat die beswaar van sy stamlede teen aansluiting by Lebowa eers gemaak is nadat 'n Ndebelenasionalisme op dreef gekom het. Ook in dié geval moet dus aanvaar word dat daar teen 1960 eintlik geen sterk bewustheid van Ndebeleskap bestaan het nie. Trouens, die Ndebelestamme was nie in alle gevalle aan mekaar bekend nie. Die enigste groep wat 'n uitsondering was, was die Ndzundza van David Mabhogo van Weltevreden.

Demografies gesproke het sommige Noord-Ndebelestamme of dele van stamme minderhede in hulle eie gebiede gevorm. Dit is egter 'n vraag of die Noord-Ndebele hulleself voor 1960 as "minderhede" beleef het. Dit wil nie so voorkom nie. Dit is egter betekenisvol dat die Mokopanestam in die memorandum wat in 1979 aan die regering deurgestuur is, melding van die afwesigheid van "minderheidsregte" in "sekere tuislande" maak. Daar kan aanvaar word dat as die druk wat op die Noord-Ndebele uitgeoefen word, verhoog, dié Noord-Ndebelestamme wat Ndebele wil wees, dit steeds sterker sal beleef dat hulle 'n minderheid is. Benewens die feit dat sommige

Noord-Ndebelestamme of dele van Noord-Ndebelestamme minderhede in hulle eie gebiede vorm, het daar by die sentrale regering onduidelikheid bestaan oor die getalsterkte van die Ndebele in die Republiek. Die verstrooiing van die Ndzundza het dit bykans onmoontlik gemaak om vas te stel hoe getalsterk hulle is. Onder dié omstandighede het amptenare die vraag gestel of die Ndebele nie te klein in ge=tal is om 'n tuisland en 'n eie gebiedsowerheid te regverdig nie.

Soos genoem, het daar ten minste in die afgelope 100 jaar geen historiese politieke eenheid ge=meenskaplik aan al die Ndebelestamme bestaan nie. Die strewe na 'n politieke eenheid onder die Ndebele het eers sedert die sestigerjare op die voorgrond getree. Indien die Ndebele in vroeër tye wel 'n politieke eenheid gevorm het, dan was dit aan die begin van die sestigerjare van geen praktiese betekenis nie. Sedert 1960 het verskeie Ndebele-informante probeer aantoon dat alle Nde=bele kinders van Musi en daarom 'n historiese po=litieke eenheid is. Ander het bloot op grond van die naam Ndebele aanvaar dat alle Ndebele verwant is en daarom 'n politieke eenheid vorm of behoort te vorm. Selfs in gevalle van stamgroepe wat in meer resente tye tot splitsing gekom het, het die eenheidsbewussyn begin vervaag. As gevolg van die oplewing van nasionalisme onder die Ndebele, is na die werklike en vermeende skakels wat na 'n

Ndebele-eenheid (selfs in historiese tye) kon ver= wys, egter aangegryp. In dié opsig verskil die Ndebele nie van die teorie dat etniese eenhede na mitiese skakels kan gryp ten einde 'n bepaalde intensie te motiveer nie. Die huidige intensie is om die eenheid en gemeenskaplike afkoms en herkoms van die Ndebele te beklemtoon. Dit is egter 'n vraag wanneer en onder watter omstandighede die verskille tussen Ndebelestamme beklemtoon kan word.

Die fasette wat hierbo genoem is, het tydens die oplewing van Ndebelenasionalisme opnuut na vore getree.

## 2.2 Die subsisteme binne die inter-etniese sisteem

### 2.2.1 Die sentrale regering en sy beleid as sub= sisteem

Soos aangetoon het die regering sedert 1948 'n beleid gevolg waardeur die verskillende etniese eenhede van Suid-Afrika en hulle kulturele waar= des, erken is. Die regering het die histories-ge= fundeerde beleid dat elke groep oor sy eie grond= gebied moet beskik, gehandhaaf en selfs verder uitgebou. Die konsolidasie en vergroting van die Swart gebiede is bv. reeds in 1903 as beleid aan= beveel. In 1913 is verdere wetlike beslag hieraan gegee terwyl die kommissies van die regering in 1916 en 1918 verder aan die saak gewerk het. Even=

tueel is die Swart Trust en Grond Wet in 1936 uit=
gevaardig waardeur ekstra grond (bekend as kwota=
grond) vir Swart bewoning beskikbaar gestel is.
In 1975 is verdere konsolidasievoorstelle aanvaar
en goedgekeur. In 1979 is weer besluit om die kon=
solidasie van die Swart gebiede te bespoedig.

Op politieke terrein het die regering die amptelike
erkenning van die inheemse raadstelsels van die
Swart volke as beleid aanvaar. Hierop is verder
gebou toe voorsiening vir die skepping van streeks-
en gebiedsowerhede gemaak is. Hoewel gebiedsower=
hede op geografiese grondslag ingestel is, het
dit in die praktyk hoofsaaklik met etniese grense
rekening gehou. Die Ndebele is egter nie hierby in
berekening gebring nie.

In 1959 is die verskillende etniese groepe van die
RSA amptelik erken. Die Wet op die Bevordering van
Swart Selfbestuur van 1959, waardeur die ander et=
niese groepe erken is, het nie die naam van die
Ndebele bevat nie. Sedertdien is verdere voorsie=
ning vir die verlening van groter bestuursmagte
aan die verskillende gebiedsowerhede en latere
wetgewende vergaderings (wat vir die verskillende
groepe ingestel is), gemaak. Eventueel het die
Transkei, Bophuthatswana en Venda volle onafhank=
likheid verkry.

Bostaande politieke proses was wesentlik daarop

gemik om die polities onderhorige etniese eenhede tot politieke onafhanklikheid te lei. Die proses was op die erkenning van die gegewe verskeidenhede gebaseer. In beginsel het die regering erkenning aan die bestaan van Swart nasionalismes verleen.

Dié beleid staan in skerp kontras met die beleids=rigtings van regerings elders in Afrika en in die wêreld wat dikwels in beginsel teen die erkenning van etniese eenhede en hulle nasionale aspirasies gekant is. Vanuit die hoek gesien, bied die genoem=de beleid in die RSA 'n teoretiese voorsprong vir etniese eenhede wat na politieke outonomie en erkenning wil streef.

Omdat die Suid-Afrikaanse regering die dominante en leidende faktor binne die gegewe inter-etniese sisteem is, kon dit beslissings vel sonder dat dit binnelands veel teenstand ondervind het. Die be=leid van die regering het daartoe gelei dat ander subsisteme binne die Suid-Afrikaanse sisteem tot stand gebring is, soos die van Lebowa en Bophuthatswana. (Hierna word later verwys.)

Dit blyk egter dat die toepassing van die beleid enkele probleme opgelewer het. Die regering het vereis dat as 'n tuisland vir die Ndebele uitge=meet word, dit 'n gekonsolideerde gebied moet wees. Dit het beteken dat sekere Ndebelestamme na so 'n gemeenskaplike gebied sal moet verhuis.

Hoewel gebiedsowerhede op 'n territoriale basis ingestel is, het die regering van die standpunt uitgegaan dat geen regering effektief kan regeer indien die grondgebied waaroor dit moet heers to= taal ongekonsolideerd is nie. Dié vereiste van die regering het egter aan geldigheid ingeboet omdat nie een van die bestaande tuislande geografies gekonsolideerd is nie. Soos egter aangetoon, is die geografiese ongekonsolideerdheid van die Ndebele nie met dié van ander tuislande te ver= gelyk nie. 'n Ander moontlikheid wat die regering aanvanklik oorweeg het, was die skepping van vier kerngebiede waarvoor 'n gebiedsowerheid ingestel kon word. Dié kerngebiede is egter ook só ver van mekaar geleë dat dit ook nie die probleem sal op= los nie. As gevolg van hierdie probleem het die regering in 1977 nog gepoog om die Ndzundza van Mabhogo te oorreed om 'n konfederasie met Lebowa te vorm. Toe Johannes Kekana van Zebediela probeer het om van Lebowa weg te breek, het die regering aangevoer dat 'n stam nie sonder meer uit 'n wet= gewende vergadering kan wegbreek nie. Daar is be= paalde konstitusionele prosedures wat gevolg moes word.

In beginsel het die regering dus aanvanklik nie besware teen die strewe van die Suid- en Noord-Ndebele gehad nie. Die probleme wat wel opgeduik het, was prakties van aard. Dit klop met die teo= retiese opmerking van Emerson (1960:297) dat die toepassing van die teorie in die praktyk selfs on=

moontlik kan wees.

In die geval van die Noord-Ndebele het die regering egter getwyfel of hulle aanspraak op 'n afsonderlike grondgebied en 'n eie gebiedsowerheid, werklike meriete het. Soos aangetoon, het die regering aan=vaar dat die Noord-Ndebele sodanig verSotho het dat hulle aandrang op 'n eie regering en 'n eie tuisland bloot 'n tydelike "grasvuur" was wat gou sou uitbrand.

Hierbenewens was die regering nie bereid om sonder die medewete van die regering van Lebowa tot die skepping van 'n tuisland en gebiedsowerheid vir die Noord-Ndebele oor te gaan nie. Die regering was van mening dat die Noord-Ndebele hulle saak in die Wetgewende Vergadering van Lebowa moet stel. Die regering was egter ook nie van plan om die standpunte van die regering van Lebowa en Bophuthatswana ten opsigte van die politieke toe=koms van die Noord-Ndebele sonder meer te handhaaf nie. Die Minister het dit duidelik gestel dat in=dien die Noord-Ndebele bereid sou wees om na 'n ge=meenskaplike tuisland te trek, maar die regerings van Lebowa en Bophuthatswana wil hulle nie laat gaan nie, die Suid-Afrikaanse regering sal ingryp. Sedertdien het Bophuthatswana egter onafhanklik geword en die RSA-regering kan nie sonder meer in=gryp nie. Die onafhanklikwording van Bophuthatswa=na beteken dus dat hoewel die RSA-regering <u>de facto</u> 'n leidende en dominante faktor is, die toekoms

van die Ndebele in Bophuthatswana uitsluitlik deur die regering van Bophuthatswana beslis sal word. Staatsregtelik verkeer Bophuthatswana en die RSA op gelyke voet. Vanuit die teorie besien, bevind die Ndebele in Bophuthatswana hulle dus nie meer in so 'n gunstige dominante etniese sisteem soos voor die onafhanklikheid van Bophuthatswana nie.

Hoewel die Suid-Afrikaanse regering positief ten gunste van die realisering van die nasionale strewes van etniese eenhede bestaan, is die vereistes wat die regering neergelê het as 'n vorm van druk ervaar.

2.2.2 Bophuthatswana as subsisteem

Omdat 'n aantal Ndebelestamme hulle in Bophuthatswana bevind, oefen Bophuthatswana 'n bepaalde invloed uit en vorm ook 'n subsisteem t.o.v. die realisering van Ndebele-aspirasies. Hoewel Bophuthatswana 'n skepping van die beleid van afsonderlike ontwikkeling is, beteken dit nie noodwendig dat dieselfde beleid ten opsigte van die Ndebele deur Bophuthatswana gevolg word nie. Bophuthatswana is egter ook nie 'n nasionale staat in die ware sin van die woord nie omdat die stamme in Bophuthatswana histories nooit onder 'n sentrale Tswanaregering gestaan het nie. Andersyds is die regering ook nie bereid dat van sy grondgebied vervreem word nie - veral nie omdat die nywerhede van Temba en Babalegi (wat

op die stamgrond van die Kekana van Majaneng staan) 'n belangrike leeftog aan baie Tswana verskaf. Hierbenewens bestaan die moontlikheid dat as die Kekana van Majaneng wegbreek, ander stamme in Bophuthatswana soortgelyke idees kan kry. As ge=volg hiervan het die regering van Bophuthatswana verklaar dat as die Ndebele wil wegbreek, dan moet hulle trek maar die grond bly deel van Bophutha=tswana. Dié standpunt van die regering van Bophuthatswana ten opsigte van 'n groep wat uit die gegewe staatsverband wil wegbreek, verskil nie van die standpunte van ander regerings wat met soortgelyke probleme opgesaal is nie. In die teo=retiese gedeelte is daar na hierdie verskynsel ver=wys. Die Kekana van Majaneng bevind hulle bykans in die posisie van die Kurde in Irak. Beide die Kurde in Irak en die Kekana van Majaneng bewoon gebiede wat van strategiese ekonomiese belang is en beide poog om aansluiting by hulle etniese ver=wante te kry sonder om van hulle grondgebiede af=stand te doen.

Ten einde nasionale eenheid te bevorder, het die regering van Bophuthatswana besluit om Tswana as medium van onderrig in alle primêre skole verpligtend te maak. Die Ndebele, wat hulle kinders deur middel van Pedi laat onderrig het, het dié besluit as 'n vorm van druk ervaar. Hoewel daar op 'n later stadium weer hierna verwys word, is dit slegs nodig om aan te toon dat die verskil tussen

Kgatla en Pedi nie so groot is nie en dat die Ndebele in elk geval reeds baie lank langs die Kgatla woon. Wat wel belangrik is, is die inten=sionele vertolking van wat die Kekana aan die besluit van die regering van Bophuthatswana geheg het.

Die oproep van die regering van Bophuthatswana dat almal Tswanaburgerskap moet uitneem, het die Ke=kana van Majaneng in die harnas gejaag. Hulle weiering om dit te doen, het tot onaangenaamheid tussen die regering van Bophuthatswana en die Ke=kana van Majaneng gelei. Soos in die geval van Tswana as medium van onderwys in primêre skole, is dié besluit ook as 'n vorm van druk op die Nde=bele vertolk.

Benewens dié houding van die regering van Bophutha=tswana, bevind die Ndebele in Garankuwa, Mabopane en Winterveld hulle in elk geval binne 'n etnies-vreemde milieu. Verskeie Suid-Ndebele bevind hulle in die dorpe en in Winterveld. In Garankuwa en Mabopane is die Ndebele-organiseerders van die T.N.N.O. van anti-Tswana optredes beskuldig, terwyl die Ndebele (Noord en Suid) wat in Winterveld woon, onseker van hulle toekoms geword het. Dit was ver=al die burgerskaps- en onderwyskwessie wat dit veroorsaak het. Die gerugte wat die ronde gedoen het dat Garankuwa en Mabopane eksklusiewe Tswana=dorpe is, het die Ndebele verder die harnas inge=jaag.

Tans is Bophuthatswana 'n onafhanklike staat en enige poging van die sentrale regering om die Kekana van Majaneng by 'n ander politieke bedeling in te sluit, sal alleenlik met die goedkeuring en samewerking van die regering van Bophuthatswana kan geskied.

### 2.2.3 Die Noord-Sotho en die Lebowaregering as subsisteem

Soos aangetoon, bevind die meeste Noord-Ndebele hulle binne die konstitusionele raamwerk van Lebo= wa. Konstitusioneel is Lebowa nie bereid om die Ndebele te laat afskei nie. Volgens die woordvoer= ders van die Lebowaregering, is Lebowa vir die Noord-Ndebele en die Noord-Sotho ingestel (wat waar is), en dat daar geen rede bestaan waarom die Noord-Ndebele moet padgee nie. Die voormalige Minis= ter van Binnelandse Sake, Collins Ramusi, het bv. aangevoer dat die Noord-Ndebele en die Noord-Sotho almal "Africans" is en dat hulle nog altyd in vre= de saamgeleef het. Skrywer het telkens by die Noord-Ndebelestamme wat besoek is, probeer vasstel wat hulle teen die regering van Lebowa het. Behalwe vir baie vae en algemene opmerkings, kon hulle geen argument noem waarom hulle teen Lebowa gekant is nie. Trouens, Johannes Kekana het verklaar dat hy nie teen Lebowa gekant is nie, maar dat hy net "kom groet" het. Sy standpunt was dat die Noord-Ndebele 'n "groot volk" geword het en op 'n eie re= gering en eie gebied geregtig is. Die enigste per=

soon wat definitiewe besware teen die regering van Lebowa ingebring het, was Molomo van die N.N.N.O. Hy het o.a. aangevoer dat die Noord-Nde=bele verbied word om vergaderings buite die stam=gebied te hou en dat geen Noord-Ndebele-onderwy=ser die geskiedenis van die Ndebele aan die kin=ders mag vertel nie.

Die regering van Lebowa het by meer as een geleent=heid gepoog om die stamgebied van Mabhogo as deel van Lebowa te beskryf. Hulle het bv. aangevoer dat Mabhogo deur vier Pedistamhoofde omring word en dat hy dus deel van Lebowa moet vorm. By 'n ander geleentheid het die regering van Lebowa aangevoer dat die gebied van Mabhogo per abuis uit die Lebowagebied uitgelaat is. Hierbenewens maak die regering van Lebowa op die grond ten sui=de van Jack Mahlangu aanspraak. Mabhogo maak op dieselfde grond aanspraak. Die Lebowaregering ge=bruik ook die aansluiting van Jack by Lebowa as skuifmeul om dié grond vir Lebowa in te palm. Verder wil Lebowa niks daarvan weet dat die Ndzundza hulle beeste op dié grond laat wei nie. Die Hoofminister het by geleentheid die lede van die Wetgewende Vergadering per bus na hierdie gebied geneem ten einde hulle oor die grond wat Mabhogo van Lebowa "wil steel", in te lig. Omdat die verhoudings tussen Jack Mahlangu en Mabhogo nie baie gesond is nie, vererger dit ook die ver=houdings van die Ndzundza van Mabhogo met dié van Lebowa.

Die Ndzundza vertrou die regering van Lebowa nie verder as wat hulle kan sien nie - hoewel hulle verklaar dat hulle niks teen Lebowa het nie. Andersyds het Simon Skosana, Hoofminister van die KwaNdebele Wetgewende Vergadering, gesê dat Lebo= wa "ons elke dag knyp" en "Lebowa is 'n leeu wat al die Ndebele wil insluk".

Sommige Noord-Ndebelestamme binne Lebowa voel baie sterk oor sesessie en aansluiting by die Suid-Ndebele, terwyl die Ndzundza volstrek weier om deel van Lebowa te vorm. Voorstelle van die Lebowaregering dat spesiale verteenwoordiging aan die Ndebele in die Wetgewende Vergadering van Lebowa aangebied word, is van die hand gewys.

2.2.4 <u>Ndebele op Blanke plase, in die stede en ander gebiede as subsisteem</u>

Die Ndebele, en veral die Ndzundza wat hulle se= dert 1883 op Blanke plase en in ander tuislande bevind, het geweldige sterk druk vir die skep= ping van 'n tuisland uitgeoefen. In die verband kan die Manala van Makerane te Gruisfontein en Ndzundza van Winterveld genoem word. Hierbene= wens het verskeie Ndebele wat hulle op "swakge= leë gebiede" bevind het, versoek dat hulle 'n tuiste in Mabhogo se gebied verkry. Die feit dat Mabhogo se gebied vir verdere bewoning bevries is, het Mabhogo in 'n verleentheid geplaas. Nadat

dit bekend geword het dat die Ndebele in Winter=veld en Garankuwa nie meer seker van hulle toe=koms was nie, moes hy elke naweek honderde van sy mense te woord staan. Hy kon egter geen woon=plek aanbied nie.

Benewens die Ndebele wat reeds baie lank geagiteer het dat 'n tuisland vir die Ndebele geskep word, het die Ndebele in die stedelike gebiede verdere druk uitgeoefen. Omdat die Ndebele nie amptelik as volkseenheid erken is nie, moes hulle met die oog op die verkiesing van lede van die Stedelike Swart Rade, by van die erkende etniese groepe in=skakel. Dit het aanleiding tot ontevredenheid ge=gee sodat die Ndebele Ethnic Group in Mamelodi en Atteridgeville gestig is. Dit het daartoe ge=lei dat die Ndebele begin navraag doen het waarom hulle nie soos die ander etnieë erken is nie. Alhoewel die amptelike de jure erkenning van 'n etniese groep nie 'n voorvereiste vir die skep=ping van 'n tuisland en 'n gebiedsowerheid is nie, het die Ndebele die feit dat hulle nie amp=telik erken is nie, as 'n vorm van diskriminasie aanvaar. Hulle het aangevoer dat die ander groepe hulle nie as 'n volwaardige etniese eenheid be=skou nie. Die gevolg was dat aansienlike druk met die oog op amptelike erkenning uitgeoefen is.

Hierbenewens was van die stedelike Ndebele en dié soos Makerane wat op Blanke plase gewoon het, nie teen die moontlikheid van verhuising gekant nie.

Die Ndebele wat op Blanke plase woon, is van die goedgesindheid van die eienaars afhanklik. In meer as een geval moes groepe Ndebele op ander plase 'n heenkome soek omdat die nuwe eienaar hulle aange= sê het om te trek. Dié Ndebelegroepe - veral Ndzundza - was en is gretig dat 'n tuisland vir die Suid-Ndebele geproklameer word. 'n "Sitplek" in so 'n tuisland sou die nodige permanensie t.o.v. woonplek bied. Die gevolg was dat dié groepies Ndebele bereid was om na bykans enige plek waar die tuisland afgebaken sou word, te trek. Die Ndebele in die stedelike gebiede wat hulle ten gunste van 'n Ndebeletuisland en die verhuising daarheen uitgespreek het, het ander motiewe gehad. Hulle belangrikste oogmerk was om op hulle oudag na so 'n gebied te verhuis.

Bostaande het 'n skerp kontras met die standpunte van stamlede in bestaande Ndebelestamgebiede ge= vorm. Stamhoofde was nie in staat om stambesluite te kry waarin stamme onderneem om te trek nie. Trouens, daar kan aanvaar word dat stamhoofde die hele vraagstuk van verhuising baie versigtig, indien enigsins wel, hanteer het. Hulle het besef dat as hulle daarop aandring dat die stamme ver= huis, baie van hulle volgelinge (veral die wat reeds grootliks verSotho het), nie sal trek nie.

## 3.0 Reaksies van die Ndebele op die inter-etniese sisteem

### 3.1 Die amptelike erkenning van die Ndebele

Dit is interessant dat die aandrang op amptelike erkenning een van die heel eerste oogmerke van die Ndebele was. Tydens die Mamelodi- en Temba-konfe=rensies het verskeie sprekers hieraan aandag ge=gee. Selfs voor hierdie twee konferensies plaas=gevind het, het die Ndzundza by die Departement daaroor navraag gedoen.

Die feit dat die Ndebele amptelik nie erken is nie, is deur die Ndebele intensioneel vertolk. Vir die Ndebele het dit 'n moment van "negeer=baarheid" ingehou. Hulle het bv. verklaar dat die ander etniese groepe hulle as "niks" beskou nie en dat 'n sekere magistraat nie eers geweet het dat daar so iets soos "Ndebele" bestaan nie. Die Ndzundza het bv. aangevoer dat die Ndebele in 'n konstitusioneel-ongelyke posisie met die "mense van die Protektorate" verkeer. (Hiermee het hy na die Swazi en Suid-Sotho buite Swaziland en Lesotho, wat amptelik erken is, verwys. Per implikasie het dit beteken dat hoewel die "mense van die Pro=tektorate" eintlik vreemdelinge is, hulle tog er=ken is. Daarteenoor is die Ndebele baie lank aan die Boere en die regering bekend en hulle word nie erken nie). Tydens 'n onderhoud met skrywer het die Ndzundza bv. aangevoer dat die Ndebele <u>waarskynlik</u>

om die volgende redes nie erken is nie, naamlik omdat die Ndebele (veral die Ndzundza) geografies verstrooi is; omdat Nyabela in 1883 teen die Boere oorlog gemaak het; omdat die Ndzundza en Manala al= tyd op die plase moes werk en daar nie "tyd was om planne te maak en politiek te praat" nie; omdat die regering hulle vergeet het; omdat Mzilikazi 'n Matabele was en omdat hy verskeie oorloë teen die Swart stamme en die Blankes gevoer het waardeur hy die Ndebele onder verdenking geplaas het, en omdat die Ndzundza en die Manala nie "groot plekke" soos die ander etniese groepe het nie. Hulle het verder aangevoer dat hulle nog altyd lojaal teen= oor die regering was, dat hulle vredeliewende men= se is en dat hulle eintlik dié groep is wat die meeste tot die ekonomiese ontwikkeling van die land bygedra het. Dié laaste stelling het hulle op die feit dat baie Ndzundza en Manala op Blanke plase en in die konstruksiebedryf werk, gegrond.

In antwoord op 'n vraag het hulle gesê dat die Manala en die Ndzundza nog as 'n etniese eenheid kan bestaan al word hulle nie amptelik erken nie, maar dat dit baie moeiliker sal gaan om voort te bestaan.

Volgens 'n memorandum wat deur stamhoof Alfred Ma= bhena (Manala), Aboe Mabhena van die Manala van Suikerboskop by Witbank, Lazarus Mahlangu van Witlaagte en Ester Kekana van Majaneng in Mei 1977 opgestel is, het hulle versoek dat die regering

"... should recognize us as a nation in South Africa not necessarily on the basis of language, tradition and culture. (Eie onderstreping.) Now, these are not excluded, but our nationality must be based above all on our common heritage of our memories of the past and our hopes for the future" (Eie besit). Hiermee het hulle per implikasie te kenne gegee dat as Ndebeleskap op grond van taal en kultuur bepaal word, sommige stamme waarskynlik nie meer as Ndebele sal kwalifiseer nie. Die "common heritage" waarna verwys word, is 'n baie vae begrip. Nogtans is dit as basis vir hulle nasieskap en die grond=slag waarop hulle erken moes word, aanvaar.

Die vraagstuk van amptelike erkenning het aanvank=lik nie so 'n groot rol by die Noord-Ndebele ge=speel nie. Johannes Kekana van Zebediela het eg=ter, nadat hy weggebreek het, hierna verwys. Die enigste rede wat hy aangevoer het waarom die Ndebele as 'n afsonderlike groep erken moet word, was dat die Ndebele 'n "groot volk" geword het. Skrywer het tydens 'n onderhoud met die stamraad probeer vasstel watter verskille daar tussen hul=le en die Noord-Sotho bestaan wat as rede vir er=kenning as 'n afsonderlike groep kon geld. Hulle het slegs na inisiasieverskille verwys. Hulle het ook erken dat die meeste van die stamlede Noord-Sotho praat en dat hulle kinders deur middel van Noord-Sotho onderwys ontvang. In die memorandum wat in 1979 aan die regering gestuur is, het hulle

verklaar dat hulle 'n afsonderlike etniese eenheid is en dat Lebowa nie gelyke taalregte handhaaf nie. Hulle het dit verder as 'n eenvoudige feit gestel dat hulle en die Suid-Ndebele 'n eenheid is en dat hulle gewoontes en gebruike dieselfde as dié van die Suid-Ndebele is. (Hierdie argumente klop nie met die werklikheid nie.)

Die Kekana van Majaneng het tydens 'n onderhoud met skrywer aangevoer dat hulle hulle taal, kultuur en gewoontes wil handhaaf en dat hulle daarom onder=steuners van die beleid van afsonderlike ontwikke=ling is. Hulle het verklaar dat die sentrale rege=ring 'n fout gemaak het deur nie die Ndebele te er=ken nie. Omdat die sentrale regering die Kekana van Majaneng dus verkeerdelik by Bophuthatswana ingesluit het, moet hulle toesien dat dié fout herstel word.

In die vorige hoofstuk is reeds aangetoon watter ste=reotipes daar ten opsigte van die Kgatla bestaan en hoe die Ndebele hulleself teenoor die ander Tswana=stamme sien. Hiermee het hulle gepoog om die ver=skille tussen hulle en die Kgatla te onderstreep (oordryf?) as argument waarom hulle 'n ander etnie=se eenheid is. Hulle het bv. geargumenteer dat die Ndebele en die Kgatla nog nooit goed klaargekom het nie en dat hulle 'n tolk benodig as hulle met die Kgatla praat. (Hierdie opmerking is ook ver van die waarheid. Hulle woon reeds baie jare langs die Kgatla en die taalkundige invloed van die Kgatla is

baie sterk. Dit verander egter nie aan die feit dat 'n redelike deel van die stam nog Noord-Ndebele praat en dat die skoolkore net in Noord-Ndebele sing nie.)

Die Bakenberg-Langa het ook op amptelike erkenning aangedring omdat hulle en die ander Ndebele almal van die Nguni afkomstig is. Die Mokopane-, die Letwaba- van Eland, die Maraba- en die Mashashane= stam het, volgens die Etnoloog: Noordelike Gebiede, dieselfde standpunte gehuldig.

Ter konklusie moet aangetoon word dat die "eiesoor= tigheid" van die Ndzundza en die Manala-stamme op= vallend was. Kultureel en linguisties kon daar baie min, indien enige, twyfel oor dié feit bestaan. In die geval van die Noord-Ndebelestamme was dit 'n perd van 'n ander kleur. Die blote feit dat hulle reeds baie lank aan die invloede van die Noord-Sotho en die Tswana blootgestel is en dat hulle in werk= likheid baie meer as die Suid-Ndebele (met uitson= dering van die Huaduba) geakkultureer het, het twyfel ten opsigte van hulle beweerde "eiesoortig= heid" laat ontstaan. Die Noord-Ndebele verkeer be= slis in 'n oorgangsfase. Dit is egter moontlik dat die oplewing van nasionalisme, soos wat tans plaas= vind, die rigting van assimilasie kan verander. Of dit wel gaan gebeur, sal die tyd egter leer. In= dien dit wel die geval is, beteken dit dat taal en uiterlike kultuurwaardes nie as 'n absolute maat= staf vir etniese identiteit geneem kan word nie.

Tans wil van die Noord-Ndebelestamme, in weerwil van die graad van akkulturasie wat plaasgevind het, Ndebele wees. In die lig van die feit dat hulle intensioneel Ndebele wil wees, was hulle ook daarop ingestel om die uiterlike en objektiewe elemente wat hulle aan die Noord-Sotho of Tswana gekoppel het, te minimaliseer. Die Kekana van Majaneng het bv. gepoog om die verskille (werklik en/of vermeend) met die Tswana te beklemtoon en te oordryf. In dié verband is argumente soos die volgende aangevoer: "As jy eenmaal 'n Ndebele gebore is, bly jy 'n Ndebele" - selfs al word so 'n kind deur 'n Sotho=vrou grootgemaak.

In die verband is die besware van die Kekana te Majaneng teen die gebruik van Tswana as voertaal op skool interessant. Die Ndebelekinders ontvang onderwys deur medium Noord-Sotho - omdat Noord-Ndebele nie 'n skryftaal is nie. Hierbenewens woon hulle saam met die Kgatla en kan hulle Kgatla praat. Nogtans het hulle beswaar teen die gebruik van Tswana as die enigste medium vir onderwys (naas Afrikaans en Engels) aangeteken. Hulle het egter nie aangevoer dat dit hulle identiteit sal bedreig nie, maar het aangevoer dat die regering van Bophuthatswana nie genoeg ruimte vir "ander etniese groepe" laat nie. Intensioneel is hulle dus nie as 'n "eiesoortige" groep erken en geraadpleeg nie. Dit onderstreep die argument dat die Noord-Ndebele hulle etniese identiteit baie swaarder op die werk=

like en/of vermeende <u>afkoms</u> as op uiterlike kultu= rele waardes, laat rus het.

## 3.2 <u>Verkryging van 'n Ndebeletuisland</u>

Ter aanvang moet daarop gewys word dat Van Warmelo in 1935 gevind het dat daar Ndebele in die Noorde en die Suide is wat nie van mekaar se bestaan be= wus was nie. Van Warmelo (1935:87) sê bv. dat die Noord- en Suid-Ndebele bykans volledig van mekaar geïsoleer is as gevolg van die afstande tussen die verskillende groepe. Skrywer het telkens probeer bepaal hoeveel ander Ndebelestamme 'n bepaalde stam ken. In geen van die onderhoude wat gevoer is, kon 'n stam se woordvoerders die name van al die ander Ndebelestamme verstrek nie. Die Ndebe= lestamme in die suide was bv. meer en beter aan mekaar bekend, terwyl die noordelike Ndebelestamme (met uitsondering van die Mokopane- en die Kekana= stamme) redelik onbekend aan die suidelike stamme was.

Die opwelling van Ndebelenasionalisme het egter daartoe bygedra dat die verskillende Ndebelestamme al meer met mekaar bekend geraak het. Tydens die vergadering waarop die T.N.N.O. gestig is, het 'n spreker verklaar dat hy pas vantevore ontdek het dat daar so iets soos Ndebele<u>stamme</u> bestaan.

Uit die vorige hoofstuk is dit duidelik dat daar hoofsaaklik twee groepe Ndebele was wat hulle vir

die skepping van 'n Ndebeletuisland beywer het. Die een groep was die Ndzundza van Mabhogo wat ter wil= le van die vestiging van hulle stamlede wat aan= soek vir woonplek gedoen het, 'n groter gebied wou gehad het. Met verloop van tyd het dié behoefte tot die skepping van 'n tuisland aanleiding gegee omdat die Ndebele as sodanig nie oor 'n amptelike tuisland beskik het nie. Die skepping van 'n tuis= land en die amptelike erkenning van die Ndebele het gevolglik twee kante van dieselfde munt geword. Die ander groep wat hulle vir grondgebied in 'n tuis= land beywer het, was die Ndebele op Blanke plase, in ander tuislande en in die stede. Aanvanklik was die behoefte bloot om 'n gebied of gebiede te ver= kry, maar as gevolg van die vergaderings te Mamelodi en te Temba, het die aandrang op die skepping van 'n Ndebeletuisland sterker geword. Wat dus aanvank= lik 'n lokale strewe was, het 'n algemene strewe geword. Dit was slegs die Ndzundza, sommige Manala en in 'n sekere sin die stedelike Ndebele wat nie oor grondgebied beskik het nie. Die ander Ndebele= stamme het almal oor historiese stamgebiede (tuis= gebiede) beskik. Wat dus in werklikheid gebeur het, was dat die lokale grondbehoeftes van die Ndzundza van Mabhogo (as gevolg van die oorlog van 1883) en die Ndebele wat nie woonplek in 'n stamgebied kon bekom nie, binne die maalstroom van die alge= mene Ndebelenasionalisme, hulle erkenning, die verkryging van 'n gebiedsowerheid en die skepping van 'n Ndebeletuisland, beland het.

Toe dit dus blyk dat die Ndebele te Mamelodi in 1968 en te Temba in 1969 klem op die eenheid van die Ndebele en die skepping van 'n eie gebiedsower= heid laat val het, moes daar noodwendig aan 'n tuisland vir die Ndebele gewerk word. Soos aange= toon het die regering van die standpunt uitgegaan dat die strewe van die Ndebele om nasionale eenheid te verkry, alleen deur middel van 'n gekonsolideerde tuisland bewerkstellig kon word. Enersyds was die Ndzundza tevrede dat oorweging aan 'n tuisland ge= gee word en hulle het op dié stadium (13 Desember 1972) selfs verklaar dat hulle bereid is om na enige plek waar die tuisland afgebaken mog word, te ver= huis. (Dit was simptomaties van die grondbehoeftes van die Ndzundza van Mabhogo). Hulle sou egter met meer blydskap na Mapochsgronde (soos hulle in 1969 versoek het), verhuis as die tuisland dáár uitge= meet word. Die enigste ander groepe wat ten gunste van verhuising was, was die Ndebele op Blanke plase, in ander tuislande en sommige stedelinge wat 'n woonplek (as ankerpunt) in 'n tuisland gesoek het. Nie een van die ander Ndebelestamme was bereid om te trek nie.

Omdat die regering nie met die beplanning van 'n tuisland kon voortgaan indien daar nie sekerheid bestaan oor watter stamme sal trek nie, is dié aangeleentheid aansienlik vertraag. Die Ndebele het van die standpunt uitgegaan dat hulle slegs 'n politieke eenheid wil vorm, maar dat hulle geogra=

fies gaan bly waar hulle is. Die Ndzundza het tydens 'n onderhoud met skrywer verklaar dat as die regering eers die tuisland afgebaken het, al die ander Ndebelestamme sal trek. Dié hoop het beskaam, nieteenstaande die feit dat letterlik duisende Ndebele vanuit Winterveld, Blanke gebiede en swak=geleë gebiede na die Suid-Ndebeletuisland gestroom het.

As gevolg van die feit dat die Ndzundza van Mabhogo dié groep was wat werklik 'n behoefte aan 'n tuis=land gehad het, het die proses so verloop dat daar eventueel 'n Suid-Ndebeletuisland afgebaken is. Die Manala en die Ndzundzastamme (met uitsondering van die van Jack Mahlangu) is hierby ingesluit.

In die vorige hoofstuk is aangetoon hoe die Ndzundza druk op die regering uitgeoefen het vir die skep=ping van 'n tuisland. Dit geld ook ten opsigte van die Manala van Makerane te Gruisfontein.

Die feit dat die regering 'n aanvanklike voorstel dat die Suid-Ndebeletuisland in die omgewing van Roossenekal uitgemeet word, laat vaar het, was vir die Ndzundza 'n baie groot teleurstelling. Hulle beskou vandag nog hierdie area (met inslui=ting van Mapochsgronde) as die werklike "heimat" van die Ndzundza. Die feit dat die voorvaders daar begrawe en dat die standbeeld van Nyabela daar opgerig is, bind hulle aan hierdie stuk aarde. Die beweerde historiese grootsheid van die Ndzundza

dien ook vandag as 'n belangrike dryfkrag in die nastrewing van hulle nasionale aspirasies.

Die respek en jaloersheid waarmee die Ndzundza na Mapochsgronde kyk, word deur die botsende belange ten opsigte van die grond ten suide van Jack Mahlangu se gebied geïllustreer. Die plase in dié omgewing (wat baie naby aan die historiese Mapochsgronde geleë is), is op 'n stadium deur die Departement in oorweging geneem as 'n moontlike tuislandgebied. Die regering van Lebowa wat ook op die gebied aanspraak maak, is vir die Ndzundza 'n steen des aanstoots.

Die Ndzundza van Mabhogo was nie bereid om die ontwikkelinge by die Noord-Ndebele af te wag nie. Trouens, soos aangetoon, was hulle nie eers bereid om lank vir die Manala te wag nie. Dit het daartoe gelei dat die regering die idee van 'n tuisland vir alle Ndebele (vir eers) laat vaar het.

Die feit dat 'n Suid-Ndebeletuisland bestaan, kan as 'n ankerpunt vir ander Ndebele dien. Dit kan selfs 'n uitvlug - 'n nasionale agterdeur - vir ander Ndebelestamme word as die druk wat deur Bophuthatswana en Lebowa uitgeoefen word, te hoog word.

Omdat die Noord-Ndebelestamme nie enige bereidheid om te trek te kenne gegee het nie, en die

regering gevolglik nie met enige planne ten op=
sigte van 'n tuisland vir die Noord-Ndebele kon voortgaan nie, het die Kekana van Zebediela een=
voudig gepoog om van Lebowa weg te breek. Hierna het die Kekana van Majaneng, die Mokopane van Vaaltynslokasie, die Langa van Mapela en die Letwaba van Eland te kenne gegee dat hulle ten gunste van 'n Noord-Ndebeletuisland is of dat hulle aansluiting (polities) by die Suid-Ndebele wil vind.

Die skepping van 'n Noord-Ndebeletuisland sal in feite bloot op die amptelike verklaring van die bestaande stamgebiede tot 'n Ndebeletuisland neerkom - indien dit die goedkeuring van die Noord-Ndebele wil wegdra. Huidiglik sal nie een van die Noord-Ndebelestamme na 'n nuwe en gekonso=
lideerde tuisland trek nie. Selfs die aansluiting by die Suid-Ndebele kom bloot op 'n politieke aan=
sluiting neer.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat daar nie 'n gemeenskaplike Ndebeletuisland bestaan het nie. Gegewe dat daar nie groot veranderings in inter-etniese drukpatrone plaasvind nie, sal enige poging om 'n gemeenskaplike en geografies gekonsolideerde tuisland (waarheen al die Ndebelestamme moet trek) te skep, stellig misluk. Wat moontlik aansluiting by die gevestigde Ndzundza-Manala politieke orde betref, moet rekening gehou word met die afstotende

effek van die spreekwoord wat lui dat: as 'n jakkals deur 'n rivier (grens) gaan, hy 'n klein hondjie word. Dit beteken dat as 'n stam of 'n individu 'n rivier (grens) oorsteek, bevind hulle hulle as minderes in die gebied van 'n ander. Binne dié gebied geniet so 'n groep geen status nie omdat hulle "vreemdelinge" is.

Met uitsondering van die Manala wat Wallmansthal, die Ndzundza van Mabhogo wat Mapochsgronde en die Kekana van Majaneng wat die hele Pretoriagebied as hulle eintlike tuislande beskou, aanvaar al die ander Ndebelestamme hulle huidige woongebiede as hulle historiese vaderlande. Woordvoerders van die Ndzundza van Mabhogo het dit aan skrywer gestel dat die grafte van vroeëre stamhoofde te Mapochs=gronde en die noodsaaklikheid om aan die badimo (amadlozi / voorvadergeeste) te offer, hulle aan die gebied bind. Hulle ervaar dus 'n religieuse band met die historiese Mapochsgronde. Dieselfde geld vir die Manala t.o.v. Wallmansthal. Hoewel skrywer nie in staat gestel is om oor dié saak navraag by die Noord-Ndebelestamme te doen nie, kan aanvaar word dat dieselfde vir hulle geld.

Hierdeur is die teorie bevestig dat 'n etniese eenheid deur diep psigologiese en religieuse ban=de aan 'n vaderland gebind word. Dit is ook dui=delik dat die druk wat die Noord-Ndebele ervaar nie so sterk is dat hulle bereid is om te verhuis nie. Dit kan egter verander.

3.3 Die strewe na politieke outonomie

In 1883 het die Ndzundza hulle politieke onafhank=likheid verloor. Sedertdien was hulle onderhoriges van die verskillende regerings in Transvaal, die latere Unie en die Republiek van Suid-Afrika. Uit die voorgaande hoofstuk blyk dit dat die verkry=ging van politieke onafhanklikheid nie 'n primêre oogmerk van die Ndzundza van Mabhogo was nie. Trouens, die Manala en die Ndzundza was bv. teen die instelling van stamowerhede gekant. (Dit het die politieke ontwikkeling van die Ndzundza en Ma=nala vertraag.)

Omdat die regering in 1967 besluit het dat 'n streeksowerheid vir die Ndebele oos van die Pretoria-Warmbadpad ingestel kan word, maar dat hulle hulle gewig by Lebowa moet ingooi, het die Ndzundza al hoe meer in die rigting van 'n eie gebiedsowerheid laat dink. Die regering was van mening dat die Ndzundza en Manala met 'n vorm van regionale outonomie binne Lebowa tevrede sal wees. In die vorige hoofstuk is egter aangetoon dat die Ndebele hulle met mag en mening teen aansluiting by Lebowa verset het. Dié standpunt is as gevolg van die vestiging van Ndzundza by Pedi- en Tswana=kapteins verder versterk. Hierbenewens het die aansluiting van Jack Mahlangu by Lebowa (sonder die goedkeuring van sy stamlede), die Ndzundza van Mabhogo verder die harnas ingejaag. Die aan=sprake wat Lebowa op die gebied ten suide van

Jack Mahlangu van Nebo gemaak het asook die houding van die Departement van Onderwys van Lebowa oor Ndebeleskole in Mabhogo se gebied, het die Ndzundza in hulle standpunt dat hulle polities onafhanklik van Lebowa moet ontwikkel, versterk.

Gepaard met die ontwaking van Ndebelenasionalisme het die gedagte van 'n Ndebelegebiedsowerheid ge= groei. Met die oog op die skepping van 'n Ndebele= gebiedsowerheid moes die gebiede van die Ndzundza van Witlaagte en Kalkfontein en die Manalagebied uit Bophuthatswana uitgesny word. Omdat die rege= ring van Bophuthatswana lank getalm het om goed= keuring hiervoor te gee, het die Ndzundza laat blyk dat hulle nie lank vir die Manala gaan wag nie. Eventueel is die Ndebelegebiedsowerheid in Oktober 1977 tot stand gebring en het die Ndzundza hulle politieke ideaal verwesenlik.

Die strewe tot verkryging van selfregering vir die Suid-Ndebele, het voortgevloei uit die druk vanuit die inter-etniese sisteem op die Ndebele. In die bostaande gedeelte is reeds na enkele fasette in die verband verwys. Die Ndzundza en Manala het bv. aangevoer dat hulle liewer die belastings wat van hulle onderdane aan die regering van Lebowa moes betaal, self wil gebruik. Insgelyks kon hulle self besluite oor die ontwikkeling van die Ndebele neem. Die verkryging van selfregering los van Lebowa kon 'n groter mate van sekuriteit aan die Suid-Ndebe= le verleen.

Benewens praktiese en ander argumente wat die Ndzundza vir die verkryging van politieke outono=mie aangevoer het, het hulle swaar klem op die be=ginsels van die beleid van afsonderlike ontwikkeling geplaas. Hulle het eenvoudig aangevoer dat hulle 'n afsonderlike etniese groep is en daarom op selfre=gering en 'n eie vaderland geregtig is. Hiermee is die RSA-regering met sy eie paradigma gekonfron=teer.

Die pogings van die regering om die Suid-Ndebele te oorreed om 'n konfederasie met Lebowa te vorm, is van die hand gewys. Prakties gesproke het dié voor=stel meriete gehad omdat die Ndebele geografies uiters ongekonsolideerd was. Binne 'n konfederale stelsel kon die samestellende etniese eenhede hul=le identiteit en vaderlande behou en kon hulle hulle politieke selfstandigheid tot op hoë vlak handhaaf. Die Ndzundza van Mabhogo was egter in beginsel só teen enige vorm van samewerking met die Noord-Sotho gekant, dat die voorstel by meer as een geleentheid summier verwerp is. 'n Lid van die Uitvoerende Raad van die Ndebelegebiedsowerheid het aan skrywer gesê dat as die Blanke regering van Suid-Afrika bereid is om 'n konfederasie met Lebowa te vorm, dan sal die Ndzundza die voorstel weer oorweeg.

Selfs die voorstelle van die Lebowaregering dat daar spesiale voorsiening vir die Ndebele in die Wetgewende Vergadering van Lebowa gemaak kan word,

is summier van die hand gewys.

Hoewel die Ndzundza van Mabhogo die toonaangewende stam in die verband was, is die Ndzundza van Wit=laagte en Kalkfontein en die Manala by hierdie strewe betrek.

Toe dit blyk dat Bophuthatswana talm met die uit=snyding van dié stamme se grondgebiede, het die Manala in 1974 verklaar dat hulle geen verdere "bevele" van die regering van Bophuthatswana sal "neem" nie. Die Manala en die twee genoemde Ndzundzastamme het verder besluit dat hulle van Bophuthatswana gaan wegbreek (F 53/1236/4 deel 2: 160-162). (Dié besluit was grootliks 'n gebaar aangesien die Manala en die Ndzundza van Kalk=fontein nie konstitusioneel deel van Bophuthatswana gevorm het nie. Die Ndzundza van Witlaagte het wel konstitusioneel deel van Bophuthatswana ge=vorm.)

Die stamme is eventueel by die skepping van 'n streeksowerheid, die Mnyamanastreeksowerheid, en die skepping van die Ndebelegebiedsowerheid in=gesluit.

By die Noord-Ndebelestamme het die strewe na 'n eie politieke bedeling wat los van Lebowa staan, 'n ander pad geloop. Soos aangetoon, het die Noord-Ndebelestamme elkeen 'n erkende stamgebied gehad en was hulle nie, soos die Ndzundza, ver=

strooi nie. Die gevolg was dat hulle eerste oog= merk die skepping van 'n onafhanklike Ndebele-ower= heid (wat die bestaande gebiede sou insluit) was. Die gebruik van die woord "Ndebeletuisland" tydens die Mamelodi- en Temba-konferensies en by ander geleenthede, het dus eerder na 'n politieke bede= ling verwys. Dit was vanuit die staanspoor duidelik dat die Noord-Ndebelestamme nie bereid is om van hulle historiese vaderlande weg te trek nie. Selfs die verklarings wat enkele Noord-Ndebelestamme in 1979 aan die regering deurgestuur het en waarin van aansluiting by die Suid-Ndebele gepraat word, verwys na 'n politieke skakeling.

Die argumente wat Johannes Kekana van Zebediela aangevoer het waarom hy van Lebowa wil wegbreek, is tekenend van die posisie van die ander Noord-Ndebelestamme. Daar is slegs verklaar dat die Ndebele 'n groot volk geword het en dat hulle op 'n eie regering geregtig is. Slegs Molomo van die N.N.N.O. het spesifieke redes genoem waarom die Noord-Ndebele van Lebowa moet wegbreek.

Die Kekana van Majaneng, wat hulle in Bophuthatswa= na bevind, het ook definitiewe redes aangevoer waar= om hulle van Bophuthatswana moet wegbreek. Die be= sonderhede is in die vorige hoofstuk vermeld. Dit behels sake soos onderwys, taal en burgerskap.

Die beweging onder die Noord-Ndebele om van Lebo=

wa weg te breek, is deur die ontwaking van Ndebele= nasionalisme gestimuleer. Voor dié tydperk het dit nie gelyk asof daar enige goeie en objektiewe redes bestaan waarom hulle van Lebowa moet wegbreek nie. Selfs nadat Kekana van Lebowa "weggebreek" en sy deelname aan die verrigtinge van die Wetgewende Vergadering van Lebowa opgeskort het, het hy geen definitiewe redes aangevoer waarom daar tot die stap oorgegaan is nie. Hy het eenvoudig volgehou dat die Noord-Ndebele 'n ander etniese groep is. Die verklaring wat Kekana op die Ndebelestreeks= owerheid gemaak het, nl. dat die regering hom as die leier van die Noord-Ndebele oorweeg, het hom daaraan blootgestel dat hy van persoonlike ambi= sies verdink kan word.

Dit is moontlik dat die weiering van Lebowa om die Noord-Ndebele te laat gaan, 'n verdere anti-Lebo= wa-emosie tot gevolg kan hê. Hierdeur kan die ver= houdings tussen Lebowa en die Noord-Ndebele ver= sleg en dus momentum aan die strewe vir 'n eie re= gering verleen.

Samevattend kan dit gestel word dat die Ndzundza van Mabhogo in die <u>eerste</u> plek na die verkryging van <u>grondgebied</u> (om die onderdane van elders te hervestig) gestrewe het en dat op 'n later stadium, as gevolg van veranderde omstandighede, op die ver= kryging van politieke outonomie (los van Lebowa) aangedring is. Die ander Suid-Ndebelestamme is hierby betrek. Die Suid-Ndebele het die verkryging

van politieke outonomie as 'n belangrike stap vir hulle voortbestaan beskou. Hierteenoor het die strewe van die Noord-Ndebele in die eerste plek uit die verkryging van politieke outonomie, los van Lebowa, bestaan. Die motiverings vir die strewe is egter nie sonder vaaghede nie. Die Ke=kana van Majaneng is 'n uitsondering in hierdie verband.

Teen die agtergrond van die teorie gesien, val die strewes van die Suid-Ndebele binne die alge=mene patroon. In die geval van die Noord-Ndebele skep die kwessie van etniese identiteit en die subjektiewe vertolking van hulle situasie en hulle strewes, egter probleme.

3.4 Sesessie

Die Ndzundza is nie by 'n bedeling ingesluit waar=uit dit geo-polities kon wegbreek nie. Dit kan egter aanvaar word dat as die Ndzundza by Lebowa ingesluit was, dit tot 'n sesessiepoging sou lei. Die Manala en die Ndzundza van Witlaagte en Kalk=fontein het amptelik verklaar dat hulle van Bophuthatswana "wegbreek" omdat die Tswanaregering aanvanklik nie bereid was om die gebiede van die stamme te laat uitsny nie. Die besluit van die stamme was egter grootliks 'n gebaar.

Die Kekana van Zebediela het formeel sesessie ge=

pleeg deur die eensydige opsegging van hulle kon= stitusionele verbintenis met Lebowa. Nadat die regering besluit het dat die Noord-Ndebele kon= stitusioneel deel van Lebowa moet bly, het die stam van Johannes Kekana van Lebowa weggebreek. Lebo= wa is aangesê om sy amptenare en eiendom uit die stamgebied te verwyder. Johannes Kekana het hierna geen sitting van die Wetgewende Vergadering van Lebowa bygewoon nie. Verskeie pogings om hom te oorreed om die sittings wel by te woon en sy stand= punt in Lebowa te stel, het nie geslaag nie. Poli= ties en geografies het die Kekana van Zebediela hulle dus nie meer as deel van Lebowa beskou nie hoewel hulle regtens nog deel van Lebowa is.

Verskeie ander Noord-Ndebelestamme het Kekana ge= steun. As gevolg van dié stap wat hy gedoen het, het die Kekana van Majaneng ook besluit om van Bophuthatswana weg te breek. In die proses is die nasionale vlag van Bophuthatswana gestryk en ver= brand. Die Kekana van Majaneng het verklaar dat hul= le voortaan onder die gesag van die Suid-Afrikaanse regering staan. Volgens hulle argument het die Suid-Afrikaanse regering die fout begaan om hulle onder die gesag van Bophuthatswana te plaas en dat dit die taak van die Suid-Afrikaanse regering is om die saak reg te stel. Dié verklaring van die Kekana van Majaneng is nie 'n eensydige onafhank= likheidsverklaring nie. In wese het hulle hulleself bloot onder die gesag van 'n ander dominante een= heid, naamlik die Suid-Afrikaanse regering, geplaas.

Dit is nie aan skrywer bekend of die stam hulle deelname aan die aktiwiteite van die regering van Bophuthatswana gestaak het nie.

Die Mokopane en Langa van Mapela het ook kennis ge= gee dat hulle van Lebowa wegbreek. Skrywer kon eg= ter ook nie vasstel of hulle hulle deelname aan die verrigtinge van die Wetgewende Vergadering van Lebowa opgeskort het nie. Hulle simpatieë lê egter by die Kekana van Zebediela en hulle streef na po= litieke aansluiting by die Suid-Ndebele. Die Mashashane-, Maraba- en Nkidikitlanastamme het, volgens indirekte getuienis, kennis gegee dat hulle van voorneme is om van Lebowa weg te breek. Op hier= die stadium wil dit voorkom of die stamme 'n ag= terdeur oophou. Indien die regering besluit dat 'n gebiedsowerheid vir die Noord-Ndebele geskep word, sal hulle daarby aansluit. Ondertussen is hulle nie bereid om hulle ideale openlik na te streef en sodoende die gramskap van die regering van Lebowa op hulle hals te haal nie.

Soos in die teorie aangetoon, het sesessie dit ten oogmerk om uit 'n bestaande politieke bestel weg te breek sodat die nasionale oogmerke van 'n groep deur middel van sy eie gesagstrukture binne sy eie gebied nagestreef kan word. Dit is ook die oogmerke van die Ndebelestamme wat weggebreek het en die wat te kenne gegee het dat hulle van plan is om weg te breek. Andersyds is ook aangetoon dat sesessiebewegings normaalweg teengestaan word.

Dieselfde het met die Ndebele gebeur. Bophuthatswana het, soos Lebowa, teen die sesessie van Ndebele=stamme geskop. Die regering van Bophuthatswana het die Kekana van Majaneng voor die "keuse" gestel om te trek (met verlies van hulle grondgebied), of om binne Bophuthatswana te bly en burgerskap te aanvaar. Die reaksie van die Kekana was dat hulle nie sal trek en hulle grondgebied aan Bophuthatswana afstaan nie. Hulle is ook nie bereid om burgerskap van Bophuthatswana te aanvaar nie. Die enigste uit=weg was formele sesessie en die eis dat die Suid-Afrikaanse regering hulle moet erken in die gebied waar hulle tans woon. Die feit dat die stamme se=sessie gepleeg het sonder om van hulle grondgebiede afstand te doen, val binne die algemene patroon wat in die teoretiese gedeelte aangetoon is. Ander=syds kan die pogings van Lebowa en Bophuthatswana om sesessie teen te staan as 'n stryd ter behoud van dié staatsverbande en hulle grondgebiede beskou word. As gevolg van die invloed van die Suid-Afri=kaanse regering is daarin geslaag om, in ruil vir vergoedende grond aan Bophuthatswana, die gebiede van die Ndzundza van Witlaagte en Kalkfontein uit Bophuthatswana te sny en om die Litho Ndebele-Ndzund=zastamowerheid van die Kgatla-Ndebelestreeksower=heid los te maak en by die Mnyamanastreeksowerheid in te skakel. Die stap was alleen moontlik omdat die Suid-Afrikaanse regering die dominante faktor binne die algemene inter-etniese sisteem was en Bophuthatswana nog nie onafhanklik was nie.

3.5 Irredentisme

In die teoretiese afdeling is na hierdie verskynsel verwys. Dit beteken dat 'n etniese groep op grond=gebied aanspraak maak op grond van die feit dat dit die gebied vantevore bewoon het maar later ver=loor het. Die enigste stam wat in werklikheid op so 'n grondgebied aanspraak kon maak, is die Ndzund=za. Omdat hulle in 1883 van hulle grond ontneem is nadat hulle die oorlog teen die ZAR verloor het, is hulle waarskynlik die enigste stam in die RSA wat daarna nie weer 'n tuisgebied ontvang het nie. Dit het bykans 94 jaar geneem voordat die Ndzundza weer 'n amptelike tuisgebied en 'n eie regering ver=kry het. Dit is egter 'n feit dat die Ndzundza nog nie van Mapochsgronde as vaderland afgesien het nie. Hulle het aan skrywer vertel dat as hulle die ge=leentheid kry om na Mapochsgronde te trek, hulle dit "vandag" sal doen. Hulle het by verskeie geleent=hede versoek dat die tuisland vir die Suid-Ndebele in dié streek uitgemeet moet word. Toe die regering eventueel besluit het dat Mapochsgronde nie meer as vaderland oorweeg word nie, was dit 'n groot teleurstelling. Die standbeeld van Nyabela is on=dertussen daar opgerig. Hierbenewens vorm die graf=te van die voorvaders en vorige stamhoofde 'n be=langrike skakel met die gebied. Die feit dat die Ndzundza onder geen omstandighede bereid was om die standbeeld van Nyabela te laat verskuif nie, is tekenend van die kragte wat hulle aan die gebied bind.

3.6 Nasionalisme

Streng gesproke kan daar nie eintlik van *'n* Ndebele-nasionalisme gepraat word nie omdat die verskillende Ndebelestamme nie in meer resente tye 'n hegte etniese, kulturele, politieke en histo=riese eenheid gevorm het nie. Dit is eerder 'n geval dat daar onder leiding van 'n aantal stede=like Ndebele en as gevolg van die aktiwiteite van die Ndzundza van Mabhogo, 'n alliansie van nasionalismes na vore getree het. In die proses, soos in ander nasionale bewegings, is die klem op die gemeenskaplike elemente geplaas terwyl die verdelende elemente eerder negeer of verklein is. (Soos aangetoon, is dié nastrewing van *eenheid* tussen die Ndzundza en die Manala nieteenstaande verdelende kragte, baie duidelik.) Die feit dat die *beweerde* bo die *werklike* verkies is, is tipe=rend van dié bewegings. Dit is verder duidelik dat die nasionalisme van die Ndzundza tot dusver die kragtigste na vore gekom het.

Soos in die geval van ander nasionale bewegings het onderlinge verdeeldheid en spanning tussen leiers egter ook sy tol geëis. Die nasionale beweging onder die Ndebele het egter nog nie sy eindpunt bereik nie en 'n evaluering daarvan is op hier=die stadium prematuur.

4.0 Etniese fokuspunte

In die teoretiese gedeelte is na die beklemtoning van sekere aspekte van etniese eenhede se taal en kultuur verwys. Dit is o.a. gestel dat die bepaalde aspekte wat beklemtoon word, deur die gegewe inter-etniese sisteem bepaal word. Dieselfde het ten op=sigte van die Ndebele gebeur.

Dit was veral die Ndzundza wat die klem op die be=houd van hulle taal en kultuur geplaas het. In teenstelling met die Noord-Ndebelestamme het die Ndzundza oor 'n eie taal en kultuur, onderskeie van die van die Noord-Sothostamme, beskik. Hoewel die=selfde vir die Manala en die ander Ndzundzastamme gegeld het, het hulle dit nie so sterk soos die Ndzundza van Mabhogo beklemtoon nie. Die Kekana van Majaneng was egter 'n uitsondering onder die Noord-Ndebelestamme. Die feit dat hulle beswaar ge=maak het omdat Tswana as medium van onderrig in al=le primêre skole gebruik moes word, het nie beteken dat hulle taal (Noord-Ndebele) daardeur bedreig is nie. Noord-Ndebele is nie in skole gebruik nie om=dat dit nie 'n skryftaal is nie. In die plek van Tswana het die Kekana van Majaneng hulle kinders deur medium Pedi laat onderrig. Pedi as taal is egter as simbool aangegryp en beklemtoon waardeur te kenne gegee is dat die regering van Bophuthatswa=na nie lewensruimte aan ander groepe in sy gebied gun nie.

Dit is verder opvallend dat wanneer die Noord- en Suid-Ndebele saam op vergaderings was, hulle die taalkwessie as "huishoudelik" afgemaak het. Met ander woorde, die werklike taalverskille is onderbeklemtoon ter wille van die intensie om die eenheid (werklik en/of fiktief) van die Ndebele te beklemtoon.

Naas die beklemtoning van taal, het die onderwys 'n belangrike fokuspunt geword. Weereens het die Ndzundza en die Kekana van Majaneng 'n hoë premie hierop geplaas. Die leser sal onthou hoeveel moeite die Ndzundza van Mabhogo met die inspek=teurs van onderwys van die regering van Lebowa gehad het.

As gevolg van die gebrek aan kulturele en taalkun=dige gemeenskaplikhede tussen die verskillende Ndebelestamme, is eerder klem op die vermeende gemeenskaplike afkoms van alle Ndebelestamme ge=plaas. Verskeie Ndebelesprekers het aangevoer dat alle Ndebele van Musi afkomstig is en dat dit nie relevant is watter taal 'n Ndebele praat nie - so lank hy of 'n voorsaat van hom as 'n Ndebele ge=bore is. In die verband is aangevoer dat die on=derskeid wat die regering (verwysende na die amp=tenare) tussen die Noord- en Suid-Ndebele maak, kunsmatig is. Hierdeur is ook 'n bepaalde intensie weergegee.

'n Ander faset wat beklemtoon is, is die liefde vir

die gegewe grondgebiede waarop die verskillende Ndebelestamme hulle bevind het.

Uit die voorgaande blyk dit dat die Ndebele in be= ginsel nie 'n uitsondering op die algemene teore= tiese reëls is nie.

## 5.0 Selfverwesenliking: Positiewe en negatiewe fak= tore

In die teoretiese gedeelte is die aandag op 'n aan= tal faktore wat stremmend op die bereiking van se= kere nasionale oogmerke inwerk, gevestig.

Wat die Ndebele betref, is die volgende faktore van belang.

Die vraag oor wat 'n etniese eenheid is en wanneer 'n bepaalde groep wel vir erkenning as 'n afson= derlike etniese eenheid kwalifiseer, het opnuut in die geval van die Noord-Ndebele na vore gekom. Die feit dat die etnisiteit van die Noord-Ndebele nie sonder meer 'n uitgemaakte saak was nie, het 'n vertragende effek op die politieke ontwikkeling van die Noord- en Suid-Ndebele gehad.

Die tweede en 'n baie belangrike beperking bestaan in die geografiese ongekonsolideerdheid van die Ndebelestamme. Die regering kon vanweë die toedrag van sake nie binne 'n redelike kort tydperk daarin slaag om 'n Ndebeletuisland af te baken en dusdoende

die Ndebele met die bereiking van hulle nasionale aspirasies help nie.

'n Derde faktor wat die proses vertraag het, was die feit dat die Suid-Ndebele en die Noord-Ndebele nie bereid was/is om 'n alternatiewe vorm van politieke outonomie as dié van volledige onaf= hanklikheid te aanvaar nie.

Vierdens het die standpunte van Lebowa en Bophu= thatswana nie sonder meer toegelaat dat van die stamme uit hulle gebiede wegbreek nie. Met ander woorde hulle was nie daarop ingestel om die na= sionale strewes van die Ndebele goedskiks te er= ken nie. Die alternatief wat die regering van Bophuthatswana aan die Kekana van Majaneng voor= gehou het, was eintlik 'n onmoontlike keuse. Ins= gelyks het die regering van Lebowa hulle hand en tand teen die skepping van 'n Ndebeletuisland ver= set.

Die numeriese grootte van die Ndebelestamme het slegs aanvanklik 'n struikelblok gevorm. Binne Departementele kringe is daar bespiegel oor die vraag of die Ndebele numeries nie só min is dat dit nie prakties moontlik of wenslik is om 'n tuisland en gebiedsowerheid vir hulle te skep nie. Die Kommissaris-generaal van die Noord-Sotho, dr. Eiselen, het egter daarop gewys dat die Ndebele groter as verskeie groepe in Suidwes-Afrika is. Vir dié groepe is selfbeskikking in die vooruitsig gestel.

Hiermee het die regering aanvaar dat daar in be=ginsel nie beswaar teen die strewe van die Ndebele kan wees nie.

Die belangrikste positiewe faktore wat die berei=king van die nasionale oogmerke van die Suid-Ndebele bevorder het, was die algemene beleid van die rege=ring dat etniese eenhede erken word en dat hulle binne nasionale verband politieke onafhanklikheid kan verkry. Die tweede belangrike positiewe faktor was die oplewing van nasionalisme onder die Ndebele. Omdat die nasionale strewes van die Nde=bele op 'n vroeë stadium amptelik erken is, het dit voorkom dat dié beweging ondergronds gegaan het. Alle samesprekings kon in die openbaar en sonder vrees vir intimidasie plaasvind. Die enig=ste instansie wat die Ndebelestrewe wou smoor, was die regering van Lebowa. Volgens indirekte getuienis wat skrywer bekom het, is die strewes van die Noord-Ndebele as só sensitief beskou, dat daar nie oor gepraat moet word nie. Skrywer is bv. nie toegelaat om met die verskillende Noord-Ndebelestamme onderhoude oor dié aangeleentheid te voer nie omdat die regering van Lebowa daarteen gekant is.

'n Derde faktor wat die saak van die Suid-Ndebe=le bevorder het, was die pogings wat hulle binne hulle stamgebied aangewend het om ontwikkelings=projekte aan die gang te kry. Op indirekte wyse het dit die gevoel by die regering geskep dat die

mense hulle self wil help en ook bewyse daarvan gelewer het.

Die vierde en laaste positiewe faktor was die feit dat die Ndzundza se grond in 1883 vervreem is en hulle oor Transvaal verstrooi is. In terme van die algemene beleid van die Suid-Afrikaanse regering was hierdie toedrag van sake 'n anakronisme. Dit moes dus reggestel word. Hierbenewens het die Ndebele op Blanke plase en in ander gebiede waar hulle tydelik gevestig was, soveel druk uitgeoefen dat die regering eenvoudig daarna moes luister.

Ter samevatting kan dit gestel word dat die proble=me wat ten opsigte van die realisering van die Suid-Ndebele se nasionale aspirasies in Transvaal bestaan, nie beginselbesware is nie. Dit is prak=tiese probleme wat oorbrug moes word. Wat die Noord-Ndebele betref, is die regering nog nie oor=tuig dat hulle eise vir selfregering werklik me=riete het nie.

## 6.0 Samevatting

Die Ndebele bevind hulle binne 'n inter-etniese sisteem wat uit verskeie subsisteme saamgestel is. As gevolg van verskeie redes en druk wat uitgeoefen is, het die Ndebele bepaalde nasionale oogmerke nagestreef. In die proses is verskeie etniese fokuspunte, wat as belangrik beskou is,

beklemtoon. Wat die Suid-Ndebele betref is die belangrikste praktiese probleme met die oog op die instelling van 'n gebiedsowerheid en 'n wet=gewende vergadering oorbrug en het hulle daarin geslaag om hulle oogmerke sonder bloedvergieting te verwesenlik. In beginsel en ten opsigte van praktyk het die strewe van die Ndebele nie van die ander etniese groepe wat in die teoretiese hoofstuk bespreek is, verskil nie. Die belangrik=ste verskil wat wel bestaan het, is dat die Suid-Afrikaanse regering, in teenstelling met regerings elders, positief ten opsigte van die er=kenning van etniese eenhede en hulle nasionale strewes ingestel is.

# BIBLIOGRAFIE

## BOEKE, ONGEPUBLISEERDE MANUSKRIPTE, TOESPRAKE EN REFERATE


ALLWORTH, E. 1973. Revised draft of some theses presented to the conference on the national= ity question in Soviet Central Asia. New York, Praeger.

------ 1973. Regeneration in Central Asia. (In Allworth, E., red. The nationality ques= tion in Soviet Central Asia. New York, Praeger).

BARANY, G. 1971. Hungary: From aristocratic to proletarian nationalism. (In Sugar, P.F. & Lederer, I.J., reds. Nationalism in Eastern Europe. Seattle, University of Washington Press.)

BARRETT, R.J. 1973. Convergence and the nationality literature of Central Asia. (In Allworth, E., red. The nationality question in Soviet Central Asia. New York, Praeger.)

BARRON, M.L. 1967. Ethnic anomie. (In Barron, M.L., red. Minorities in a changing world. New York, A. Knopf.)

BARTH, F., red. 1969. Ethnic groups and boundaries. The social organisation of culture difference. Bergen-Oslo, Universitets Forlaget.

BEAUMONTKOMMISSIE. 1916. Kyk Unie van Zuid-Afrika. 1916.

BECKER, S. 1973. National consciousness and the politics of the Bukhara People's Conciliar Republic. (In Allworth, E., red. The nationa= lity question in Soviet Central Asia).

BELL, D. 1975. Ethnicity and social change. (In Glazer, N. & Moynihan, D.P., reds. Ethnicity; theory and experience. Cambridge, Harvard University Press.)

BELL, W. & FREEMAN, W.E. 1974. Introduction. (*In* Bell, W. & Freeman, W.F., reds. Ethnicity and nation-building. London, Sage Publications.)

BENJAMIN, C. 1977. The Kurdish nonstate nation. (*In* Bertelsen, Judy S., red. Nonstate nations in international politics; comparative system analyses. New York, Praeger.)

BERTELSEN, Judy S. 1977. Introduction. (*In* Bertel= sen, Judy S., red. Nonstate nations in inter= national politics; comparative system analy= ses. New York, Praeger.)

----- 1977. The Palestinian Arabs. (*In* Bertelsen, Judy S., red. Nonstate nations in international politics; comparative system analyses. New York, Praeger.)

BLASCO, P.G. 1974. Modern nationalism in old nations as a consequence of earlier state-building; the case of Basque Spain. (*In* Bell, W. & Freeman, W.E., reds. Ethnicity and nation-building; comparative international and historical perspectives. London, Sage Publications).

BOTHA, M.C. 1977. Address by the honourable M.C. Botha, M.P., Minister of Bantu Administra= tion and Development and of Bantu Education, on the occasion of the opening of the first meeting of the Ndebele Territorial Authority on Thursday, 24th November, 1977.

BOTHMA, C.V. 1969. Pedi origins. (*In* Republic of South Africa. Department of Bantu Administration and Development. Ethnological publications no. 52. Ethnological and linguistic studies in honour of N.J. Van Warmelo. Pretoria, Government Printer.)

BREUTZ, P.-L- 1953. The tribes of Rustenburg and Pilanesberg districts. Pretoria, Government Printer.

----- 1954. Die stamme van die distrikte Lichten= burg en Delareyville. Pretoria, Die Staats= drukker.

----- 1972. Tswana met Ndebele-oorsprong en hulle Ndebele-bure. Ongepubliseerde manuskrip.

BRIERLY, J.L. 1963. The law of nations. An intro= duction to the international law of peace. Oxford, Clarendon Press.

BROCK, P. 1971. Polish nationalism. (In Sugar, P.F. & Lederer, I.J., reds. Nationalism in Eastern Europe. Seattle, University of Washington Press.)

BROWN, J.T. 1971.Setswana Dictionary. Setswana-English and English-Setswana. Gaberones, Book Centre.

BUCHEIT, L.C. 1978. Secession: the legitimacy of self-determination. New Haven & London, Yale University Press.

BRYANT, A.T. 1929. Olden times in Zululand and Natal. Containing earlier political history of the eastern-Nguni clans. London, Longmans.

CHILD, H. 1968. The history of the amaNdebele. Salisbury, Dept. of Internal Affairs.

COBBAN, A. 1968. The nation state and national self-determination. New York, Crowell Ltd.

COETZEE, C.J. 1973. Enkele patrone van dekoloni= sasie en ontvoogding in Afrika. (In Coet= zee, C.J. et al. Politieke verandering en

tendense in Afrika. Wetenskaplike bydraes van die P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.)

COETZEE, C.J. 1976. Integrasie op nasionale vlak: Rwanda. Referaat gelewer voor die Instituut vir Afrikanistiek, P.U. vir C.H.O., Potchef= stroom.

COLSON, Elizabeth. 1967. Contemporary tribes and the development of nationalism. (In American Ethnological Society. Essays on the problem of tribes. San Francisco, University of Washington Press.)

CONNOR, W. 1976. The political significance of ethnonationalism in Western Europe. (In Said, A.A. & Simmons, L.R., reds. Ethnicity in an international context; the politics of disassociation. New Jersey, Transaction Books.)

----- 1977. Ethnonationalism in the first world; the present historical perspective. (In Esman, M.J., red. Ethnic conflict in the western world. Ithaca/London, Cornell Uni= versity Press.)

CORRADO, R. 1977. The Welsh as a nonstate nation. (In Bertelsen, Judy S., red. Nonstate nations in international politics; comparative system analyses. New York, Praeger.)

DA SILVA, M. 1977. The Basques as a nonstate nation. (In Bertelsen, Judy S., red. Nonstate nations in international politics; comparative system analyses. New York, Praeger.)

DèCLé, L. 1898. Three years in savage Africa. London, Methuen.

DOORNBOS, M.R. 1970. Kumanyana and Rwenzururu; two responses to ethnic inequality. (In Rotberg, R.I. & Mazrui, A., reds. Protest and power in black Africa. New York, Oxford University Press.)

DESPRéS, L.A. 1975. Towards a theory of ethnic phenomena. (In Després, L.A., red. Ethnicity and resource competition in plural societies. The Hague, Mouton.)

DUNN, Ethel & DUNN, S.P. 1973. Ethnic intermarriage as an indicator of cultural convergence in Soviet Central Asia. (In Allworth, E., red. The nationality question in Soviet Central Asia. New York, Praeger.)

EMERSON, R. 1960. From empire to nation; the rise to self-assertion of Asian and African peoples. Boston. Beacon Press.

ESMAN, M.J. 1977. Perspectives on ethnic conflict in industrialized societies. (In Esman, M.J., red. Ethnic conflict in the Western world. Ithaca, Cornell University Press.)

FOLTZ, W. 1974. Ethnicity, status and conflict. (In Bell, W. & Freeman, W.E., reds. Ethnicity and nation-building; comparative, international and historical perspectives. London, Sage Publications.)

FOURIE, H.C.M. 1921. Amandebele van Fene Mahlangu en hun religieus-sociaal leven. Zwolle, La Rivière & Voorhoewe.

FRANCIS, E.K. 1976. Interethnic relations; an essay in sociological theory. New York, Elseviers.

FRITSCH, G. 1872. Die Eingeborenen Süd-Afrikas. Bresslau, Ferdinand Hirt.

GASTIL, R.D. 1978. The right to self-determination: Definition, reality and ideal policy. (In Rhoodie, N., red. Intergroup accommodation in plural societies. A selection of conference papers with special reference to the Republic of South Africa. Pretoria, Macmillan Press.)

GEERTZ, C. 1963. Primordial sentiments and civil politics in the new states. (In Geertz, C., red.

Old societies and new states; the quest for modernity in Asia and Africa. New York, Free Press.)

GLAZER, N. & MOYNIHAN, D.P., reds. 1975. Ethnicity; theory and experience. Cambridge, Harvard University Press.

GORDON, M.M. 1975. Toward a general theory of racial and ethnic group relations. (In Glazer, N. & Moynihan, D.P., reds. Ethnicity; theory and experience. Cambridge, Harvard University Press.)

GREENWOOD, D.J. 1977. Continuity and change; Spanish Basque ethnicity as a historical process. (In Esman, M.J., red. Ethnic conflict in the Western world. Ithaca, Cornell University Press.)

HANAWAY, W.L. 1973. Farsi, the Vatan, and the Millet in Bukhara. (In Allworth, E., red. The nationality question in Soviet Central Asia. New York, Praeger.)

HUGHES, A.J. 1969. East Africa: Kenya, Tanzania, Uganda. Maryland, Penguin Books.

HOROWITZ, D.L. 1975. Ethnic identity. (In Glazer, N. & Moynihan, D.P., reds. Ethnicity; theory and experience. Cambridge, Harvard University Press.)

HUNT, C.L., WALKER, L. & KLEIN, Patricia. 1974. Ethnic dynamics; patterns of intergroup relations in various societies. Homewood, Illinois, Dorsey Press.

ISAACS, H.R. 1975. Basic group identity; the idols of the tribe. (In Glazer, N. & Moynihan, D.P., reds. Ethnicity; theory and experience. Cambridge, Harvard University Press.)

JACKSON, A.O. 1969. The history and the political structure of the Mapela chiefdom in the Potgietersrust district. Ongepubliseerde aantekeninge.

KATZENSTEIN, P.J. 1977. Ethnic political conflict in South Tyrol. (In Esman, M.J., red. Ethnic conflict in the Western world. Ithaca, Cornell University Press.)

KIRSTEN, J.F. 1978. Die horing van Afrika. Referaat gelewer voor die Instituut vir Afrikanistiek, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.

KITROMILIDES, P.M. & COULOUMBIS, T.A. 1976. Ethnic conflict in a strategic area; the case of Cyprus. (In Said, A.A. & Simmons, L.R., reds. Ethnicity in an international context; the politics of disassociation. New Jersey, Transaction Books.)

KUPER, L. 1971. Plural societies, perspectives and problems. (In Kuper, L. & Smith, M.G., reds. Pluralism in Africa. Los Angeles, California University Press.)

LAGDENVERSLAG. 1904. Kyk Transvaal (Kolonie) 1904.

LEDERER, I.J. 1971. Nationalism and the Yugoslavs. (In Sugar, P.F. & Lederer, I.J., reds. Nationa=lism in Eastern Europe. Seattle, University of Washington Press.)

LéMARCHAND, R. 1974. Status differences and ethnic conflict; Rwanda and Burundi. (In Bell, W. & Freeman, W.E., reds. Ethnicity and nation-building. London, Sage Publications.)

LIEBERSON, S. 1972. Stratification and ethnic groups. (In Richmond, A.H., red. Readings in race and ethnic relations. New York, Pergamon Press.)

LIJPHART, A. 1977. Political theories and the explanation of ethnic conflict in the Western world; falsified predictions and plausible postdictions. (In Esman, M.J. Ethnic conflict in the Western world. Ithaca, Cornell Univer=sity Press.)

MAQUET, J. 1970. Rwanda castes. (In Tuden, A.

& Plotnicov, L., reds. Social stratification in Africa. New York, Free Press.)

MARé, J.A. 196-. Ongepubliseerde aantekeninge oor die Ndzundza. In besit van die Hoofetnoloog.

MASSIE, R.H. 1905. The native tribes of the Trans= vaal. London, H.M.S.O.

MEERDERHEIDSRAPPORT. 1918. Kyk Unie van Zuid-Afrika. 1918.

MORF, G. 1976. Ethnic groups and developmental models; the case of Quebec. (In Said, A.A. & Simmons, L.R., reds. Ethnicity in an in= ternational context, the politics of disas= sociation. New Jersey, Transaction Books.)

MÜHLMANN, W. 1964. Rassen, Ethnien und Kulturen. Berlin, Luchterhand Verlag

MUNNIK, G.G. 19? Kronieke van noordelike Transvaal. Pretoria, Suid-Afrikaanse Boekwinkel.

NACHMIAS, D. & ROCKAWAY, R. 1977. From a nonstate nation to a nation-state; the Zionist move= ment, 1897-1949. (In Bertelsen, Judy S., red. Nonstate nations in international politics; comparative system analyses. New York, Praeger.)

NOTULEN VAN GETUIGENIS... 1918. Kyk Unie van Zuid-Afrika. 1918.

PARSONS, T. 1975. Some theoretical considerations on the nature and trends of change of ethnicity. (In Glazer, N. & Moynihan, D.P., reds. Eth= nicity; theory and experience. Cambridge, Harvard University Press.)

POTGIETER, E.F. 1958. Enkele volksverhale van die Ndzundza van Transvaal. Met erkenning aan Stella Masombuka, Jakob Tshabangu en Dawid Mtswe= ni. Met 'n voorbeeld van 'n Xhosa-volksvertel= ling, opgeteken en vertaal deur J.D. Jubase. Pretoria, Universiteit van Pretoria.

POTGIETER, P.J.J.S. 1977. Afrikasosialisme met spe= sifieke verwysing na die beskouing van Leopold Senghor. (In Kontak en Kommunikasie, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.)

PROCYCK, Anna. 1973. The search for a heritage and the nationality question in Central Asia. (In Allworth, E., red. The nationality question in Soviet Central Asia. New York, Praeger.)

PUNDEFF, M.V. 1971. Bulgarian nationalism. (In Sugar, P.F. & Lederer, I.J., reds. Nationalism in Eastern Europe. Seattle, University of Washington Press.)

PYE, L.W. 1969. Introduction; political culture and political development. (In Pye, L.W. & Verba, S. Political culture and political development. Studies in political development, nr. 5. Princeton, Princeton University Press.)

RAKOWSKA-HARMSTONE, Teresa. 1976. Ethnic outonomy in the Soviet Union. (In Said, A.A. & Simmons, L.R., reds. Ethnicity in an inter= national context; the politics of disassocia= tion. New Jersey, Transaction Books.)

SAID, A.A. & SIMMONS, L.R. 1976. The ethnic factor in world politics. (In Said, A.A. & Simmons, L.R., reds. Ethnicity in an international con= text; the politics of disassociation. New Jer= sey, Transaction Books.)

SCHERMERHORN, A.A. 1967. Minorities; European and African. (In Barron, M.L., red. Minorities in a changing world. New York, A. Knopf.)

SELOUS, F.C. 1881. A hunter's wanderings in Africa; a narrative of nine years spent amongst the game of the far interior of South Africa. London, Bentley.

SHEPHARDSON, Mary. 1977. The Navajo nonstate nation.

(In Bertelsen, Judy S., red. Nonstate nations in international politics; comparative system analyses. New York, Praeger.)

SHIBUTANI, T. & KWAN, K.M. 1965. Ethnic stratifica= tion; a comparative approach. London, Macmillan.

SHIROKOGOROFF, S.M. 1935. Psychomental complex of the Tungus. London, Trubner.

SHORT HISTORY. 1905. Kyk Transvaal (Kolonie). 1905.

SKINNER, E.P. 1975. Competition within ethnic systems in Africa. (In Dèsprés, L., red. Ethnicity and resource competition in plural societies. The Hague, Mouton.)

STAVROU, N.A. 1976. Ethnicity in Yugoslavia; roots and impact. (In Said, A.A. & Simmons, L.R., reds. Ethnicity in an international context; the politics of disassociation. New Jersey, Transaction Books.)

TOUVAL, S. 1969. The sources of status quo and irredentist policies. (In Widstrand, C.G., red. African boundary problems. Uppsala, Scandinavian Institute for African Studies.)

----- 1972. The boundary politics of independent Africa. Cambridge, Harvard University Press.

VAN OORDT, J.F. 1898. Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek. Amsterdam, Jacques Dusseau.

VANSINA, J. 1965. Oral tradition; a study in histor= ical methodology. London, Routledge & Kegan.

VAN WARMELO, N.J. 1930. Transvaal Ndebele texts, Pretoria, Die Staatsdrukker.

VAN WARMELO, N.J. 1935. A preliminary survey of the Bantu tribes of South Africa. Pretoria, Government Printer.

----- 1944(a). The Ndebele of J. Kekana. Pretoria, Government Printer.

VAN WARMELO, N.J. 1944(b). The Bahwaduba. Pretoria, Government Printer.

----- 1944(c). The Bakgatla ba Mosetlha. Pretoria, Government Printer.

----- 1952. Language map of South Africa. Ethnolo= gical publications nr. 27. Dept. of Native Affairs, Pretoria.

VON DER ROPP, K. 1974. Strukturelle Änderungen in den Franko-Afrikanischen Beziehungen. Eggenberg, Stifftung Wissenschatf und Politik. Forschungsinstitut für internationale Politik und Sicherheit.

WALLERSTEIN, I. 1973. The two modes of ethnic cons= ciousness; Soviet Central Asia in transition? (In Allworth, E., red. The nationality question in Soviet Central Asia. New York, Praeger.)

WIID, F.G.J. 19? Etniese oorsig van die stamme van Lebowa. Ongepubliseerde aantekeninge.

XYDIS, S.G. 1971. Modern Greek nationalism. (In Sugar, P.F. & Lederer, I.J., reds. Nationalism in Eastern Europe. Seattle, University of Washington Press.)

ZACEK, J.F. 1971. Nationalism in Czeckoslovakia. (In Sugar, F.F. & Lederer, I.J. Nationalism in Eastern Europe, Seattle, University of Washington Press.)

ZARTMAN, I.W. 1969. The foreign and military pol= itics of African boundary problems. (In Widstrand, C.G., red. African boundary problems. Uppsala, The Scandinavian Institute for African Studies.)

ZAVALANI, T. 1971. Albanian nationalism. (In Sugar, P.F. & Lederer, I.J., reds. Nationalism in Eastern Europe. Seattle, University of Washington Press.)

ZIERVOGEL, D. 1959. A grammar of northern Transvaal

Ndebele. Pretoria, Van Schaik.

ZOLLBERG, A.R. 1977. Splitting the difference; federalization without federalism in Belgium. (In Esman, M.J., red. Ethnic conflict in the Western world. Ithaca, Cornell University Press.)

## ARTIKELS

ALERS, M.H. 1973. The development of pluralism in Surinam. Plural societies, 4(3):53-66.

Anon. 1970(a). Pluralism in Africa. Plural societies, I(I):10-34.

Anon. 1970(b) Drie vergete oorloë. Bulletin van die Afrika-Instituut, 9(3):103-110.

Anon. 1973. Die Soedan; 'n grote met baie probleme. Bulletin van die Afrika-Instituut, 13(4): 159-166.

Anon. 1977(a). A raging war in the horn of Africa. Time, 110(4):18-20, July.

Anon. 1977(b). Tribal politics. Time, 109(12):10-11.

ASCHINSKY, A.R. 1975. The overseas Chinese and the September 30 movement. Plural societies, 6(1):16-20.

BAGLEY, C. 1972. Pluralism, development and social conflict in Africa. Plural societies, Summer: 13-32.

BEER, W.R. 1976. Language and ethnicity in France. Plural societies, 7(2):85-94.

BERNOT, Lucien. 1972. Les nous et les ils; contributions à l'ètude des relations inter-ethniques. Ethnies, 2:277-292.

BROMLEI, Iu. V. 1974. Ethnos and endogamy. Soviet anthropology and archeology, 13(1):55-69.

CASTAGNO, A.A. 1964. The Somali-Kenyan controver= sy; implications for the future. Journal for Modern African Studies, 2(2):165-188.

COETZEE, J.H. 1971. Etniese groepe in die Soedan. Bulletin van die Afrika-Instituut, II(7): 299-303.

DECRAENE, P. 1974. Le "coup" rwandais du 5 juilliet 1973 et ses suites. Rêvue francaise d'études politiques africaines 9(99):66-86.

DITTRICH, Z.R. 1976. Stalin as a Georgian. Plural societies, 7(1):13-22.

GOODY, J. 1968. The myth of a state. Journal for Modern African Studies, 6(4):461-473.

HALECKI, O. 1943. The problem of self-determinism. Proceedings of the American Philosophical Society, 87(2):194-198.

HEMPSTONE, S. 1977. The tragedy of the Kurds. Free Trade Union News, 32(4):2-13.

JAGCHID, S. 1973. Mongolian nationalism in response to great power rivalry, 1900-1950. Plural societies, 4(1):43-57.

JENNY, H. 1972. Plural societies in Ethiopia; the last autocratic ruler. Plural societies, Autumn: 23-28.

JUTIKKALA, E. 1976. Ethnic problems of Swedish Finns and Finnish Finns. Plural societies, 7(1): 57-62.

KAMANU, O.S. 1974. Secession and the right of self-determination; an O.A.U.-dilemma. Journal for Modern African Studies, 12(3):355-376.

KOTZÉ, D.A. 1974. Black consciousness in South Africa. Politikon, 1(1):44-63.

KRIGE, J.D. 1937. Traditional origins and tribal relationships of the Sotho of the Northern Transvaal. Bantu Studies, 11(4):321-356.

LéMARCHAND, R. 1962. The limits of self-determina= tion; Katanga. The American political science review, 56(2): 404-416.

LéMARCHAND, R. 1966. Political instability in Africa; the cases of Rwanda and Burundi. Civilizations, 16(3):307-337.

LEMBERG, E. 1974. Ideology and minority conflict. Plural societies, 5(3):43-52.

MELSON, R. & WOLPE, H. 1970. Modernization and the politics of communalism; a theoretical perspec= tive. American political science review, 64(4):1112-1130.

MOLNAR, T. 1970. Malaysia; observations in a bi-racial society. Plural societies, I(I):41-51.

MULLER, H. 1978. A new canton is born. Time, 111(15): 16.

POSSONY, S.T. 1973. Is there an international norm of non-discrimination and non-separation? Plural societies, 4(2):13-21.

POSSONY, S.T. 1975(a). Communism and the national question, Plural societies, 6(3):51-68.

POSSONY, S.T. 1975(b).Ethno-autistic thinking; comments on the Jewish model of ethnic strife. Plural societies, 6(1):27-68.

POSSONY, S.T. 1976. Apartheid in India. Plural societies, 7(1):3-12.

PRINS, J. 1970. The world's plural societies. Plural societies, I(1):3-9.

PRINS, J. 1973. Various kinds of nationalism in the third world. Plural societies, 4(1):3-30.

RENNER, H. 1976. The national minorities in Czechoslovakia after the Second World War. Plural societies, 7(1):23-41.

RUBENSTEIN, A. 1973. Yugoslavia's pluralism at the crossroads. Plural societies, 4(1):31-42.

SURPAS, J.M. 1972. The Occitan people; myth or reality? Plural societies, Winter: 39-46.

VORSTER, J. 1976. Afrikaans as tweede taal. Referaat gelewer by die Nasionale Konferensie oor Tweede- en Vreemdetaalonderrig. RAU, 1976. Studies van die Afrikaanse taal- en letterkunde, Mei.

VAN DER KROEF, J.M. 1976. Religion, ethnicity, and communist tactics in Southeast Asia's plural societies. Plural societies, 7(4):3-26.

VAN DER PLANK, P.H. 1975. Language and nationalism; a historical review on the role of language in nationalistic ideologies. Plural societies, 6(3):9-16.

VAN NOSTITZ, S. 1974. The tragedy of the Red Indians. Plural societies, 5(1):3-27.

VAN ROOY, S. 1971. Spotlight on plural societies. Plural societies, Summer:77-82.

VAN ZANTWIJK, R.A.M. 1976. Indigenismo; a philosophy and a method of guided development of the aboriginal minorities in Mexico. Historical background and actual orientations. Plural societies, 7(2):95-103.

STAATSPUBLIKASIES EN -BRONNE

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. 1974. Alfabetiese lys van plase in die provinsie Transvaal. Pretoria, Die Staatsdrukker.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. 1975. Eerste verslag van die Gekose Komitee oor Bantoesake. Pretoria, Die Staatsdrukker. G.K. 9/1975.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. Departement Samewerking en Ontwikkeling. Lêers van ...

SOUTH AFRICAN NATIVE AFFAIRS COMMISSION. 1903-1905. Minutes of evidence. Cape Town, Government Printer.

TRANSVAAL (KOLONIE). 1904. Report by die Commissioner of Native Affairs relative to the acquisition and tenure of land by Natives in the Transvaal. Pretoria, Government Printer.

TRANSVAAL (KOLONIE). 1905. NATIVE AFFAIRS DEPT. Short History of the Native Tribes of the Transvaal. Herdruk no. 24. Staatsbiblioteek, Pretoria.

TRANSVAALSE-ARGIEF- Lêers van ...

UNIE VAN SUID-AFRIKA. 1955. Samevatting van die ver= slag van die Kommissie vir die sosio-ekonomie= se ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika. Pretoria, Die Staatsdruk= ker. U.G. 61/1955.

UNIE VAN ZUID-AFRIKA. 1916. Rapport van de Naturellen Grond Kommissie. Dl. 2. Kaapstad, Die Staats= drukker. U.G. 19/1916.

UNIE VAN ZUID-AFRIKA. 1918. Notulen van getuigenis van het Oostelik Transvaal Naturellen Grond Ko= mitee. Kaapstad, Die Staatsdrukker. U.G. 32/1918.

UNIE VAN ZUID-AFRIKA. 1918. Meerderheidsrapport van het Oostelik Transvaal Naturellen Grond Komitee. Kaapstad, Die Staatsdrukker. U.G. 31/1918.

ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK. Notulenboek. Lokasie= kommissie, 1881-1897. Transvaalse Argief, S.N. 177.

----- 1897. Verslag van de Superintendent van Natu= rellen van 1897. Transvaalse Argief. S.N. 177.

----- 1898. Rapport over het Mapochsgronden. Pre= toria, Die Staatsdrukker.

ONGEPUBLISEERDE PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGS

MARITZ, C.J. 1976. Voogbestuur en nasievorming by die Batswana van die RSA. D.Phil.-proefskrif. P.U. vir C.H.O.

POTGIETER, E.F. 1950. Inleiding tot die klank- en vormleer van isiNdzundza; 'n dialek van Suid-Transvaalse Nguni-Ndebele soos gepraat in die distrikte van Rayton en Pretoria. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

KOERANTBERIGTE

Die Transvaler. 1979-09-15.
Hoofstad. 1971-11-09.
The Springs African Reporter. 1969-12-12.
The Star. 1971-11-09.
The World. 1968-03-15.